REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Price 20c Prys
Overseas 30c Oorsee
POST FREE—POSVRY

VOL. 143] CAPE TOWN, 6 MAY 1977 [No. 5532
KAAPSTAD, 6 MEI 1977

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 748. 6 May 1977.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 51 of 1977: Criminal Procedure Act, 1977.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 748. 6 Mei 1977.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 51 van 1977: Strafproseswet, 1977.

ACT

To make provision for procedures and related matters in criminal proceedings.

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 21 April 1977.*)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

ARRANGEMENT OF SECTIONS.

		Section
Definitions		1
CHAPTER 1.	Prosecuting Authority	2–18
CHAPTER 2.	Search Warrants, Entering of Premises, Seizure, Forfeiture and Disposal of Property Connected with Offences	19–36
CHAPTER 3.	Ascertainment of Bodily Features of Accused	37
CHAPTER 4.	Methods of Securing Attendance of Accused in Court	38
CHAPTER 5.	Arrest	39–53
CHAPTER 6.	Summons	54–55
CHAPTER 7.	Written Notice to Appear in Court	56
CHAPTER 8.	Admission of Guilt Fine	57
CHAPTER 9.	Bail	58–71
CHAPTER 10.	Release on Warning	72
CHAPTER 11.	Assistance to Accused	73–74
CHAPTER 12.	Summary Trial	75–76
CHAPTER 13.	Accused: Capacity to Understand Proceedings: Mental Illness and Criminal Responsibility	77–79
CHAPTER 14.	The Charge	80–104
CHAPTER 15.	The Plea	105–109
CHAPTER 16.	Jurisdiction	110–111
CHAPTER 17.	Plea of Guilty at Summary Trial	112–114
CHAPTER 18.	Plea of Not Guilty at Summary Trial	115–118
CHAPTER 19.	Plea in Magistrate's Court on Charge Justiciable in Superior Court	119–122
CHAPTER 20.	Preparatory Examination	123–143
CHAPTER 21.	Trial Before Superior Court	144–149
CHAPTER 22.	Conduct of Proceedings	150–178
CHAPTER 23.	Witnesses	179–207
CHAPTER 24.	Evidence	208–253
CHAPTER 25.	Conversion of Trial into Enquiry	254–255
CHAPTER 26.	Competent Verdicts	256–270

WET

Om vir prosedures en verwante aangeleenthede in strafregtelike verrigtinge voorsiening te maak.

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 21 April 1977.*)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

INDELING VAN ARTIKELS

		Artikel
Woordomskrywing		1
HOOFSTUK 1.	Gesag wat Vervolg	2–18
HOOFSTUK 2.	Visenteringslasbriewe, Betreding van Persele, Beslaglegging op, Verbeurdverklaring van en Beskikking oor Goed wat met Misdrywe in verband staan	19–36
HOOFSTUK 3.	Bepaling van Liggaamlike Kenmerke van Beskuldigde	37
HOOFSTUK 4.	Metodes waarop Aanwesigheid van Beskuldigde in Hof verkry word	38
HOOFSTUK 5.	Inhegtenisneming	39–53
HOOFSTUK 6.	Dagvaarding	54–55
HOOFSTUK 7.	Skriftelike Kennisgewing om in Hof te verskyn	56
HOOFSTUK 8.	Skulderkenningsboete	57
HOOFSTUK 9.	Borgtog	58–71
HOOFSTUK 10.	Vrylating op Waarskuwing	72
HOOFSTUK 11.	Bystand aan Beskuldigde	73–74
HOOFSTUK 12.	Summiere Verhoor	75–76
HOOFSTUK 13.	Beskuldigde: Vermoë om Verrigtinge te Begryp: Geestesongesteldheid en Strafregtelike Toerekenbaarheid	77–79
HOOFSTUK 14.	Die Aanklag	80–104
HOOFSTUK 15.	Die Pleit	105–109
HOOFSTUK 16.	Regsbevoegdheid	110–111
HOOFSTUK 17.	Pleit van Skuldig in Summiere Verhoor	112–114
HOOFSTUK 18.	Pleit van Onskuldig in Summiere Verhoor	115–118
HOOFSTUK 19.	Pleit in Landdroshof op aanklag Beregbaar in Hoër Hof	119–122
HOOFSTUK 20.	Voorlopige Ondersoek	123–143
HOOFSTUK 21.	Verhoor voor Hoër Hof	144–149
HOOFSTUK 22.	Voortsetting van Verrigtinge	150–178
HOOFSTUK 23.	Getuies	179–207
HOOFSTUK 24.	Getuienis	208–253
HOOFSTUK 25.	Omskepping van Verhoor tot Ondersoek	254–255
HOOFSTUK 26.	Geoorloofde Uitsprake	256–270

CHAPTER 27. Previous Convictions 271–273
CHAPTER 28. Sentence 274–299
CHAPTER 29. Compensation and Restitution 300–301
CHAPTER 30. Reviews and Appeals in Cases of Criminal Proceedings in Lower Courts 302–314
CHAPTER 31. Appeals in Cases of Criminal Proceedings in Superior Courts 315–324
CHAPTER 32. Mercy and Free Pardon 325–327
CHAPTER 33. General Provisions 328–345

DEFINITIONS

Definitions.

1. (1) In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) ''aggravating circumstances'', in relation to—

(a) any offence, whether under the common law or a statutory provision, of housebreaking or attempted housebreaking with intent to commit an offence, means—

(i) the possession of a dangerous weapon; or

(ii) the commission of an assault or a threat to commit an assault,

by the offender or an accomplice on the occasion when the offence is committed, whether before or during or after the commission of the offence;

(b) robbery or attempted robbery, means—

(i) the wielding of a fire-arm or any other dangerous weapon;

(ii) the infliction of grievous bodily harm; or

(iii) a threat to inflict grievous bodily harm,

by the offender or an accomplice on the occasion when the offence is committed, whether before or during or after the commission of the offence; (xxvii)

(ii) ''bank'' means a banking institution as defined in section 1 of the Banks Act, 1965 (Act 23 of 1965), and includes the Land and Agricultural Bank of South Africa referred to in section 3 of the Land Bank Act, 1944 (Act 13 of 1944), and a building society as defined in section 1 of the Building Societies Act, 1965 (Act 24 of 1965); (ii)

(iii) ''charge'' includes an indictment and a summons; (i)

(iv) ''criminal proceedings'' includes a preparatory examination under Chapter 20; (xxiv)

(v) ''day'' means the space of time between sunrise and sunset; (iii)

(vi) ''justice'' means a person who is a justice of the peace under the provisions of the Justices of the Peace and Commissioners of Oaths Act, 1963 (Act 16 of 1963); (xxviii)

(vii) ''law'', in relation to the territory, includes a law as defined in ''The Interpretation of Laws Proclamation, 1920'' (Proclamation 37 of 1920 of the territory); (xxx)

(viii) ''local division'' means a local division of the Supreme Court established under the Supreme Court Act, 1959 (Act 59 of 1959); (xvi)

(ix) ''lower court'' means any court established under the provisions of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act 32 of 1944); (ix)

(x) ''magistrate'' includes an additional magistrate and an assistant magistrate but not a regional magistrate; (x)

(xi) ''magistrate's court'' means a court established for any district under the provisions of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act 32 of 1944), and includes any other court established under such provisions, other than a court for a regional division; (xi)

(xii) ''Minister'' means the Minister of Justice; (xii)

(xiii) ''night'' means the space of time between sunset and sunrise; (xiv)

(xiv) ''offence'' means an act or omission punishable by law; (xiii)

HOOFSTUK 27. Vorige Veroordelings 271–273
HOOFSTUK 28. Vonnis 274–299
HOOFSTUK 29. Vergoeding en Teruggawe 300–301
HOOFSTUK 30. Hersienings en Appèlle in gevalle van Strafregtelike Verrigtinge in Laer Howe 302–314
HOOFSTUK 31. Appèlle in gevalle van Strafregtelike Verrigtinge in Hoër Howe 315–324
HOOFSTUK 32. Begenadiging en Algehele Kwytskelding 325–327
HOOFSTUK 33. Algemene Bepalings 328–345

WOORDOMSKRYWING

1. (1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken— Woordomskrywing.

(i) „aanklag" ook 'n akte van beskuldiging en 'n dagvaarding; (iii)

(ii) „bank" 'n bankinstelling soos omskryf in artikel 1 van die Bankwet, 1965 (Wet 23 van 1965), en ook die Land- en Landboubank van Suid-Afrika in artikel 3 van die Landbankwet, 1944 (Wet 13 van 1944), bedoel en 'n bouvereniging soos omskryf in artikel 1 van die Bouverenigingswet, 1965 (Wet 24 van 1965); (ii)

(iii) „dag" die tydperk tussen sonsopgang en sonsondergang; (v)

(iv) „gebied" die gebied Suidwes-Afrika; (xxix)

(v) „hierdie Wet" ook die hofreëls en die regulasies kragtens hierdie Wet uitgevaardig; (xxx)

(vi) „hoër hof" 'n provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof ingestel kragtens die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet 59 van 1959); (xxvii)

(vii) „hofreëls" die reëls uitgevaardig kragtens artikel 43 van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet 59 van 1959), of kragtens artikel 25 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944); (xxiv)

(viii) „hooggeregshof" die Hooggeregshof van Suid-Afrika ingestel kragtens die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet 59 van 1959); (xxviii)

(ix) „laer hof" 'n hof wat kragtens die bepalings van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944), ingestel is; (ix)

(x) „landdros" ook 'n addisionele landdros en 'n assistent-landdros, maar nie 'n streeklanddros nie; (x)

(xi) „landdroshof" 'n hof ingestel vir 'n distrik ingevolge die bepalings van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944), en ook enige ander hof, behalwe 'n hof vir 'n streekafdeling, ingevolge bedoelde bepalings ingestel; (xi)

(xii) „Minister" die Minister van Justisie; (xii)

(xiii) „misdryf" 'n handeling of versuim wat regtens strafbaar is; (xiv)

(xiv) „nag" die tydperk tussen sonsondergang en sonsopgang; (xiii)

(xv) „perseel" ook grond, 'n gebou of bouwerk, of 'n voertuig, vervoermiddel, skip, boot of lugvaartuig; (xvii)

(xvi) „plaaslike afdeling" 'n plaaslike afdeling van die Hooggeregshof ingestel kragtens die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet 59 van 1959); (viii)

(xvii) „polisiebeampte" 'n lid van die Mag soos omskryf in artikel 1 van die Polisiewet, 1958 (Wet 7 van 1958), en 'n lid van die Spoorwegpolisiemag wat ingevolge artikel 57 (1) van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957 (Wet 70 van 1957), aangestel is; en „polisie" het 'n ooreenstemmende betekenis; (xvi)

(xviii) „provinsiale administrasie" ook die Administrasie van die gebied; (xix)

(xix) „provinsiale afdeling" 'n provinsiale afdeling van die Hooggeregshof ingestel kragtens die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet 59 van 1959); (xx)

(xv) "peace officer" includes any magistrate, justice, police official, member of the prisons service as defined in section 1 of the Prisons Act, 1959 (Act 8 of 1959), and, in relation to any area, offence, class of offence or power referred to in a notice issued under section 334 (1), any person who is a peace officer under that section; (xxix)

(xvi) "police official" means any member of the Force as defined in section 1 of the Police Act, 1958 (Act 7 of 1958), and any member of the Railway Police Force appointed under section 57 (1) of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957 (Act 70 of 1957); and "police" has a corresponding meaning; (xvii)

(xvii) "premises" includes land, any building or structure, or any vehicle, conveyance, ship, boat or aircraft; (xv)

(xviii) "province" includes the territory; (xx)

(xix) "provincial administration" includes the Administration of the territory; (xviii)

(xx) "provincial division" means a provincial division of the Supreme Court established under the Supreme Court Act, 1959 (Act 59 of 1959); (xix)

(xxi) "regional court" means a court established for a regional division under the provisions of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act 32 of 1944); (xxv)

(xxii) "regional magistrate" means a magistrate appointed under the provisions of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act 32 of 1944), to the court for a regional division; (xxvi)

(xxiii) "Republic" includes the territory; (xxi)

(xxiv) "rules of court" means the rules made under section 43 of the Supreme Court Act, 1959 (Act 59 of 1959), or under section 25 of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act 32 of 1944); (vii)

(xxv) "special superior court" means the special superior court constituted under section 148; (xxii)

(xxvi) "State", in relation to a department of State, includes the Administration of the territory; (xxiii)

(xxvii) "superior court" means a provincial or local division of the Supreme Court established under the Supreme Court Act, 1959 (Act 59 of 1959); (vi)

(xxviii) "supreme court" means the Supreme Court of South Africa established under the Supreme Court Act, 1959 (Act 59 of 1959); (viii)

(xxix) "territory" means the territory of South West Africa; (iv)

(xxx) "this Act" includes the rules of court and any regulations made under this Act. (v)

(2) Any reference in any law to an inferior court shall, unless the context of such law indicates otherwise, be construed as a reference to a lower court as defined in subsection (1).

CHAPTER 1

PROSECUTING AUTHORITY

Authority to prosecute vested in State.

2. (1) The authority to institute and to conduct a prosecution in respect of any offence in relation to which any lower or superior court in the Republic exercises jurisdiction, shall vest in the State.

(2) Criminal proceedings purporting to be instituted in the name of the State in any court in the Republic, shall for all purposes be deemed to be instituted in the name of the Republic of South Africa.

(xx) „provinsie'' ook die gebied; (xviii)
(xxi) „Republiek'' ook die gebied; (xxiii)
(xxii) „spesiale hoër hof'' die kragtens artikel 148 saamgestelde spesiale hoër hof; (xxv)
(xxiii) „Staat'', met betrekking tot 'n Staatsdepartement, ook die Administrasie van die gebied; (xxvi)
(xxiv) „strafregtelike verrigtinge'' ook 'n voorlopige ondersoek ingevolge Hoofstuk 20; (iv)
(xxv) „streekhof'' 'n hof ingestel vir 'n streekafdeling ingevolge die bepalings van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944); (xxi)
(xxvi) „streeklanddros'' 'n landdros by die hof vir 'n streekafdeling aangestel ingevolge die bepalings van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944); (xxii)
(xxvii) „verswarende omstandighede'', met betrekking tot—
(a) 'n misdryf, hetsy ingevolge die gemene reg of 'n wetsbepaling, van huisbraak of poging tot huisbraak met die opset om 'n misdryf te pleeg—
(i) die besit van 'n gevaarlike wapen; of
(ii) die pleging van 'n aanranding of 'n dreigement om 'n aanranding te pleeg,
deur die oortreder of 'n medepligtige by die geleentheid waarby die misdryf gepleeg word, hetsy voor of gedurende of na die pleging van die misdryf;
(b) roof of poging tot roof—
(i) die hanteer van 'n vuurwapen of 'n ander gevaarlike wapen;
(ii) die toediening van 'n ernstige liggaamlike besering; of
(iii) 'n dreigement om 'n ernstige liggaamlike besering toe te dien,
deur die oortreder of 'n medepligtige by die geleentheid waarby die misdryf gepleeg word, hetsy voor of gedurende of na die pleging van die misdryf; (i)
(xxviii) „vrederegter'' iemand wat 'n vrederegter ingevolge die bepalings van die Wet op Vrederegters en Kommissarisse van Ede, 1963 (Wet 16 van 1963), is; (vi)
(xxix) „vredesbeampte'' ook 'n landdros, vrederegter, polisiebeampte, lid van die gevangenisdiens soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959), en, met betrekking tot 'n gebied, misdryf, kategorie misdrywe of bevoegdheid wat in 'n ingevolge artikel 334 (1) uitgereikte kennisgewing genoem word, iemand wat 'n vredesbeampte ingevolge daardie artikel is; (xv)
(xxx) „wet'', met betrekking tot die gebied, ook 'n wet soos omskryf in „De Wetsuitlegging Proklamatie, 1920'' (Proklamasie 37 van 1920 van die gebied). (vii)

(2) 'n Verwysing in die Engelse teks van 'n wet na 'n „inferior court'' word, tensy die teendeel uit die samehang van die wet blyk, uitgelê as 'n verwysing na 'n „lower court'' soos in subartikel (1) omskryf.

HOOFSTUK 1

GESAG WAT VERVOLG

Gesag om te vervolg in Staat gevestig.

2. (1) Die gesag om 'n vervolging in te stel en waar te neem ten opsigte van 'n misdryf met betrekking waartoe 'n laer hof of 'n hoër hof in die Republiek regsbevoegdheid uitoefen, is in die Staat gevestig.

(2) Strafregtelike verrigtinge wat voorgee in naam van die Staat in 'n hof in die Republiek ingestel te wees, word vir alle doeleindes geag ingestel te wees in naam van die Republiek van Suid-Afrika.

Attorney-general the prosecuting authority on behalf of State.

3. (1) The State President shall, subject to the laws relating to the public service, appoint in respect of the area of jurisdiction of each provincial division an attorney-general, who, on behalf of the State and subject to the provisions of this Act—

(a) shall have authority to prosecute, in the name of the Republic in criminal proceedings in any court in the area in respect of which he has been appointed, any person in respect of any offence in regard to which any court in the said area has jurisdiction; and

(b) may perform all functions relating to the exercise of such authority.

(2) The authority conferred upon an attorney-general under subsection (1) shall include the authority to prosecute in any court any appeal arising from any criminal proceedings within the area of jurisdiction of the attorney-general concerned.

(3) The Minister may, subject to the laws relating to the public service, in respect of each area for which an attorney-general has been appointed, appoint one or more deputy attorneys-general, who may, subject to the control and directions of the attorney-general concerned, do anything which may lawfully be done by the attorney-general.

(4) Whenever it becomes necessary that an acting attorney-general be appointed, the Minister may appoint any competent officer in the public service to act as attorney-general for the period for which such appointment may be necessary.

(5) An attorney-general shall exercise his authority and perform his functions under this Act or under any other law subject to the control and directions of the Minister, who may reverse any decision arrived at by an attorney-general and may himself in general or in any specific matter exercise any part of such authority and perform any of such functions.

(6) *(a)* Any reference in any law to the solicitor-general or a deputy solicitor-general in respect of the area of jurisdiction of the Eastern Cape Division of the Supreme Court, shall be construed as a reference to the attorney-general and deputy attorney-general respectively appointed in respect of the area of jurisdiction of that Division.

(b) Any reference in any law of the territory to the Crown Prosecutor shall be construed as a reference to the attorney-general appointed in respect of the area of jurisdiction of the South West Africa Division of the Supreme Court.

Delegation, and local public prosecutor.

4. An attorney-general may in writing—

(a) delegate to any person, subject to the control and directions of the attorney-general, authority to conduct on behalf of the State any prosecution in criminal proceedings in any court within the area of jurisdiction of such attorney-general, or to prosecute in any court on behalf of the State any appeal arising from criminal proceedings within the area of jurisdiction of such attorney-general;

(b) appoint any officer of the State as public prosecutor to any lower court within his area of jurisdiction who shall, as the representative of the attorney-general and subject to his control and directions, institute and conduct on behalf of the State any prosecution in criminal proceedings in such lower court.

Presiding judicial officer may in certain circumstances appoint prosecutor.

5. (1) If the person delegated or appointed to conduct a prosecution in criminal proceedings in any court is for any reason unable to discharge that function, or if no such person has been delegated or appointed, the judge or judicial officer presiding at such criminal proceedings may, in writing under his hand, designate any competent person to conduct such prosecution in particular criminal proceedings or in all criminal proceedings on any particular day.

Prokureur-generaal die gesag wat ten behoewe van Staat vervolg.

3. (1) Die Staatspresident stel, behoudens die wetsbepalings op die staatsdiens, ten opsigte van die regsgebied van elke provinsiale afdeling 'n prokureur-generaal aan wat, ten behoewe van die Staat en behoudens die bepalings van hierdie Wet—

(a) die bevoegdheid het om enigiemand in naam van die Republiek in strafregtelike verrigtinge in enige hof in die gebied ten opsigte waarvan hy aangestel is, te vervolg ten opsigte van enige oortreding met betrekking waartoe enige hof in bedoelde gebied regsbevoegdheid het; en

(b) alle werksaamhede kan verrig wat met die uitoefening van bedoelde bevoegdheid in verband staan.

(2) Die bevoegdheid deur subartikel (1) aan 'n prokureur-generaal verleen, sluit die bevoegdheid in om in enige hof 'n appèl voort te sit wat uit strafregtelike verrigtinge binne die regsgebied van die betrokke prokureur-generaal ontstaan.

(3) Die Minister kan, behoudens die wetsbepalings op die staatsdiens, ten opsigte van elke gebied waarvoor 'n prokureur-generaal aangestel is, een of meer adjunk-prokureurs-generaal aanstel wat, onderworpe aan die beheer en voorskrifte van die betrokke prokureur-generaal, enigiets kan doen wat die prokureur-generaal wettiglik kan doen.

(4) Wanneer dit nodig word dat 'n waarnemende prokureur-generaal aangestel word, kan die Minister 'n bevoegde beampte in die staatsdiens aanstel om as prokureur-generaal waar te neem vir die tydperk waarvoor so 'n aanstelling nodig is.

(5) 'n Prokureur-generaal se bevoegdhede en werksaamhede kragtens hierdie Wet of 'n ander wet word uitgeoefen en verrig onderworpe aan die beheer en voorskrifte van die Minister, wat 'n besluit van 'n prokureur-generaal ongedaan kan maak en self, in die algemeen of in 'n besondere geval, enige deel van bedoelde bevoegdhede kan uitoefen en enige van bedoelde werksaamhede kan verrig.

(6) *(a)* 'n Verwysing in 'n wet na die sollisiteur-generaal of 'n adjunk-sollisiteur-generaal ten opsigte van die regsgebied van die Oos-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof, word uitgelê as 'n verwysing na onderskeidelik die prokureur-generaal en adjunk-prokureur-generaal wat ten opsigte van die regsgebied van daardie Afdeling aangestel is.

(b) 'n Verwysing in 'n wet van die gebied na die Kroonvervolger word uitgelê as 'n verwysing na die prokureur-generaal wat aangestel is ten opsigte van die regsgebied van die Suidwes-Afrika-afdeling van die Hooggeregshof.

Delegasie, en plaaslike staatsaanklaer.

4. 'n Prokureur-generaal kan skriftelik—

(a) aan iemand gesag delegeer, onderworpe aan die beheer en voorskrifte van die prokureur-generaal, om ten behoewe van die Staat 'n vervolging in strafregtelike verrigtinge in enige hof binne die regsgebied van daardie prokureur-generaal waar te neem, of om in enige hof ten behoewe van die Staat 'n appèl voort te sit wat uit strafregtelike verrigtinge binne die regsgebied van daardie prokureur-generaal ontstaan;

(b) 'n beampte van die Staat as staatsaanklaer in 'n laer hof binne sy regsgebied aanstel wat, as verteenwoordiger van die prokureur-generaal en onderworpe aan sy beheer en voorskrifte, 'n vervolging in strafregtelike verrigtinge in so 'n laer hof ten behoewe van die Staat kan instel en voortsit.

Voorsittende regterlike amptenaar kan in sekere omstandighede aanklaer aanstel.

5. (1) Indien die persoon wat gedelegeer of aangestel is om 'n vervolging in strafregtelike verrigtinge in 'n hof waar te neem, vanweë enige oorsaak nie in staat is om daardie funksie te verrig nie, of indien geen sodanige persoon gedelegeer of aangestel is nie, kan die regter of regterlike amptenaar wat by daardie strafregtelike verrigtinge voorsit, skriftelik onder sy naamtekening 'n bevoegde persoon aanwys om bedoelde vervolging waar te neem in bepaalde strafregtelike verrigtinge of in alle strafregtelike verrigtinge op 'n bepaalde dag.

(2) A person designated under subsection (1) shall in respect of the exercise of his powers and the discharge of his functions be subject to the control and directions of the attorney-general concerned.

Power to withdraw charge or stop prosecution.

6. An attorney-general or any person conducting a prosecution at the instance of the State or any body or person conducting a prosecution under section 8, may—

(a) before an accused pleads to a charge, withdraw that charge, in which event the accused shall not be entitled to a verdict of acquittal in respect of that charge;

(b) at any time after an accused has pleaded, but before conviction, stop the prosecution in respect of that charge, in which event the court trying the accused shall acquit the accused in respect of that charge: Provided that where a prosecution is conducted by a person other than an attorney-general or a body or person referred to in section 8, the prosecution shall not be stopped unless the attorney-general or any person authorized thereto by the attorney-general, whether in general or in any particular case, has consented thereto.

Private prosecution on certificate *nolle prosequi*.

7. (1) In any case in which an attorney-general declines to prosecute for an alleged offence—

(a) any private person who proves some substantial and peculiar interest in the issue of the trial arising out of some injury which he individually suffered in consequence of the commission of the said offence;

(b) a husband, if the said offence was committed in respect of his wife;

(c) the wife or child or, if there is no wife or child, any of the next of kin of any deceased person, if the death of such person is alleged to have been caused by the said offence; or

(d) the legal guardian or curator of a minor or lunatic, if the said offence was committed against his ward,

may, subject to the provisions of section 9, either in person or by a legal representative, institute and conduct a prosecution in respect of such offence in any court competent to try that offence.

(2) *(a)* No private prosecutor under this section shall obtain the process of any court for summoning any person to answer any charge unless such private prosecutor produces to the officer authorized by law to issue such process a certificate signed by the attorney-general that he has seen the statements or affidavits on which the charge is based and that he declines to prosecute at the instance of the State.

(b) The attorney-general shall, in any case in which he declines to prosecute, at the request of the person intending to prosecute, grant the certificate referred to in paragraph *(a)*.

(c) A certificate issued under this subsection shall lapse unless proceedings in respect of the offence in question are instituted by the issue of the process referred to in paragraph *(a)* within three months of the date of the certificate.

(d) The provisions of paragraph *(c)* shall apply also with reference to a certificate granted before the commence-

(2) Iemand kragtens subartikel (1) aangewys, is ten opsigte van die uitoefening van sy bevoegdhede en die verrigting van sy werksaamhede onderworpe aan die beheer en voorskrifte van die betrokke prokureur-generaal.

Bevoegdheid om aanklag terug te trek of vervolging te staak.

6. 'n Prokureur-generaal of iemand wat 'n vervolging van staatsweë waarneem of 'n liggaam of persoon wat 'n vervolging ingevolge artikel 8 waarneem, kan—

(a) voordat 'n beskuldigde op 'n aanklag pleit, daardie aanklag terugtrek, in welke geval die beskuldigde nie op vryspraak ten opsigte van daardie aanklag geregtig is nie;

(b) te eniger tyd nadat 'n beskuldigde gepleit het, maar voor skuldigbevinding, die vervolging ten opsigte van daardie aanklag staak, in welke geval die hof wat die beskuldigde verhoor die beskuldigde ten opsigte van daardie aanklag moet vryspreek: Met dien verstande dat waar 'n vervolging deur iemand anders as 'n prokureur-generaal of 'n in artikel 8 bedoelde liggaam of persoon waargeneem word, die vervolging nie gestaak word tensy die prokureur-generaal of iemand deur die prokureur-generaal daartoe gemagtig, hetsy in die algemeen of in 'n bepaalde geval, daartoe ingestem het nie.

Private vervolging na sertifikaat *nolle prosequi*.

7. (1) In 'n geval waar 'n prokureur-generaal weier om weens 'n beweerde misdryf te vervolg, kan—

(a) 'n private persoon wat by die geskil in die verhoor 'n wesenlike en besondere belang bewys wat uit benadeling ontstaan wat hy persoonlik ten gevolge van die pleging van bedoelde misdryf gely het;

(b) 'n eggenoot, indien bedoelde misdryf ten opsigte van sy eggenote gepleeg is;

(c) die eggenote of kind of, indien daar geen eggenote of kind is nie, 'n naasbestaande van 'n oorledene, indien die oorledene se dood na bewering deur bedoelde misdryf veroorsaak is; of

(d) die wettige voog of kurator van 'n minderjarige of kranksinnige, indien bedoelde misdryf teen sy pupil gepleeg is,

behoudens die bepalings van artikel 9, hetsy persoonlik of deur 'n regsverteenwoordiger, 'n vervolging ten opsigte van so 'n misdryf instel en voortsit in 'n hof wat bevoeg is om daardie misdryf te bereg.

(2) *(a)* 'n Private aanklaer kragtens hierdie artikel verkry geen hofprosesstuk wat iemand voor 'n hof daag om op 'n aanklag tereg te staan nie tensy so 'n private aanklaer aan die beampte wat regtens sodanige prosesstuk mag uitreik 'n sertifikaat, deur die prokureur-generaal onderteken, voorlê dat hy die verklarings of beëdigde verklarings waarop die aanklag gegrond is ter insae gehad het en dat hy weier om van staatsweë te vervolg.

(b) 'n Prokureur-generaal moet, in elke geval waarin hy weier om te vervolg, op versoek van die persoon wat voornemens is om te vervolg, die in paragraaf *(a)* bedoelde sertifikaat toestaan.

(c) 'n Sertifikaat ingevolge hierdie subartikel uitgereik, verval tensy geregtelike stappe ten opsigte van die betrokke misdryf gedoen word deur die uitreiking van die in paragraaf *(a)* bedoelde prosesstuk binne drie maande vanaf die datum van die sertifikaat.

(d) Die bepalings van paragraaf *(c)* is ook van toepassing met betrekking tot 'n sertifikaat wat voor die inwerking-

ment of this Act under the provisions of any law repealed by this Act, and the date of such certificate shall, for the purposes of this paragraph, be deemed to be the date of commencement of this Act.

Private prosecution under statutory right.

8. (1) Any body upon which or person upon whom the right to prosecute in respect of any offence is expressly conferred by law, may institute and conduct a prosecution in respect of such offence in any court competent to try that offence.

(2) A body which or a person who intends exercising a right of prosecution under subsection (1), shall exercise such right only after consultation with the attorney-general concerned and after the attorney-general has withdrawn his right of prosecution in respect of any specified offence or any specified class or category of offences with reference to which such body or person may by law exercise such right of prosecution.

(3) An attorney-general may, under subsection (2), withdraw his right of prosecution on such conditions as he may deem fit, including a condition that the appointment by such body or person of a prosecutor to conduct the prosecution in question shall be subject to the approval of the attorney-general, and that the attorney-general may at any time exercise with reference to any such prosecution any power which he might have exercised if he had not withdrawn his right of prosecution.

Security by private prosecutor.

9. (1) No private prosecutor referred to in section 7 shall take out or issue any process commencing the private prosecution unless he deposits with the magistrate's court in whose area of jurisdiction the offence was committed—

(a) the sum of one hundred rand as security that he will prosecute the charge against the accused to a conclusion without undue delay; and

(b) the amount such court may determine as security for the costs which the accused may incur in respect of his defence to the charge.

(2) The accused may, when he is called upon to plead to the charge, apply to the court hearing the charge to review the amount determined under subsection (1) *(b)*, whereupon the court may, before the accused pleads—

(a) require the private prosecutor to deposit such additional amount as the court may determine with the magistrate's court in which the said amount was deposited; or

(b) direct that the private prosecutor enter into a recognizance, with or without sureties, in such additional amount as the court may determine.

(3) Where a private prosecutor fails to prosecute a charge against an accused to a conclusion without undue delay or where a charge is dismissed under section 11, the amount referred to in subsection (1) *(a)* shall be forfeited to the State.

Private prosecution in name of private prosecutor.

10. (1) A private prosecution shall be instituted and conducted and all process in connection therewith issued in the name of the private prosecutor.

(2) The indictment, charge-sheet or summons, as the case may be, shall describe the private prosecutor with certainty and precision and shall, except in the case of a body referred to in section 8, be signed by such prosecutor or his legal representative.

(3) Two or more persons shall not prosecute in the same charge except where two or more persons have been injured by the same offence.

Failure of private prosecutor to appear.

11. (1) If the private prosecutor does not appear on the day set down for the appearance of the accused in the magistrate's court or for the trial of the accused, the charge against the accused shall be dismissed unless the court has reason to believe that the private prosecutor was prevented from being present by circumstances beyond his control, in which event the court may adjourn the case to a later date.

treding van hierdie Wet toegestaan is kragtens die bepalings van 'n wet wat deur hierdie Wet herroep is, en die datum van so 'n sertifikaat word, by die toepassing van hierdie paragraaf, geag die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet te wees.

Private vervolging kragtens statutêre reg.

8. (1) 'n Liggaam of persoon aan wie die reg uitdruklik deur 'n wet verleen word om ten opsigte van 'n misdryf te vervolg, kan 'n vervolging ten opsigte van daardie misdryf instel en voortsit in 'n hof wat bevoeg is om daardie misdryf te bereg.

(2) 'n Liggaam of persoon wat 'n reg van vervolging ingevolge subartikel (1) wil uitoefen, oefen so 'n reg uit slegs na oorleg met die betrokke prokureur-generaal en nadat die prokureur-generaal sy reg van vervolging teruggetrek het ten opsigte van 'n bepaalde misdryf of 'n bepaalde klas of kategorie misdrywe met betrekking waartoe bedoelde liggaam of persoon regtens so 'n reg van vervolging kan uitoefen.

(3) 'n Prokureur-generaal kan kragtens subartikel (2) sy reg van vervolging terugtrek op die voorwaardes wat hy goedvind, met inbegrip van 'n voorwaarde dat die aanstelling deur so 'n liggaam of persoon van 'n aanklaer om die betrokke vervolging voort te sit, aan die goedkeuring van die prokureur-generaal onderhewig is, en dat die prokureur-generaal te eniger tyd 'n bevoegdheid met betrekking tot so 'n vervolging kan uitoefen wat hy sou kon uitgeoefen het indien hy sy reg van vervolging nie teruggetrek het nie.

Sekerheidstelling deur private aanklaer.

9. (1) 'n In artikel 7 bedoelde private aanklaer neem of reik geen prosesstuk uit wat 'n private vervolging in werking stel nie tensy hy by die landdroshof in wie se regsgebied die misdryf gepleeg is—

(a) die bedrag van honderd rand deponeer as sekerheid dat hy die aanklag teen die beskuldigde sonder onbehoorlike vertraging tot 'n einde sal voer; en

(b) die bedrag deponeer wat daardie hof bepaal as sekerheid vir die koste wat die beskuldigde ten opsigte van sy verdediging op die aanklag mag aangaan.

(2) Die beskuldigde kan, wanneer hy gevra word om op die aanklag te pleit, 'n aansoek tot die hof rig wat die aanklag bereg om die ingevolge subartikel (1) *(b)* bepaalde bedrag te hersien, waarop die hof, voordat die beskuldigde pleit—

(a) die private aanklaer kan aansê om die bykomende bedrag wat die hof bepaal by die landdroshof te deponeer waar bedoelde bedrag gedeponeer is; of

(b) die private aanklaer kan gelas om 'n borgakte, met of sonder borge, vir die bykomende bedrag aan te gaan wat die hof bepaal.

(3) Waar 'n private aanklaer versuim om 'n aanklag teen 'n beskuldigde sonder onbehoorlike vertraging tot 'n einde te voer of waar 'n aanklag ingevolge artikel 11 afgewys word, word die in subartikel (1) *(a)* bedoelde bedrag aan die Staat verbeur.

Private vervolging in naam van private aanklaer.

10. (1) 'n Private vervolging word ingestel en voortgesit en alle prosesstukke in verband daarmee uitgereik in die naam van die private aanklaer.

(2) Die akte van beskuldiging, klagstaat of dagvaarding, na gelang van die geval, moet die private aanklaer met sekerheid en noukeurigheid beskryf en moet, behalwe in die geval van 'n in artikel 8 bedoelde liggaam, deur so 'n aanklaer of sy regsverteenwoordiger onderteken word.

(3) Twee of meer persone mag nie op dieselfde aanklag vervolg nie behalwe waar twee of meer persone deur dieselfde misdryf benadeel is.

Versuim van private aanklaer om te verskyn.

11. (1) Indien die private aanklaer nie op die dag opdaag wat vir die verskyning van die beskuldigde in die landdroshof of vir die verhoor van die beskuldigde bepaal is nie, word die aanklag teen die beskuldigde afgewys tensy die hof rede het om te vermoed dat die private aanklaer deur omstandighede buite sy beheer verhinder is om teenwoordig te wees, in welke geval die hof die saak na 'n later datum kan verdaag.

(2) Where the charge is so dismissed, the accused shall forthwith be discharged from custody and may not in respect of that charge be prosecuted privately again but the attorney-general or a public prosecutor with the consent of the attorney-general may at the instance of the State prosecute the accused in respect of that charge.

Mode of conducting private prosecution.

12. (1) A private prosecution shall, subject to the provisions of this Act, be proceeded with in the same manner as if it were a prosecution at the instance of the State: Provided that the person in respect of whom the private prosecution is instituted shall be brought before the court only by way of summons in the case of a lower court, or an indictment in the case of a superior court, except where he is under arrest in respect of an offence with regard to which a right of private prosecution is vested in any body or person under section 8.

(2) Where the prosecution is instituted under section 7 (1) and the accused pleads guilty to the charge, the prosecution shall be continued at the instance of the State.

Attorney-general may intervene in private prosecution.

13. An attorney-general or a local public prosecutor acting on the instructions of the attorney-general, may in respect of any private prosecution apply by motion to the court before which the private prosecution is pending to stop all further proceedings in the case in order that a prosecution for the offence in question may be instituted or, as the case may be, continued at the instance of the State, and the court shall make such an order.

Costs in respect of process.

14. A private prosecutor, other than a prosecutor contemplated in section 8, shall in respect of any process relating to the private prosecution, pay to the clerk or, as the case may be, the registrar of the court in question, the fees prescribed under the rules of court for the service or execution of such process.

Costs of private prosecution.

15. (1) The costs and expenses of a private prosecutor shall, subject to the provisions of subsection (2), be paid by the private prosecutor.

(2) The court may order a person convicted upon a private prosecution, including any person convicted under section 25 (1) of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), of having conduced to the commission of an offence, to pay the costs and expenses of the prosecution, including the costs of any appeal against such conviction or any sentence: Provided that the provisions of this subsection shall not apply with reference to any prosecution instituted and conducted under section 8: Provided further that where a private prosecution is instituted after the grant of a certificate by an attorney-general that he declines to prosecute and the accused is convicted, the court may order the costs and expenses of the private prosecution, including the costs of an appeal arising from such prosecution, to be paid by the State.

Costs of accused in private prosecution.

16. (1) Where in a private prosecution, other than a prosecution contemplated in section 8, the charge against the accused is dismissed or the accused is acquitted or a decision in favour of the accused is given on appeal, the court dismissing the charge or acquitting the accused or deciding in favour of the accused on appeal, may order the private prosecutor to pay to such accused the whole or any part of the costs and expenses incurred by him in connection with the prosecution or, as the case may be, the appeal.

(2) Where the court is of the opinion that a private prosecution was unfounded and vexatious, it shall award to the accused at his request such costs and expenses incurred by him as it may deem fit.

Taxation of costs.

17. (1) The provisions of section 300 (3) shall apply with reference to any order or award made under section 15 or 16 in connection with costs and expenses.

(2) Waar 'n aanklag aldus afgewys word, word die beskuldigde onverwyld uit bewaring ontslaan en die beskuldigde kan nie weer ten opsigte van daardie aanklag privaat vervolg word nie maar die prokureur-generaal of 'n staatsaanklaer met die toestemming van die prokureur-generaal kan die beskuldigde van staatsweë ten opsigte van daardie aanklag vervolg.

Wyse waarop private vervolging gevoer word.

12. (1) 'n Private vervolging word, behoudens die bepalings van hierdie Wet, op dieselfde wyse voortgesit asof dit 'n vervolging van staatsweë is: Met dien verstande dat die persoon ten opsigte van wie die private vervolging ingestel word, slegs by wyse van dagvaarding in die geval van 'n laer hof, of 'n akte van beskuldiging in die geval van 'n hoër hof, voor die hof gebring word, behalwe waar hy in hegtenis is ten opsigte van 'n misdryf met betrekking waartoe 'n reg van private vervolging in 'n liggaam of persoon kragtens artikel 8 gevestig is.

(2) Waar die vervolging kragtens artikel 7 (1) ingestel word en die beskuldigde op die aanklag skuldig pleit, word die vervolging van staatsweë voortgesit.

Prokureur-generaal kan in private vervolging tussenbeide tree.

13. 'n Prokureur-generaal of 'n plaaslike staatsaanklaer wat in opdrag van die prokureur-generaal optree, kan ten opsigte van 'n private vervolging by wyse van mosie aansoek doen by die hof waarin die private vervolging aanhangig is, om alle verdere verrigtinge in die saak te staak sodat 'n vervolging vir die betrokke misdryf van staatsweë ingestel of, na gelang van die geval, voortgesit kan word, en die hof moet so 'n bevel gee.

Koste ten opsigte van geregtelike proses.

14. 'n Private aanklaer, behalwe 'n in artikel 8 beoogde aanklaer, betaal ten opsigte van alle geregtelike proses betreffende die private vervolging, aan die klerk of, na gelang van die geval, die griffier van die betrokke hof, die gelde wat kragtens die hofreëls voorgeskryf is vir die betekening of tenuitvoerlegging van bedoelde proses.

Koste van private vervolging.

15. (1) Die koste en uitgawes van 'n private aanklaer word, behoudens die bepalings van subartikel (2), deur die private aanklaer betaal.

(2) Die hof kan iemand wat in 'n private vervolging skuldig bevind word, met inbegrip van iemand wat ingevolge artikel 25 (1) van die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), daarvan skuldig bevind word dat hy bygedra het tot die pleging van 'n misdryf, gelas om die koste en uitgawes van die vervolging, met inbegrip van die koste van 'n appèl teen so 'n skuldigbevinding of 'n vonnis, te betaal: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subartikel nie met betrekking tot 'n vervolging wat kragtens artikel 8 ingestel en voortgesit is, van toepassing is nie: Met dien verstande voorts dat waar 'n private vervolging ingestel word na verlening van 'n sertifikaat deur 'n prokureur-generaal dat hy weier om te vervolg en die beskuldigde skuldig bevind word, die hof kan gelas dat die koste en uitgawes van die private vervolging, met inbegrip van die koste van 'n appèl wat uit so 'n vervolging ontstaan, deur die Staat betaal word.

Koste van beskuldigde in private vervolging.

16. (1) Waar, in 'n private vervolging, behalwe 'n in artikel 8 beoogde vervolging, die aanklag teen die beskuldigde afgewys word of die beskuldigde vrygespreek word of 'n beslissing ten gunste van die beskuldigde op appèl gegee word, kan die hof wat die aanklag afwys of die beskuldigde vryspreek of ten gunste van die beskuldigde op appèl beslis, die private aanklaer gelas om aan so 'n beskuldigde die geheel of 'n gedeelte van die koste en uitgawes te vergoed wat deur hom in verband met die vervolging of, na gelang van die geval, die appèl aangegaan is.

(2) Waar die hof van oordeel is dat 'n private vervolging ongegrond en uit kwelsug ingestel was, moet hy aan die beskuldigde op sy versoek die koste en uitgawes deur hom aangegaan, toeken wat die hof goedvind.

Taksasie van koste.

17. (1) Die bepalings van artikel 300 (3) is van toepassing met betrekking tot 'n bevel of toekenning ingevolge artikel 15 of 16 in verband met koste en uitgawes.

(2) Costs awarded under section 15 or 16 shall be taxed according to the scale, in civil cases, of the court which makes the award or, if the award is made by a regional court, according to the scale, in civil cases, of a magistrate's court, or, where there is more than one such scale, according to the scale determined by the court making the award.

Prescription of right to institute prosecution.

18. (1) The right to institute a prosecution for any offence, other than an offence in respect of which the sentence of death may be imposed, shall, unless some other period is expressly provided by law, lapse after the expiration of a period of twenty years from the time when the offence was committed.

(2) The right to institute a prosecution for an offence in respect of which the sentence of death may be imposed, shall not be barred by lapse of time.

CHAPTER 2

SEARCH WARRANTS, ENTERING OF PREMISES, SEIZURE, FORFEITURE AND DISPOSAL OF PROPERTY CONNECTED WITH OFFENCES

Saving as to certain powers conferred by other laws.

19. The provisions of this Chapter shall not derogate from any power conferred by any other law to enter any premises or to search any person, container or premises or to seize any matter, to declare any matter forfeited or to dispose of any matter.

State may seize certain articles.

20. The State may, in accordance with the provisions of this Chapter, seize anything (in this Chapter referred to as an article)—

(a) which is concerned in or is on reasonable grounds believed to be concerned in the commission or suspected commission of an offence, whether within the Republic or elsewhere;

(b) which may afford evidence of the commission or suspected commission of an offence, whether within the Republic or elsewhere; or

(c) which is intended to be used or is on reasonable grounds believed to be intended to be used in the commission of an offence.

Article to be seized under search warrant.

21. (1) Subject to the provisions of sections 22, 24 and 25, an article referred to in section 20 shall be seized only by virtue of a search warrant issued—

(a) by a magistrate or justice, if it appears to such magistrate or justice from information on oath that there are reasonable grounds for believing that any such article is in the possession or under the control of or upon any person or upon or at any premises within his area of jurisdiction; or

(b) by a judge or judicial officer presiding at criminal proceedings, if it appears to such judge or judicial officer that any such article in the possession or under the control of any person or upon or at any premises is required in evidence at such proceedings.

(2) A search warrant issued under subsection (1) shall require a police official to seize the article in question and shall to that end authorize such police official to search any person identified in the warrant, or to enter and search any premises identified in the warrant and to search any person found on or at such premises.

(3) *(a)* A search warrant shall be executed by day, unless the person issuing the warrant in writing authorizes the execution thereof by night.

(b) A search warrant may be issued on any day and shall be of force until it is executed or is cancelled by the person who issued it or, if such person is not available, by a person with like authority.

(4) A police official executing a warrant under this section or section 25 shall, after such execution, upon demand of any person

(2) Koste ingevolge artikel 15 of 16 toegeken, word ooreenkomstig die tarief getakseer wat ten opsigte van siviele gedinge van toepassing is by die hof wat die toekenning doen of, waar die toekenning deur 'n streekhof gedoen word, ooreenkomstig die tarief wat in siviele sake in 'n landdroshof geld, of, waar daar meer as een so 'n tarief is, ooreenkomstig die tarief deur die hof bepaal wat die toekenning doen.

Verjaring van reg om vervolging in te stel.

18. (1) Die reg om 'n vervolging in te stel vir 'n misdryf, behalwe 'n misdryf ten opsigte waarvan die doodstraf opgelê mag word, verval by verstryking van 'n tydperk van twintig jaar vanaf die tyd toe die misdryf gepleeg is, tensy 'n ander tydperk regtens uitdruklik bepaal word.

(2) Die reg om 'n vervolging in te stel vir 'n misdryf ten opsigte waarvan die doodstraf opgelê mag word, verval nie weens tydsverloop nie.

HOOFSTUK 2

VISENTERINGSLASBRIEWE, BETREDING VAN PERSELE, BESLAGLEGGING OP, VERBEURDVERKLARING VAN EN BESKIKKING OOR GOED WAT MET MISDRYWE IN VERBAND STAAN

Voorbehoud ten opsigte van sekere bevoegdhede by ander wette verleen.

19. Die bepalings van hierdie Hoofstuk doen nie afbreuk nie aan 'n bevoegdheid by 'n ander wet verleen om 'n perseel te betree of om 'n persoon, houer of perseel te visenteer of om op iets beslag te lê, iets verbeurd te verklaar of oor iets te beskik.

Staat kan op sekere voorwerpe beslag lê.

20. Die Staat kan, ooreenkomstig die bepalings van hierdie Hoofstuk, op enigiets (in hierdie Hoofstuk 'n voorwerp genoem), beslag lê—

(a) wat betrokke is by of op redelike gronde vermoed word betrokke te wees by die pleging of vermeende pleging van 'n misdryf, hetsy binne die Republiek of elders;

(b) wat tot bewys kan strek van die pleging of vermeende pleging van 'n misdryf, hetsy binne die Republiek of elders; of

(c) wat bestem is of op redelike gronde vermoed word bestem te wees om by die pleging van 'n misdryf gebruik te word.

Voorwerp moet kragtens visenteringslasbrief in beslag geneem word.

21. (1) Behoudens die bepalings van artikels 22, 24 en 25 word op 'n in artikel 20 bedoelde voorwerp beslag gelê slegs uit hoofde van 'n visenteringslasbrief uitgereik—

(a) deur 'n landdros of vrederegter, indien dit aan daardie landdros of vrederegter uit inligting onder eed blyk dat redelike gronde bestaan om te dink dat so 'n voorwerp in die besit of onder die beheer van of aan 'n persoon of op of by 'n perseel binne sy regsgebied is; of

(b) deur 'n regter of regterlike amptenaar wat by strafregtelike verrigtinge voorsit, indien dit aan so 'n regter of regterlike amptenaar blyk dat so 'n voorwerp in die besit of onder die beheer van 'n persoon of op of by 'n perseel as getuienis by bedoelde verrigtinge nodig is.

(2) 'n Visenteringslasbrief ingevolge subartikel (1) uitgereik, moet 'n polisiebeampte aansê om op die betrokke voorwerp beslag te lê en moet so 'n polisiebeampte te dien einde magtig om 'n persoon te visenteer wat in die lasbrief geïdentifiseer word, of om 'n in die lasbrief geïdentifiseerde perseel te betree en te deursoek en om enige persoon op of by daardie perseel gevind, te visenteer.

(3) *(a)* 'n Visenteringslasbrief word gedurende die dag uitgevoer, tensy die persoon wat die lasbrief uitreik die uitvoering daarvan gedurende die nag skriftelik magtig.

(b) 'n Visenteringslasbrief kan op enige dag uitgereik word en bly van krag totdat dit uitgevoer is of ingetrek word deur die persoon wat dit uitgereik het of, indien daardie persoon nie beskikbaar is nie, deur iemand met dergelike gesag.

(4) 'n Polisiebeampte wat 'n lasbrief ingevolge hierdie artikel of artikel 25 uitvoer, moet na sodanige uitvoering, op versoek van

whose rights in respect of any search or article seized under the warrant have been affected, hand to him a copy of the warrant.

Circumstances in which article may be seized without search warrant.

22. A police official may without a search warrant search any person or container or premises for the purpose of seizing any article referred to in section 20—

(a) if the person concerned consents to the search for and the seizure of the article in question, or if the person who may consent to the search of the container or premises consents to such search and the seizure of the article in question; or

(b) if he on reasonable grounds believes—

(i) that a search warrant will be issued to him under paragraph *(a)* of section 21 (1) if he applies for such warrant; and

(ii) that the delay in obtaining such warrant would defeat the object of the search.

Search of arrested person and seizure of article.

23. On the arrest of any person, the person making the arrest may—

(a) if he is a peace officer, search the person arrested and seize any article referred to in section 20 which is found in the possession of or in the custody or under the control of the person arrested, and where such peace officer is not a police official, he shall forthwith deliver any such article to a police official; or

(b) if he is not a peace officer, seize any article referred to in section 20 which is in the possession of or in the custody or under the control of the person arrested and shall forthwith deliver any such article to a police official.

Search by occupant of land.

24. Any person who is lawfully in charge or occupation of any land and who reasonably suspects that stolen stock or produce, as defined in any law relating to the theft of stock or produce, is on any premises upon that land, or that any article has been placed on such premises or is in the custody or possession of any person upon such premises in contravention of any law relating to intoxicating liquor, dependence-producing drugs, arms and ammunition or explosives, may at any time, if a police official is not readily available, enter such premises for the purpose of searching such premises and any person thereon, and if any such stock, produce or article is found, he shall take possession thereof and forthwith deliver it to a police official.

Power of police to enter premises in connection with State security or any offence.

25. (1) If it appears to a magistrate or justice from information on oath that there are reasonable grounds for believing—

(a) that the internal security of the Republic or the maintenance of law and order is likely to be endangered by or in consequence of any meeting which is being held or is to be held in or upon any premises within his area of jurisdiction; or

(b) that an offence has been or is being or is likely to be committed or that preparations or arrangements for the commission of any offence are being or are likely to be made in or upon any premises within his area of jurisdiction,

he may issue a warrant authorizing a police official to enter the premises in question at any reasonable time for the purpose—

(i) of carrying out such investigations and of taking such steps as such police official may consider necessary for the preservation of the internal security of the Republic or for the maintenance of law and order or for the prevention of any offence;

(ii) of searching the premises or any person in or upon the premises for any article referred to in section 20 which such police official on reasonable grounds suspects to be in or upon or at the premises or upon such person; and

(iii) of seizing any such article.

iemand wie se regte geraak is ten opsigte van 'n deursoeking of voorwerp waarop beslag gelê is ingevolge die lasbrief, 'n afskrif van die lasbrief aan hom oorhandig.

Omstandighede waarin voorwerp sonder visenteringslasbrief in beslag geneem kan word.

22. 'n Polisiebeampte kan sonder 'n visenteringslasbrief 'n persoon of houer of perseel visenteer ten einde 'n in artikel 20 bedoelde voorwerp in beslag te neem—

(a) indien die betrokke persoon in die soek na en die beslaglegging op die betrokke voorwerp toestem, of indien die persoon wat in die deursoeking van die houer of perseel kan toestem, in so 'n deursoeking en die beslaglegging van die betrokke voorwerp toestem; of

(b) indien hy op redelike gronde dink—

(i) dat 'n visenteringslasbrief ingevolge paragraaf *(a)* van artikel 21 (1) aan hom uitgereik sal word as hy om so 'n lasbrief aansoek doen; en

(ii) dat die vertraging deur so 'n lasbrief te verkry die doel van die deursoeking sal verydel.

Deursoeking van gearresteerde persoon en beslaglegging op voorwerp.

23. By die inhegtenisneming van iemand kan die persoon wat die inhegtenisneming uitvoer—

(a) indien hy 'n vredesbeampte is, die persoon visenteer wat in hegtenis geneem is en 'n in artikel 20 bedoelde voorwerp in beslag neem wat in die besit of in die bewaring of onder die beheer van die gearresteerde persoon gevind word, en waar so 'n vredesbeampte nie 'n polisiebeampte is nie, moet hy so 'n voorwerp onverwyld aan 'n polisiebeampte oorhandig; of

(b) indien hy nie 'n vredesbeampte is nie, 'n in artikel 20 bedoelde voorwerp in beslag neem wat in die besit of in die bewaring of onder die beheer van die gearresteerde persoon is, en moet so 'n voorwerp onverwyld aan 'n polisiebeampte oorhandig.

Deursoeking deur bewoner van grond.

24. Iemand wat wettiglik toesig het oor of in besit is van grond en wat redelikerwys vermoed dat gesteelde vee of produkte, soos omskryf in 'n wet betreffende die diefstal van vee of produkte, op 'n perseel op daardie grond is, of dat 'n voorwerp in stryd met 'n wet betreffende sterk drank, afhanklikheidsvormende medisyne, wapens en ammunisie of ontplofbare stowwe op so 'n perseel gelaat is of in die bewaring of besit van iemand op so 'n perseel is, kan te eniger tyd, indien 'n polisiebeampte nie geredelik beskikbaar is nie, so 'n perseel betree ten einde so 'n perseel en enige persoon daarop te deursoek, en indien enige sodanige vee, produkte of voorwerp gevind word, moet hy dit in besit neem en onverwyld aan 'n polisiebeampte oorhandig.

Bevoegdheid van polisie om perseel te betree in verband met staatsveiligheid of 'n misdryf.

25. (1) Indien dit aan 'n landdros of vrederegter uit inligting onder eed blyk dat daar redelike gronde is om te dink—

(a) dat die binnelandse veiligheid van die Republiek of die bewaring van wet en orde waarskynlik in gevaar gestel sal word deur of ten gevolge van 'n vergadering wat gehou word of gehou staan te word in of op 'n perseel binne sy regsgebied; of

(b) dat 'n misdryf gepleeg is of gepleeg word of waarskynlik gepleeg sal word of dat voorbereidings of reëlings vir die pleging van 'n misdryf getref word of waarskynlik getref sal word in of op 'n perseel binne sy regsgebied,

kan hy 'n lasbrief uitreik wat 'n polisiebeampte magtig om die betrokke perseel op 'n redelike tyd te betree ten einde—

(i) die ondersoek in te stel en die stappe te doen wat bedoelde polisiebeampte nodig ag vir die bewaring van die binnelandse veiligheid van die Republiek of vir die handhawing van wet en orde of vir die voorkoming van 'n misdryf;

(ii) die perseel of enige persoon in of op die perseel te deursoek vir 'n in artikel 20 bedoelde voorwerp wat, na bedoelde polisiebeampte op redelike gronde vermoed, in of op of by die perseel of aan bedoelde persoon is; en

(iii) so 'n voorwerp in beslag te neem.

(2) A warrant under subsection (1) may be issued on any day and shall be of force until it is executed or is cancelled by the person who issued it or, if such person is not available, by a person with like authority.

(3) A police official may without warrant act under subparagraphs (i), (ii) and (iii) of subsection (1) if he on reasonable grounds believes—

(a) that a warrant will be issued to him under paragraph *(a)* or *(b)* of subsection (1) if he applies for such warrant; and

(b) that the delay in obtaining such warrant would defeat the object thereof.

Entering of premises for purposes of obtaining evidence.

26. Where a police official in the investigation of an offence or alleged offence reasonably suspects that a person who may furnish information with reference to any such offence is on any premises, such police official may without warrant enter such premises for the purpose of interrogating such person and obtaining a statement from him: Provided that such police official shall not enter any private dwelling without the consent of the occupier thereof.

Resistance against entry or search.

27. (1) A police official who may lawfully search any person or any premises or who may enter any premises under section 26, may use such force as may be reasonably necessary to overcome any resistance against such search or against entry of the premises, including the breaking of any door or window of such premises: Provided that such police official shall first audibly demand admission to the premises and notify the purpose for which he seeks to enter such premises.

(2) The proviso to subsection (1) shall not apply where the police official concerned is on reasonable grounds of the opinion that any article which is the subject of the search may be destroyed or disposed of if the provisions of the said proviso are first complied with.

Wrongful search an offence, and award of damages.

28. (1) A police official—

(a) who acts contrary to the authority of a search warrant issued under section 21 or a warrant issued under section 25 (1); or

(b) who, without being authorized thereto under this Chapter—

(i) searches any person or container or premises or seizes or detains any article; or

(ii) performs any act contemplated in subparagraph (i), (ii) or (iii) of section 25 (1),

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months, and shall in addition be subject to an award under subsection (2).

(2) Where any person falsely gives information on oath under section 21 (1) or 25 (1) and a search warrant or, as the case may be, a warrant is issued and executed on such information, and such person is in consequence of such false information convicted of perjury, the court convicting such person may, upon the application of any person who has suffered damage in consequence of the unlawful entry, search or seizure, as the case may be, or upon the application of the prosecutor acting on the instructions of that person, award compensation in respect of such damage, whereupon the provisions of section 300 shall *mutatis mutandis* apply with reference to such award.

Search to be conducted in decent and orderly manner.

29. A search of any person or premises shall be conducted with strict regard to decency and order, and a woman shall be searched by a woman only, and if no female police official is available, the search shall be made by any woman designated for the purpose by a police official.

(2) 'n Lasbrief ingevolge subartikel (1) kan op enige dag uitgereik word en bly van krag totdat dit uitgevoer is of ingetrek is deur die persoon wat dit uitgereik het of, indien daardie persoon nie beskikbaar is nie, deur iemand met dergelike gesag.

(3) 'n Polisiebeampte kan sonder lasbrief ingevolge subparagrawe (i), (ii) en (iii) van subartikel (1) optree, indien hy op redelike gronde dink—

(a) dat 'n lasbrief ingevolge paragraaf *(a)* of *(b)* van subartikel (1) aan hom uitgereik sal word as hy om so 'n lasbrief aansoek doen; en

(b) dat die vertraging deur so 'n lasbrief te verkry die doel daarvan sal verydel.

Betreding van perseel ten einde getuienis te verkry.

26. Waar 'n polisiebeampte by die ondersoek van 'n misdryf of beweerde misdryf redelikerwys vermoed dat iemand wat inligting met betrekking tot so 'n misdryf kan verstrek, op 'n perseel is, kan so 'n polisiebeampte so 'n perseel sonder lasbrief betree ten einde so iemand te ondervra en 'n verklaring van hom te verkry: Met dien verstande dat so 'n polisiebeampte 'n private woning nie sonder die toestemming van die bewoner daarvan mag betree nie.

Verset teen betreding of deursoeking.

27. (1) 'n Polisiebeampte wat 'n persoon of perseel wettiglik mag deursoek of wat 'n perseel ingevolge artikel 26 mag betree, kan die geweld gebruik wat redelikerwys nodig is om enige verset teen so 'n deursoeking of teen betreding van die perseel te bowe te kom, met inbegrip van die oopbreek van 'n deur of venster van so 'n perseel: Met dien verstande dat so 'n polisiebeampte eers hoorbaar toegang tot die perseel moet eis en die doel bekend moet maak waarvoor hy so 'n perseel wil betree.

(2) Die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) is nie van toepassing nie waar die betrokke polisiebeampte op redelike gronde van oordeel is dat 'n voorwerp ten opsigte waarvan die deursoeking geskied, vernietig of weggedoen kan word indien die bepalings van genoemde voorbehoudsbepaling eers nagekom moet word.

Wederregtelike deursoeking 'n misdryf, en toekenning van skadevergoeding.

28. (1) 'n Polisiebeampte—

(a) wat in stryd optree met die magtiging van 'n visenteringslasbrief ingevolge artikel 21 uitgereik of 'n lasbrief ingevolge artikel 25 (1) uitgereik; of

(b) wat, sonder dat hy ingevolge hierdie Hoofstuk daartoe gemagtig is—

(i) 'n persoon of houer of perseel visenteer of 'n voorwerp in beslag neem of aanhou; of

(ii) 'n handeling beoog in subparagraaf (i), (ii) of (iii) van artikel 25 (1) verrig,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, en is benewens die straf onderhewig aan 'n toekenning ingevolge subartikel (2).

(2) Waar 'n persoon valslik inligting onder eed ingevolge artikel 21 (1) of 25 (1) verstrek en 'n visenteringslasbrief of 'n lasbrief, na gelang van die geval, op sodanige inligting uitgereik en uitgevoer word, en so 'n persoon ten gevolge van bedoelde valse inligting aan meineed skuldig bevind word, kan die hof wat daardie persoon skuldig bevind, op aansoek van iemand wat skade gely het ten gevolge van die onwettige betreding, deursoeking of beslaglegging, na gelang van die geval, of op aansoek van die aanklaer wat in opdrag van so iemand optree, vergoeding ten opsigte van bedoelde skade toeken, waarop die bepalings van artikel 300 *mutatis mutandis* met betrekking tot so 'n toekenning van toepassing is.

Deursoeking moet op welvoeglike en ordelike wyse geskied.

29. 'n Deursoeking van 'n persoon of perseel word met streng behoud van welvoeglikheid en orde uitgevoer, en 'n vrou word slegs deur 'n vrou deursoek, en indien geen vroulike polisiebeampte beskikbaar is nie, word die deursoeking gedoen deur 'n vrou wat deur 'n polisiebeampte vir dié doel aangewys is.

Disposal by police official of article after seizure.

30. A police official who seizes any article referred to in section 20 or to whom any such article is under the provisions of this Chapter delivered—

(a) may, if the article is perishable, with due regard to the interests of the persons concerned, dispose of the article in such manner as the circumstances may require; or

(b) may, if the article is stolen property or property suspected to be stolen, with the consent of the person from whom it was seized, deliver the article to the person from whom, in the opinion of such police official, such article was stolen, and shall warn such person to hold such article available for production at any resultant criminal proceedings, if required to do so; or

(c) shall, if the article is not disposed of or delivered under the provisions of paragraph *(a)* or *(b)*, give it a distinctive identification mark and retain it in police custody or make such other arrangements with regard to the custody thereof as the circumstances may require.

Disposal of article where no criminal proceedings are instituted or where it is not required for criminal proceedings.

31. (1) *(a)* If no criminal proceedings are instituted in connection with any article referred to in section 30 *(c)* or if it appears that such article is not required at the trial for purposes of evidence or for purposes of an order of court, the article shall be returned to the person from whom it was seized, if such person may lawfully possess such article, or, if such person may not lawfully possess such article, to the person who may lawfully possess it.

(b) If no person may lawfully possess such article or if the police official concerned does not know of any person who may lawfully possess such article, the article shall be forfeited to the State.

(2) The person who may lawfully possess the article in question shall be notified by registered post at his last-known address that he may take possession of the article and if such person fails to take delivery of the article within thirty days from the date of such notification, the article shall be forfeited to the State.

Disposal of article where criminal proceedings are instituted and admission of guilt fine is paid.

32. (1) If criminal proceedings are instituted in connection with any article referred to in section 30 *(c)* and the accused admits his guilt in accordance with the provisions of section 57, the article shall be returned to the person from whom it was seized, if such person may lawfully possess such article, or, if such person may not lawfully possess such article, to the person who may lawfully possess it, whereupon the provisions of section 31 (2) shall apply with reference to any such person.

(2) If no person may lawfully possess such article or if the police official concerned does not know of any person who may lawfully possess such article, the article shall be forfeited to the State.

Article to be transferred to court for purposes of trial.

33. (1) If criminal proceedings are instituted in connection with any article referred to in section 30 *(c)* and such article is required at the trial for the purposes of evidence or for the purposes of an order of court, the police official concerned shall, subject to the provisions of subsection (2) of this section, deliver such article to the clerk of the court where such criminal proceedings are instituted.

(2) If it is by reason of the nature, bulk or value of the article in question impracticable or undesirable that the article should be delivered to the clerk of the court in terms of subsection (1), the clerk of the court may require the police official concerned to retain the article in police custody or in such other custody as may be determined in terms of section 30 *(c)*.

Beskikking oor voorwerp deur polisiebeampte na beslaglegging.

30. 'n Polisiebeampte wat 'n in artikel 20 bedoelde voorwerp in beslag neem of aan wie so 'n voorwerp ingevolge die bepalings van hierdie Hoofstuk oorhandig word—

(a) kan, indien die voorwerp bederfbaar is, met behoorlike inagneming van die belange van die betrokke persone, oor die voorwerp beskik op die wyse wat die omstandighede vereis; of

(b) kan, indien die voorwerp gesteelde goed of vermoedelik gesteelde goed is, met die toestemming van die persoon van wie dit in beslag geneem is, die voorwerp aan die persoon oorhandig van wie daardie voorwerp, na die oordeel van bedoelde polisiebeampte, gesteel is, en moet daardie persoon waarsku om bedoelde artikel vir voorlegging by enige gevolglike strafregtelike verrigtinge beskikbaar te hou, indien aangesê om dit te doen; of

(c) moet, indien die voorwerp nie ingevolge die bepalings van paragraaf *(a)* of *(b)* oor beskik of oorhandig word nie, 'n onderskeidende uitkenningsteken daarop aanbring en dit in polisiebewaring hou of sodanige ander reëlings met betrekking tot die bewaring daarvan tref as wat die omstandighede vereis.

Beskikking oor voorwerp waar geen strafregtelike verrigtinge ingestel word nie of waar dit nie vir strafregtelike verrigtinge nodig is nie.

31. (1) *(a)* Indien geen strafregtelike verrigtinge ingestel word in verband met 'n in artikel 30 *(c)* bedoelde voorwerp nie of indien dit blyk dat so 'n voorwerp nie by die verhoor vir die doeleindes van bewyslewering of vir die doeleindes van 'n hofbevel nodig is nie, word die voorwerp teruggegee aan die persoon van wie dit in beslag geneem is, indien so 'n persoon daardie voorwerp wettiglik mag besit, of, indien so 'n persoon daardie voorwerp nie wettiglik mag besit nie, aan die persoon wat dit wettiglik mag besit.

(b) Indien niemand so 'n voorwerp wettiglik mag besit nie of indien die betrokke polisiebeampte nie weet van iemand wat so 'n voorwerp wettiglik mag besit nie, word die voorwerp aan die Staat verbeur.

(2) Die persoon wat die betrokke voorwerp wettiglik mag besit, word per aangetekende pos by sy laasbekende adres in kennis gestel dat hy besit van die voorwerp mag neem, en indien so 'n persoon versuim om die voorwerp binne dertig dae vanaf die datum van so 'n kennisgewing af te haal, word die voorwerp aan die Staat verbeur.

Beskikking oor voorwerp waar strafregtelike verrigtinge ingestel en skulderkenningsboete betaal word.

32. (1) Indien strafregtelike verrigtinge in verband met 'n in artikel 30 *(c)* bedoelde voorwerp ingestel word en die beskuldigde sy skuld ooreenkomstig die bepalings van artikel 57 erken, word die voorwerp aan die persoon teruggegee van wie dit in beslag geneem is, indien so 'n persoon daardie voorwerp wettiglik mag besit, of, indien so 'n persoon daardie voorwerp nie wettiglik mag besit nie, aan die persoon wat dit wettiglik mag besit, waarop die bepalings van artikel 31 (2) met betrekking tot so 'n persoon van toepassing is.

(2) Indien niemand so 'n voorwerp wettiglik mag besit nie of indien die betrokke polisiebeampte nie weet van iemand wat so 'n voorwerp wettiglik mag besit nie, word die voorwerp aan die Staat verbeur.

Voorwerp moet vir doeleindes van verhoor na hof oorgeplaas word.

33. (1) Indien strafregtelike verrigtinge in verband met 'n in artikel 30 *(c)* bedoelde voorwerp ingestel word en so 'n voorwerp by die verhoor vir die doeleindes van bewyslewering of vir die doeleindes van 'n hofbevel nodig is, moet die betrokke polisiebeampte, behoudens die bepalings van subartikel (2) van hierdie artikel, daardie voorwerp oorhandig aan die klerk van die hof waar bedoelde strafregtelike verrigtinge ingestel word.

(2) Indien dit weens die aard, omvang of waarde van die betrokke voorwerp ondoenlik of onwenslik is dat die voorwerp ooreenkomstig subartikel (1) aan die klerk van die hof oorhandig word, kan die klerk van die hof die betrokke polisiebeampte aansê om die voorwerp in polisiebewaring of die ander bewaring wat ooreenkomstig artikel 30 *(c)* bepaal is, te hou.

(3) *(a)* The clerk of the court shall place any article received under subsection (1) in safe custody, which may include the deposit of money in an official banking account if such money is not required at the trial for the purposes of evidence.

(b) Where the trial in question is to be conducted in a court other than a court of which such clerk is the clerk of the court, such clerk of the court shall—

(i) transfer any article received under subsection (1), other than money deposited in a banking account under paragraph *(a)* of this subsection, to the clerk of the court or, as the case may be, the registrar of the court in which the trial is to be conducted, and such clerk or registrar of the court shall place such article in safe custody;

(ii) in the case of any article retained in police custody or in some other custody in accordance with the provisions of subsection (2) or in the case of any money deposited in a banking account under paragraph *(a)* of this subsection, advise the clerk or registrar of such other court of the fact of such custody or such deposit, as the case may be.

Disposal of article after commencement of criminal proceedings.

34. (1) The judge or judicial officer presiding at criminal proceedings shall at the conclusion of such proceedings, but subject to the provisions of this Act or any other law under which any matter shall or may be forfeited, make an order that any article referred to in section 33—

(a) be returned to the person from whom it was seized, if such person may lawfully possess such article; or

(b) if such person is not entitled to the article or cannot lawfully possess the article, be returned to any other person entitled thereto, if such person may lawfully possess the article; or

(c) if no person is entitled to the article or if no person may lawfully possess the article or, if the person who is entitled thereto cannot be traced or is unknown, be forfeited to the State.

(2) The court may, for the purpose of any order under subsection (1), hear such additional evidence, whether by affidavit or orally, as it may deem fit.

(3) If the judge or judicial officer concerned does not, at the conclusion of the relevant proceedings, make an order under subsection (1), such judge or judicial officer or, if he is not available, any other judge or judicial officer of the court in question, may at any time after the conclusion of the proceedings make any such order, and for that purpose hear such additional evidence, whether by affidavit or orally, as he may deem fit.

(4) Any order made under subsection (1) or (3) may be suspended pending any appeal or review.

(5) Where the court makes an order under paragraph *(a)* or *(b)* of subsection (1), the provisions of section 31 (2) shall *mutatis mutandis* apply with reference to the person in favour of whom such order is made.

(6) If the circumstances so require or if the criminal proceedings in question cannot for any reason be disposed of, the judge or judicial officer concerned may make any order referred to in paragaph *(a)*, *(b)* or *(c)* of subsection (1) at any stage of the proceedings.

Forfeiture of article to State.

35. (1) A court which convicts an accused of any offence may, without notice to any person, declare—

(a) any weapon, instrument or other article by means whereof the offence in question was committed or which was used in the commission of such offence; or

(3) *(a)* Die klerk van die hof moet 'n voorwerp wat ingevolge subartikel (1) ontvang is in veilige bewaring plaas, waarby inbegrepe is die inbetaling van geld by 'n amptelike bankrekening indien sodanige geld nie by die verhoor vir die doeleindes van bewyslewering nodig is nie.

(b) Waar die betrokke verhoor voortgesit moet word in 'n ander hof as die hof waarvan bedoelde klerk die klerk van die hof is, moet bedoelde klerk van die hof—

(i) 'n voorwerp wat ingevolge subartikel (1) ontvang is, behalwe geld wat kragtens paragraaf *(a)* van hierdie subartikel by 'n bankrekening inbetaal is, aan die klerk van die hof of, na gelang van die geval, die griffier van die hof waarin die verhoor voortgesit moet word, oorplaas, en so 'n klerk of griffier van die hof plaas so 'n voorwerp in veilige bewaring;

(ii) in die geval van 'n voorwerp wat in polisiebewaring of in ander bewaring ooreenkomstig die bepalings van subartikel (2) gehou word of in die geval van geld wat ingevolge paragraaf *(a)* van hierdie subartikel by 'n bankrekening inbetaal is, die klerk of griffier van sodanige ander hof van die feit van sodanige bewaring of sodanige inbetaling, na gelang van die geval, in kennis stel.

Beskikking oor voorwerp na aanvang van strafregtelike verrigtinge.

34. (1) Die regter of regterlike amptenaar wat by strafregtelike verrigtinge voorsit, moet by beëindiging van daardie verrigtinge, maar behoudens die bepalings van hierdie Wet of 'n ander wet waarkragtens enigiets verbeur kan of moet word, 'n bevel gee dat 'n in artikel 33 bedoelde voorwerp—

(a) aan die persoon teruggegee word van wie dit in beslag geneem is, indien so 'n persoon daardie voorwerp wettiglik mag besit; of

(b) indien so 'n persoon nie op die voorwerp geregtig is of die voorwerp nie wettiglik mag besit nie, aan 'n ander persoon wat daarop geregtig is, teruggegee word, indien daardie persoon die voorwerp wettiglik mag besit; of

(c) indien geen persoon op die voorwerp geregtig is of indien geen persoon die voorwerp wettiglik mag besit nie of, indien die persoon wat daarop geregtig is, nie opgespoor kan word nie of onbekend is, aan die Staat verbeur word.

(2) Die hof kan, vir die doeleindes van 'n bevel ingevolge subartikel (1), die bykomende getuienis, hetsy by beëdigde verklaring of mondeling, aanhoor wat hy goedvind.

(3) Indien die betrokke regter of regterlike amptenaar nie by beëindiging van die betrokke verrigtinge 'n bevel ingevolge subartikel (1) gee nie, kan so 'n regter of regterlike amptenaar of, indien hy nie beskikbaar is nie, 'n ander regter of regterlike amptenaar van die betrokke hof, te eniger tyd na beëindiging van die verrigtinge so 'n bevel gee, en te dien einde die bykomende getuienis, hetsy by beëdigde verklaring of mondeling, aanhoor wat hy goedvind.

(4) 'n Bevel ingevolge subartikel (1) of (3) gegee, kan opgeskort word hangende 'n appèl of hersiening.

(5) Waar die hof 'n bevel ingevolge paragraaf *(a)* of *(b)* van subartikel (1) gee, is die bepalings van artikel 31 (2) *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot iemand ten gunste van wie so 'n bevel gegee word.

(6) Indien die omstandighede dit vereis of indien die betrokke strafregtelike verrigtinge om enige rede nie afgehandel kan word nie, kan die betrokke regter of regterlike amptenaar 'n in paragraaf *(a)*, *(b)* of *(c)* van subartikel (1) bedoelde bevel in enige stadium van die verrigtinge gee.

Verbeuring van voorwerp ten gunste van Staat.

35. (1) 'n Hof wat 'n beskuldigde aan 'n misdryf skuldig bevind, kan sonder kennisgewing aan enigiemand—

(a) 'n wapen, werktuig of ander voorwerp deur middel waarvan die betrokke misdryf gepleeg is of wat by die pleging van daardie misdryf gebruik is; of

(b) if the conviction is in respect of an offence referred to in Part I of Schedule 2, any vehicle, container or other article which was used for the purpose of or in connection with the commission of the offence in question or for the conveyance or removal of the stolen property,

and which was seized under the provisions of this Act, forfeited to the State: Provided that such forfeiture shall not affect any right referred to in subparagraph (i) or (ii) of subsection (4) *(a)* if it is proved that the person who claims such right did not know that such weapon, instrument, vehicle, container or other article was being used or would be used for the purpose of or in connection with the commission of the offence in question or, as the case may be, for the conveyance or removal of the stolen property in question, or that he could not prevent such use, and that he may lawfully possess such weapon, instrument, vehicle, container or other article, as the case may be.

(2) A court which convicts an accused or which finds an accused not guilty of any offence, shall declare forfeited to the State any article seized under the provisions of this Act which is forged or counterfeit or which cannot lawfully be possessed by any person.

(3) Any weapon, instrument, vehicle, container or other article declared forfeited under the provisions of subsection (1), shall be kept for a period of thirty days with effect from the date of declaration of forfeiture or, if an application is within that period received from any person for the determination of any right referred to in subparagraph (i) or (ii) of subsection (4) *(a)*, until a final decision in respect of any such application has been given.

(4) *(a)* The court in question or, if the judge or judicial officer concerned is not available, any judge or judicial officer of the court in question, may at any time within a period of three years with effect from the date of declaration of forfeiture, upon the application of any person, other than the accused, who claims that any right referred to in subparagraph (i) or (ii) of this paragraph is vested in him, inquire into and determine any such right, and if the court finds that the weapon, instrument, vehicle, container or other article in question—

(i) is the property of any such person, the court shall set aside the declaration of forfeiture and direct that the weapon, instrument, vehicle, container or other article, as the case may be, be returned to such person, or, if the State has disposed of the weapon, instrument, vehicle, container or other article in question, direct that such person be compensated by the State to the extent to which the State has been enriched by such disposal;

(ii) was sold to the accused in pursuance of a contract under which he becomes the owner of such weapon, instrument, vehicle, container or other article, as the case may be, upon the payment of a stipulated price, whether by instalments or otherwise, and under which the seller becomes entitled to the return of such weapon, instrument, vehicle, container or other article upon default of payment of the stipulated price or any part thereof—

(aa) the court shall direct that the weapon, instrument, vehicle, container or other article in question be sold by public auction and that the said seller be paid out of the proceeds of the sale an amount equal to the value of his rights under the contract to the weapon, instrument, vehicle, container or other article, but not exceeding the proceeds of the sale; or

(bb) if the State has disposed of the weapon, instrument, vehicle, container or other article

(b) indien die skuldigbevinding ten opsigte van 'n in Deel I van Bylae 2 bedoelde misdryf is, 'n voertuig, houer of ander voorwerp wat vir die doel van of in verband met die pleging van die betrokke misdryf of vir die vervoer of verwydering van die gesteelde goed gebruik is,

en wat ingevolge die bepalings van hierdie Wet in beslag geneem is, aan die Staat verbeurd verklaar: Met dien verstande dat so 'n verbeuring nie 'n in subparagraaf (i) of (ii) van subartikel (4) *(a)* bedoelde reg raak nie indien bewys word dat die persoon wat op so 'n reg aanspraak maak, nie geweet het dat daardie wapen, werktuig, voertuig, houer of ander voorwerp vir die doel van of in verband met die pleging van die betrokke misdryf of, na gelang van die geval, vir die vervoer of verwydering van die betrokke gesteelde goed gebruik was of sou word nie, of dat hy nie sodanige gebruik kon verhinder nie, en dat hy daardie wapen, werktuig, voertuig, houer of ander voorwerp, na gelang van die geval, wettiglik mag besit.

(2) 'n Hof wat 'n beskuldigde aan 'n misdryf skuldig of onskuldig bevind, moet 'n voorwerp wat ingevolge die bepalings van hierdie Wet in beslag geneem is en wat vervals of nagemaak is of wat nie wettiglik deur iemand besit kan word nie, aan die Staat verbeurd verklaar.

(3) 'n Wapen, werktuig, voertuig, houer of ander voorwerp wat kragtens die bepalings van subartikel (1) verbeurd verklaar is, word met ingang van die datum van verbeurdverklaring vir 'n tydperk van dertig dae gehou of, indien 'n aansoek binne daardie tydperk van 'n persoon om die bepaling van 'n in subparagraaf (i) of (ii) van subartikel (4) *(a)* bedoelde reg ontvang word, totdat 'n eindbeslissing ten opsigte van so 'n aansoek gegee is.

(4) *(a)* Die betrokke hof of, indien die betrokke regter of regterlike amptenaar nie beskikbaar is nie, enige regter of regterlike amptenaar van die betrokke hof, kan te eniger tyd binne 'n tydperk van drie jaar met ingang van die datum van verbeurdverklaring, op aansoek van iemand anders as die beskuldigde wat daarop aanspraak maak dat 'n in subparagraaf (i) of (ii) van hierdie paragraaf bedoelde reg in hom gevestig is, na so 'n reg ondersoek instel en dit bepaal, en indien die hof bevind dat die betrokke wapen, werktuig, voertuig, houer of ander voorwerp—

(i) die eiendom van so 'n persoon is, moet die hof die verbeurdverklaring tersyde stel en gelas dat die wapen, werktuig, voertuig, houer of ander voorwerp, na gelang van die geval, aan daardie persoon terugbesorg word, of, indien die Staat oor die betrokke wapen, werktuig, voertuig, houer of ander voorwerp beskik het, gelas dat daardie persoon, in die mate waarin die Staat deur so 'n beskikking verryk is, deur die Staat vergoed word;

(ii) aan die beskuldigde verkoop is uit hoofde van 'n kontrak waarkragtens hy by betaling van 'n bepaalde prys, hetsy in paaiemente of andersins, eienaar word van daardie wapen, werktuig, voertuig, houer of ander voorwerp, na gelang van die geval, en waarkragtens die verkoper, by wanbetaling van die bepaalde prys of 'n deel daarvan, op die teruggawe van daardie wapen, werktuig, voertuig, houer of ander voorwerp geregtig word—

(aa) moet die hof gelas dat die betrokke wapen, werktuig, voertuig, houer of ander voorwerp per openbare veiling verkoop word en dat bedoelde verkoper uit die opbrengs van die verkoping 'n bedrag betaal word wat gelyk is aan die waarde van sy regte ingevolge die kontrak op die wapen, werktuig, voertuig, houer of ander voorwerp, maar wat nie die opbrengs van die verkoping te bowe gaan nie; of

(bb) indien die Staat oor die betrokke wapen, werktuig, voertuig, houer of ander voorwerp

in question, the court shall direct that the said seller be likewise compensated.

(b) If a determination by the court under paragraph *(a)* is adverse to the applicant, he may appeal therefrom as if it were a conviction by the court making the determination, and such appeal may be heard either separately or jointly with an appeal against the conviction as a result whereof the declaration of forfeiture was made, or against a sentence imposed as a result of such conviction.

(c) When determining any rights under this subsection, the record of the criminal proceedings in which the declaration of forfeiture was made, shall form part of the relevant proceedings, and the court making the determination may hear such additional evidence, whether by affidavit or orally, as it may deem fit.

Disposal of article concerned in an offence committed outside Republic.

36. (1) Where an article is seized in connection with which—

(a) an offence was committed or is on reasonable grounds suspected to have been committed in a country outside the Republic;

(b) there are reasonable grounds for believing that it will afford evidence as to the commission in a country outside the Republic of any offence or that it was used for the purpose of or in connection with such commission of any offence,

the magistrate within whose area of jurisdiction the article was seized may, on application and if satisfied that such offence is punishable in such country by death or by imprisonment for a period of twelve months or more or by a fine of five hundred rand or more, order such article to be delivered to a member of a police force established in such country who may thereupon remove it from the Republic.

(2) Whenever the article so removed from the Republic is returned to the magistrate, or whenever the magistrate refuses to order that the article be delivered as aforesaid, the article shall be returned to the person from whose possession it was taken, unless the magistrate is authorized or required by law to dispose of it otherwise.

CHAPTER 3

Ascertainment of Bodily Features of Accused

Powers in respect of prints and bodily appearance of accused.

37. (1) Any police official may—

(a) take the finger-prints, palm-prints or foot-prints or may cause any such prints to be taken—

(i) of any person arrested upon any charge;

(ii) of any such person released on bail or on warning under section 72;

(iii) of any person arrested in respect of any matter referred to in paragraph *(n)*, *(o)* or *(p)* of section 40 (1);

(iv) of any person upon whom a summons has been served in respect of any offence referred to in Schedule 1 or any offence with reference to which the suspension, cancellation or endorsement of any licence or permit or the disqualification in respect of any licence or permit is permissible or prescribed; or

(v) of any person convicted by a court or deemed under section 57 (6) to have been convicted in respect of any offence which the Minister has by notice in the *Gazette* declared to be an offence for the purposes of this subparagraph;

(b) make a person referred to in paragraph *(a)* (i) or (ii) available or cause such person to be made available for identification in such condition, position or apparel as the police official may determine;

beskik het, moet die hof gelas dat bedoelde verkoper insgelyks vergoed word.

(b) Indien 'n bepaling deur die hof ingevolge paragraaf *(a)* vir die aansoeker ongunstig is, kan hy daarteen appelleer asof dit 'n skuldigbevinding is deur die hof wat die bepaling gedoen het, en so 'n appèl kan òf afsonderlik van òf saam met 'n appèl teen die skuldigbevinding as gevolg waarvan die verbeurdverklaring gemaak is, of teen 'n vonnis wat ten gevolge van so 'n skuldigbevinding opgelê is, verhoor word.

(c) By 'n bepaling van regte ingevolge hierdie subartikel, vorm die oorkonde van die strafregtelike verrigtinge waarin die verbeurdverklaring gemaak is deel van die betrokke verrigtinge, en die hof wat die bepaling doen, kan die bykomende getuienis, hetsy by beëdigde verklaring of mondeling, aanhoor wat hy goedvind.

Beskikking oor voorwerp wat betrokke is by 'n misdryf buite die Republiek gepleeg.

36. (1) Waar 'n voorwerp in beslag geneem word in verband waarmee—

(a) 'n misdryf in 'n land buite die Republiek gepleeg is of op redelike gronde vermoed word gepleeg te gewees het;

(b) daar redelike gronde bestaan om te dink dat dit as bewys sal strek betreffende die pleging van 'n misdryf in 'n land buite die Republiek of dat dit vir die doel van of in verband met so 'n pleging van 'n misdryf gebruik is,

kan die landdros binne wie se regsgebied die voorwerp in beslag geneem is, op aansoek en indien oortuig dat so 'n misdryf in so 'n land strafbaar is met die dood of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van twaalf maande of langer of met 'n boete van vyfhonderd rand of meer, beveel dat so 'n voorwerp oorhandig word aan 'n lid van 'n polisiemag wat in so 'n land ingestel is en so 'n lid kan die voorwerp daarop uit die Republiek verwyder.

(2) Wanneer die voorwerp wat aldus uit die Republiek verwyder is aan die landdros terugbesorg word, of wanneer die landdros weier om te beveel dat die voorwerp soos voormeld oorhandig word, word die voorwerp terugbesorg aan die persoon uit wie se besit dit verwyder is, tensy die landdros regtens gemagtig of verplig is om anders daaroor te beskik.

HOOFSTUK 3

BEPALING VAN LIGGAAMLIKE KENMERKE VAN BESKULDIGDE

Bevoegdhede ten opsigte van afdrukke en liggaamlike voorkoms van beskuldigde.

37. (1) 'n Polisiebeampte kan—

(a) die vinger-, palm- of voetafdrukke neem of laat neem—

(i) van 'n persoon wat op enige aanklag in hegtenis geneem is;

(ii) van so 'n persoon wat op borgtog of op waarskuwing ingevolge artikel 72 vrygelaat is;

(iii) van 'n persoon wat ten opsigte van 'n in paragraaf *(n)*, *(o)* of *(p)* van artikel 40 (1) bedoelde aangeleentheid in hegtenis geneem is;

(iv) van 'n persoon aan wie 'n dagvaarding beteken is ten opsigte van 'n in Bylae 1 bedoelde misdryf of 'n misdryf met betrekking waartoe die opskorting, intrekking of endossement van 'n lisensie of permit of die diskwalifikasie ten opsigte van 'n lisensie of permit toelaatbaar of voorgeskryf is; of

(v) van 'n persoon wat deur 'n hof skuldig bevind is of ingevolge artikel 57 (6) geag word skuldig bevind te gewees het ten opsigte van 'n misdryf wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* tot 'n misdryf vir die doeleindes van hierdie subparagraaf verklaar het;

(b) 'n in paragraaf *(a)* (i) of (ii) bedoelde persoon beskikbaar stel of laat beskikbaar stel vir uitkenning in die toestand, posisie of kleding wat die polisiebeampte bepaal;

(c) take such steps as he may deem necessary in order to ascertain whether the body of any person referred to in paragraph *(a)* (i) or (ii) has any mark, characteristic or distinguishing feature or shows any condition or appearance: Provided that no police official shall take any blood sample of the person concerned nor shall a police official make any examination of the body of the person concerned where that person is a female and the police official concerned is not a female.

(2) *(a)* Any medical officer of any prison or any district surgeon or, if requested thereto by any police official, any registered medical practitioner or registered nurse may take such steps, including the taking of a blood sample, as may be deemed necessary in order to ascertain whether the body of any person referred to in paragraph *(a)* (i) or (ii) of subsection (1) has any mark, characteristic or distinguishing feature or shows any condition or appearance.

(b) If any registered medical practitioner attached to any hospital is on reasonable grounds of the opinion that the contents of the blood of any person admitted to such hospital for medical attention or treatment may be relevant at any later criminal proceedings, such medical practitioner may take a blood sample of such person or cause such sample to be taken.

(3) Any court before which criminal proceedings are pending may—

(a) in any case in which a police official is not empowered under subsection (1) to take finger-prints, palm-prints or foot-prints or to take steps in order to ascertain whether the body of any person has any mark, characteristic or distinguishing feature or shows any condition or appearance, order that such prints be taken of any accused at such proceedings or that the steps, including the taking of a blood sample, be taken which such court may deem necessary in order to ascertain whether the body of any accused at such proceedings has any mark, characteristic or distinguishing feature or shows any condition or appearance;

(b) order that the steps, including the taking of a blood sample, be taken which such court may deem necessary in order to ascertain the state of health of any accused at such proceedings.

(4) Any court which has convicted any person of any offence or which has concluded a preparatory examination against any person on any charge, or any magistrate, may order that the finger-prints, palm-prints or foot-prints of the person concerned be taken.

(5) Finger-prints, palm-prints or foot-prints and the record of steps taken under this section, shall be destroyed if the person concerned is found not guilty at his trial or if his conviction is set aside by a superior court or if he is discharged at a preparatory examination or if no criminal proceedings with reference to which such prints were taken or such record was made are instituted against the person concerned in any court or if the prosecution declines to prosecute such person.

CHAPTER 4

METHODS OF SECURING ATTENDANCE OF ACCUSED IN COURT

Methods of securing attendance of accused in court.

38. The methods of securing the attendance of an accused in court for the purposes of his trial shall be arrest, summons, written notice and indictment in accordance with the relevant provisions of this Act.

(c) die stappe doen wat hy nodig ag ten einde te bepaal of die liggaam van 'n in paragraaf *(a)* (i) of (ii) bedoelde persoon 'n merk, eienskap of onderskeidende kenmerk het of 'n toestand of verskynsel toon: Met dien verstande dat geen polisiebeampte 'n bloedmonster van die betrokke persoon mag neem nie en dat 'n polisiebeampte nie die liggaam van die betrokke persoon mag ondersoek waar daardie persoon 'n vrou is en die betrokke polisiebeampte nie 'n vrou is nie.

(2) *(a)* 'n Geneeskundige beampte van 'n gevangenis of 'n distriksgeneesheer of, indien deur 'n polisiebeampte daartoe versoek, 'n geregistreerde geneesheer of geregistreerde verpleegster kan die stappe doen, met inbegrip van die neem van 'n bloedmonster, wat nodig geag word ten einde te bepaal of die liggaam van 'n in paragraaf *(a)* (i) of (ii) van subartikel (1) bedoelde persoon 'n merk, eienskap of onderskeidende kenmerk het of 'n toestand of verskynsel toon.

(b) Indien 'n geregistreerde geneesheer wat aan 'n hospitaal verbonde is, op redelike gronde van oordeel is dat die inhoud van die bloed van 'n persoon wat tot so 'n hospitaal vir geneeskundige aandag of behandeling toegelaat word, by latere strafregtelike verrigtinge relevant mag wees, kan so 'n geneesheer 'n bloedmonster van daardie persoon neem of laat neem.

(3) 'n Hof voor wie strafregtelike verrigtinge hangende is, kan—

(a) in 'n geval waarin 'n polisiebeampte nie ingevolge subartikel (1) bevoeg is om vinger-, palm- of voetafdrukke te neem of om stappe te doen ten einde te bepaal of die liggaam van 'n persoon 'n merk, eienskap of onderskeidende kenmerk het of 'n toestand of verskynsel toon nie, gelas dat sodanige afdrukke van 'n beskuldigde by bedoelde verrigtinge geneem word of dat die stappe, met inbegrip van die neem van 'n bloedmonster, gedoen word wat daardie hof nodig ag ten einde te bepaal of die liggaam van 'n beskuldigde by bedoelde verrigtinge 'n merk, eienskap of onderskeidende kenmerk het of 'n toestand of verskynsel toon;

(b) gelas dat die stappe, met inbegrip van die neem van 'n bloedmonster, gedoen word wat die hof nodig ag ten einde die gesondheidstoestand van 'n beskuldigde by sulke verrigtinge te bepaal.

(4) 'n Hof wat iemand weens 'n misdryf skuldig bevind het of wat 'n voorlopige ondersoek teen iemand op enige aanklag afgesluit het, of 'n landdros, kan gelas dat die vinger-, palm- of voetafdrukke van die betrokke persoon geneem word.

(5) Vinger-, palm- of voetafdrukke en die aantekeninge van stappe ingevolge hierdie artikel gedoen, word vernietig indien die betrokke persoon by sy verhoor onskuldig bevind word of indien sy skuldigbevinding deur 'n hoër hof tersyde gestel word of indien hy by 'n voorlopige ondersoek ontslaan word of indien geen strafregtelike verrigtinge met betrekking waartoe bedoelde afdrukke geneem is of bedoelde aantekeninge gemaak is in 'n hof teen die betrokke persoon ingestel word nie of indien die vervolging nie bereid is om so 'n persoon te vervolg nie.

HOOFSTUK 4

METODES WAAROP AANWESIGHEID VAN BESKULDIGDE IN HOF VERKRY WORD

Metodes waarop aanwesigheid van beskuldigde in hof verkry word.

38. Die metodes waarvolgens die aanwesigheid van 'n beskuldigde in 'n hof vir die doeleindes van sy verhoor verkry word, is inhegtenisneming, dagvaarding, skriftelike kennisgewing en by akte van beskuldiging ooreenkomstig die betrokke bepalings van hierdie Wet.

CHAPTER 5

ARREST

Manner and effect of arrest.

39. (1) An arrest shall be effected with or without a warrant and, unless the person to be arrested submits to custody, by actually touching his body or, if the circumstances so require, by forcibly confining his body.

(2) The person effecting an arrest shall, at the time of effecting the arrest or immediately after effecting the arrest, inform the arrested person of the cause of the arrest or, in the case of an arrest effected by virtue of a warrant, upon demand of the person arrested hand him a copy of the warrant.

(3) The effect of an arrest shall be that the person arrested shall be in lawful custody and that he shall be detained in custody until he is lawfully discharged or released from custody.

Arrest by peace officer without warrant.

40. (1) A peace officer may without warrant arrest any person—

(a) who commits or attempts to commit any offence in his presence;

(b) whom he reasonably suspects of having committed an offence referred to in Schedule 1, other than the offence of escaping from lawful custody;

(c) who has escaped or who attempts to escape from lawful custody;

(d) who has in his possession any implement of housebreaking and who is unable to account for such possession to the satisfaction of the peace officer;

(e) who is found in possession of anything which the peace officer reasonably suspects to be stolen property or property dishonestly obtained, and whom the peace officer reasonably suspects of having committed an offence with respect to such thing;

(f) who is found at any place by night in circumstances which afford reasonable grounds for believing that such person has committed or is about to commit an offence;

(g) who is reasonably suspected of being or having been in unlawful possession of stock or produce as defined in any law relating to the theft of stock or produce;

(h) who is reasonably suspected of committing or of having committed an offence under any law governing the making, supply, possession or conveyance of intoxicating liquor or of dependence-producing drugs or the possession or disposal of arms or ammunition;

(i) who is found in any gambling house or at any gambling table in contravention of any law relating to the prevention or suppression of gambling or games of chance;

(j) who wilfully obstructs him in the execution of his duty;

(k) who has been concerned in or against whom a reasonable complaint has been made or credible information has been received or a reasonable suspicion exists that he has been concerned in any act committed outside the Republic which, if committed in the Republic, would have been punishable as an offence, and for which he is, under any law relating to extradition or fugitive offenders, liable to be arrested or detained in custody in the Republic;

(l) who is reasonably suspected of being a prohibited immigrant in the Republic in contravention of any law regulating entry into or residence in the Republic;

(m) who is reasonably suspected of being a deserter from the South African Defence Force;

(n) who is reasonably suspected of having failed to observe any condition imposed in postponing the passing of

HOOFSTUK 5

INHEGTENISNEMING

Wyse en uitwerking van inhegtenisneming.

39. (1) Inhegtenisneming word met of sonder lasbrief uitgevoer en, tensy die persoon wat in hegtenis geneem staan te word hom aan bewaring onderwerp, deur sy liggaam werklik aan te raak of, indien die omstandighede dit vereis, deur sy liggaam met geweld in bedwang te bring.

(2) Die persoon wat 'n inhegtenisneming uitvoer, moet, ten tyde van die uitvoering van die inhegtenisneming of onmiddellik nadat die inhegtenisneming uitgevoer is, die gearresteerde persoon meedeel wat die rede vir die inhegtenisneming is of, in die geval van 'n inhegtenisneming wat uit hoofde van 'n lasbrief geskied, op versoek van die gearresteerde persoon 'n afskrif van die lasbrief aan hom oorhandig.

(3) Die uitwerking van inhegtenisneming is dat die gearresteerde persoon in wettige bewaring is en dat hy in bewaring aangehou word totdat hy wettiglik uit bewaring ontslaan of vrygelaat word.

Inhegtenisneming deur vredesbeampte sonder lasbrief.

40. (1) 'n Vredesbeampte kan iemand sonder lasbrief in hegtenis neem—

(a) wat in sy teenwoordigheid 'n misdryf pleeg of poog om dit te pleeg;

(b) wat hy redelikerwys verdink dat hy 'n in Bylae 1 bedoelde misdryf gepleeg het, behalwe die misdryf van ontsnapping uit wettige bewaring;

(c) wat uit wettige bewaring ontsnap het of poog om daaruit te ontsnap;

(d) wat enige huisbraakgereedskap in sy besit het en wat nie in staat is om tot bevrediging van die vredesbeampte van sodanige besit rekenskap te gee nie;

(e) wat in besit gevind word van enigiets wat die vredesbeampte redelikerwys vermoed gesteelde goed te wees of goed te wees wat op oneerlike wyse verkry is, en wat deur die vredesbeampte redelikerwys verdink word 'n misdryf ten opsigte daarvan te gepleeg het;

(f) wat by 'n plek in die nag in omstandighede gevind word wat redelike grond verskaf om te vermoed dat so iemand 'n misdryf gepleeg het of op die punt staan om dit te pleeg;

(g) wat redelikerwys verdink word dat hy onwettiglik in besit is of was van vee of produkte soos omskryf in 'n wet betreffende die diefstal van vee of produkte;

(h) wat redelikerwys verdink word dat hy 'n misdryf pleeg of gepleeg het ingevolge 'n wet wat die vervaardiging, verskaffing, besit of vervoer van sterk drank of van afhanklikheidsvormende medisyne of die besit of beskikking oor wapens of ammunisie reël;

(i) wat in 'n dobbelhuis of by 'n dobbeltafel in stryd met 'n wet betreffende die voorkoming of onderdrukking van dobbelary of gelukspele gevind word;

(j) wat hom opsetlik by die uitvoering van sy plig belemmer;

(k) wat betrokke was by, of teen wie 'n redelike klagte ingedien is of geloofwaardige inligting ontvang is of 'n redelike verdenking bestaan dat hy betrokke was by, 'n handeling buite die Republiek gepleeg wat, indien in die Republiek gepleeg, as 'n misdryf strafbaar sou gewees het, en waarvoor hy, kragtens 'n wet betreffende uitlewering of voortvlugtige oortreders, in die Republiek in hegtenis geneem of in bewaring aangehou kan word;

(l) wat redelikerwys verdink word dat hy in stryd met 'n wet wat die binnekoms of verblyf in die Republiek reël, 'n verbode immigrant in die Republiek is;

(m) wat redelikerwys verdink word dat hy 'n droster uit die Suid-Afrikaanse Weermag is;

(n) wat redelikerwys verdink word dat hy in gebreke gebly het om 'n voorwaarde na te kom wat by die uitstel van die oplegging van vonnis of by die opskorting van die

sentence or in suspending the operation of any sentence under this Act;

(o) who is reasonably suspected of having failed to pay any fine or part thereof on the date fixed by order of court under this Act;

(p) who fails to surrender himself in order that he may undergo periodical imprisonment when and where he is required to do so under an order of court or any law relating to prisons.

(2) If a person may be arrested under any law without warrant and subject to conditions or the existence of circumstances set out in that law, any peace officer may without warrant arrest such person subject to such conditions or circumstances.

Name and address of certain persons and power of arrest by peace officer without warrant.

41. (1) A peace officer may call upon any person—

(a) whom he has power to arrest;

(b) who is reasonably suspected of having committed or of having attempted to commit an offence;

(c) who, in the opinion of the peace officer, may be able to give evidence in regard to the commission or suspected commission of any offence,

to furnish such peace officer with his full name and address, and if such person fails to furnish his full name and address, the peace officer may forthwith and without warrant arrest him, or, if such person furnishes to the peace officer a name or address which the peace officer reasonably suspects to be false, the peace officer may arrest him without warrant and detain him for a period not exceeding twelve hours until such name or address has been verified.

(2) Any person who, when called upon under the provisions of subsection (1) to furnish his name and address, fails to do so or furnishes a false or incorrect name and address, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding three months.

Arrest by private person without warrant.

42. (1) Any private person may without warrant arrest any person—

(a) who commits or attempts to commit in his presence or whom he reasonably suspects of having committed an offence referred to in Schedule 1;

(b) whom he reasonably believes to have committed any offence and to be escaping from and to be freshly pursued by a person whom such private person reasonably believes to have authority to arrest that person for that offence;

(c) whom he is by any law authorized to arrest without warrant in respect of any offence specified in that law;

(d) whom he sees engaged in an affray.

(2) Any private person who may without warrant arrest any person under subsection (1) *(a)* may forthwith pursue that person, and any other private person to whom the purpose of the pursuit has been made known, may join and assist therein.

(3) The owner, lawful occupier or person in charge of land on or in respect of which any person is found committing any offence, and any person authorized thereto by such owner, occupier or person in charge, may without warrant arrest the person so found.

Warrant of arrest may be issued by magistrate or justice.

43. (1) Any magistrate or justice may issue a warrant for the arrest of any person upon the written application of an attorney-general, a public prosecutor or a commissioned officer of police—

(a) which sets out the offence alleged to have been committed;

(b) which alleges that such offence was committed within the area of jurisdiction of such magistrate or, in the case of a justice, within the area of jurisdiction of the magistrate within whose district or area application is made to the justice for such warrant, or where such offence was not committed within such area of jurisdic-

inwerkingstelling van 'n vonnis ingevolge hierdie Wet opgelê is;

(o) wat redelikerwys verdink word dat hy in gebreke gebly het om 'n boete of 'n gedeelte daarvan op die datum te betaal wat by hofbevel ingevolge hierdie Wet bepaal is;

(p) wat in gebreke bly om hom oor te gee sodat hy periodieke gevangenisstraf kan ondergaan wanneer en waar hy verplig is om dit te doen ingevolge 'n hofbevel of 'n wet wat op gevangenisse betrekking het.

(2) Indien iemand kragtens 'n wet in hegtenis geneem kan word sonder lasbrief en behoudens voorwaardes of die bestaan van omstandighede in so 'n wet uiteengesit, kan 'n vredesbeampte so iemand behoudens bedoelde voorwaardes en omstandighede sonder lasbrief in hegtenis neem.

Naam en adres van sekere persone en bevoegdheid tot inhegtenisneming deur vredesbeampte sonder lasbrief.

41. (1) 'n Vredesbeampte kan van iemand—

(a) wat hy bevoeg is om in hegtenis te neem;

(b) wat redelikerwys verdink word 'n misdryf te gepleeg het of dat hy gepoog het om dit te pleeg;

(c) wat, na die oordeel van die vredesbeampte, in staat mag wees om getuienis af te lê betreffende die pleging of vermeende pleging van 'n misdryf,

eis dat hy sy volle naam en adres aan sodanige vredesbeampte verstrek, en as so iemand in gebreke bly om sy volle naam en adres te verstrek, kan die vredesbeampte hom onverwyld en sonder lasbrief in hegtenis neem, of, as so iemand aan die vredesbeampte 'n naam of adres verstrek wat die vredesbeampte redelikerwys vermoed vals te wees, kan die vredesbeampte hom sonder lasbrief in hegtenis neem en hom vir hoogstens twaalf uur aanhou totdat bedoelde naam of adres nagegaan is.

(2) Wanneer iemand wat ingevolge die bepalings van subartikel (1) aangesê is om sy naam en adres te verstrek, in gebreke bly om dit te doen of 'n valse of onjuiste naam en adres verstrek, is hy aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

Inhegtenisneming deur private persoon sonder lasbrief.

42. (1) 'n Private persoon kan iemand sonder lasbrief in hegtenis neem—

(a) wat 'n in Bylae 1 bedoelde misdryf in sy teenwoordigheid pleeg of poog te pleeg of wat hy redelikerwys verdink dat hy so 'n misdryf gepleeg het;

(b) wat hy redelikerwys vermoed 'n misdryf gepleeg het en aan die vlug is van en onmiddellik agtervolg word deur iemand wat bedoelde private persoon redelikerwys meen die bevoegdheid besit om daardie persoon weens daardie misdryf in hegtenis te neem;

(c) wat hy kragtens 'n wet bevoeg is om ten opsigte van 'n in daardie wet bepaalde misdryf sonder lasbrief in hegtenis te neem;

(d) wat hy aan die baklei sien.

(2) 'n Private persoon wat iemand kragtens subartikel (1) *(a)* sonder lasbrief in hegtenis mag neem, kan daardie persoon onverwyld agtervolg, en 'n ander private persoon aan wie die doel van die agtervolging bekend gemaak is, kan daarby aansluit en hulp verleen.

(3) Die eienaar, wettige okkupant of persoon in beheer van grond waarop of met betrekking waartoe daar gevind word dat iemand 'n misdryf pleeg, en iemand deur bedoelde eienaar, okkupant of persoon in beheer daartoe gemagtig, kan so iemand sonder lasbrief in hegtenis neem.

Lasbrief tot inhegtenisneming kan deur landdros of vrederegter uitgereik word.

43. (1) 'n Landdros of vrederegter kan 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van 'n persoon uitreik op skriftelike aansoek van 'n prokureur-generaal, 'n staatsaanklaer of 'n polisie-offisier—

(a) wat die misdryf meld wat na bewering gepleeg is;

(b) wat beweer dat bedoelde misdryf gepleeg is binne die regsgebied van sodanige landdros of, in die geval van 'n vrederegter, binne die regsgebied van die landdros binne wie se distrik of gebied aansoek aan die vrederegter om bedoelde lasbrief gedoen word, of waar bedoelde misdryf

tion, which alleges that the person in respect of whom the application is made, is known or is on reasonable grounds suspected to be within such area of jurisdiction; and

(c) which states that from information taken upon oath there is a reasonable suspicion that the person in respect of whom the warrant is applied for has committed the alleged offence.

(2) A warrant of arrest issued under this section shall direct that the person described in the warrant shall be arrested by a peace officer in respect of the offence set out in the warrant and that he be brought before a lower court in accordance with the provisions of section 50.

(3) A warrant of arrest may be issued on any day and shall remain in force until it is cancelled by the person who issued it or, if such person is not available, by any person with like authority, or until it is executed.

Execution of warrants.

44. A warrant of arrest issued under any provision of this Act may be executed by a peace officer, and the peace officer executing such warrant shall do so in accordance with the terms thereof.

Arrest on telegraphic authority.

45. (1) A telegraphic or similar written or printed communication from any magistrate, justice or peace officer stating that a warrant has been issued for the arrest of any person, shall be sufficient authority to any peace officer for the arrest and detention of that person.

(2) The provisions of section 50 shall apply with reference to an arrest effected in accordance with subsection (1).

Non-liability for wrongful arrest.

46. (1) Any person who is authorized to arrest another under a warrant of arrest or a communication under section 45 and who in the reasonable belief that he is arresting such person arrests another, shall be exempt from liability in respect of such wrongful arrest.

(2) Any person who is called upon to assist in making an arrest as contemplated in subsection (1) or who is required to detain a person so arrested, and who reasonably believes that the said person is the person whose arrest has been authorized by the warrant of arrest or the communication, shall likewise be exempt from liability in respect of such assistance or detention.

Private persons to assist in arrest when called upon.

47. (1) Every male inhabitant of the Republic of an age not below sixteen and not exceeding sixty years shall, when called upon by any police official to do so, assist such police official—

(a) in arresting any person;

(b) in detaining any person so arrested.

(2) Any person who, without sufficient cause, fails to assist a police official as provided in subsection (1), shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding three months.

Breaking open premises for purpose of arrest.

48. Any person who may lawfully arrest another in respect of any offence and who knows or reasonably suspects such other person to be on any premises, may, if he first audibly demands entry into such premises and notifies the purpose for which he seeks entry and fails to gain entry, break open, enter and search such premises for the purpose of effecting the arrest.

Use of force in effecting arrest.

49. (1) If any person authorized under this Act to arrest or to assist in arresting another, attempts to arrest such person and such person—

(a) resists the attempt and cannot be arrested without the use of force; or

nie binne so 'n regsgebied gepleeg is nie, wat beweer dat dit bekend is of op redelike gronde vermoed word dat die persoon ten opsigte van wie die aansoek gedoen word binne so 'n regsgebied is; en

(c) wat verklaar dat daar op grond van inligting onder eed verkry 'n redelike verdenking bestaan dat die persoon ten opsigte van wie die lasbrief aangevra word die beweerde misdryf gepleeg het.

(2) 'n Lasbrief tot inhegtenisneming wat kragtens hierdie artikel uitgereik word, gelas dat die persoon wat in die lasbrief beskryf word, deur 'n vredesbeampte in hegtenis geneem word ten opsigte van die misdryf in die lasbrief vermeld en dat hy, ooreenkomstig die bepalings van artikel 50, voor 'n laer hof gebring word.

(3) 'n Lasbrief tot inhegtenisneming kan op enige dag uitgereik word en bly van krag totdat dit ingetrek word deur die persoon wat dit uitgereik het of, indien so 'n persoon nie beskikbaar is nie, deur iemand met dergelike gesag, of totdat dit uitgevoer word.

Uitvoering van lasbriewe.

44. 'n Lasbrief tot inhegtenisneming wat kragtens 'n bepaling van hierdie Wet uitgereik is, kan deur 'n vredesbeampte uitgevoer word, en die vredesbeampte wat bedoelde lasbrief uitvoer, doen dit ooreenkomstig die bepalings daarvan.

Inhegtenisneming op telegrafiese magtiging.

45. (1) 'n Telegrafiese of dergelike geskrewe of gedrukte mededeling van 'n landdros, vrederegter of vredesbeampte wat meld dat 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van 'n persoon uitgereik is, is voldoende magtiging aan 'n vredesbeampte om daardie persoon in hegtenis te neem en aan te hou.

(2) Die bepalings van artikel 50 is van toepassing ten opsigte van 'n inhegtenisneming ooreenkomstig subartikel (1) uitgevoer.

Nie-aanspreeklikheid vir onregmatige inhegtenisneming.

46. (1) Iemand wat kragtens 'n lasbrief tot inhegtenisneming of 'n mededeling ingevolge artikel 45 gemagtig is om 'n ander in hegtenis te neem en wat, terwyl hy redelikerwys meen dat hy daardie persoon in hegtenis neem, 'n ander in hegtenis neem, is onthef van aanspreeklikheid ten opsigte van so 'n onregmatige inhegtenisneming.

(2) Iemand wat aangesê word om behulpsaam te wees met die uitvoering van 'n in subartikel (1) beoogde inhegtenisneming of van wie dit vereis word om 'n aldus gearresteerde persoon aan te hou, en wat redelikerwys meen dat bedoelde persoon die persoon is wie se inhegtenisneming deur die lasbrief tot inhegtenisneming of die mededeling gemagtig is, word insgelyks onthef van aanspreeklikheid ten opsigte van sodanige bystand of aanhouding.

Private persone moet met inhegtenisneming behulpsaam wees wanneer daartoe aangesê.

47. (1) Elke manlike inwoner van die Republiek wat nie jonger as sestien en nie ouer as sestig jaar is nie, moet, wanneer hy deur 'n polisiebeampte aangesê word om dit te doen, so 'n polisiebeampte behulpsaam wees—

(a) met die inhegtenisneming van 'n persoon;

(b) met die aanhouding van 'n aldus gearresteerde persoon.

(2) Iemand wat sonder voldoende rede in gebreke bly om 'n polisiebeampte behulpsaam te wees soos in subartikel (1) bepaal, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

Oopbreek van perseel vir doeleindes van inhegtenisneming.

48. Iemand wat 'n ander wettiglik ten opsigte van 'n misdryf in hegtenis mag neem en wat weet of redelikerwys vermoed dat bedoelde ander persoon op 'n perseel is, kan, indien hy eers hoorbaar toegang tot daardie perseel eis en die doel bekend maak waarvoor hy toegang soek en nie toegang kan verkry nie, bedoelde perseel oopbreek, binnegaan en deursoek ten einde die inhegtenisneming uit te voer.

Gebruik van geweld by inhegtenisneming.

49. (1) Indien iemand wat ingevolge hierdie Wet gemagtig is om 'n ander in hegtenis te neem of om met sy inhegtenisneming behulpsaam te wees, poog om so 'n persoon in hegtenis te neem en so 'n persoon—

(a) hom teen die poging verset en nie sonder die aanwending van geweld in hegtenis geneem kan word nie; of

(b) flees when it is clear that an attempt to arrest him is being made, or resists such attempt and flees,

the person so authorized may, in order to effect the arrest, use such force as may in the circumstances be reasonably necessary to overcome the resistance or to prevent the person concerned from fleeing.

(2) Where the person concerned is to be arrested for an offence referred to in Schedule 1 or is to be arrested on the ground that he is reasonably suspected of having committed such an offence, and the person authorized under this Act to arrest or to assist in arresting him cannot arrest him or prevent him from fleeing by other means than by killing him, the killing shall be deemed to be justifiable homicide.

Procedure after arrest.

50. (1) A person arrested with or without warrant shall as soon as possible be brought to a police station or, in the case of an arrest by warrant, to any other place which is expressly mentioned in the warrant, and, if not released by reason that no charge is to be brought against him, be detained for a period not exceeding forty-eight hours unless he is brought before a lower court and his further detention, for the purposes of his trial, is ordered by the court upon a charge of any offence or, if such person was not arrested in respect of an offence, for the purpose of adjudication upon the cause for his arrest: Provided that if the period of forty-eight hours expires—

(a) on a day which is not a court day or on any court day after four o'clock in the afternoon, the said period shall be deemed to expire at four o'clock in the afternoon of the court day next succeeding;

(b) on any court day before four o'clock in the afternoon, the said period shall be deemed to expire at four o'clock in the afternoon of such court day;

(c) at a time when the arrested person is outside the area of jurisdiction of the lower court to which he is being brought for the purposes of further detention and he is at such time in transit from a police station or other place of detention to such court, the said period shall be deemed to expire at four o'clock in the afternoon of the court day next succeeding the day on which such arrested person is brought within the area of jurisdiction of such court.

(2) A court day for the purposes of this section means a day on which the court in question normally sits as a court.

(3) Nothing in this section shall be construed as modifying the provisions of this Act or any other law whereby a person under detention may be released on bail or on warning or on a written notice to appear in court.

Escaping and aiding escaping before incarceration, and penalties therefor.

51. (1) Any person who escapes or attempts to escape from custody after he has been lawfully arrested and before he has been lodged in any prison, police-cell or lock-up, shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties prescribed in section 48 of the Prisons Act, 1959 (Act 8 of 1959).

(2) Any person who rescues or attempts to rescue from custody any person after he has been lawfully arrested and before he has been lodged in any prison, police-cell or lock-up, or who aids such person to escape or to attempt to escape from such custody, or who harbours or conceals or assists in harbouring or concealing any person who escapes from custody after he has been lawfully arrested and before he has been lodged in any prison, police-cell or lock-up, shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties prescribed in section 43 of the said Prisons Act, 1959.

(3) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, a lower court shall have jurisdiction to try any offence under this section and to impose any penalty prescribed in respect thereof.

(b) vlug wanneer dit duidelik is dat 'n poging gedoen word om hom in hegtenis te neem, of hom teen die poging verset en vlug,

kan die aldus gemagtigde persoon, ten einde die inhegtenisneming uit te voer, die geweld aanwend wat in die omstandighede redelikerwys nodig is om die verset te bowe te kom of om die betrokke persoon te verhinder om te vlug.

(2) Waar die betrokke persoon in hegtenis geneem staan te word weens 'n in Bylae 1 bedoelde misdryf of in hegtenis geneem staan te word op grond daarvan dat hy redelikerwys verdink word so 'n misdryf te gepleeg het, en die persoon wat ingevolge hierdie Wet gemagtig is om hom in hegtenis te neem of om met sy inhegtenisneming behulpsaam te wees, hom nie op 'n ander wyse in hegtenis kan neem of kan verhinder om te vlug as deur hom te dood nie, word die doding geag straffelose doodslag te wees.

Prosedure na inhegtenisneming.

50. (1) Iemand wat met of sonder lasbrief in hegtenis geneem is, word so gou moontlik na 'n polisiekantoor geneem of, in die geval van inhegtenisneming met 'n lasbrief, na 'n ander plek wat uitdruklik in die lasbrief genoem word, en, as hy nie vrygelaat word omrede geen aanklag teen hom ingebring gaan word nie, word hy aangehou vir 'n tydperk van hoogstens agt-en-veertig uur tensy hy voor 'n laer hof gebring word en sy verdere aanhouding vir die doeleindes van sy verhoor deur die hof op 'n aanklag van enige misdryf gelas word of, indien so iemand nie vanweë 'n misdryf in hegtenis geneem is nie, vir die doeleindes van beslissing oor die oorsaak van sy inhegtenisneming: Met dien verstande dat as die tydperk van agt-en-veertig uur verstryk—

(a) op 'n dag wat nie 'n hofdag is nie of op 'n hofdag na vieruur in die namiddag, bedoelde tydperk geag word te verstryk om vieruur op die namiddag van die eersvolgende hofdag;

(b) op 'n hofdag voor vieruur in die namiddag, bedoelde tydperk geag word te verstryk om vieruur op die namiddag van daardie hofdag;

(c) op 'n tydstip wanneer die gearresteerde persoon buite die regsgebied van die laer hof is waarheen hy vir die doeleindes van verdere aanhouding gebring word en hy op daardie tydstip vanaf 'n polisiekantoor of ander plek van aanhouding na bedoelde hof onderweg is, bedoelde tydperk geag word te verstryk om vieruur op die namiddag van die hofdag wat eerste volg op die dag waarop bedoelde gearresteerde persoon binne die regsgebied van daardie hof gebring word.

(2) By die toepassing van hierdie artikel beteken hofdag 'n dag waarop die betrokke hof gewoonlik as 'n hof sit.

(3) Geen bepaling van hierdie artikel word so uitgelê dat dit die bepalings van hierdie Wet of 'n ander wet wysig waarkragtens iemand wat aangehou word, op borgtog of op waarskuwing of op 'n skriftelike kennisgewing om in die hof te verskyn, vrygelaat kan word nie.

Ontsnapping en bystand by ontsnapping voor opsluiting, en strawwe daarvoor.

51. (1) Iemand wat uit bewaring ontsnap of poog te ontsnap nadat hy wettiglik in hegtenis geneem is en voordat hy in 'n gevangenis, polisiesel of opsluitplek geplaas is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe wat in artikel 48 van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959), voorgeskryf word.

(2) Iemand wat 'n ander uit bewaring bevry of poog te bevry nadat hy wettiglik in hegtenis geneem is en voordat hy in 'n gevangenis, polisiesel of opsluitplek geplaas is, of wat so 'n persoon help om uit sodanige bewaring te ontsnap of poog te ontsnap, of wat 'n ander herberg of versteek of met die herberg of versteking van iemand behulpsaam is wat uit bewaring ontsnap nadat hy wettiglik in hegtenis geneem is en voordat hy in 'n gevangenis, polisiesel of opsluitplek geplaas is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe wat in artikel 43 van bedoelde Wet op Gevangenisse, 1959, voorgeskryf word.

(3) 'n Laer hof is, ondanks andersluidende wetsbepalings, bevoeg om 'n misdryf ingevolge hierdie artikel te bereg en 'n straf op te lê wat ten opsigte daarvan voorgeskryf is.

Saving of other powers of arrest.

52. No provision of this Chapter relating to arrest shall be construed as removing or diminishing any authority expressly conferred by any other law to arrest, detain or put any restraint upon any person.

Saving of civil law rights and liability.

53. Subject to the provisions of sections 46 and 331, no provision of this Chapter relating to arrest shall be construed as removing or diminishing any civil right or liability of any person in respect of a wrongful or malicious arrest.

CHAPTER 6

SUMMONS

Summons as method of securing attendance of accused in magistrate's court.

54. (1) Where the prosecution intends prosecuting an accused in respect of any offence and the accused is not in custody in respect of that offence and no warrant has been or is to be issued for the arrest of the accused for that offence, the prosecutor may secure the attendance of the accused for a summary trial in a lower court having jurisdiction by drawing up the relevant charge and handing such charge, together with information relating to the name and, where known and where applicable, the residential address and occupation or status of the accused, to the clerk of the court who shall—

(a) issue a summons containing the charge and the information handed to him by the prosecutor, and specifying the place, date and time for the appearance of the accused in court on such charge; and

(b) deliver such summons, together with so many copies thereof as there are accused to be summoned, to a person empowered to serve a summons in criminal proceedings.

(2) *(a)* Except where otherwise expressly provided by any law, the summons shall be served by a person referred to in subsection (1) *(b)* by delivering it to the person named therein or, if he cannot be found, by delivering it at his residence or place of employment or business to a person apparently over the age of sixteen years and apparently residing or employed there.

(b) A return by the person who served the summons that the service thereof has been effected in terms of paragraph *(a)*, may, upon the failure of the person concerned to attend the relevant proceedings, be handed in at such proceedings and shall be *prima facie* proof of such service.

(3) A summons under this section shall be served on an accused so that he is in possession thereof at least fourteen days (Sundays and public holidays excluded) before the date appointed for the trial.

Failure of accused to appear on summons.

55. (1) An accused who is summoned under section 54 to appear at criminal proceedings and who fails to appear at the place and on the date and at the time specified in the summons or who fails to remain in attendance at such proceedings, shall be guilty of an offence and liable to the punishment prescribed under subsection (2).

(2) The court may, if satisfied from the return of service referred to in paragraph *(b)* of section 54 (2) that the summons was served on the accused in terms of paragraph *(a)* of that section and that the accused has failed to appear at the place and on the date and at the time specified in the summons, or if satisfied that the accused has failed to remain in attendance at the proceedings in question, issue a warrant for his arrest and, when he is brought before the court, in a summary manner enquire into his failure so to appear or so to remain in attendance and unless

Behoud van ander bevoegdhede van inhegtenisneming.

52. Geen bepaling van hierdie Hoofstuk betreffende inhegtenisneming word so uitgelê dat dit 'n bevoegdheid wegneem of inkort wat uitdruklik deur 'n ander wet verleen word om iemand in hegtenis te neem, aan te hou of 'n beperking op te lê nie.

Behoud van privaatregtelike regte en aanspreeklikheid.

53. Behoudens die bepalings van artikels 46 en 331 word geen bepaling van hierdie Hoofstuk betreffende inhegtenisneming so uitgelê dat dit 'n privaatregtelike reg of aanspreeklikheid van iemand ten opsigte van 'n onregmatige of kwaadwillige inhegtenisneming ontneem of inkort nie.

HOOFSTUK 6

DAGVAARDING

Dagvaarding as metode waarvolgens aanwesigheid van beskuldigde in landdroshof verkry word.

54. (1) Waar die vervolging voornemens is om 'n beskuldigde ten opsigte van 'n misdryf te vervolg en die beskuldigde nie ten opsigte van daardie misdryf in bewaring is nie en geen lasbrief vir die inhegtenisneming van die beskuldigde weens daardie misdryf uitgereik is of uitgereik gaan word nie, kan die aanklaer die aanwesigheid van die beskuldigde vir 'n summiere verhoor in 'n laer hof wat regsbevoegdheid het, verkry deur die betrokke aanklag op te stel en daardie aanklag, tesame met inligting betreffende die naam en, waar bekend en waar toepaslik, die woonadres en beroep of status van die beskuldigde, aan die klerk van die hof te oorhandig wat—

(a) 'n dagvaarding uitreik wat die aanklag en die inligting bevat wat deur die aanklaer aan hom oorhandig is, en wat die plek, datum en tyd vermeld vir die verskyning van die beskuldigde in die hof op bedoelde aanklag; en

(b) so 'n dagvaarding, tesame met soveel afskrifte daarvan as wat daar beskuldigdes is wat gedagvaar moet word, aan 'n persoon oorhandig wat gemagtig is om 'n dagvaarding in strafregtelike verrigtinge te beteken.

(2) *(a)* Behalwe waar 'n wet uitdruklik anders bepaal, word die dagvaarding deur die in subartikel (1) *(b)* bedoelde persoon beteken deur dit aan die persoon daarin genoem te oorhandig of, indien hy nie gevind kan word nie, deur dit by sy woon-, werks- of besigheidsplek aan 'n persoon te oorhandig wat blykbaar oor die ouderdom van sestien jaar is en blykbaar daar woonagtig of werksaam is.

(b) 'n Relaas deur die persoon wat die dagvaarding beteken het dat die betekening daarvan ooreenkomstig paragraaf *(a)* geskied het, kan, by versuim van die betrokke persoon om die betrokke verrigtinge by te woon, by bedoelde verrigtinge ingehandig word en is *prima facie*-bewys van so 'n betekening.

(3) 'n Dagvaarding ingevolge hierdie artikel word beteken aan 'n beskuldigde sodat hy in besit daarvan is minstens veertien dae (met uitsluiting van Sondae en openbare feesdae) voor die datum wat vir die verhoor bepaal is.

Versuim van beskuldigde om op dagvaarding te verskyn.

55. (1) 'n Beskuldigde wat ingevolge artikel 54 gedagvaar word om by strafregtelike verrigtinge te verskyn en wat versuim om by die plek en op die datum en op die tyd te verskyn wat in die dagvaarding vermeld is of wat versuim om by bedoelde verrigtinge aanwesig te bly, is aan 'n misdryf skuldig en strafbaar met die straf in subartikel (2) voorgeskryf.

(2) Die hof kan, indien hy uit die in paragraaf *(b)* van artikel 54 (2) bedoelde relaas van betekening oortuig is dat die dagvaarding ooreenkomstig paragraaf *(a)* van daardie artikel aan die beskuldigde beteken is en dat die beskuldigde versuim het om by die plek en op die datum en op die tyd te verskyn wat in die dagvaarding vermeld is, of indien hy oortuig is dat die beskuldigde versuim het om by die betrokke verrigtinge aanwesig te bly, 'n lasbrief vir sy inhegtenisneming uitreik en, wanneer hy voor die hof gebring word, op 'n summiere wyse ondersoek instel na sy versuim om aldus te verskyn of aldus aanwesig te bly en,

the accused satisfies the court that his failure was not due to any fault on his part, convict him of the offence referred to in subsection (1) and sentence him to a fine not exceeding one hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding three months: Provided that where a warrant is issued for the arrest of an accused who has failed to appear in answer to the summons, the person executing the warrant—

(a) may, where it appears to him that the accused received the summons in question and that the accused will appear in court in accordance with a warning under section 72; or

(b) shall, where it appears to him that the accused did not receive the summons in question or that the accused has paid an admission of guilt fine in terms of section 57 or that there are other grounds on which it appears that the failure of the accused to appear on the summons was not due to any fault on the part of the accused, for which purpose he may require the accused to furnish an affidavit or affirmation,

release the accused on warning under section 72 in respect of the offence of failing to appear in answer to the summons, whereupon the provisions of that section shall *mutatis mutandis* apply with reference to the said offence.

(3) *(a)* If, in any case in which a warrant of arrest is issued, it was permissible for the accused in terms of section 57 to admit his guilt in respect of the summons on which he failed to appear and to pay a fine in respect thereof without appearing in court, and the accused is arrested under such warrant in a magisterial district other than the magisterial district in which the warrant of arrest was issued, the magistrate's court of such other district may, notwithstanding any provision of this Act or any other law to the contrary, and if satisfied that the accused has, since the date on which he failed to appear on the summons in question, admitted his guilt in respect of that summons and has paid a fine in respect thereof without appearing in court, in a summary manner enquire into his failure to appear on such summons and, unless the accused satisfies the court that his failure was not due to any fault on his part, convict him of the offence referred to in subsection (1) and sentence him to a fine not exceeding one hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding three months.

(b) In proceedings under paragraph *(a)* before such other magistrate's court, it shall be presumed, upon production in such court of the relevant warrant of arrest, that the accused failed to appear on the summons in question, unless the contrary is proved.

CHAPTER 7

WRITTEN NOTICE TO APPEAR IN COURT

Written notice as method of securing attendance of accused in magistrate's court.

56. (1) If an accused is alleged to have committed an offence and a peace officer on reasonable grounds believes that a magistrate's court, on convicting such accused of that offence, will not impose a fine exceeding one hundred rand, such peace officer may, whether or not the accused is in custody, hand to the accused a written notice which shall—

(a) specify the name, the residential address and the occupation or status of the accused;

(b) call upon the accused to appear at a place and on a date

tensy die beskuldigde die hof oortuig dat sy versuim nie aan enige skuld aan sy kant te wyte was nie, hom weens die in subartikel (1) bedoelde misdryf skuldig bevind en hom tot 'n boete van hoogstens honderd rand of tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande veroordeel: Met dien verstande dat waar 'n lasbrief uitgereik word vir die inhegtenisneming van 'n beskuldigde wat versuim het om in antwoord op die dagvaarding te verskyn—

(a) die persoon wat die lasbrief uitvoer, waar dit vir hom blyk dat die beskuldigde die betrokke dagvaarding ontvang het en dat die beskuldigde ooreenkomstig 'n waarskuwing ingevolge artikel 72 in die hof sal verskyn, die beskuldigde ingevolge artikel 72 op waarskuwing kan vrylaat; of

(b) die persoon wat die lasbrief uitvoer, waar dit vir hom blyk dat die beskuldigde nie die betrokke dagvaarding ontvang het nie of dat die beskuldigde 'n skulderkenningsboete ingevolge artikel 57 betaal het of dat daar ander gronde bestaan waaruit blyk dat die versuim van die beskuldigde om op die dagvaarding te verskyn, nie aan enige skuld aan die kant van die beskuldigde te wyte is nie, vir welke doel hy die beskuldigde kan aansê om 'n beëdigde verklaring of bevestiging te verstrek, die beskuldigde ingevolge artikel 72 op waarskuwing moet vrylaat,

ten opsigte van die misdryf van versuim om in antwoord op die dagvaarding te verskyn, waarop die bepalings van daardie artikel *mutatis mutandis* met betrekking tot bedoelde misdryf van toepassing is.

(3) *(a)* Indien dit in 'n geval waarin 'n lasbrief tot inhegtenisneming uitgereik word, vir die beskuldigde toelaatbaar was om ingevolge artikel 57 skuld te erken ten opsigte van die dagvaarding waarop hy versuim het om te verskyn en om 'n boete ten opsigte daarvan te betaal sonder om in die hof te verskyn, en die beskuldigde ingevolge so 'n lasbrief in hegtenis geneem word in 'n ander landdrosdistrik as die landdrosdistrik waarin die lasbrief tot inhegtenisneming uitgereik is, kan die landdroshof van so 'n ander distrik, ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet of 'n ander wet, en indien oortuig dat die beskuldigde, sedert die datum waarop hy versuim het om op die betrokke dagvaarding te verskyn, sy skuld ten opsigte van daardie dagvaarding erken het en 'n boete ten opsigte daarvan betaal het sonder om in 'n hof te verskyn, op 'n summiere wyse ondersoek instel na sy versuim om op so 'n dagvaarding te verskyn en, tensy die beskuldigde die hof oortuig dat sy versuim nie aan enige skuld aan sy kant te wyte was nie, hom weens die in subartikel (1) bedoelde misdryf skuldig bevind en hom tot 'n boete van hoogstens honderd rand of tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande veroordeel.

(b) In verrigtinge ingevolge paragraaf *(a)* voor so 'n ander landdroshof word dit, by voorlegging in daardie hof van die betrokke lasbrief tot inhegtenisneming, vermoed dat die beskuldigde versuim het om op die betrokke dagvaarding te verskyn, tensy die teendeel bewys word.

HOOFSTUK 7

SKRIFTELIKE KENNISGEWING OM IN HOF TE VERSKYN

Skriftelike kennisgewing as metode waarvolgens aanwesigheid van beskuldigde in landdroshof verkry word.

56. (1) Indien 'n beskuldigde na bewering 'n misdryf gepleeg het en 'n vredesbeampte op redelike gronde dink dat 'n landdroshof, by skuldigbevinding van so 'n beskuldigde weens daardie misdryf, nie 'n boete sal oplê wat honderd rand te bowe gaan nie, kan so 'n vredesbeampte, hetsy die beskuldigde in bewaring is of nie, aan die beskuldigde 'n skriftelike kennisgewing oorhandig wat—

(a) die naam, die woonadres en die beroep of status van die beskuldigde vermeld;

(b) die beskuldigde aansê om by 'n plek en op 'n datum en op 'n tyd te verskyn wat in die skriftelike kennisgewing

and at a time specified in the written notice to answer a charge of having committed the offence in question;

(c) contain an endorsement in terms of section 57 that the accused may admit his guilt in respect of the offence in question and that he may pay a stipulated fine in respect thereof without appearing in court; and

(d) contain a certificate under the hand of the peace officer that he has handed the original of such written notice to the accused and that he has explained to the accused the import thereof.

(2) If the accused is in custody, the effect of a written notice handed to him under subsection (1) shall be that he be released forthwith from custody.

(3) The peace officer shall forthwith forward a duplicate original of the written notice to the clerk of the court which has jurisdiction.

(4) The mere production to the court of the duplicate original referred to in subsection (3) shall be *prima facie* proof of the issue of the original thereof to the accused and that such original was handed to the accused.

(5) The provisions of section 55 shall *mutatis mutandis* apply with reference to a written notice handed to an accused under subsection (1).

CHAPTER 8

Admission of Guilt Fine

Admission of guilt and payment of fine without appearance in court.

57. (1) Where—

(a) a summons is issued against an accused under section 54 (in this section referred to as the summons) and the public prosecutor or the clerk of the court concerned on reasonable grounds believes that a magistrate's court, on convicting the accused of the offence in question, will not impose a fine exceeding one hundred rand, and such public prosecutor or clerk of the court endorses the summons to the effect that the accused may admit his guilt in respect of the offence in question and that he may pay a fine stipulated on the summons in respect of such offence without appearing in court; or

(b) a written notice under section 56 (in this section referred to as the written notice) is handed to the accused and the endorsement in terms of paragraph *(c)* of subsection (1) of that section purports to have been made by a peace officer,

the accused may, without appearing in court, admit his guilt in respect of the offence in question by paying the fine stipulated (in this section referred to as the admission of guilt fine) either to the clerk of the magistrate's court which has jurisdiction or at any police station within the area of jurisdiction of that court or, if the summons or written notice in question is endorsed to the effect that the fine may be paid at a specified local authority, at such local authority.

(2) *(a)* The summons or the written notice may stipulate that the admission of guilt fine shall be paid before a date specified in the summons or written notice, as the case may be.

(b) An admission of guilt fine may be accepted by the clerk of the court concerned notwithstanding that the date referred to in paragraph *(a)* or the date on which the accused should have appeared in court has expired.

(3) An admission of guilt fine shall not be accepted under subsection (1) unless the accused surrenders the summons or the written notice, as the case may be, at the time of payment of the fine.

(4) No provision of this section shall be construed as preventing a public prosecutor attached to the court concerned from reducing an admission of guilt fine on good cause shown.

vermeld word om te antwoord op 'n aanklag dat hy die betrokke misdryf gepleeg het;

(c) 'n endossement ooreenkomstig artikel 57 bevat dat die beskuldigde sy skuld ten opsigte van die betrokke misdryf kan erken en dat hy 'n bepaalde boete ten opsigte daarvan kan betaal sonder om in die hof te verskyn; en

(d) 'n sertifikaat onder naamtekening van die vredesbeampte bevat dat hy die oorspronklike van bedoelde skriftelike kennisgewing aan die beskuldigde oorhandig het en dat hy die betekenis daarvan aan die beskuldigde verduidelik het.

(2) Indien die beskuldigde in bewaring is, is die gevolg van 'n skriftelike kennisgewing wat ingevolge subartikel (1) aan hom oorhandig is dat hy onverwyld uit bewaring vrygelaat word.

(3) Die vredesbeampte moet onverwyld 'n duplikaat-oorspronklike van die skriftelike kennisgewing aanstuur aan die klerk van die hof wat regsbevoegdheid het.

(4) Die blote voorlegging aan die hof van die in subartikel (3) bedoelde duplikaat-oorspronklike is *prima facie*-bewys van die uitreiking van die oorspronklike daarvan aan die beskuldigde en dat bedoelde oorspronklike aan die beskuldigde oorhandig is.

(5) Die bepalings van artikel 55 is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n skriftelike kennisgewing wat ingevolge subartikel (1) aan 'n beskuldigde oorhandig is.

HOOFSTUK 8

SKULDERKENNINGSBOETE

Erkenning van skuld en betaling van boete sonder verskyning in hof.

57. (1) Waar—

(a) 'n dagvaarding ingevolge artikel 54 teen 'n beskuldigde uitgereik word (in hierdie artikel die dagvaarding genoem) en die betrokke staatsaanklaer of klerk van die hof op redelike gronde dink dat 'n landdroshof, by skuldigbevinding van die beskuldigde aan die betrokke misdryf, nie 'n boete sal oplê wat honderd rand te bowe gaan nie, en so 'n staatsaanklaer of klerk van die hof die dagvaarding endosseer met die strekking dat die beskuldigde sy skuld ten opsigte van die betrokke misdryf kan erken en dat hy 'n op die dagvaarding bepaalde boete ten opsigte van bedoelde misdryf kan betaal sonder om in die hof te verskyn; of

(b) 'n skriftelike kennisgewing ingevolge artikel 56 (in hierdie artikel die skriftelike kennisgewing genoem) aan die beskuldigde oorhandig word en die endossement ingevolge paragraaf *(c)* van subartikel (1) van daardie artikel voorgee deur 'n vredesbeampte aangebring te gewees het,

kan die beskuldigde, sonder om in die hof te verskyn, sy skuld ten opsigte van die betrokke misdryf erken deur die bepaalde boete (in hierdie artikel die skulderkenningsboete genoem) òf aan die klerk van die landdroshof wat regsbevoegdheid het òf by 'n polisiekantoor binne die regsgebied van daardie hof te betaal of, indien die betrokke dagvaarding of skriftelike kennisgewing geëndosseer is met die strekking dat die boete by 'n bepaalde plaaslike bestuur betaal kan word, by so 'n plaaslike bestuur te betaal.

(2) *(a)* Die dagvaarding of die skriftelike kennisgewing kan bepaal dat die skulderkenningsboete voor 'n in die dagvaarding of, na gelang van die geval, skriftelike kennisgewing vermelde datum betaal moet word.

(b) 'n Skulderkenningsboete kan deur die betrokke klerk van die hof aanvaar word nieteenstaande dat die in paragraaf *(a)* bedoelde datum of die datum waarop die beskuldigde in die hof moes verskyn het, verstryk het.

(3) 'n Skulderkenningsboete word nie ingevolge subartikel (1) aanvaar nie tensy die beskuldigde die dagvaarding of die skriftelike kennisgewing, na gelang van die geval, ten tyde van betaling van die boete afgee.

(4) Geen bepaling van hierdie artikel word so uitgelê dat 'n staatsaanklaer verbonde aan die betrokke hof verhinder word om 'n skulderkenningsboete om deugdelike redes te verminder nie.

(5) *(a)* An admission of guilt fine stipulated in respect of a summons or a written notice shall be in accordance with a determination which the magistrate of the district or area in question may from time to time make in respect of any offence or, if the magistrate has not made such a determination, in accordance with an amount determined in respect of any particular summons or any particular written notice by either a public prosecutor attached to the court of such magistrate or a police official of or above the rank of non-commissioned officer attached to a police station within the magisterial district or area in question or, in the absence of such a police official at any such police station, by the senior police official then in charge at such police station.

(b) An admission of guilt fine determined under paragraph *(a)* shall not exceed the maximum of the fine prescribed in respect of the offence in question or the amount of one hundred rand, whichever is the lesser.

(6) An admission of guilt fine paid at a police station or a local authority in terms of subsection (1) and the summons or, as the case may be, the written notice surrendered under subsection (3), shall, as soon as is expedient, be forwarded to the clerk of the magistrate's court which has jurisdiction, and such clerk of the court shall thereafter, as soon as is expedient, enter the essential particulars of such summons or, as the case may be, such written notice and of any summons or written notice surrendered to the clerk of the court under subsection (3), in the criminal record book for admissions of guilt, whereupon the accused concerned shall, subject to the provisions of subsection (7), be deemed to have been convicted and sentenced by the court in respect of the offence in question.

(7) The judicial officer presiding at the court in question shall examine the documents and if it appears to him that a conviction or sentence under subsection (6) is not in accordance with justice or that any such sentence, except as provided in subsection (4), is not in accordance with a determination made by the magistrate under subsection (5) or, where the determination under that subsection has not been made by the magistrate, that the sentence is not adequate, such judicial officer may set aside the conviction and sentence and direct that the accused be prosecuted in the ordinary course, whereupon the accused may be summoned to answer such charge as the public prosecutor may deem fit to prefer: Provided that where the admission of guilt fine which has been paid exceeds the amount determined by the magistrate under subsection (5), the said judicial officer may, in lieu of setting aside the conviction and sentence in question, direct that the amount by which the said admission of guilt fine exceeds the said determination be refunded to the accused concerned.

CHAPTER 9

BAIL

Effect of bail.

58. The effect of bail granted in terms of the succeeding provisions is that an accused who is in custody shall be released from custody upon payment of, or the furnishing of a guarantee to pay, the sum of money determined for his bail, and that he shall appear at the place and on the date and at the time appointed for his trial or to which the proceedings relating to the offence in respect of which the accused is released on bail are adjourned, and that the release shall, unless sooner terminated under the said provisions, endure until a verdict is given by a court in respect of the charge to which the offence in question relates, or, where sentence is not imposed forthwith after verdict and the court in question extends bail, until sentence is imposed.

(5) *(a)* 'n Skulderkenningsboete wat ten opsigte van 'n dagvaarding of 'n skriftelike kennisgewing bepaal is, moet in ooreenstemming wees met 'n vasstelling wat die landdros van die betrokke distrik of gebied van tyd tot tyd ten opsigte van 'n misdryf maak of, indien die landdros nie so 'n vasstelling gemaak het nie, in ooreenstemming met 'n bedrag wat ten opsigte van 'n besondere dagvaarding of 'n besondere skriftelike kennisgewing bepaal is deur òf 'n staatsaanklaer wat verbonde is aan die hof van bedoelde landdros òf 'n polisiebeampte met of bo die rang van onderoffisier wat verbonde is aan 'n polisiekantoor binne die betrokke landdrosdistrik of -gebied of, in die afwesigheid van so 'n polisiebeampte by so 'n polisiekantoor, deur die senior polisiebeampte wat dan in beheer van so 'n polisiekantoor is.

(b) 'n Kragtens paragraaf *(a)* bepaalde skulderkenningsboete oorskry nie die maksimum boete nie wat ten opsigte van die betrokke misdryf voorgeskryf is of die bedrag van honderd rand, watter ook al die minste is.

(6) 'n Skulderkenningsboete wat ingevolge subartikel (1) by 'n polisiekantoor of 'n plaaslike bestuur betaal word en die dagvaarding of, na gelang van die geval, die skriftelike kennisgewing ingevolge subartikel (3) afgegee, moet so spoedig doenlik gestuur word aan die klerk van die landdroshof wat regsbevoegdheid het, en bedoelde klerk van die hof moet so spoedig doenlik daarna die wesenlike besonderhede van bedoelde dagvaarding of, na gelang van die geval, bedoelde skriftelike kennisgewing en van 'n dagvaarding of skriftelike kennisgewing ingevolge subartikel (3) aan die klerk van die hof afgegee, in die strafsakeboek vir erkennings van skuld inskryf, waarop die betrokke beskuldigde, behoudens die bepalings van subartikel (7), geag word deur die hof ten opsigte van die betrokke misdryf skuldig bevind en gevonnis te gewees het.

(7) Die regterlike amptenaar wat by die betrokke hof voorsit, gaan die stukke na en indien dit aan hom blyk dat 'n skuldigbevinding of vonnis ingevolge subartikel (6) nie ooreenkomstig reg geskied het nie of dat so 'n vonnis, behalwe soos in subartikel (4) bepaal, nie ooreenkomstig 'n kragtens subartikel (5) deur die landdros gemaakte vasstelling is nie of, waar die vasstelling ingevolge genoemde subartikel nie deur die landdros gemaak is nie, dat die vonnis nie toereikend is nie, kan bedoelde regterlike amptenaar die skuldigbevinding en vonnis tersyde stel en gelas dat die beskuldigde op die gewone wyse vervolg word, waarop die beskuldigde gedagvaar kan word om te antwoord op die aanklag wat die staatsaanklaer na goeddunke mag inbring: Met dien verstande dat waar die skulderkenningsboete wat betaal is, die bedrag oorskry wat deur die landdros ingevolge subartikel (5) vasgestel is, bedoelde regterlike amptenaar, in plaas van die betrokke skuldigbevinding en vonnis tersyde te stel, kan gelas dat die bedrag waarmee bedoelde skulderkenningsboete bedoelde vasstelling oorskry, aan die betrokke beskuldigde terugbetaal word.

HOOFSTUK 9

BORGTOG

Uitwerking van borgtog.

58. Die uitwerking van borgtog wat ooreenkomstig die hieropvolgende bepalings verleen word, is dat 'n beskuldigde wat in bewaring is, uit bewaring vrygelaat word by betaling van die bedrag geld wat vir sy borgtog bepaal is, of by die verstrekking van 'n waarborg om dit te betaal, en dat hy by die plek en op die datum en op die tyd moet verskyn wat vir sy verhoor bepaal is of waartoe die verrigtinge wat betrekking het op die misdryf ten opsigte waarvan die beskuldigde op borgtog vrygelaat word, verdaag word, en dat die vrylating, tensy eerder ingevolge bedoelde bepalings beëindig, voortduur totdat uitspraak deur 'n hof gegee word ten opsigte van die aanklag wat op die betrokke misdryf betrekking het of, waar vonnis nie onverwyld na uitspraak opgelê word nie en die betrokke hof borgtog verleng, totdat vonnis opgelê word.

Bail before first appearance of accused in lower court.

59. (1) *(a)* An accused who is in custody in respect of any offence, other than an offence referred to in Part II or Part III of Schedule 2, or in the Schedule to the Internal Security Act, 1950 (Act 44 of 1950), may, before his first appearance in a lower court, be released on bail in respect of such offence by any police official of or above the rank of non-commissioned officer, if the accused deposits at a police station the sum of money determined by such police official.

(b) The police official referred to in paragraph *(a)* shall, at the time of releasing the accused on bail, complete and hand to the accused a recognizance on which a receipt shall be given for the sum of money deposited as bail and on which the offence in respect of which the bail is granted and the place, date and time of the trial of the accused are entered.

(c) The said police official shall forthwith forward a duplicate original of such recognizance to the clerk of the court which has jurisdiction.

(2) Bail granted under this section shall, if it is of force at the time of the first appearance of the accused in a lower court, but subject to the provisions of section 62, remain in force after such appearance in the same manner as bail granted by the court under section 60 at the time of such first appearance.

Bail after first appearance of accused in lower court.

60. (1) An accused who is in custody in respect of any offence may at his first appearance in a lower court or at any stage after such appearance, apply to such court or, if the proceedings against the accused are pending in a superior court, to that court, to be released on bail in respect of such offence, and any such court may, subject to the provisions of section 61, release the accused on bail in respect of such offence on condition that the accused deposits with the clerk of the court or, as the case may be, the registrar of the court, or with a member of the prisons service at the prison where the accused is in custody, or, in the case of a periodical court, if no clerk of the court is available, with any police official at the place where the accused is in custody, the sum of money determined by the court in question.

(2) The court may, on good cause shown, permit an accused to furnish a guarantee, with or without sureties, that he will pay and forfeit to the State the sum of money determined under paragraph *(a)*, or increased or reduced under section 63 (1), in circumstances under which such sum, if it had been deposited, would be forfeited to the State.

Attorney-general may prevent granting of bail in certain circumstances.

61. (1) If an accused who is in custody in respect of any offence referred to in Part III of Schedule 2 applies under section 60 to be released on bail in respect of such offence, and the attorney-general, either by written notice or in person, informs the court before which the accused applies for bail that information is available to him—

(a) which, in his opinion, cannot be disclosed without prejudice to the public interest or the administration of justice; and

(b) which, in his opinion, shows that the release of the accused on bail is likely to affect the administration of

Borgtog voor eerste verskyning van beskuldigde in laer hof.

59. (1) *(a)* 'n Beskuldigde wat in bewaring is ten opsigte van 'n misdryf, behalwe 'n in Deel II of Deel III van Bylae 2 of 'n in die Bylae by die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1950 (Wet 44 van 1950), bedoelde misdryf, kan, voor sy eerste verskyning in 'n laer hof, deur 'n polisiebeampte met of bo die rang van onderoffisier ten opsigte van so 'n misdryf op borgtog vrygelaat word indien die beskuldigde by 'n polisiekantoor die bedrag geld deponeer wat deur bedoelde polisiebeampte bepaal word.

(b) Die in paragraaf *(a)* bedoelde polisiebeampte moet, wanneer hy die beskuldigde op borgtog vrylaat, 'n borgakte voltooi en aan die beskuldigde oorhandig waarop 'n kwitansie gegee word vir die bedrag geld wat as borgtog gedeponeer is en waarop die misdryf ten opsigte waarvan borgtog toegestaan word en die plek, datum en tyd van die verhoor van die beskuldigde ingeskryf word.

(c) Bedoelde polisiebeampte moet onverwyld 'n duplikaat-oorspronklike van so 'n borgakte stuur aan die klerk van die hof wat regsbevoegdheid het.

(2) Indien borgtog ingevolge hierdie artikel toegestaan van krag is ten tyde van die eerste verskyning van die beskuldigde in 'n laer hof, bly dit, behoudens die bepalings van artikel 62, na sodanige verskyning van krag op dieselfde wyse as borgtog wat deur die hof ingevolge artikel 60 ten tyde van bedoelde eerste verskyning toegestaan is.

Borgtog na eerste verskyning van beskuldigde in laer hof.

60. (1) 'n Beskuldigde wat ten opsigte van enige misdryf in bewaring is, kan by sy eerste verskyning in 'n laer hof of in enige stadium na bedoelde verskyning, 'n aansoek rig aan bedoelde hof of, indien die verrigtinge teen die beskuldigde in 'n hoër hof hangende is, aan daardie hof, om ten opsigte van daardie misdryf op borgtog vrygelaat te word, en so 'n hof kan, behoudens die bepalings van artikel 61, die beskuldigde ten opsigte van daardie misdryf op borgtog vrylaat op voorwaarde dat die beskuldigde die bedrag geld by die klerk van die hof of griffier van die hof, na gelang van die geval, of by 'n lid van die gevangenisdiens by die gevangenis waar die beskuldigde in bewaring is, of, in die geval van 'n periodieke hof, as 'n klerk van die hof nie beskikbaar is nie, by 'n polisiebeampte by die plek waar die beskuldigde in bewaring is, deponeer wat die betrokke hof bepaal.

(2) Die hof kan op gegronde redes aangevoer, 'n beskuldigde toelaat om 'n waarborg, met of sonder borge, te verstrek dat hy die bedrag geld ingevolge paragraaf *(a)* bepaal of ingevolge artikel 63 (1) verhoog of verminder, aan die Staat sal betaal en verbeur in omstandighede waarin dié bedrag, indien dit gedeponeer sou gewees het, aan die Staat verbeur sou word.

Prokureur-generaal kan toestaan van borgtog in sekere omstandighede voorkom.

61. (1) Indien 'n beskuldigde wat ten opsigte van 'n in Deel III van Bylae 2 bedoelde misdryf in bewaring is, ingevolge artikel 60 aansoek doen om ten opsigte van so 'n misdryf op borgtog vrygelaat te word, en die prokureur-generaal, hetsy by skriftelike kennisgewing of persoonlik, die hof voor wie die beskuldigde om borgtog aansoek doen, meedeel dat inligting aan hom beskikbaar is—

(a) wat, na sy oordeel, nie sonder benadeling van die openbare belang of die regspleging geopenbaar kan word nie; en

(b) wat, na sy oordeel, toon dat die vrylating van die beskuldigde op borgtog waarskynlik die regspleging nadelig sal raak of 'n bedreiging vir die openbare

justice adversely or to constitute a threat to the safety of the public or the maintenance of the public order,

and that he on the ground of the likelihood of such adverse effect or of such threat objects to the granting of bail to the accused, the court shall refuse the application for bail.

(2) Any telegraphic notification purporting to be a copy of a written notice under subsection (1), shall for all purposes be *prima facie* proof of the contents of such notification.

(3) If no evidence is within ninety days of his arrest led against an accused referred to in subsection (1), he may, on notice in writing to the attorney-general, apply to the court before which the charge in respect of which bail was refused is pending, to be released on bail, and such court may, in its discretion, release the accused on bail, whereupon any provision of this Act dealing with bail granted under section 60 shall apply with reference to bail so granted.

(4) *(a)* Where an accused under subsection (1) applies to be released on bail and the prosecutor informs the court before which the accused applies for bail that the matter of bail has been or will be referred to the attorney-general, the court shall postpone the determination of the application pending the decision of the attorney-general.

(b) If the attorney-general does not within fourteen days of the date on which an application is postponed under paragraph *(a)* inform the court as provided by subsection (1) and object to the granting of bail on any ground contemplated by that subsection, the court shall determine the application.

(5) The attorney-general may at any time after an application for bail has been refused under subsection (1), withdraw his objection to the granting of bail, whereupon the court may proceed to deal with the application under section 60.

Court may add further conditions of bail.

62. Any court before which a charge is pending in respect of which bail has been granted, may at any stage, whether the bail was granted by that court or any other court, on application by the prosecutor, add any further condition of bail—

(a) with regard to the reporting in person by the accused at any specified time and place to any specified person or authority;

(b) with regard to any place to which the accused is forbidden to go;

(c) with regard to the prohibition of or control over communication by the accused with witnesses for the prosecution;

(d) with regard to the place at which any document may be served on him under this Act;

(e) which, in the opinion of the court, will ensure that the proper administration of justice is not placed in jeopardy by the release of the accused.

Amendment of conditions of bail.

63. (1) Any court before which a charge is pending in respect of which bail has been granted may, upon the application of the prosecutor or the accused, increase or reduce the amount of bail determined under section 59 or 60 or amend or supplement any condition imposed under section 62, whether imposed by that court or any other court, and may, where the application is made by the prosecutor and the accused is not present when the application is made, issue a warrant for the arrest of the accused and, when the accused is present in court, determine the application.

(2) If the court referred to in subsection (1) is a superior court, an application under that subsection may be made to any judge of that court if the court is not sitting at the time of the application.

veiligheid of die handhawing van die openbare orde sal inhou,

en dat hy op grond van die waarskynlikheid van bedoelde nadelige gevolg of van bedoelde bedreiging beswaar maak teen die toestaan van borgtog aan die beskuldigde, moet die hof die aansoek om borgtog weier.

(2) 'n Telegrafiese mededeling wat voorgee 'n afskrif te wees van 'n in subartikel (1) bedoelde skriftelike kennisgewing, is vir alle doeleindes *prima facie*-bewys van die inhoud van bedoelde mededeling.

(3) Indien geen getuienis binne negentig dae vanaf sy inhegtenisneming teen 'n in subartikel (1) bedoelde beskuldigde aangevoer word nie, kan hy, met skriftelike kennisgewing aan die prokureur-generaal, aansoek doen aan die hof voor wie die aanklag hangende is ten opsigte waarvan borgtog geweier is, om op borgtog vrygelaat te word, en bedoelde hof kan, na goeddunke, die beskuldigde op bortgtog vrylaat, waarop 'n bepaling van hierdie Wet wat handel oor borgtog ingevolge artikel 60 toegestaan, met betrekking tot borgtog aldus toegestaan van toepassing is.

(4) *(a)* Waar 'n beskuldigde ingevolge subartikel (1) aansoek doen om op borgtog vrygelaat te word en die aanklaer die hof voor wie die beskuldigde om borgtog aansoek doen, meedeel dat die aangeleentheid van borgtog na die prokureur-generaal verwys is of sal word, moet die hof die beslissing oor die aansoek uitstel in afwagting van die beslissing van die prokureur-generaal.

(b) Indien die prokureur-generaal nie binne veertien dae vanaf die datum waarop 'n aansoek ingevolge paragraaf *(a)* uitgestel is, die hof meedeel soos in subartikel (1) bepaal en beswaar maak teen die toestaan van borgtog op 'n grond deur daardie subartikel beoog nie, moet die hof oor die aansoek beslis.

(5) Die prokureur-generaal kan te eniger tyd nadat 'n aansoek om borgtog ingevolge subartikel (1) geweier is, sy beswaar teen die toestaan van borgtog terugtrek, waarop die hof kan voortgaan om met die aansoek ingevolge artikel 60 te handel.

Hof kan verdere borgvoorwaardes byvoeg.

62. 'n Hof voor wie 'n aanklag hangende is ten opsigte waarvan borgtog toegestaan is, kan in enige stadium, hetsy die borgtog deur daardie hof of 'n ander hof toegestaan is, op aansoek van die aanklaer 'n verdere borgvoorwaarde byvoeg—

(a) met betrekking tot die persoonlike aanmelding deur die beskuldigde op 'n bepaalde tyd en plek by 'n bepaalde persoon of gesag;

(b) met betrekking tot 'n plek waarheen die beskuldigde verbied word om te gaan;

(c) met betrekking tot die verbod op of beheer oor kommunikasie deur die beskuldigde met getuies vir die vervolging;

(d) met betrekking tot die plek waar enige stuk ingevolge hierdie Wet aan hom beteken kan word;

(e) wat, na die oordeel van die hof, sal verseker dat behoorlike regspleging nie deur die vrylating van die beskuldigde in gevaar gestel word nie.

Wysiging van borgvoorwaardes.

63. (1) 'n Hof voor wie 'n aanklag hangende is ten opsigte waarvan borgtog toegestaan is, kan, op aansoek van die aanklaer of die beskuldigde, die kragtens artikel 59 of 60 bepaalde borggeld verhoog of verminder of 'n voorwaarde wysig of aanvul wat ingevolge artikel 62 opgelê is, hetsy dit deur daardie hof of 'n ander hof opgelê is, en kan, waar die aansoek deur die aanklaer gedoen word en die beskuldigde nie teenwoordig is wanneer die aansoek gerig word nie, 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van die beskuldigde uitreik en, wanneer die beskuldigde in die hof aanwesig is, die aansoek afhandel.

(2) Indien die in subartikel (1) bedoelde hof 'n hoër hof is, kan 'n aansoek ingevolge daardie subartikel aan 'n regter van daardie hof gerig word as die hof nie ten tyde van die aansoek sitting hou nie.

Proceedings with regard-to bail and conditions to be recorded in full.

64. The court which considers an application for bail under section 60 or which imposes any further condition under section 62 or which, under section 63, amends the amount of bail or amends or supplements any condition, shall record the relevant proceedings in full, including the conditions imposed and any amendment or supplementation thereof, or shall cause such proceedings to be recorded in full, and where such court is a magistrate's court or a regional court, any document purporting to be an extract from the record of proceedings of that court and purporting to be certified as correct by the clerk of the court, and which sets out the conditions of bail and any amendment or supplementation thereof, shall, on its mere production in any court in which the relevant charge is pending, be *prima facie* proof of such conditions or any amendment or supplementation thereof.

Appeal to superior court with regard to bail.

65. (1) *(a)* An accused who considers himself aggrieved by the refusal by a lower court to admit him to bail or by the imposition by such court of a condition of bail, including a condition relating to the amount of bail money and including an amendment or supplementation of a condition of bail, may appeal against such refusal or the imposition of such condition to the superior court having jurisdiction or to any judge of that court if the court is not then sitting.

(b) The appeal may be heard by a single judge.

(c) A local division of the Supreme Court shall have jurisdiction to hear an appeal under paragraph *(a)* if the area of jurisdiction of the lower court in question or any part thereof falls within the area of jurisdiction of such local division.

(2) An appeal shall not lie in respect of new facts which arise or are discovered after the decision against which the appeal is brought, unless such new facts are first placed before the magistrate or regional magistrate against whose decision the appeal is brought and such magistrate or regional magistrate gives a decision against the accused on such new facts.

(3) The accused shall serve a copy of the notice of appeal on the attorney-general and on the magistrate or, as the case may be, the regional magistrate, and the magistrate or regional magistrate shall forthwith furnish the reasons for his decision to the court or judge, as the case may be.

(4) The court or judge hearing the appeal shall not set aside the decision against which the appeal is brought, unless such court or judge is satisfied that the decision was wrong, in which event the court or judge shall give the decision which in its or his opinion the lower court should have given.

Failure by accused to observe condition of bail.

66. (1) If an accused is released on bail subject to any condition imposed under section 62, including any amendment or supplementation under section 63 of a condition of bail, and the prosecutor applies to the court before which the charge with regard to which the accused has been released on bail is pending, to lead evidence to prove that the accused has failed to comply with such condition, the court shall, if the accused is present and denies that he failed to comply with such condition or that his failure to comply with such condition was due to fault on his part, proceed to hear such evidence as the prosecutor and the accused may place before it.

(2) If the accused is not present when the prosecutor applies to the court under subsection (1), the court may issue a warrant for the arrest of the accused, and shall, when the accused appears before the court and denies that he failed to comply with the condition in question or that his failure to comply with such condition was due to fault on his part, proceed to hear such evidence as the prosecutor and the accused may place before it.

(3) If the accused admits that he failed to comply with the condition in question or if the court finds that he failed to comply with such condition, the court may, if it finds that the failure by

Verrigtinge met betrekking tot borgtog en voorwaardes moet volledig aangeteken word.

64. Die hof wat 'n aansoek om borgtog ingevolge artikel 60 oorweeg of wat 'n verdere voorwaarde ingevolge artikel 62 oplê of wat, ingevolge artikel 63, die bedrag borggeld wysig of 'n voorwaarde wysig of aanvul, moet die betrokke verrigtinge, met inbegrip van die opgelegde voorwaardes en 'n wysiging of aanvulling daarvan, volledig aanteken, of moet bedoelde verrigtinge volledig laat aanteken, en waar bedoelde hof 'n landdroshof of 'n streekhof is, is 'n dokument wat voorgee 'n uittreksel van die oorkonde van die verrigtinge van daardie hof te wees en wat voorgee as juis gewaarmerk te wees deur die klerk van die hof, en wat die borgvoorwaardes en 'n wysiging of aanvulling daarvan uiteensit, by blote voorlegging daarvan in 'n hof waarin die betrokke aanklag hangende is, *prima facie*-bewys van bedoelde voorwaardes of 'n wysiging of aanvulling daarvan.

Appèl na hoër hof ten opsigte van borgtog.

65. (1) *(a)* 'n Beskuldigde wat veronreg voel deur die weiering deur 'n laer hof om hom op borgtog vry te laat of deur die oplegging deur so 'n hof van 'n borgvoorwaarde, met inbegrip van 'n voorwaarde betreffende die bedrag borggeld en met inbegrip van 'n wysiging of aanvulling van 'n borgvoorwaarde, kan teen so 'n weiering of die oplegging van so 'n voorwaarde appelleer na die hoër hof wat regsbevoegdheid het of na 'n regter van daardie hof as die hof nie dan sitting hou nie.

(b) Die appèl kan deur 'n enkele regter aangehoor word.

(c) 'n Plaaslike afdeling van die Hooggeregshof het regsbevoegdheid om 'n appèl ingevolge paragraaf *(a)* aan te hoor indien die regsgebied van die betrokke laer hof of 'n deel daarvan binne die regsgebied van bedoelde plaaslike afdeling val.

(2) Die reg van appèl bestaan nie ten opsigte van nuwe feite wat na die beslissing waarteen geappelleer word, ontstaan of aan die lig kom nie, tensy sodanige nuwe feite eers voorgelê word aan die landdros of streeklanddros teen wie se beslissing geappelleer word en sodanige landdros of streeklanddros op sulke nuwe feite teen die beskuldigde beslis.

(3) Die beskuldigde moet 'n afskrif van die kennisgewing van appèl beteken aan die prokureur-generaal en aan die landdros of streeklanddros, na gelang van die geval, en die landdros of streeklanddros moet onverwyld die redes vir sy beslissing verstrek aan die hof of regter, na gelang van die geval.

(4) Die hof of regter wat die appèl aanhoor, stel nie die beslissing waarteen geappelleer word tersyde nie, tensy sodanige hof of regter oortuig is dat die beslissing verkeerd is, in welke geval die hof of regter die beslissing gee wat na sy oordeel deur die laer hof gegee moes gewees het.

Versuim deur beskuldigde om borgvoorwaarde na te kom.

66. (1) Indien 'n beskuldigde op borgtog vrygelaat word onderworpe aan 'n voorwaarde wat ingevolge artikel 62 opgelê is, met inbegrip van 'n wysiging of aanvulling ingevolge artikel 63 van 'n borgvoorwaarde, en die aanklaer aansoek doen aan die hof voor wie die aanklag hangende is met betrekking waartoe die beskuldigde op borgtog vrygelaat is, om getuienis te lei ten einde te bewys dat die beskuldigde versuim het om so 'n voorwaarde na te kom, moet die hof, as die beskuldigde teenwoordig is en ontken dat hy versuim het om bedoelde voorwaarde na te kom of dat sy versuim om bedoelde voorwaarde na te kom, te wyte was aan skuld aan sy kant, voortgaan om die getuienis aan te hoor wat die aanklaer en die beskuldigde voor hom plaas.

(2) Indien die beskuldigde nie teenwoordig is wanneer die aanklaer 'n aansoek ingevolge subartikel (1) aan die hof rig nie, kan die hof 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van die beskuldigde uitreik, en moet die hof, wanneer die beskuldigde voor die hof verskyn en ontken dat hy versuim het om die betrokke voorwaarde na te kom of dat sy versuim om bedoelde voorwaarde na te kom te wyte was aan skuld aan sy kant, voortgaan om die getuienis aan te hoor wat die aanklaer en die beskuldigde voor hom plaas.

(3) Indien die beskuldigde erken dat hy versuim het om die betrokke voorwaarde na te kom of indien die hof bevind dat hy versuim het om sodanige voorwaarde na te kom, kan die

the accused was due to fault on his part, cancel the bail and declare the bail money forfeited to the State.

(4) The proceedings and the evidence under this section shall be recorded.

Failure of accused on bail to appear.

67. (1) If an accused who is released on bail—

(a) fails to appear at the place and on the date and at the time—

(i) appointed for his trial; or

(ii) to which the proceedings relating to the offence in respect of which the accused is released on bail are adjourned; or

(b) fails to remain in attendance at such trial or at such proceedings,

the court before which the matter is pending shall declare the bail provisionally cancelled and the bail money provisionally forfeited to the State, and issue a warrant for the arrest of the accused.

(2) *(a)* If the accused appears before court within fourteen days of the issue under subsection (1) of the warrant of arrest, the court shall confirm the provisional cancellation of the bail and the provisional forfeiture of the bail money, unless the accused satisfies the court that his failure under subsection (1) to appear or to remain in attendance was not due to fault on his part.

(b) If the accused satisfies the court that his failure was not due to fault on his part, the provisional cancellation of the bail and the provisional forfeiture of the bail money shall lapse.

(c) If the accused does not appear before court within fourteen days of the issue under subsection (1) of the warrant of arrest or within such extended period as the court may on good cause determine, the provisional cancellation of the bail and the provisional forfeiture of the bail money shall become final.

(3) The court may receive such evidence as it may consider necessary to satisfy itself that the accused has under subsection (1) failed to appear or failed to remain in attendance, and such evidence shall be recorded.

Cancellation of bail where accused about to abscond.

68. (1) Any court before which a charge is pending in respect of which the accused has been released on bail may, upon information on oath that the accused is about to evade justice or is about to abscond in order to evade justice, issue a warrant for the arrest of the accused and make such order as to it may seem proper, including an order that the bail be cancelled and that the accused be committed to prison until the conclusion of the relevant criminal proceedings.

(2) Any magistrate may, in circumstances in which it is not practicable to obtain a warrant of arrest under subsection (1), upon the application of any peace officer and upon a written statement on oath by such officer that he has reason to believe that an accused who has been released on bail is about to evade justice or is about to abscond in order to evade justice, issue a warrant for the arrest of the accused, and may, if satisfied that the ends of justice may be defeated if the accused is not placed in custody, cancel the bail and commit the accused to prison, which committal shall remain of force until the conclusion of the relevant criminal proceedings unless the court before which the proceedings are pending sooner reinstates the bail.

Payment of bail money by third person.

69. (1) No provision of section 59 or 60 shall prevent the payment by any person, other than the accused, of bail money for the benefit of the accused.

hof, indien hy bevind dat die versuim deur die beskuldigde te wyte was aan skuld aan sy kant, die borgtog intrek en die borggeld aan die Staat verbeurd verklaar.

(4) Die verrigtinge en die getuienis ingevolge hierdie artikel word genotuleer.

Versuim van beskuldigde wat op borgtog is, om te verskyn.

67. (1) Indien 'n beskuldigde wat op borgtog vrygelaat is—

(a) versuim om te verskyn by die plek en op die datum en op die tyd—

(i) wat vir sy verhoor bepaal is; of

(ii) waartoe die verrigtinge verdaag is wat betrekking het op die misdryf ten opsigte waarvan die beskuldigde op borgtog vrygelaat is; of

(b) versuim om by bedoelde verhoor of by bedoelde verrigtinge aanwesig te bly,

moet die hof voor wie die aangeleentheid hangende is die borgtog voorlopig intrek en die borggeld voorlopig aan die Staat verbeurd verklaar, en 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van die beskuldigde uitreik.

(2) *(a)* Indien die beskuldigde binne veertien dae vanaf die uitreiking ingevolge subartikel (1) van die lasbrief tot inhegtenisneming voor die hof verskyn, bekragtig die hof die voorlopige intrekking van die borgtog en die voorlopige verbeurdverklaring van die borggeld, tensy die beskuldigde die hof oortuig dat sy versuim ingevolge subartikel (1) om te verskyn of aanwesig te bly, nie te wyte was aan skuld aan sy kant nie.

(b) Indien die beskuldigde die hof oortuig dat sy versuim nie aan skuld aan sy kant te wyte was nie, verval die voorlopige intrekking van die borgtog en die voorlopige verbeurdverklaring van die borggeld.

(c) Indien die beskuldigde nie binne veertien dae vanaf die uitreiking ingevolge subartikel (1) van die lasbrief tot inhegtenisneming of binne sodanige verlengde tydperk as wat die hof op grondige redes mag bepaal, voor die hof verskyn nie, word die voorlopige intrekking van die borgtog en die voorlopige verbeurdverklaring van die borggeld finaal.

(3) Die hof kan die getuienis aanhoor wat hy goedvind om hom te oortuig dat die beskuldigde ingevolge subartikel (1) versuim het om te verskyn of versuim het om aanwesig te bly, en sodanige getuienis moet genotuleer word.

Intrekking van borgtog waar beskuldigde wil vlug.

68. (1) 'n Hof voor wie 'n aanklag hangende is ten opsigte waarvan die beskuldigde op borgtog vrygelaat is, kan, op inligting onder eed dat die beskuldigde op die punt staan om aan die gereg te ontkom of op die punt staan om te vlug ten einde aan die gereg te ontkom, 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van die beskuldigde uitreik en die bevel gee wat hy goedvind, met inbegrip van 'n bevel dat die borgtog ingetrek word en dat die beskuldigde tot die beëindiging van die betrokke strafregtelike verrigtinge in 'n gevangenis gevange geset word.

(2) 'n Landdros kan, in omstandighede waarin dit nie doenlik is om 'n lasbrief tot inhegtenisneming ingevolge subartikel (1) te verkry nie, op aansoek van 'n vredesbeampte en op 'n skriftelike verklaring onder eed deur so 'n beampte dat hy rede het om te vermoed dat 'n beskuldigde wat op borgtog vrygelaat is op die punt staan om aan die gereg te ontkom of op die punt staan om te vlug ten einde aan die gereg te ontkom, 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van die beskuldigde uitreik, en kan, indien oortuig dat die regsbedeling verydel kan word indien die beskuldigde nie in bewaring geplaas word nie, die borgtog intrek en die beskuldigde in 'n gevangenis gevange set, welke gevangesetting tot die beëindiging van die betrokke strafregtelike verrigtinge van krag bly tensy die hof voor wie die verrigtinge hangende is die borgtog eerder herstel.

Betaling van borggeld deur derde party.

69. (1) Geen bepaling van artikel 59 of 60 verhinder die betaling deur iemand anders as die beskuldigde van borggeld ten bate van die beskuldigde nie.

(2) Bail money, whether deposited by an accused or any other person for the benefit of the accused, shall, notwithstanding that such bail money or any part thereof may have been ceded to any person, be refunded only to the accused or the depositor, as the case may be.

(3) No person shall be allowed to deposit for the benefit of an accused any bail money in terms of this section if the official concerned has reason to believe that such person, at any time before or after depositing such bail money, has been indemnified or will be indemnified by any person in any manner against loss of such bail money or that he has received or will receive any financial benefit in connection with the deposit of such bail money.

Remission of bail money.

70. The Minister or any officer acting under his authority may, in his discretion, remit the whole or any part of any bail money forfeited under section 66 or 67.

Juvenile may be placed in place of safety in lieu of release on bail or detention in custody.

71. If an accused under the age of eighteen years is in custody in respect of any offence, and a police official or a court may in respect of such offence release the accused on bail under section 59 or 60, as the case may be, such police official or court may, instead of releasing the accused on bail or detaining him in custody, place the accused in a place of safety as defined in section 1 of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), pending his appearance or further appearance before a court in respect of the offence in question or until he is otherwise dealt with in accordance with law.

CHAPTER 10

RELEASE ON WARNING

Accused may be released on warning in lieu of bail.

72. (1) If an accused is in custody in respect of any offence and a police official or a court may in respect of such offence release the accused on bail under section 59 or 60, as the case may be, such police official or such court, as the case may be, may, in lieu of bail and if the offence is not, in the case of such police official, an offence referred to in Part II or Part III of Schedule 2 or in the Schedule to the Internal Security Act, 1950 (Act 44 of 1950), or, in the case of such court, an offence referred to in the Schedule to the said Internal Security Act, 1950—

(a) release the accused from custody and warn him to appear before a specified court at a specified time on a specified date in connection with such offence or, as the case may be, to remain in attendance at the proceedings relating to the offence in question;

(b) in the case of an accused under the age of eighteen years who is released under paragraph *(a)*, place the accused in the care of the person in whose custody he is, and warn such person to bring the accused or cause the accused to be brought before a specified court at a specified time on a specified date, and to have the accused remain in attendance at the proceedings relating to the offence in question.

(2) *(a)* An accused who is released under subsection (1) *(a)* and who fails to appear or, as the case may be, to remain in attendance at the proceedings in accordance with a warning under that paragraph, shall be guilty of an offence and liable to the punishment prescribed under subsection (4).

(b) Any person in whose custody an accused is placed under subsection (1) *(b)* and who fails in terms of a warning under that subsection to bring the accused before court or to have the accused remain in attendance, shall be guilty of an offence and liable to the punishment prescribed under subsection (4).

(2) Borggeld, hetsy deur 'n beskuldigde of iemand anders ten bate van die beskuldigde gedeponeer, word, nieteenstaande dat daardie borggeld of 'n gedeelte daarvan aan 'n ander persoon gesedeer mag wees, slegs aan die beskuldigde of die deponeerder, na gelang van die geval, terugbetaal.

(3) Niemand word toegelaat om ten bate van 'n beskuldigde ingevolge hierdie artikel borggeld te deponeer nie, indien die betrokke beampte rede het om te dink dat so iemand te eniger tyd voor of na die deponering van bedoelde borggeld deur enigiemand op enige wyse teen verlies van sodanige borggeld skadeloos gestel is of skadeloos gestel sal word, of dat hy geldelike voordeel ontvang het of enige geldelike voordeel sal ontvang in verband met die deponering van bedoelde borggeld.

Kwytskelding van borggeld.

70. Die Minister of 'n beampte wat op sy gesag handel, kan na goeddunke die geheel of 'n gedeelte van borggeld kwytskeld wat ingevolge artikel 66 of 67 verbeur is.

Jeugdige kan in veiligheidsplek geplaas word in plaas van op borgtog vrygelaat of in bewaring aangehou te word.

71. Indien 'n beskuldigde onder die ouderdom van agtien jaar ten opsigte van 'n misdryf in bewaring is, en 'n polisiebeampte of 'n hof die beskuldigde ingevolge artikel 59 of 60, na gelang van die geval, ten opsigte van so 'n misdryf op borgtog kan vrylaat, kan so 'n polisiebeampte of hof, in plaas van die beskuldigde op borgtog vry te laat of hom in bewaring aan te hou, die beskuldigde in 'n veiligheidsplek plaas soos omskryf in artikel 1 van die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), in afwagting van sy verskyning of verdere verskyning voor 'n hof ten opsigte van die betrokke misdryf of totdat andersins regtens met hom gehandel word.

HOOFSTUK 10

VRYLATING OP WAARSKUWING

Beskuldigde kan op waarskuwing in plaas van borgtog vrygelaat word.

72. (1) Indien 'n beskuldigde ten opsigte van 'n misdryf in bewaring is en 'n polisiebeampte of 'n hof die beskuldigde ten opsigte van daardie misdryf ingevolge artikel 59 of 60, na gelang van die geval, op borgtog kan vrylaat, kan bedoelde polisiebeampte of bedoelde hof, na gelang van die geval, in plaas van borgtog en indien die misdryf, in die geval van bedoelde polisiebeampte, nie 'n in Deel II of Deel III van Bylae 2 of 'n in die Bylae by die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1950 (Wet 44 van 1950), bedoelde misdryf is nie, of, in die geval van bedoelde hof, 'n in die Bylae by genoemde Wet op Binnelandse Veiligheid, 1950, bedoelde misdryf is nie—

(a) die beskuldigde uit bewaring vrylaat en hom waarsku om voor 'n bepaalde hof op 'n bepaalde tyd en op 'n bepaalde datum in verband met so 'n misdryf te verskyn of, na gelang van die geval, om by die verrigtinge betreffende die betrokke misdryf aanwesig te bly;

(b) in die geval van 'n beskuldigde onder die ouderdom van agtien jaar wat ingevolge paragraaf *(a)* vrygelaat word, die beskuldigde in die sorg plaas van die persoon in wie se bewaring hy is, en bedoelde persoon waarsku om die beskuldigde voor 'n bepaalde hof op 'n bepaalde tyd op 'n bepaalde datum te bring of te laat bring en om die beskuldigde by die verrigtinge betreffende die betrokke misdryf aanwesig te laat bly.

(2) *(a)* 'n Beskuldigde wat ingevolge subartikel (1) *(a)* vrygelaat word en wat versuim om ooreenkomstig 'n waarskuwing ingevolge daardie paragraaf te verskyn, of, na gelang van die geval, by die verrigtinge aanwesig te bly, is aan 'n misdryf skuldig en strafbaar met die straf by subartikel (4) voorgeskryf.

(b) Iemand in wie se bewaring 'n beskuldigde ingevolge subartikel (1) *(b)* geplaas word en wat versuim om 'n beskuldigde ooreenkomstig 'n waarskuwing ingevolge daardie paragraaf voor die hof te bring of om die beskuldigde aanwesig te laat bly, is aan 'n misdryf skuldig en strafbaar met die straf by subartikel (4) voorgeskryf.

(3) *(a)* A police official who releases an accused under subsection (1) *(a)* shall, at the time of releasing the accused, complete and hand to the accused and, in the case of subsection (1) *(b)*, to the person in whose custody the accused is, a written notice on which shall be entered the offence in respect of which the accused is being released and the court before which and the time at which and the date on which the accused shall appear.

(b) A court which releases an accused under subsection (1) shall, at the time of releasing the accused, record or cause the relevant proceedings to be recorded in full, and where such court is a magistrate's court or a regional court, any document purporting to be an extract from the record of proceedings of that court and purporting to be certified as correct by the clerk of the court and which sets out the warning relating to the court before which, the time at which and the date on which the accused is to appear, shall, on its mere production in any court in which the relevant charge is pending be *prima facie* proof of such warning.

(4) The court may, if satisfied that an accused referred to in subsection (2) *(a)* or a person referred to in subsection (2) *(b)*, was duly warned in terms of paragraph *(a)* or, as the case may be, paragraph *(b)* of subsection (1), and that such accused or such person has failed to comply with such warning, issue a warrant for his arrest, and may, when he is brought before the court, in a summary manner enquire into his failure to comply with the warning and, unless such accused or such person satisfies the court that his failure was not due to fault on his part, sentence him to a fine not exceeding one hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding three months.

CHAPTER 11

ASSISTANCE TO ACCUSED

Accused entitled to assistance after arrest and at criminal proceedings.

73. (1) An accused who is arrested, whether with or without warrant, shall, subject to any law relating to the management of prisons, be entitled to the assistance of his legal adviser as from the time of his arrest.

(2) An accused shall be entitled to be represented by his legal adviser at criminal proceedings, if such legal adviser is not in terms of any law prohibited from appearing at the proceedings in question.

(3) An accused who is under the age of eighteen years may be assisted by his parent or guardian at criminal proceedings, and any accused who, in the opinion of the court, requires the assistance of another person at criminal proceedings, may, with the permission of the court, be so assisted at such proceedings.

Parent or guardian of accused under eighteen years to attend proceedings.

74. (1) Where an accused is under the age of eighteen years, a parent or, as the case may be, the guardian of the accused shall be warned, in accordance with the provisions of subsection (2), to attend the relevant criminal proceedings.

(2) The parent or the guardian of the accused, if such parent or guardian is known to be within the magisterial district in question and can be traced without undue delay, shall, for the purposes of subsection (1), be warned to attend the proceedings in question—

(a) in any case in which the accused is arrested, by the peace officer effecting the arrest or, where the arrest is effected by a person other that a peace officer, the police official to whom the accused is handed over, and such peace officer or police official, as the case may be, shall

(3) *(a)* 'n Polisiebeampte wat 'n beskuldigde ingevolge subartikel (1) *(a)* vrylaat, moet, ten tyde van die vrylating van die beskuldigde, 'n skriftelike kennisgewing, waarop die misdryf ten opsigte waarvan die beskuldigde vrygelaat word en die hof voor wie en die tyd wanneer en die datum waarop die beskuldigde moet verskyn, ingeskryf word, invul en aan die beskuldigde en, in die geval van subartikel (1) *(b)*, aan die persoon in wie se bewaring die beskuldigde is, oorhandig.

(b) 'n Hof wat 'n beskuldigde ingevolge subartikel (1) vrylaat, moet, ten tyde van die vrylating van die beskuldigde, die betrokke verrigtinge volledig aanteken of laat aanteken, en waar bedoelde hof 'n landdroshof of 'n streekhof is, is 'n dokument wat voorgee 'n uittreksel van die oorkonde van die verrigtinge van daardie hof te wees en wat voorgee as juis gewaarmerk te wees deur die klerk van die hof en wat die waarskuwing betreffende die hof voor wie, die tyd waarop en die datum waarop die beskuldigde moet verskyn, uiteensit, by blote voorlegging daarvan in 'n hof waarin die betrokke aanklag hangende is, *prima facie*-bewys van sodanige waarskuwing.

(4) Die hof kan, indien oortuig dat 'n in subartikel (2) *(a)* bedoelde beskuldigde of 'n in subartikel (2) *(b)* bedoelde persoon behoorlik ooreenkomstig paragraaf *(a)* of, na gelang van die geval, paragraaf *(b)* van subartikel (1) gewaarsku is en dat so 'n beskuldigde of so 'n persoon versuim het om aan bedoelde waarskuwing te voldoen, 'n lasbrief vir sy inhegtenisneming uitreik, en kan, wanneer hy voor die hof gebring word, op 'n summiere wyse ondersoek instel na sy versuim om aan die waarskuwing te voldoen en, tensy bedoelde beskuldigde of bedoelde persoon die hof oortuig dat sy versuim nie aan skuld aan sy kant te wyte was nie, hom tot 'n boete van hoogstens honderd rand of gevangenisstraf vir 'n typerk van hoogstens drie maande veroordeel.

HOOFSTUK 11

BYSTAND AAN BESKULDIGDE

Beskuldigde na inhegtenisneming en by strafregtelike verrigtinge op bystand geregtig.

73. (1) 'n Beskuldigde wat in hegtenis geneem is, hetsy met of sonder lasbrief, is, behoudens enige wetsbepalings betreffende die bestuur van gevangenisse, vanaf sy inhegtenisneming geregtig op die bystand van sy regsadviseur.

(2) 'n Beskuldigde is geregtig om by strafregtelike verrigtinge deur sy regsadviseur verteenwoordig te word, indien bedoelde regsadviseur nie ingevolge 'n wet verbied word om by die betrokke verrigtinge te verskyn nie.

(3) 'n Beskuldigde wat onder die ouderdom van agtien jaar is, kan deur sy ouer of voog by strafregtelike verrigtinge bygestaan word, en 'n beskuldigde wat, na die oordeel van die hof, die bystand van iemand anders by strafregtelike verrigtinge nodig het, kan, met die toestemming van die hof, by bedoelde verrigtinge aldus bygestaan word.

Ouer of voog van beskuldigde onder agtien jaar moet verrigtinge bywoon.

74. (1) Waar 'n beskuldigde onder die ouderdom van agtien jaar is, moet 'n ouer of, na gelang van die geval, die voog van die beskuldigde ooreenkomstig die bepalings van subartikel (2) gewaarsku word om die betrokke strafregtelike verrigtinge by te woon.

(2) Die ouer of die voog van die beskuldigde, indien dit bekend is dat so 'n ouer of voog binne die betrokke landdrosdistrik is en sonder onbehoorlike vertraging opgespoor kan word, moet vir die doeleindes van subartikel (1) gewaarsku word om die betrokke verrigtinge by te woon—

(a) in 'n geval waarin die beskuldigde in hegtenis geneem word, deur die vredesbeampte wat die inhegtenisneming uitvoer of, waar die inhegtenisneming deur 'n ander persoon as 'n vredesbeampte uitgevoer word, die polisiebeampte aan wie die beskuldigde oorhandig word,

inform the parent or guardian, as the case may be, of the place and date and time at which the accused is to appear; or

(b) in the case of a summons under section 54 or a written notice under section 56, by the person serving the summons on or handing the written notice to the accused, and such person shall serve a copy of such summons or written notice on the parent or guardian, as well as a notice warning the parent or guardian to attend the proceedings in question at the place and on the date and at the time specified in the summons or written notice.

(3) A parent or guardian who has been warned in terms of subsection (2), may apply to any magistrate of the court in which the accused is to appear for exemption from the obligation to attend the proceedings in question, and if such magistrate exempts such parent or guardian, he shall do so in writing.

(4) A parent or guardian who has been warned in terms of subsection (2) and who has not under subsection (3) been exempted from the obligation to attend the relevant proceedings, or a parent or guardian who is present at criminal proceedings and who is warned by the court to remain in attendance thereat, shall remain in attendance at the relevant criminal proceedings, whether in that court or any other court, unless excused by the court before which such proceedings are pending.

(5) If a parent or guardian has not been warned under subsection (2), the court before which the relevant proceedings are pending may at any time during the proceedings direct any person to warn the parent or guardian of the accused to attend such proceedings.

(6) A parent or guardian who has been warned under subsection (2), (4) or (5) and who fails to attend the proceedings in question or, as the case may be, who fails to remain in attendance at such proceedings in accordance with the provisions of subsection (4), shall be guilty of an offence and liable to the punishment prescribed under subsection (7).

(7) The court, if satisfied from evidence placed before it that a parent or guardian has been warned to attend the proceedings in question and that such parent or guardian has failed to attend such proceedings, or that a parent or guardian has failed to remain in attendance at such proceedings, may issue a warrant for the arrest of such parent or guardian and, when he is brought before the court, in a summary manner enquire into his failure to attend or to remain in attendance, and, unless such parent or guardian satisfies the court that his failure was not due to fault on his part, sentence him to a fine not exceeding one hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding three months.

CHAPTER 12

SUMMARY TRIAL

Summary trial and court of trial.

75. When an accused is to be tried in a court in respect of an offence, he shall, subject to the provisions of sections 119 and 123, be tried at a summary trial in the court having jurisdiction, and if an accused is under section 50 brought before a court which does not have jurisdiction to try the case, the accused shall at the request of the prosecutor be referred to a court having jurisdiction.

Charge-sheet and proof of record of criminal case.

76. (1) Unless an accused has been summoned to appear before the court, the proceedings at a summary trial in a lower court shall be commenced by lodging a charge-sheet with the clerk of the court, and, in the case of a superior court, by serving an indictment referred to in section 144 on the accused and the lodging thereof with the registrar of the court concerned.

welke vredesbeampte of polisiebeampte, na gelang van die geval, die ouer of voog, na gelang van die geval, in kennis stel van die plek en datum en tyd waarop die beskuldigde moet verskyn; of

(b) in die geval van 'n dagvaarding ingevolge artikel 54 of 'n skriftelike kennisgewing ingevolge artikel 56, deur die persoon wat die dagvaarding beteken of die skriftelike kennisgewing oorhandig aan die beskuldigde, welke persoon 'n afskrif van daardie dagvaarding of skriftelike kennisgewing aan die ouer of voog beteken, asook 'n kennisgewing wat die ouer of voog waarsku om die betrokke verrigtinge op die in die dagvaarding of skriftelike kennisgewing vermelde plek en datum en tyd by te woon.

(3) 'n Ouer of voog wat ooreenkomstig subartikel (2) gewaarsku is, kan by 'n landdros van die hof waarin die beskuldigde moet verskyn, aansoek doen om vrygestel te word van die verpligting om die betrokke verrigtinge by te woon, en indien bedoelde landdros so 'n ouer of voog vrystel, doen hy dit skriftelik.

(4) 'n Ouer of voog wat ooreenkomstig subartikel (2) gewaarsku is en wat nie ingevolge subartikel (3) van die verpligting vrygestel is om die betrokke verrigtinge by te woon nie, of 'n ouer of voog wat by strafregtelike verrigtinge aanwesig is en wat deur die hof gewaarsku word om daarby aanwesig te bly, moet by die betrokke strafregtelike verrigtinge aanwesig bly, hetsy in daardie hof of 'n ander hof, tensy verskoon deur die hof voor wie bedoelde verrigtinge hangende is.

(5) Indien 'n ouer of voog nie ingevolge subartikel (2) gewaarsku is nie, kan die hof voor wie die betrokke verrigtinge hangende is, te eniger tyd tydens die verrigtinge iemand gelas om die ouer of voog van die beskuldigde te waarsku om daardie verrigtinge by te woon.

(6) 'n Ouer of voog wat ingevolge subartikel (2), (4) of (5) gewaarsku is en wat versuim om die betrokke verrigtinge by te woon of, na gelang van die geval, wat versuim om by bedoelde verrigtinge ooreenkomstig die bepalings van subartikel (4) aanwesig te bly, is aan 'n misdryf skuldig en strafbaar met die straf by subartikel (7) voorgeskryf.

(7) Die hof, indien oortuig uit getuienis voor hom geplaas dat 'n ouer of voog gewaarsku is om die betrokke verrigtinge by te woon en dat so 'n ouer of voog versuim het om bedoelde verrigtinge by te woon, of dat 'n ouer of voog versuim het om by bedoelde verrigtinge aanwesig te bly, kan 'n lasbrief uitreik vir die inhegtenisneming van so 'n ouer of voog en, wanneer hy voor die hof gebring word, op 'n summiere wyse ondersoek instel na sy versuim om by te woon of aanwesig te bly, en, tensy so 'n ouer of voog die hof oortuig dat sy versuim nie aan skuld aan sy kant te wyte was nie, hom tot 'n boete van hoogstens honderd rand of tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande veroordeel.

HOOFSTUK 12

SUMMIERE VERHOOR

Summiere verhoor en hof van verhoor.

75. Wanneer 'n beskuldigde ten opsigte van 'n misdryf in 'n hof verhoor staan te word, word hy, behoudens die bepalings van artikels 119 en 123, by wyse van 'n summiere verhoor in die hof verhoor wat regsbevoegdheid het, en indien 'n beskuldigde ingevolge artikel 50 voor 'n hof gebring word wat nie regsbevoegdheid het om die saak te verhoor nie, word die beskuldigde op versoek van die aanklaer na 'n hof verwys wat regsbevoegdheid het.

Klagstaat en bewys van oorkonde van strafsaak.

76. (1) Tensy die beskuldigde gedagvaar is om voor die hof te verskyn, neem die verrigtinge in 'n summiere verhoor in 'n laer hof 'n aanvang deur die indiening van 'n klagstaat by die klerk van die hof, en, in die geval van 'n hoër hof, deur die betekening van 'n in artikel 144 bedoelde akte van beskuldiging aan die beskuldigde en die indiening daarvan by die griffier van die betrokke hof.

(2) The charge-sheet shall in addition to the charge against the accused include the name and, where known and where applicable, the address and description of the accused with regard to sex, race, nationality and age.

(3) *(a)* The court shall keep a record of the proceedings, whether in writing or mechanical, or shall cause such record to be kept, and the charge-sheet, summons or indictment shall form part thereof.

(b) Such record may be proved in a court by the mere production thereof or of a copy thereof in terms of section 235.

(c) Where the correctness of any such record is challenged, the court in which the record is challenged may, in order to satisfy itself whether any matter was correctly recorded or not, either orally or on affidavit hear such evidence as it may deem necessary.

CHAPTER 13

ACCUSED: CAPACITY TO UNDERSTAND PROCEEDINGS: MENTAL ILLNESS AND CRIMINAL RESPONSIBILITY

Capacity of accused to understand proceedings.

77. (1) If it appears to the court at any stage of criminal proceedings that the accused is by reason of mental illness or mental defect not capable of understanding the proceedings so as to make a proper defence, the court shall direct that the matter be enquired into and be reported on in accordance with the provisions of section 79.

(2) If the finding contained in the relevant report is the unanimous finding of the persons who under section 79 enquired into the mental condition of the accused and the finding is not disputed by the prosecutor or the accused, the court may determine the matter on such report without hearing further evidence.

(3) If the said finding is not unanimous or, if unanimous, is disputed by the prosecutor or the accused, the court shall determine the matter after hearing evidence, and the prosecutor and the accused may to that end present evidence to the court, including the evidence of any person who under section 79 enquired into the mental condition of the accused.

(4) Where the said finding is disputed, the party disputing the finding may subpoena and cross-examine any person who under section 79 has enquired into the mental condition of the accused.

(5) If the court finds that the accused is capable of understanding the proceedings so as to make a proper defence, the proceedings shall be continued in the ordinary way.

(6) If the court finds that the accused is not capable of understanding the proceedings so as to make a proper defence, the court shall direct that the accused be detained in a mental hospital or a prison pending the signification of the decision of the State President, and if the court so directs after the accused has pleaded to the charge, the accused shall not be entitled under section 106 (4) to be acquitted or to be convicted in respect of the charge in question.

(7) Where a direction is issued under subsection (6) or (9) that the accused be detained in a mental hospital or a prison pending the signification of the decision of the State President, the accused may at any time thereafter, when he is capable of understanding the proceedings so as to make a proper defence, be prosecuted and tried for the offence in question.

(8) *(a)* An accused against whom a finding is made—

(i) under subsection (5) and who is convicted;

(2) Die klagstaat bevat, benewens die aanklag teen die beskuldigde, die naam en, waar bekend en waar toepaslik, die adres en beskrywing van die beskuldigde ten opsigte van geslag, ras, nasionaliteit en ouderdom.

(3) *(a)* 'n Oorkonde van die verrigtinge, hetsy skriftelik of meganies, word deur die hof gehou of laat hou, en die klagstaat, dagvaarding of akte van beskuldiging vorm deel daarvan.

(b) Sodanige oorkonde word in 'n hof bewys by die blote voorlegging daarvan of van 'n afskrif daarvan ingevolge artikel 235.

(c) Waar die juistheid van so 'n oorkonde aangeveg word, kan die hof waarin die oorkonde aangeveg word, ten einde homself te oortuig of 'n aangeleentheid juis genotuleer is al dan nie, die getuienis aanhoor wat hy nodig ag, hetsy mondeling of by beëdigde verklaring.

HOOFSTUK 13

BESKULDIGDE: VERMOË OM VERRIGTINGE TE BEGRYP: GEESTESONGESTELDHEID EN STRAFREGTELIKE TOEREKENBAARHEID

Vermoë van beskuldigde om verrigtinge te begryp.

77. (1) Indien dit in enige stadium van strafregtelike verrigtinge vir die hof blyk dat die beskuldigde vanweë geestesongesteldheid of geestesgebrek nie oor die vermoë beskik om die verrigtinge dermate te begryp dat hy sy verdediging na behore kan voer nie, gelas die hof dat die aangeleentheid ooreenkomstig die bepalings van artikel 79 ondersoek en oor verslag gedoen word.

(2) Indien die bevinding in die betrokke verslag vervat die eenparige bevinding van die persone is wat ingevolge artikel 79 na die geestestoestand van die beskuldigde ondersoek ingestel het en die bevinding nie deur die aanklaer of die beskuldigde betwis word nie, kan die hof die aangeleentheid op bedoelde verslag beslis sonder om verdere getuienis aan te hoor.

(3) Indien bedoelde bevinding nie eenparig is nie of, indien eenparig, deur die aanklaer of die beskuldigde betwis word, beslis die hof die aangeleentheid na die aanhoor van getuienis, en die aanklaer en die beskuldigde kan te dien einde getuienis aan die hof voorlê, met inbegrip van die getuienis van 'n persoon wat ingevolge artikel 79 na die geestestoestand van die beskuldigde ondersoek ingestel het.

(4) Waar bedoelde bevinding betwis word, kan die party wat die bevinding betwis 'n persoon dagvaar en kruisvra wat ingevolge artikel 79 na die geestestoestand van die beskuldigde ondersoek ingestel het.

(5) Indien die hof bevind dat die beskuldigde oor die vermoë beskik om die verrigtinge dermate te begryp dat hy sy verdediging na behore kan voer, word die verrigtinge op die gewone wyse voortgesit.

(6) Indien die hof bevind dat die beskuldigde nie oor die vermoë beskik om die verrigtinge dermate te begryp dat hy sy verdediging na behore kan voer nie, gelas die hof dat die beskuldigde in 'n hospitaal vir sielsiekes of 'n gevangenis aangehou word hangende die beskikking van die Staatspresident, en indien die hof aldus gelas nadat die beskuldigde op die aanklag gepleit het, is die beskuldigde nie ingevolge artikel 106 (4) geregtig om ten opsigte van die betrokke aanklag vrygespreek of skuldig bevind te word nie.

(7) Waar 'n lasgewing ingevolge subartikel (6) of (9) uitgereik word dat die beskuldigde in 'n hospitaal vir sielsiekes of 'n gevangenis hangende die beskikking van die Staatspresident aangehou word, kan die beskuldigde te eniger tyd daarna, wanneer hy oor die vermoë beskik om die verrigtinge dermate te begryp dat hy sy verdediging na behore kan voer, weens die betrokke misdryf vervolg en verhoor word.

(8) *(a)* 'n Beskuldigde teen wie 'n bevinding gemaak word—

(i) ingevolge subartikel (5) en wat skuldig bevind word;

(ii) under subsection (6) and against whom the finding is not made in consequence of an allegation by the accused under subsection (1),

may appeal against such finding.

(b) Such an appeal shall be made in the same manner and subject to the same conditions as an appeal against a conviction by the court for an offence.

(9) Where an appeal against a finding under subsection (5) is allowed, the court of appeal shall set aside the conviction and sentence and direct that the person concerned be detained in a mental hospital or a prison pending the signification of the decision of the State President.

(10) Where an appeal against a finding under subsection (6) is allowed, the court of appeal shall set aside the direction issued under that subsection and remit the case to the court which made the finding, whereupon the relevant proceedings shall be continued in the ordinary way.

Mental illness or mental defect and criminal responsibility.

78. (1) A person who commits an act which constitutes an offence and who at the time of such commission suffers from a mental illness or mental defect which makes him incapable—

(a) of appreciating the wrongfulness of his act; or

(b) of acting in accordance with an appreciation of the wrongfulness of his act,

shall not be criminally responsible for such act.

(2) If it is alleged at criminal proceedings that the accused is by reason of mental illness or mental defect not criminally responsible for the offence charged, or if it appears to the court at criminal proceedings that the accused might for such a reason not be so responsible, the court shall direct that the matter be enquired into and be reported on in accordance with the provisions of section 79.

(3) If the finding contained in the relevant report is the unanimous finding of the persons who under section 79 enquired into the relevant mental condition of the accused, and the finding is not disputed by the prosecutor or the accused, the court may determine the matter on such report without hearing further evidence.

(4) If the said finding is not unanimous or, if unanimous, is disputed by the prosecutor or the accused, the court shall determine the matter after hearing evidence, and the prosecutor and the accused may to that end present evidence to the court, including the evidence of any person who under section 79 enquired into the mental condition of the accused.

(5) Where the said finding is disputed, the party disputing the finding may subpoena and cross-examine any person who under section 79 enquired into the mental condition of the accused.

(6) If the court finds that the accused committed the act in question and that he at the time of such commission was by reason of mental illness or mental defect not criminally responsible for such act, the court shall find the accused not guilty by reason of mental illness or mental defect, as the case may be, and direct that the accused be detained in a mental hospital or a prison pending the signification of the decision of the State President.

(7) If the court finds that the accused at the time of the commission of the act in question was criminally responsible for the act but that his capacity to appreciate the wrongfulness of the act or to act in accordance with an appreciation of the wrongfulness of the act was diminished by reason of mental illness or mental defect, the court may take the fact of such diminished responsibility into account when sentencing the accused.

(8) *(a)* An accused against whom a finding is made under subsection (6) may appeal against such finding if the

(ii) ingevolge subartikel (6) en teen wie die bevinding nie gemaak word ten gevolge van 'n bewering deur die beskuldigde ingevolge subartikel (1) nie,

kan teen so 'n bevinding appelleer.

(b) So 'n appèl word voortgesit op dieselfde wyse en onderworpe aan dieselfde voorwaardes as 'n appèl teen 'n skuldigbevinding deur die hof weens 'n misdryf.

(9) Waar 'n appèl teen 'n bevinding ingevolge subartikel (5) gehandhaaf word, stel die hof van appèl die skuldigbevinding en vonnis tersyde en gelas hy dat die betrokke persoon in 'n hospitaal vir sielsiekes of 'n gevangenis aangehou word hangende die beskikking van die Staatspresident.

(10) Waar 'n appèl teen 'n bevinding ingevolge subartikel (6) gehandhaaf word, stel die hof van appèl die kragtens daardie subartikel uitgereikte lasgewing tersyde en verwys die saak terug na die hof wat die bevinding gemaak het, waarop die betrokke verrigtinge op die gewone wyse voortgesit word.

Geestesongesteldheid of geestesgebrek en strafregtelike toerekenbaarheid.

78. (1) Iemand wat 'n handeling verrig wat 'n misdryf uitmaak en wat ten tyde van so 'n verrigting aan 'n geestesongesteldheid of geestesgebrek ly wat tot gevolg het dat hy nie oor die vermoë beskik—

(a) om die ongeoorloofdheid van sy handeling te besef nie; of

(b) om ooreenkomstig 'n besef van die ongeoorloofdheid van sy handeling op te tree nie,

is nie vir so 'n handeling strafregtelik toerekenbaar nie.

(2) Indien dit by strafregtelike verrigtinge beweer word dat die beskuldigde vanweë geestesongesteldheid of geestesgebrek nie vir die ten laste gelegde misdryf strafregtelik toerekenbaar is nie, of indien dit vir die hof by strafregtelike verrigtinge blyk dat die beskuldigde vanweë so 'n rede nie aldus toerekenbaar mag wees nie, gelas die hof dat die aangeleentheid ooreenkomstig die bepalings van artikel 79 ondersoek en oor verslag gedoen word.

(3) Indien die bevinding in die betrokke verslag vervat die eenparige bevinding is van die persone wat ingevolge artikel 79 na die toepaslike geestestoestand van die beskuldigde ondersoek ingestel het, en die bevinding nie deur die aanklaer of die beskuldigde betwis word nie, kan die hof die aangeleentheid op bedoelde verslag beslis sonder om verdere getuienis aan te hoor.

(4) Indien bedoelde bevinding nie eenparig is nie of, indien eenparig, deur die aanklaer of die beskuldigde betwis word, beslis die hof die aangeleentheid na die aanhoor van getuienis, en die aanklaer en die beskuldigde kan te dien einde getuienis aan die hof voorlê, met inbegrip van die getuienis van 'n persoon wat ingevolge artikel 79 na die geestestoestand van die beskuldigde ondersoek ingestel het.

(5) Waar bedoelde bevinding betwis word, kan die party wat die bevinding betwis 'n persoon dagvaar en kruisvra wat ingevolge artikel 79 na die geestestoestand van die beskuldigde ondersoek ingestel het.

(6) Indien die hof bevind dat die beskuldigde die betrokke handeling verrig het en dat hy ten tyde van so 'n verrigting vanweë geestesongesteldheid of geestesgebrek nie vir daardie handeling strafregtelik toerekenbaar was nie, vind die hof die beskuldigde onskuldig vanweë geestesongesteldheid of geestesgebrek, na gelang van die geval, en gelas dat die beskuldigde in 'n hospitaal vir sielsiekes of 'n gevangenis hangende die beskikking van die Staatspresident aangehou word.

(7) Indien die hof bevind dat die beskuldigde ten tyde van die verrigting van die betrokke handeling vir die handeling strafregtelik toerekenbaar was maar dat sy vermoë om die ongeoorloofdheid van die handeling te besef of om ooreenkomstig 'n besef van die ongeoorloofdheid van sy handeling op te tree, vanweë geestesongesteldheid of geestesgebrek verminder was, kan die hof die feit van so 'n verminderde toerekenbaarheid in aanmerking neem wanneer die beskuldigde gevonnis word.

(8) *(a)* 'n Beskuldigde teen wie 'n bevinding ingevolge subartikel (6) gemaak word, kan teen so 'n bevinding appelleer indien die bevinding nie gemaak word ten

finding is not made in consequence of an allegation by the accused under subsection (2).

(b) Such an appeal shall be made in the same manner and subject to the same conditions as an appeal against a conviction by the court for an offence.

(9) Where an appeal against a finding under subsection (6) is allowed, the court of appeal shall set aside the finding and the direction under that subsection and remit the case to the court which made the finding, whereupon the relevant proceedings shall be continued in the ordinary course.

Panel for purposes of enquiry and report under sections 77 and 78.

79. (1) Where a court issues a direction under section 77 (1) or 78 (2), the relevant enquiry shall be conducted and be reported on—

(a) where the accused is charged with an offence for which the sentence of death may not be imposed, by the medical superintendent of a mental hospital designated by the court, or by a psychiatrist appointed by such medical superintendent at the request of the court; or

(b) where the accused is charged with an offence for which the sentence of death may be imposed or where the court in any particular case so directs—

(i) by the medical superintendent of a mental hospital designated by the court, or by a psychiatrist appointed by such medical superintendent at the request of the court;

(ii) by a psychiatrist appointed by the court and who is not in the full-time service of the State; and

(iii) by a psychiatrist appointed by the accused if he so wishes.

(2) The court may for the purposes of the relevant enquiry commit the accused to a mental hospital or to any other place designated by the court, for such periods, not exceeding thirty days at a time, as the court may from time to time determine, and where an accused is in custody when he is so committed, he shall, while he is so committed, be deemed to be in the lawful custody of the person or the authority in whose custody he was at the time of such committal.

(3) The relevant report shall be in writing and shall be submitted in triplicate to the registrar or, as the case may be, the clerk of the court in question, who shall make a copy thereof available to the prosecutor and the accused.

(4) The report shall—

(a) include a description of the nature of the enquiry; and

(b) include a diagnosis of the mental condition of the accused; and

(c) if the enquiry is under section 77 (1), include a finding as to whether the accused is capable of understanding the proceedings in question so as to make a proper defence; or

(d) if the enquiry is under section 78 (2), include a finding as to the extent to which the capacity of the accused to appreciate the wrongfulness of the act in question or to act in accordance with an appreciation of the wrongfulness of that act was, at the time of the commission thereof, affected by mental illness or mental defect.

(5) If the persons conducting the relevant enquiry are not unanimous in their finding under paragraph *(c)* or *(d)* of subsection (4), such fact shall be mentioned in the report and each of such persons shall give his finding on the matter in question.

(6) Subject to the provisions of subsection (7), the contents of the report shall be admissible in evidence at criminal proceedings.

(7) A statement made by an accused at the relevant enquiry shall not be admissible in evidence against the accused at criminal proceedings, except to the extent to which it may be relevant to the determination of the mental condition of the accused, in which event such statement shall be admissible notwithstanding that it may otherwise be inadmissible.

gevolge van 'n bewering deur die beskuldigde ingevolge subartikel (2) nie.

(b) So 'n appèl word voortgesit op dieselfde wyse en onderworpe aan dieselfde voorwaardes as 'n appèl teen 'n skuldigbevinding deur die hof weens 'n misdryf.

(9) Waar 'n appèl teen 'n bevinding ingevolge subartikel (6) gehandhaaf word, stel die hof van appèl die bevinding en die lasgewing ingevolge daardie subartikel tersyde en verwys die saak terug na die hof wat die bevinding gemaak het, waarop die betrokke verrigtinge op die gewone wyse voortgesit word.

Paneel vir doeleindes van ondersoek en verslag ingevolge artikels 77 en 78.

79. (1) Waar 'n hof 'n lasgewing ingevolge artikel 77 (1) of 78 (2) uitreik, word die betrokke ondersoek ingestel en oor verslag gedoen—

(a) waar die beskuldigde aangekla word weens 'n misdryf waarvoor die doodstraf nie opgelê kan word nie, deur die geneeskundige superintendent van 'n hospitaal vir sielsiekes deur die hof aangewys, of deur 'n psigiater deur bedoelde geneeskundige superintendent op versoek van die hof aangestel; of

(b) waar die beskuldigde aangekla word weens 'n misdryf waarvoor die doodstraf opgelê kan word of waar die hof in 'n besondere geval aldus gelas—

(i) deur die geneeskundige superintendent van 'n hospitaal vir sielsiekes deur die hof aangewys, of deur 'n psigiater deur bedoelde geneeskundige superintendent op versoek van die hof aangestel;

(ii) deur 'n psigiater deur die hof aangestel en wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie; en

(iii) deur 'n psigiater deur die beskuldigde aangestel indien hy dit verlang.

(2) Die hof kan vir die doeleindes van die betrokke ondersoek die beskuldigde na 'n hospitaal vir sielsiekes of 'n ander deur die hof aangewese plek verwys, vir die tydperke wat nie dertig dae op 'n keer te bowe gaan nie wat die hof van tyd tot tyd bepaal, en waar die beskuldigde in bewaring is wanneer hy aldus verwys word, word hy, terwyl hy aldus verwys is, geag in die wettige bewaring te wees van die persoon of gesag in wie se bewaring hy ten tyde van bedoelde verwysing was.

(3) Die betrokke verslag moet skriftelik wees en word in drievoud voorgelê aan die griffier of, na gelang van die geval, die klerk van die betrokke hof, wat 'n afskrif daarvan aan die aanklaer en die beskuldigde beskikbaar stel.

(4) Die verslag moet—

(a) 'n beskrywing van die aard van die ondersoek bevat; en

(b) 'n diagnose van die geestestoestand van die beskuldigde bevat; en

(c) indien die ondersoek ingevolge artikel 77 (1) is, 'n bevinding bevat of die beskuldigde oor die vermoë beskik om die betrokke verrigtinge dermate te begryp dat hy sy verdediging na behore kan voer; of

(d) indien die ondersoek ingevolge artikel 78 (2) is, 'n bevinding bevat van die mate waarin die vermoë van die beskuldigde om die ongeoorloofdheid van die betrokke handeling te besef of om ooreenkomstig 'n besef van die ongeoorloofdheid van daardie handeling op te tree, ten tyde van die verrigting daarvan deur geestesongesteldheid of geestesgebrek aangetas was.

(5) Indien die persone wat die betrokke ondersoek instel, nie eenparig in hul bevinding ingevolge paragraaf *(c)* of *(d)* van subartikel (4) is nie, word daardie feit in die verslag genoem en gee elkeen van bedoelde persone sy bevinding oor die betrokke aangeleentheid.

(6) Behoudens die bepalings van subartikel (7), is die inhoud van die verslag by strafregtelike verrigtinge as getuienis toelaatbaar.

(7) 'n Verklaring wat deur 'n beskuldigde by die betrokke ondersoek gedoen word, is nie by strafregtelike verrigtinge as getuienis teen die beskuldigde toelaatbaar nie, behalwe in die mate waarin dit relevant is by die bepaling van die geestestoestand van die beskuldigde, in welke geval so 'n verklaring toelaatbaar is nieteenstaande dat dit andersins ontoelaatbaar is.

(8) A psychiatrist appointed under subsection (1), other than a psychiatrist appointed by an accused, shall, subject to the provisions of subsection (10), be appointed from the list of psychiatrists referred to in subsection (9).

(9) The Secretary for Health shall compile and keep a list of psychiatrists who are prepared to conduct any enquiry under this section, and shall provide the registrars of the several divisions of the supreme court and all clerks of magistrates' courts with a copy thereof.

(10) Where the list compiled and kept under subsection (9) does not include a sufficient number of psychiatrists who may conveniently be appointed for any enquiry under this section, a psychiatrist may be appointed for the purposes of such enquiry notwithstanding that his name does not appear on such list.

(11) *(a)* A psychiatrist designated or appointed under subsection (1) by or at the request of the court to enquire into the mental condition of an accused and who is not in the full-time service of the State, shall be compensated for his services in connection with the enquiry from public funds in accordance with a tariff determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance.

(b) A psychiatrist appointed under subsection (1) *(b)* by an accused to enquire into the mental condition of the accused and who is not in the full-time service of the State, shall be compensated for his services from public funds in the circumstances and in accordance with a tariff determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance.

(12) For the purposes of this section a psychiatrist means a person registered as a psychiatrist under the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act 56 of 1974).

CHAPTER 14

THE CHARGE

Accused may examine charge.

80. An accused may examine the charge at any stage of the relevant criminal proceedings.

Joinder of charges.

81. (1) Any number of charges may be joined in the same proceedings against an accused at any time before any evidence has been led in respect of any particular charge, and where several charges are so joined, each charge shall be numbered consecutively.

(2) *(a)* The court may, if in its opinion it will be in the interests of justice to do so, direct that an accused be tried separately in respect of any charge joined with any other charge.

(b) An order under paragraph *(a)* may be made before or during a trial, and the effect thereof shall be that the charge in respect of which an accused is not then tried, shall be proceeded with in all respects as if the accused had in respect thereof been charged separately.

Several charges to be disposed of by same court.

82. Where an accused is in the same proceedings charged with more than one offence, and any one charge is for any reason to be disposed of by a regional court or a superior court, all the charges shall be disposed of by the same court in the same proceedings.

Charge where it is doubtful what offence committed.

83. If by reason of any uncertainty as to the facts which can be proved or if for any other reason it is doubtful which of several offences is constituted by the facts which can be proved, the accused may be charged with the commission of all or any of such offences, and any number of such charges may be tried at once, or

(8) 'n Psigiater wat kragtens subartikel (1) aangestel is, behalwe 'n psigiater deur 'n beskuldigde aangestel, word, behoudens die bepalings van subartikel (10), aangestel uit die in subartikel (9) bedoelde lys van psigiaters.

(9) Die Sekretaris van Gesondheid moet 'n lys opstel en hou van psigiaters wat bereid is om 'n ondersoek ingevolge hierdie artikel in te stel, en moet die griffiers van die verskeie afdelings van die hooggeregshof en alle klerke van landdroshowe van 'n afskrif daarvan voorsien.

(10) Waar die lys wat ingevolge subartikel (9) opgestel en gehou word, nie 'n voldoende getal psigiaters bevat wat gerieflikerwys vir 'n ondersoek ingevolge hierdie artikel aangestel kan word nie, kan 'n psigiater vir die doeleindes van so 'n ondersoek aangestel word nieteenstaande dat sy naam nie op bedoelde lys verskyn nie.

(11) *(a)* 'n Psigiater wat ingevolge subartikel (1) deur of op versoek van die hof aangewys of aangestel is om na die geestestoestand van 'n beskuldigde ondersoek in te stel en wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie, word vir sy dienste in verband met die ondersoek uit staatsgelde vergoed ooreenkomstig 'n tarief deur die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

(b) 'n Psigiater wat ingevolge subartikel (1) *(b)* deur 'n beskuldigde aangestel is om na die geestestoestand van die beskuldigde ondersoek in te stel en wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie, word uit staatsgelde vir sy dienste vergoed in die omstandighede en ooreenkomstig 'n tarief deur die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

(12) By die toepassing van hierdie artikel beteken 'n psigiater iemand wat as 'n psigiater kragtens die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974 (Wet 56 van 1974), geregistreer is.

HOOFSTUK 14

DIE AANKLAG

Beskuldige kan aanklag insien.

80. 'n Beskuldigde kan die aanklag in enige stadium van die betrokke strafregtelike verrigtinge insien.

Samevoeging van aanklagte.

81. (1) Enige getal aanklagte kan in dieselfde verrigtinge teen 'n beskuldigde saamgevoeg word te eniger tyd voordat enige getuienis ten opsigte van enige bepaalde aanklag gelei is, en waar verskeie aanklagte aldus saamgevoeg word, word elke aanklag in volgorde genommer.

(2) *(a)* Die hof kan, indien dit na sy oordeel in belang van die regspleging sal wees om dit te doen, gelas dat 'n beskuldigde afsonderlik verhoor word ten opsigte van 'n aanklag wat met 'n ander aanklag saamgevoeg is.

(b) 'n Bevel ingevolge paragraaf *(a)* kan voor of tydens 'n verhoor geskied, en die uitwerking daarvan is dat met die aanklag ten opsigte waarvan die beskuldigde nie dan verhoor word nie, in alle opsigte voortgegaan word asof die beskuldigde ten opsigte daarvan afsonderlik aangekla is.

Meerdere aanklagte moet deur dieselfde hof afgehandel word.

82. Waar 'n beskuldigde in dieselfde verrigtinge van meer as een misdryf aangekla word, en enige een aanklag om enige rede deur 'n streekhof of 'n hoër hof afgehandel moet word, word al die aanklagte deur dieselfde hof in dieselfde verrigtinge afgehandel.

Aanklag waar twyfel bestaan watter misdryf gepleeg is.

83. Indien dit vanweë onsekerheid omtrent die feite wat bewys kan word of indien dit weens 'n ander rede twyfelagtig is watter van verskeie misdrywe uitgemaak word deur die feite wat bewys kan word, kan die beskuldigde weens die pleging van al daardie misdrywe of enigeen daarvan aangekla word, en kan enige aantal van daardie aanklagte tegelykertyd bereg word, of kan die

the accused may be charged in the alternative with the commission of any number of such offences.

Essentials of charge.

84. (1) Subject to the provisions of this Act and of any other law relating to any particular offence, a charge shall set forth the relevant offence in such manner and with such particulars as to the time and place at which the offence is alleged to have been committed and the person, if any, against whom and the property, if any, in respect of which the offence is alleged to have been committed, as may be reasonably sufficient to inform the accused of the nature of the charge.

(2) Where any of the particulars referred to in subsection (1) are unknown to the prosecutor it shall be sufficient to state that fact in the charge.

(3) In criminal proceedings the description of any statutory offence in the words of the law creating the offence, or in similar words, shall be sufficient.

Objection to charge.

85. (1) An accused may, before pleading to the charge under section 106, object to the charge on the ground—

(a) that the charge does not comply with the provisions of this Act relating to the essentials of a charge;

(b) that the charge does not set out an essential element of the relevant offence;

(c) that the charge does not disclose an offence;

(d) that the charge does not contain sufficient particulars of any matter alleged in the charge; or

(e) that the accused is not correctly named or described in the charge:

Provided that the accused shall give reasonable notice to the prosecution of his intention to object to the charge and shall state the ground upon which he bases his objection: Provided further that the requirement of such notice may be waived by the attorney-general or the prosecutor, as the case may be, and the court may, on good cause shown, dispense with such notice or adjourn the trial to enable such notice to be given.

(2) *(a)* If the court decides that an objection under subsection (1) is well-founded, the court shall make such order relating to the amendment of the charge or the delivery of particulars as it may deem fit.

(b) Where the prosecution fails to comply with an order under paragraph *(a)*, the court may quash the charge.

Court may order that charge be amended.

86. (1) Where a charge is defective for the want of any essential averment therein, or where there appears to be any variance between any averment in a charge and the evidence adduced in proof of such averment, or where it appears that words or particulars that ought to have been inserted in the charge have been omitted therefrom, or where any words or particulars that ought to have been omitted from the charge have been inserted therein, or where there is any other error in the charge, the court may, at any time before judgment, if it considers that the making of the relevant amendment will not prejudice the accused in his defence, order that the charge, whether it discloses an offence or not, be amended, so far as it is necessary, both in that part thereof where the defect, variance, omission, insertion or error occurs and in any other part thereof which it may become necessary to amend.

(2) The amendment may be made on such terms as to an adjournment of the proceedings as the court may deem fit.

(3) Upon the amendment of the charge in accordance with the order of the court, the trial shall proceed at the appointed time upon the amended charge in the same manner and with the same consequences as if it had been originally in its amended form.

(4) The fact that a charge is not amended as provided in this

beskuldigde weens die pleging van enige aantal van daardie misdrywe in die alternatief aangekla word.

Vereistes vir aanklag

84. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet en van 'n ander wet betreffende 'n bepaalde misdryf, moet 'n aanklag die betrokke misdryf uiteensit op so 'n wyse en met sodanige besonderhede betreffende die tyd wanneer en die plek waar die misdryf na bewering gepleeg is en die persoon, as daar is, teen wie en die goed, as daar is, ten opsigte waarvan die misdryf na bewering gepleeg is, as wat redelikerwys voldoende is om die beskuldigde omtrent die aard van die aanklag in te lig.

(2) Waar enige van die in subartikel (1) bedoelde besonderhede aan die aanklaer onbekend is, is dit voldoende om daardie feit in die aanklag te meld.

(3) In strafregtelike verrigtinge is die beskrywing van 'n statutêre misdryf in die bewoording van die wetsbepaling wat die misdryf skep, of in ooreenstemmende bewoording, voldoende.

Beswaar teen aanklag.

85. (1) 'n Beskuldigde kan, voordat hy op die aanklag ingevolge artikel 106 pleit, beswaar aanteken teen die aanklag op grond daarvan—

(a) dat die aanklag nie voldoen aan die voorskrifte van hierdie Wet betreffende die vereistes vir 'n aanklag nie;

(b) dat die aanklag 'n wesenlike bestanddeel van die betrokke misdryf nie meld nie;

(c) dat die aanklag nie 'n misdryf openbaar nie;

(d) dat die aanklag nie voldoende besonderhede bevat van 'n aangeleentheid wat in die aanklag genoem word nie; of

(e) dat die beskuldigde in die aanklag nie by sy juiste naam of juis beskryf word nie:

Met dien verstande dat die beskuldigde redelike kennis aan die vervolging moet verstrek van sy voorneme om teen die aanklag beswaar te maak en die grond moet noem waarop hy sy beswaar baseer: Met dien verstande voorts dat die prokureur-generaal of die aanklaer, na gelang van die geval, kan afsien van die vereiste van sodanige kennisgewing, en die hof, by bewys van gegronde rede, van sodanige kennisgewing vrystelling kan verleen of die verhoor kan verdaag sodat sodanige kennis gegee kan word.

(2) *(a)* Indien die hof beslis dat 'n beswaar ingevolge subartikel (1) gegrond is, moet die hof die bevel betreffende die wysiging van die aanklag of die verstrekking van besonderhede gee wat hy goed ag.

(b) Waar die vervolging versuim om aan 'n bevel ingevolge paragraaf *(a)* te voldoen, kan die hof die aanklag nietig verklaar.

Hof kan gelas dat aanklag gewysig word.

86. (1) Waar 'n aanklag gebrekkig is vanweë die gebrek aan 'n noodsaaklike bewering daarin, of waar daar 'n verskil blyk te wees tussen 'n bewering in 'n aanklag en die getuienis wat as bewys van so 'n bewering aangevoer word, of waar dit blyk dat woorde of besonderhede wat in die aanklag ingevoeg moes gewees het, daaruit weggelaat is, of waar woorde of besonderhede wat uit die aanklag weggelaat moes gewees het, daarby ingevoeg is, of waar daar 'n ander fout in die aanklag is, kan die hof, te eniger tyd voor uitspraak, indien hy van oordeel is dat die aanbring van die toepaslike wysiging die beskuldigde nie in sy verdediging sal benadeel nie, beveel dat die aanklag, hetsy dit 'n misdryf openbaar of nie, vir sover nodig gewysig word, sowel wat betref die deel daarvan waar die gebrek, verskil, weglating, invoeging of fout voorkom, as wat betref 'n ander deel daarvan wat dit nodig mag word om te wysig.

(2) Die wysiging kan aangebring word op die voorwaardes wat die hof met betrekking tot 'n verdaging van die verrigtinge goedvind.

(3) By wysiging van die aanklag ooreenkomstig die bevel van die hof, word die verhoor op die vasgestelde tyd op die gewysigde aanklag op dieselfde wyse en met dieselfde gevolge voortgesit asof dit aanvanklik in die gewysigde vorm was.

(4) Die feit dat 'n aanklag nie gewysig word soos deur hierdie

section, shall not, unless the court refuses to allow the amendment, affect the validity of the proceedings thereunder.

Court may order delivery of particulars.

87. (1) An accused may at any stage before any evidence in respect of any particular charge has been led, in writing request the prosecution to furnish particulars or further particulars of any matter alleged in that charge, and the court before which a charge is pending may at any time before any evidence in respect of that charge has been led, direct that particulars or further particulars be delivered to the accused of any matter alleged in the charge, and may, if necessary, adjourn the proceedings in order that such particulars may be delivered.

(2) The particulars shall be delivered to the accused without charge and shall be entered in the record, and the trial shall proceed as if the charge had been amended in conformity with such particulars.

(3) In determining whether a particular is required or whether a defect in the indictment before a superior court is material to the substantial justice of the case, the court may have regard to the summary of the substantial facts under paragraph *(a)* of section 144 (3) or, as the case may be, the record of the preparatory examination.

Defect in charge cured by evidence.

88. Where a charge is defective for the want of an averment which is an essential ingredient of the relevant offence, the defect shall, unless brought to the notice of the court before judgment, be cured by evidence at the trial proving the matter which should have been averred.

Previous conviction not to be alleged in charge.

89. Except where the fact of a previous conviction is an element of any offence with which an accused is charged, it shall not in any charge be alleged that an accused has previously been convicted of any offence, whether in the Republic or elsewhere.

Charge need not specify or negative exception, exemption, proviso, excuse or qualification.

90. In criminal proceedings any exception, exemption, proviso, excuse or qualification, whether it does or does not accompany in the same section the description of the offence in the law creating the offence, may be proved by the accused but need not be specified or negatived in the charge and, if so specified or negatived, need not be proved by the prosecution.

Charge need not state manner or means of act.

91. A charge need not set out the manner in which or the means or instrument by which any act was done, unless the manner, means or instrument is an essential element of the relevant offence.

Certain omissions or imperfections not to invalidate charge.

92. (1) A charge shall not be held defective—

(a) for want of the averment of any matter which need not be proved;

(b) because any person mentioned in the charge is designated by a name of office or other descriptive appellation instead of by his proper name;

(c) because of an omission, in any case where time is not of the essence of the offence, to state the time at which the offence was committed;

(d) because the offence is stated to have been committed on a day subsequent to the laying of the complaint or the service of the charge or on an impossible day or on a day that never happened;

(e) for want of, or imperfection in, the addition of any accused or any other person;

(f) for want of the statement of the value or price of any matter or thing, or the amount of damage, injury or spoil in any case where the value or price or the amount of damage, injury or spoil is not of the essence of the offence.

(2) If any particular day or period is alleged in any charge to be the day on which or the period during which any act or offence

artikel bepaal nie, raak nie die geldigheid van die verrigtinge daarkragtens nie, tensy die hof weier om die wysiging toe te laat.

Hof kan verstrekking van besonderhede gelas.

87. (1) 'n Beskuldigde kan in enige stadium voordat enige getuienis ten opsigte van 'n bepaalde aanklag gelei is, die vervolging skriftelik versoek om besonderhede of nadere besonderhede te verstrek oor 'n in daardie aanklag beweerde aangeleentheid, en die hof voor wie 'n aanklag hangende is, kan te eniger tyd voordat getuienis ten opsigte van daardie aanklag gelei is, gelas dat besonderhede of nadere besonderhede aan die beskuldigde verstrek word oor 'n in die aanklag beweerde aangeleentheid, en kan, indien nodig, die verrigtinge verdaag sodat bedoelde besonderhede verstrek kan word.

(2) Die besonderhede word kosteloos aan die beskuldigde verstrek en word in die oorkonde aangeteken, en die verhoor word voortgesit asof die aanklag in ooreenstemming met bedoelde besonderhede gewysig is.

(3) Die hof kan, by beslissing of 'n besonderheid nodig is en of 'n gebrek in die akte van beskuldiging voor 'n hoër hof van belang is om wesenlik reg in die saak te laat geskied, kennis neem van die opsomming ingevolge paragraaf *(a)* van artikel 144 (3) van die wesenlike feite of, na gelang van die geval, die oorkonde van die voorlopige ondersoek.

Gebrek in aanklag deur getuienis herstel.

88. Waar 'n aanklag gebrekkig is vanweë die weglating van 'n bewering wat 'n noodsaaklike bestanddeel van die betrokke misdryf is, word die gebrek, tensy dit voor uitspraak onder die aandag van die hof gebring word, herstel deur getuienis by die verhoor wat die aangeleentheid bewys wat beweer moes gewees het.

Vorige veroordeling word nie in aanklag beweer nie.

89. Behalwe waar die feit van 'n vorige veroordeling 'n bestanddeel is van 'n misdryf waarvan 'n beskuldigde aangekla word, word dit nie in 'n aanklag beweer dat 'n beskuldigde voorheen, hetsy in die Republiek of elders, weens 'n misdryf veroordeel is nie.

Aanklag hoef nie uitsondering, vrystelling, voorbehoud, verskoning of kwalifikasie uiteen te sit of te ontken nie.

90. In strafregtelike verrigtinge kan 'n uitsondering, vrystelling, voorbehoud, verskoning of kwalifikasie, hetsy dit in dieselfde artikel tesame met die beskrywing van die misdryf in die wetsbepaling wat die misdryf skep, voorkom al dan nie, deur die beskuldigde bewys word, maar dit hoef nie in die aanklag uiteengesit of ontken te word nie en, indien aldus uiteengesit of ontken, hoef dit nie deur die vervolging bewys te word nie.

Aanklag hoef nie wyse of middel van optrede te vermeld nie.

91. 'n Aanklag hoef nie die wyse waarop of die middel of werktuig waarmee 'n handeling verrig is, uiteen te sit nie, tensy die wyse, middel of werktuig 'n wesenlike bestanddeel van die betrokke misdryf is.

Sekere weglatings of gebreke maak aanklag nie ongeldig nie.

92. (1) 'n Aanklag word nie as gebrekkig beskou nie—

(a) vanweë gebrek aan die bewering van enigiets wat nie bewys hoef te word nie;

(b) omdat 'n in die aanklag vermelde persoon aangedui word deur 'n ampsnaam of 'n ander beskrywingsnaam in plaas van sy eie naam;

(c) vanweë die versuim, in 'n geval waar tyd nie by die misdryf wesenlik is nie, om die tyd te meld wanneer die misdryf gepleeg is;

(d) omdat dit beweer dat die misdryf gepleeg is na die indiening van die klagte of die betekening van die aanklag of op 'n dag wat onmoontlik is of op 'n dag wat nooit voorgeval het nie;

(e) weens nie-byvoeging of 'n gebrek in die byvoeging van 'n beskuldigde of 'n ander persoon;

(f) weens nie-vermelding van die waarde of prys van 'n voorwerp of saak, of die bedrag van skade, nadeel of buit in 'n geval waar die waarde of prys of die bedrag van die skade, nadeel of buit nie by die misdryf wesenlik is nie.

(2) Indien 'n besondere dag of tydperk in 'n aanklag beweer word te wees die dag waarop of die tydperk waarin 'n handeling

was committed, proof that such act or offence was committed on any other day or during any other period not more than three months before or after the day or period alleged therein shall be taken to support such allegation if time is not of the essence of the offence: Provided that—

(a) proof may be given that the act or offence in question was committed on a day or during a period more than three months before or after the day or period stated in the charge unless it is made to appear to the court before which the proceedings are pending that the accused is likely to be prejudiced thereby in his defence on the merits;

(b) if the court considers that the accused is likely to be prejudiced thereby in his defence on the merits, it shall reject such proof, and the accused shall be deemed not to have pleaded to the charge.

Alibi and date of act or offence.

93. If the defence of an accused is an alibi and the court before which the proceedings are pending is of the opinion that the accused may be prejudiced in making such defence if proof is admitted that the act or offence in question was committed on a day or at a time other than the day or time stated in the charge, the court shall reject such proof notwithstanding that the day or time in question is within a period of three months before or after the day or time stated in the charge, whereupon the same consequences shall follow as are mentioned in proviso *(b)* of section 92 (2).

Charge may allege commission of offence on divers occasions.

94. Where it is alleged that an accused on divers occasions during any period committed an offence in respect of any particular person, the accused may be charged in one charge with the commission of that offence on divers occasions during a stated period.

Rules applicable to particular charges.

95. (1) A charge relating to a testamentary instrument need not allege that the instrument is the property of any person.

(2) A charge relating to anything fixed in a square, street or open place or in a place dedicated to public use or ornament, or relating to anything in a public place or office or taken therefrom, need not allege that the thing in question is the property of any person.

(3) A charge relating to a document which is the evidence of title to land or of an interest in land may describe the document as being the evidence of the title of the person or of one of the persons having an interest in the land to which the document relates, and shall describe the land or any relevant part thereof in a manner sufficient to identify it.

(4) A charge relating to the theft of anything leased to the accused may describe the thing in question as the property of the person who leased it to the accused.

(5) A charge against a person in the public service for an offence committed in connection with anything which came into his possession by virtue of his employment may describe the thing in question as the property of the State.

(6) A charge relating to anything in the possession or under the control of any public officer may describe the thing in question as being in the lawful possession or under the lawful control of such officer without referring to him by name.

(7) A charge relating to movable or immovable property whereof any body corporate has by law the management, control or custody, may describe the property in question as being under the lawful management or control or in the lawful custody of the body corporate in question.

(8) If it is uncertain to which of two or more persons property in connection with which an offence has been committed belonged at the time when the offence was committed, the relevant charge may describe the property as the property of one or other of those persons, naming each of them but without specifying which of

verrig of misdryf gepleeg is, word bewys dat so 'n handeling verrig is of so 'n misdryf gepleeg is op 'n ander dag of in 'n ander tydperk wat nie langer is nie as drie maande voor of na die dag of tydperk daarin vermeld, geag bedoelde bewering te staaf indien tyd nie by die misdryf wesenlik is nie: Met dien verstande dat—

(a) bewys gelewer kan word dat die betrokke handeling of misdryf verrig of gepleeg is op 'n dag of in 'n tydperk meer as drie maande voor of na die in die aanklag vermelde dag of tydperk, tensy dit aan die hof voor wie die verrigtinge hangende is, blyk dat die beskuldigde waarskynlik daardeur in sy verdediging op die meriete benadeel sal word;

(b) indien die hof van oordeel is dat die beskuldigde waarskynlik daardeur in sy verdediging op die meriete benadeel sal word, hy bedoelde bewys moet verwerp, en die beskuldigde geag word nie op die aanklag te gepleit het nie.

Alibi en datum van handeling of misdryf.

93. Indien die verdediging van 'n beskuldigde 'n alibi is en die hof voor wie die verrigtinge hangende is van oordeel is dat die beskuldigde by die aanvoer van so 'n verdediging benadeel kan word indien bewys toegelaat word dat die betrokke handeling of misdryf verrig of gepleeg is op 'n ander dag of tyd as die dag of tyd in die aanklag vermeld, moet die hof bedoelde bewys verwerp nieteenstaande dat die betrokke dag of tyd binne 'n tydperk van drie maande voor of na die dag of tyd in die aanklag vermeld, val, waarop dieselfde gevolge intree soos in voorbehoudsbepaling *(b)* van artikel 92 (2) genoem.

Aanklag kan pleging van misdryf by verskeie geleenthede beweer.

94. Waar dit beweer word dat 'n beskuldigde by verskeie geleenthede oor 'n tydperk ten opsigte van 'n bepaalde persoon 'n misdryf gepleeg het, kan die beskuldigde in een aanklag weens die pleging van daardie misdryf by verskeie geleenthede in 'n vermelde tydperk aangekla word.

Reëls wat op besondere aanklagte van toepassing is.

95. (1) 'n Aanklag betreffende 'n testamentêre geskrif hoef nie te beweer dat die geskrif die eiendom van iemand is nie.

(2) 'n Aanklag betreffende enigiets wat aangebring is in 'n plein, straat of oop plek of in 'n plek wat afgesonder is vir openbare gebruik of versiering, of betreffende enigiets in 'n openbare plek of kantoor of daaruit geneem, hoef nie te beweer dat die betrokke saak die eiendom van iemand is nie.

(3) 'n Aanklag betreffende 'n dokument wat bewys is van titel tot grond of 'n belang in grond kan die dokument beskryf as die bewys van die titel van die persoon of van een van die persone wat 'n belang in die grond het waarop die dokument betrekking het, en moet die grond of 'n betrokke gedeelte daarvan op 'n wyse beskryf wat voldoende is om dit te identifiseer.

(4) 'n Aanklag betreffende die diefstal van iets wat aan die beskuldigde verhuur is, kan die betrokke saak beskryf as die eiendom van die persoon wat dit aan die beskuldigde verhuur het.

(5) 'n Aanklag teen iemand in die staatsdiens weens 'n misdryf gepleeg in verband met iets wat uit hoofde van sy werk in sy besit gekom het, kan die betrokke saak as die eiendom van die Staat beskryf.

(6) 'n Aanklag betreffende iets wat in die besit of onder die beheer van 'n openbare beampte is, kan die betrokke saak beskryf as synde in die regmatige besit of onder die regmatige beheer van daardie beampte sonder om na hom by naam te verwys.

(7) 'n Aanklag betreffende roerende of onroerende goed waarvan 'n regspersoon kragtens wet die bestuur, beheer of bewaring het, kan die betrokke goed beskryf as synde onder die regmatige bestuur of beheer of in die regmatige bewaring van die betrokke regspersoon.

(8) Indien dit nie seker is aan wie van twee of meer persone goed in verband waarmee 'n misdryf gepleeg is, ten tyde van die pleging van die misdryf behoort het nie, kan die betrokke aanklag die goed beskryf as die eiendom van die een of die ander van daardie persone, met verstrekking van elkeen se naam, maar sonder om een in besonder aan te dui, en dit is by die verhoor

them, and it shall be sufficient at the trial to prove that at the time when the offence was committed the property belonged to one or other of those persons without proving which of them.

(9) If property alleged to have been stolen was not in the physical possession of the owner thereof at the time when the theft was committed but in the physical possession of another person who had the custody thereof on behalf of the owner, it shall be sufficient to allege in a charge for the theft of that property that it was in the lawful custody or under the lawful control of that other person.

(10) A charge relating to theft from any grave need not allege that anything in the grave is the property of any person.

(11) In a charge in which any trade mark or forged trade mark is proposed to be mentioned, it shall be sufficient, without further description and without any copy or facsimile, to state that such trade mark or forged trade mark is a trade mark or forged trade mark.

(12) A charge relating to housebreaking or the entering of any house or premises with intent to commit an offence, whether the charge is brought under the common law or any statute, may state either that the accused intended to commit a specified offence or that the accused intended to commit an offence to the prosecutor unknown.

Naming of company, firm or partnership in charge.

96. A reference in a charge to a company, firm or partnership shall be sufficient if the reference is to the name of the company, firm or partnership.

Naming of joint owners of property in charge.

97. A reference in a charge to joint owners of property shall be sufficient if the reference is to one specific owner and another owner or, as the case may be, other owners.

Charge of murder or culpable homicide sufficient if it alleges fact of killing.

98. It shall be sufficient in a charge of murder to allege that the accused unlawfully and intentionally killed the deceased, and it shall be sufficient in a charge of culpable homicide to allege that the accused unlawfully killed the deceased.

Charge relating to document sufficient if it refers to document by name.

99. (1) In any charge relating to the forging, uttering, stealing, destroying or concealing of, or to some other unlawful dealing with any document, it shall be sufficient to describe the document by any name or designation by which it is usually known or by the purport thereof, without setting out any copy or facsimile thereof or otherwise describing it or stating its value.

(2) Whenever it is necessary in any case not referred to in subsection (1) to make any allegation in any charge in relation to any document, whether it consists wholly or in part of writing, print or figures, it shall be sufficient to describe the document by any name or designation by which it is usually known or by the purport thereof, without setting out any copy or facsimile of the whole or any part thereof, unless the wording of the document is an element of the offence.

Charge alleging theft may allege general deficiency.

100. On a charge alleging the theft of money or property by a person entrusted with the control thereof, the charge may allege a general deficiency in a stated amount, notwithstanding that such general deficiency is made up of specific sums of money or articles or of a sum of money representing the value of specific articles, the theft of which extended over a period.

Charge relating to false evidence.

101. (1) A charge relating to the administering or taking of an oath or the administering or making of an affirmation or the giving of false evidence or the making of a false statement or the procuring of false evidence or a false statement—

(a) need not set forth the words of the oath or the affirmation or the evidence or the statement, if it sets forth so much of the purport thereof as is material;

voldoende om te bewys dat die goed ten tyde van die pleging van die misdryf aan die een of die ander van daardie persone behoort het sonder om te bewys aan watter een.

(9) Indien goed wat na bewering gesteel is, nie ten tyde van die pleging van die diefstal in die fisiese besit van die eienaar daarvan was nie maar in die fisiese besit van iemand anders wat die bewaring daaroor ten behoewe van die eienaar gehad het, is dit voldoende om in 'n aanklag weens die diefstal van daardie goed te beweer dat dit in die regmatige bewaring of onder die regmatige beheer van daardie ander persoon was.

(10) 'n Aanklag betreffende diefstal uit 'n graf hoef nie te beweer dat iets in die graf die eiendom van iemand is nie.

(11) In 'n aanklag waarin 'n handelsmerk of vervalste handelsmerk vermeld staan te word, is dit voldoende om sonder verdere beskrywing en sonder 'n afskrif of faksimilee, te vermeld dat sodanige handelsmerk of vervalste handelsmerk 'n handelsmerk of vervalste handelsmerk is.

(12) 'n Aanklag betreffende huisbraak of die binnegaan van 'n huis of perseel met die opset om 'n misdryf te pleeg, hetsy die aanklag ingevolge die gemenereg of 'n wetsbepaling geskied, kan òf vermeld dat die beskuldigde die opset gehad het om 'n bepaalde misdryf te pleeg òf dat die beskuldigde die opset gehad het om 'n aan die aanklaer onbekende misdryf te pleeg.

Vermelding van maatskappy, firma of vennootskap in aanklag.

96. 'n Verwysing in 'n aanklag na 'n maatskappy, firma of vennootskap is voldoende as die verwysing na die naam van die maatskappy, firma of vennootskap is.

Vermelding van mede-eienaars van goed in aanklag.

97. 'n Verwysing in 'n aanklag na mede-eienaars van goed is voldoende as die verwysing na 'n bepaalde eienaar en 'n ander eienaar of, na gelang van die geval, ander eienaars is.

Aanklag van moord of strafbare manslag voldoende indien dit feit van doding beweer.

98. Dit is voldoende om in 'n aanklag van moord te beweer dat die beskuldigde die oorledene wederregtelik en opsetlik gedood het, en dit is voldoende om in 'n aanklag van strafbare manslag te beweer dat die beskuldigde die oorledene wederregtelik gedood het.

Aanklag betreffende dokument voldoende indien dit by naam na dokument verwys.

99. (1) In 'n aanklag betreffende die vervalsing, uitgifte, diefstal, vernietiging of versteking van, of 'n ander onregmatige handeling met, 'n dokument, is dit voldoende om die dokument te beskryf met 'n naam of benaming waarby dit gewoonlik bekend is of met die strekking daarvan, sonder om 'n afskrif of faksimilee daarvan te verstrek of om dit op 'n ander wyse te beskryf of die waarde daarvan te vermeld.

(2) Wanneer dit in 'n geval wat nie in subartikel (1) genoem word nie, nodig is om in 'n aanklag 'n bewering te maak betreffende 'n dokument, hetsy dit geheel en al of gedeeltelik uit skrif, druk of syfers bestaan, is dit voldoende om die dokument te beskryf met 'n naam of benaming waarby dit gewoonlik bekend is of met die strekking daarvan, sonder om 'n afskrif of faksimilee daarvan of van 'n deel daarvan te verstrek, tensy die bewoording van die dokument 'n bestanddeel van die misdryf uitmaak.

Aanklag wat diefstal beweer, kan algemene tekort ten laste lê.

100. Op 'n aanklag wat die diefstal van geld of goed beweer deur iemand aan wie die beheer daaroor toevertrou is, kan die aanklag 'n algemene tekort in 'n vermelde bedrag ten laste lê, nieteenstaande dat so 'n algemene tekort bestaan uit bepaalde bedrae geld of voorwerpe of 'n bedrag geld wat die waarde verteenwoordig van bepaalde voorwerpe, waarvan die diefstal oor 'n tydperk gestrek het.

Aanklag betreffende valse getuienis.

101. (1) 'n Aanklag betreffende die oplê of aflê van 'n eed of die oplê of doen van 'n bevestiging of die aflê van valse getuienis of 'n valse verklaring of die verkryging van valse getuienis of 'n valse verklaring—

(a) hoef nie die woorde van die eed of die bevestiging of die getuienis of die verklaring te herhaal indien dit soveel van die strekking daarvan uiteensit as wat ter sake is nie;

(b) need not allege, nor need it be established at the trial, that the false evidence or statement was material to any issue at the relevant proceedings or that it was to the prejudice of any person.

(2) A charge relating to the giving or the procuring or attempted procuring of false evidence need not allege the jurisdiction or state the nature of the authority of the court or tribunal before which or the officer before whom the false evidence was given or was intended or proposed to be given.

Charge relating to insolvency.

102. A charge relating to insolvency need not set forth any debt, act of insolvency or adjudication or any other proceeding in any court, or any order made or any warrant or document issued by or under the authority of any court.

Charge alleging intent to defraud need not allege or prove such intent in respect of particular person or mention owner of property or set forth details of deceit.

103. In any charge in which it is necessary to allege that the accused performed an act with an intent to defraud, it shall be sufficient to allege and to prove that the accused performed the act with intent to defraud without alleging and proving that it was the intention of the accused to defraud any particular person, and such a charge need not mention the owner of any property involved or set forth the details of any deceit.

Reference in charge to objectionable matter not necessary.

104. A charge of printing, publishing, manufacturing, making or producing blasphemous, seditious, obscene or defamatory matter, or of distributing, displaying, exhibiting, selling or offering or keeping for sale any obscene book, pamphlet, newspaper or other printed or written matter, shall not be open to objection or be deemed insufficient on the ground that it does not set out the words thereof: Provided that the court may order that particulars shall be furnished by the prosecution stating what passages in such book, pamphlet, newspaper, printing or writing are relied upon in support of the charge.

CHAPTER 15

THE PLEA

Accused to plead to charge.

105. The charge shall be put to the accused by the prosecutor before the trial of the accused is commenced, and the accused shall, subject to the provisions of sections 77 and 85, be required by the court forthwith to plead thereto in accordance with section 106.

Pleas.

106. (1) When an accused pleads to a charge he may plead—

(a) that he is guilty of the offence charged or of any offence of which he may be convicted on the charge; or
(b) that he is not guilty; or
(c) that he has already been convicted of the offence with which he is charged; or
(d) that he has already been acquitted of the offence with which he is charged; or
(e) that he has received a free pardon under section 327 (6) from the State President for the offence charged; or
(f) that the court has no jurisdiction to try the offence; or
(g) that he has been discharged under the provisions of section 204 from prosecution for the offence charged; or
(h) that the prosecutor has no title to prosecute.

(2) Two or more pleas may be pleaded together except that a plea of guilty may not be pleaded with any other plea to the same charge.

(b) hoef nie te beweer, en dit hoef ook nie by die verhoor bewys te word, dat die valse getuienis of verklaring by 'n geskilpunt in die betrokke verrigtinge wesenlik was of dat dit tot nadeel van iemand gestrek het nie.

(2) 'n Aanklag betreffende die aflê of die verkryging of gepoogde verkryging van valse getuienis hoef nie die regsbevoegdheid te beweer of die aard van die gesag te vermeld van die hof of tribunaal of beampte voor wie die valse getuienis afgelê is of bedoel of bestem was om afgelê te word nie.

Aanklag betreffende insolvensie.

102. 'n Aanklag betreffende insolvensie hoef nie 'n skuld, daad van insolvensie of toewysing of ander verrigting in 'n hof, of 'n bevel gegee of 'n lasbrief of dokument uitgereik deur of kragtens gesag van 'n hof, uiteen te sit nie.

Aanklag wat opset om te bedrieg beweer, hoef nie so 'n opset ten opsigte van bepaalde persoon te beweer of te bewys of eienaar van goed te vermeld of besonderhede van misleiding uiteen te sit nie.

103. In 'n aanklag waarin dit nodig is om te beweer dat die beskuldigde 'n handeling verrig het met 'n opset om te bedrieg, is dit voldoende om te beweer en te bewys dat die beskuldigde die handeling verrig het met die opset om te bedrieg sonder om te beweer en te bewys dat dit die opset van die beskuldigde was om 'n bepaalde persoon te bedrieg, en so 'n aanklag hoef nie die eienaar van goed wat betrokke is te vermeld of die besonderhede van enige misleiding uiteen te sit nie.

Verwysing in aanklag na aanstootlike stof nie noodsaaklik.

104. 'n Aanklag van die druk, uitgee, vervaardiging, maak of voortbrenging van godslasterlike, opruiende, onbetaamlike of lasterlike stof, of van die verspreiding, uitstalling, tentoonstelling verkoop of die aanbied vir verkoop of die hou vir verkoop van 'n onbetaamlike boek, pamflet, nuusblad of ander gedrukte of geskrewe stof, is nie vir beswaar vatbaar of word nie as gebrekkig beskou op grond daarvan dat die woorde daarvan nie uiteengesit word nie: Met dien verstande dat die hof kan gelas dat besonderhede deur die vervolging verstrek word wat aantoon op watter gedeeltes van so 'n boek, pamflet, nuusblad, drukwerk of geskrif gesteun word ter stawing van die aanklag.

HOOFSTUK 15

DIE PLEIT

Beskuldigde moet op aanklag pleit.

105. Voordat die verhoor van 'n beskuldigde 'n aanvang neem, word die aanklag deur die aanklaer aan hom gestel en word hy, behoudens die bepalings van artikels 77 en 85, deur die hof aangesê om onverwyld ooreenkomstig artikel 106 daarop te pleit.

Pleite.

106. (1) Wanneer 'n beskuldigde op 'n aanklag pleit, kan hy pleit—

(a) dat hy skuldig is aan die ten laste gelegde misdryf of aan 'n misdryf waaraan hy op die aanklag skuldig bevind kan word; of

(b) dat hy onskuldig is; of

(c) dat hy reeds aan die misdryf skuldig bevind is waarvan hy aangekla is; of

(d) dat hy reeds van die misdryf vrygespreek is waarvan hy aangekla is; of

(e) dat hy 'n algehele kwytskelding ingevolge artikel 327 (6) van die Staatspresident ten opsigte van die ten laste gelegde misdryf ontvang het; of

(f) dat die hof nie regsbevoegdheid het om die misdryf te bereg nie; of

(g) dat hy ingevolge die bepalings van artikel 204 gevrywaar is teen vervolging weens die ten laste gelegde misdryf; of

(h) dat die aanklaer nie bevoeg is om te vervolg nie.

(2) Twee of meer pleite kan tegelyk gepleit word behalwe dat 'n pleit van skuldig nie saam met 'n ander pleit op dieselfde aanklag gepleit kan word nie.

(3) An accused shall give reasonable notice to the prosecution of his intention to plead a plea other than the plea of guilty or not guilty, and shall in such notice state the ground on which he bases his plea: Provided that the requirement of such notice may be waived by the attorney-general or the prosecutor, as the case may be, and the court may, on good cause shown, dispense with such notice or adjourn the trial to enable such notice to be given.

(4) An accused who pleads to a charge, other than a plea that the court has no jurisdiction to try the offence, or an accused on behalf of whom a plea of not guilty is entered by the court, shall, save as is otherwise expressly provided by this Act or any other law, be entitled to demand that he be acquitted or be convicted.

Truth and publication for public benefit of defamatory matter to be specially pleaded.

107. A person charged with the unlawful publication of defamatory matter, who sets up as a defence that the defamatory matter is true and that it was for the public benefit that the matter should be published, shall plead such defence specially, and may plead it with any other plea except the plea of guilty.

Issues raised by plea to be tried.

108. If an accused pleads a plea other than a plea of guilty, he shall, subject to the provisions of sections 115, 122 and 141 (3), by such plea be deemed to demand that the issues raised by the plea be tried.

Accused refusing to plead.

109. Where an accused in criminal proceedings refuses to plead to any charge, the court shall record a plea of not guilty on behalf of the accused, and a plea so recorded shall have the same effect as if it had been actually pleaded.

CHAPTER 16

JURISDICTION

Accused brought before court which has no jurisdiction.

110. (1) Where an accused does not plead that the court has no jurisdiction and it at any stage—

(a) after the accused has pleaded a plea of guilty or of not guilty; or

(b) where the accused has pleaded any other plea and the court has determined such plea against the accused,

appears that the court in question does not have jurisdiction, the court shall for the purposes of this Act be deemed to have jurisdiction in respect of the offence in question.

(2) Where an accused pleads that the court in question has no jurisdiction and the plea is upheld, the court shall adjourn the case to the court having jurisdiction.

Minister may remove trial to jurisdiction of another attorney-general.

111. (1) Where the Minister deems it in the interests of the administration of justice that an offence committed within the area of jurisdiction of one attorney-general be tried within the area of jurisdiction of another attorney-general, he may in writing direct that criminal proceedings in respect of such offence be commenced in a court at a place within the area of jurisdiction of such other attorney-general.

(2) *(a)* The direction of the Minister shall set out the name of the accused, the relevant offence, the place at which (if known) and the provincial division in which the offence was committed, and the place at which the relevant criminal proceedings shall commence and the provincial division in which such place is situated.

(b) A copy of the direction shall be served on the accused, and the original thereof shall, save as is provided in subsection (4), be handed in at the court in which the proceedings are to commence.

(3) The court in which the proceedings commence shall have jurisdiction to act with regard to the offence in question as if the offence had been committed within the area of jurisdiction of such court.

(4) Where the Minister issues a direction under subsection (1) after an accused has already appeared in a court, the original of such direction shall be handed in at the relevant proceedings and attached to the record of the proceedings, and the court in question shall—

(3) 'n Beskuldigde moet redelike kennis aan die vervolging verstrek van sy voorneme om 'n ander pleit as die pleit van skuldig of onskuldig te pleit, en moet in bedoelde kennis die grond noem waarop sy pleit gegrond is: Met dien verstande dat die prokureur-generaal of die aanklaer, na gelang van die geval, kan afsien van die vereiste van sodanige kennisgewing, en die hof, by bewys van gegronde rede, van sodanige kennisgewing vrystelling kan verleen of die verhoor kan verdaag sodat sodanige kennis gegee kan word.

(4) 'n Beskuldigde wat op 'n aanklag pleit, behalwe 'n pleit dat die hof nie regsbevoegdheid het om die misdryf te bereg nie, of 'n beskuldigde ten behoewe van wie 'n pleit van onskuldig deur die hof aangeteken word, is, behalwe waar hierdie Wet of 'n ander wet uitdruklik anders bepaal, geregtig om te eis dat hy vrygespreek of skuldig bevind word.

Waarheid en publikasie in openbare belang van lasterlike bewerings moet spesiaal gepleit word.

107. Iemand wat weens die onwettige publikasie van lasterlike bewerings aangekla word en wat die verdediging opwerp dat die lasterlike bewerings waar is en dat dit in die openbare belang was dat die bewerings gepubliseer word, moet so 'n verdediging spesiaal pleit, en kan dit saam met 'n ander pleit, behalwe 'n pleit van skuldig, pleit.

Geskilpunte wat uit pleit ontstaan, word bereg.

108. Indien 'n beskuldigde 'n ander pleit as 'n pleit van skuldig pleit, word hy, behoudens die bepalings van artikels 115, 122 en 141 (3), geag met so 'n pleit te eis dat die geskilpunte wat uit die pleit ontstaan, bereg word.

Beskuldigde wat weier om te pleit.

109. Waar 'n beskuldigde in strafregtelike verrigtinge weier om op 'n aanklag te pleit, teken die hof 'n pleit van onskuldig ten behoewe van die beskuldigde aan, en 'n pleit aldus aangeteken, het dieselfde gevolg asof dit werklik gepleit is.

HOOFSTUK 16

REGSBEVOEGDHEID

Beskuldigde voor hof gebring wat nie regsbevoegdheid het nie.

110. (1) Waar 'n beskuldigde nie pleit dat die hof nie regsbevoegdheid het nie en dit in enige stadium—

(a) nadat die beskuldigde 'n pleit van skuldig of van onskuldig gepleit het; of

(b) waar die beskuldigde 'n ander pleit gepleit het en die hof so 'n pleit teen die beskuldigde afgewys het,

blyk dat die betrokke hof nie regsbevoegdheid het nie, word die hof by die toepassing van hierdie Wet geag regsbevoegdheid ten opsigte van die betrokke misdryf te hê.

(2) Waar 'n beskuldigde pleit dat die betrokke hof nie regsbevoegdheid het nie en die pleit gehandhaaf word, moet die hof die saak verdaag na die hof wat regsbevoegdheid het.

Minister kan verhoor na regsgebied van 'n ander prokureur-generaal verplaas.

111. (1) Waar die Minister dit in belang van die regspleging ag dat 'n misdryf wat in die regsgebied van een prokureur-generaal gepleeg is, binne die regsgebied van 'n ander prokureur-generaal bereg word, kan hy skriftelik gelas dat strafregtelike verrigtinge ten opsigte van so 'n misdryf in 'n hof op 'n plek binne die regsgebied van bedoelde ander prokureur-generaal 'n aanvang neem.

(2) *(a)* Die lasgewing van die Minister moet die naam van die beskuldigde, die betrokke misdryf, die plek waar (indien bekend) en die provinsiale afdeling waarin die misdryf gepleeg is, en die plek waar die betrokke strafregtelike verrigtinge 'n aanvang moet neem en die provinsiale afdeling waarin bedoelde plek geleë is, uiteensit.

(b) 'n Afskrif van die lasgewing word aan die beskuldigde beteken, en die oorspronklike daarvan word, behalwe soos in subartikel (4) bepaal, by die hof ingehandig waarin die verrigtinge 'n aanvang moet neem.

(3) Die hof waarin die verrigtinge 'n aanvang neem, is regsbevoeg om met betrekking tot die betrokke misdryf op te tree asof die misdryf binne die regsgebied van daardie hof gepleeg is.

(4) Waar die Minister 'n lasgewing ingevolge subartikel (1) uitreik nadat 'n beskuldigde reeds in 'n hof verskyn het, word die oorspronklike van daardie lasgewing by die betrokke verrigtinge ingehandig en aan die oorkonde van die verrigtinge geheg, en die betrokke hof moet—

(a) where the accused is not in custody, cause the accused to be brought before it, and when the accused is before it, adjourn the proceedings to a time and a date and to the court in which the accused is to appear in accordance with the said direction, whereupon such time and date and court shall be deemed to be the time and date and place appointed for the trial of the accused or to which the proceedings pending against the accused are adjourned;

(b) forward a copy of the record of the proceedings to the court in which the accused is to appear, and that court shall receive such copy and continue with the proceedings against the accused as if such proceedings had commenced before it.

(5) The direction of the Minister shall be final and not subject to appeal to any court.

CHAPTER 17

PLEA OF GUILTY AT SUMMARY TRIAL

Plea of guilty.

112. (1) Where an accused at a summary trial in any court pleads guilty to the offence charged, or to an offence of which he may be convicted on the charge and the prosecutor accepts that plea—

(a) the presiding judge may, if he is of the opinion that the offence does not merit the sentence of death, or the presiding judge, regional magistrate or magistrate may, if he is of the opinion that the offence does not merit punishment of imprisonment or any other form of detention without the option of a fine or of a whipping or of a fine exceeding one hundred rand, convict the accused in respect of the offence to which he has pleaded guilty on his plea of guilty only and—

(i) impose any competent sentence, other than the sentence of death or imprisonment or any other form of detention without the option of a fine or a whipping or a fine exceeding one hundred rand; or

(ii) deal with the accused otherwise in accordance with law;

(b) the presiding judge shall, if he is of the opinion that the offence merits the sentence of death, or the presiding judge, regional magistrate or magistrate shall, if he is of the opinion that the offence merits punishment of imprisonment or any other form of detention without the option of a fine or of a whipping or of a fine exceeding one hundred rand, or if requested thereto by the prosecutor, question the accused with reference to the alleged facts of the case in order to ascertain whether he admits the allegations in the charge to which he has pleaded guilty, and may, if satisfied that the accused is guilty of the offence to which he has pleaded guilty, convict the accused on his plea of guilty of that offence and impose any competent sentence: Provided that the sentence of death shall not be imposed unless the guilt of the accused has been proved as if he had pleaded not guilty.

(2) If an accused or his legal adviser hands a written statement by the accused into court, in which the accused sets out the facts which he admits and on which he has pleaded guilty, the court may, in lieu of questioning the accused under subsection (1) *(b)*, convict the accused on the strength of such statement and sentence him as provided in the said subsection if the court is satisfied that the accused is guilty of the offence to which he has pleaded guilty: Provided that the court may in its discretion put any question to the accused in order to clarify any matter raised in the statement.

(3) Nothing in this section shall prevent the prosecutor from presenting evidence on any aspect of the charge, or the court from hearing evidence, including evidence or a statement by or on

(a) waar die beskuldigde nie in bewaring is nie, die beskuldigde voor hom laat bring, en wanneer die beskuldigde voor hom is, die verrigtinge verdaag na 'n tyd en 'n datum en na die hof waarin die beskuldigde ooreenkomstig bedoelde lasgewing moet verskyn, waarop bedoelde tyd en datum en hof geag word die tyd en datum en plek te wees wat vir die verhoor van die beskuldigde bepaal is of waartoe die verrigtinge wat teen die beskuldigde hangende is, verdaag word;

(b) 'n afskrif van die oorkonde van die verrigtinge aan die hof stuur waarin die beskuldigde moet verskyn, en daardie hof moet bedoelde afskrif ontvang en met die verrigtinge teen die beskuldigde voortgaan asof daardie verrigtinge voor hom 'n aanvang geneem het.

(5) Die lasgewing van die Minister is afdoende en nie aan appèl na enige hof onderhewig nie.

HOOFSTUK 17

PLEIT VAN SKULDIG IN SUMMIERE VERHOOR

Pleit van skuldig.

112. (1) Waar 'n beskuldigde in 'n summiere verhoor in enige hof skuldig pleit aan die ten laste gelegde misdryf, of aan 'n misdryf waaraan hy op die aanklag skuldig bevind kan word en die aanklaer daardie pleit aanvaar—

(a) kan die voorsittende regter, indien hy van oordeel is dat die misdryf nie die doodvonnis regverdig nie, of kan die voorsittende regter, streeklanddros of landdros, indien hy van oordeel is dat die misdryf nie gevangenisstraf of 'n ander vorm van aanhouding sonder die keuse van 'n boete of lyfstraf of 'n boete van meer as honderd rand regverdig nie, die beskuldigde slegs uit hoofde van sy pleit van skuldig skuldig bevind ten opsigte van die misdryf waarop hy skuldig gepleit het en—

(i) 'n geoorloofde vonnis oplê, behalwe die doodvonnis of gevangenisstraf of 'n ander vorm van aanhouding sonder die keuse van 'n boete of lyfstraf of 'n boete van meer as honderd rand; of

(ii) andersins volgens wet met die beskuldigde handel;

(b) moet die voorsittende regter, indien hy van oordeel is dat die misdryf die doodvonnis regverdig, of moet die voorsittende regter, streeklanddros of landdros, indien hy van oordeel is dat die misdryf gevangenisstraf of 'n ander vorm van aanhouding sonder die keuse van 'n boete of lyfstraf of 'n boete van meer as honderd rand regverdig, of indien deur die aanklaer daartoe versoek, die beskuldigde met betrekking tot die beweerde feite van die saak ondervra ten einde vas te stel of hy die bewerings in die aanklag waarop hy skuldig gepleit het erken, en, indien hy oortuig is dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf waaraan hy skuldig gepleit het, kan hy die beskuldigde op sy pleit van skuldig aan daardie misdryf skuldig bevind en 'n geoorloofde vonnis oplê: Met dien verstande dat die doodvonnis nie opgelê word nie tensy die skuld van die beskuldigde bewys is asof hy onskuldig gepleit het.

(2) Indien 'n beskuldigde of sy regsadviseur 'n skriftelike verklaring deur die beskuldigde, by die hof inhandig waarin die beskuldigde die feite uiteensit wat hy erken en waarop hy skuldig gepleit het, kan die hof, in plaas van 'n ondervraging ooreenkomstig subartikel (1) *(b)*, die beskuldigde op grond van bedoelde verklaring skuldig bevind en vonnis soos in genoemde subartikel bepaal indien hy oortuig is dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf waaraan hy skuldig gepleit het: Met dien verstande dat die hof na goeddunke enige vraag aan die beskuldigde kan stel ten einde 'n aangeleentheid op te helder wat in die verklaring geopper is.

(3) Geen bepaling van hierdie artikel verhinder die aanklaer om getuienis oor enige aspek van die aanklag voor te lê, of die hof om getuienis aan te hoor, met inbegrip van getuienis of 'n

behalf of the accused, with regard to sentence, or from questioning the accused on any aspect of the case for the purposes of determining an appropriate sentence.

Correction of plea of guilty.

113. If the court at any stage of the proceedings under section 112 and before sentence is passed is in doubt whether the accused is in law guilty of the offence to which he has pleaded guilty or is satisfied that the accused does not admit an allegation in the charge or that the accused has incorrectly admitted any such allegation or that the accused has a valid defence to the charge, the court shall record a plea of not guilty and require the prosecutor to proceed with the prosecution: Provided that any allegation, other than an allegation referred to above, admitted by the accused up to the stage at which the court records a plea of not guilty, shall stand as proof in any court of such allegation.

Committal by magistrate's court of accused for sentence by regional court after plea of guilty.

114. (1) If a magistrate's court, after conviction following on a plea of guilty but before sentence, is of the opinion—

(a) that the offence in respect of which the accused has been convicted is of such a nature or magnitude that it merits punishment in excess of the jurisdiction of a magistrate's court; or

(b) that the previous convictions of the accused are such that the offence in respect of which the accused has been convicted merits punishment in excess of the jurisdiction of a magistrate's court,

the court shall stop the proceedings and commit the accused for sentence by a regional court having jurisdiction.

(2) Where an accused is committed under subsection (1) for sentence by a regional court, the record of the proceedings in the magistrate's court shall upon proof thereof in the regional court be received by the regional court and form part of the record of that court, and the plea of guilty and any admission by the accused shall stand unless the accused satisfies the court that such plea or such admission was incorrectly recorded.

(3) *(a)* Unless the regional court concerned—

(i) is satisfied that a plea of guilty or an admission by the accused which is material to his guilt was incorrectly recorded; or

(ii) is not satisfied that the accused is guilty of the offence of which he has been convicted and in respect of which he has been committed for sentence,

the court shall make a formal finding of guilty and sentence the accused.

(b) If the court is satisfied that a plea of guilty or any admission by the accused which is material to his guilt was incorrectly recorded, or if the court is not satisfied that the accused is guilty of the offence of which he has been convicted and in respect of which he has been committed for sentence or that he has no valid defence to the charge, the court shall enter a plea of not guilty and proceed with the trial as a summary trial in that court: Provided that any admission by the accused the recording of which is not disputed by the accused, shall stand as proof of the fact thus admitted.

(4) The provisions of section 112 (3) shall apply with reference to the proceedings under this section.

CHAPTER 18

PLEA OF NOT GUILTY AT SUMMARY TRIAL

Plea of not guilty and procedure with regard to issues.

115. (1) Where an accused at a summary trial pleads not guilty to the offence charged, the presiding judge, regional magistrate or magistrate, as the case may be, may ask him whether he wishes to make a statement indicating the basis of his defence.

verklaring deur of ten behoewe van die beskuldigde, ten opsigte van vonnis, of om die beskuldigde oor enige aspek van die saak vir die doeleindes van die bepaling van 'n paslike vonnis te ondervra nie.

Regstelling van pleit van skuldig.

113. Indien die hof in enige stadium van die verrigtinge ingevolge artikel 112 en voordat vonnis opgelê word in twyfel verkeer of die beskuldigde regtens skuldig is aan die misdryf waaraan hy skuldig gepleit het of oortuig is dat die beskuldigde 'n bewering in die aanklag nie erken nie of dat die beskuldigde so 'n bewering verkeerdelik erken het of dat die beskuldigde 'n geldige verdediging op die aanklag het, moet die hof 'n pleit van onskuldig aanteken en die aanklaer aansê om met die vervolging voort te gaan: Met dien verstande dat 'n bewering, behalwe 'n hierbo bedoelde bewering, wat deur die beskuldigde erken is tot by die stadium waarop die hof 'n pleit van onskuldig aanteken, bly staan as bewys in 'n hof van so 'n bewering.

Verwysing deur landdroshof van beskuldigde vir vonnis deur streekhof na pleit van skuldig.

114. (1) Indien 'n landdroshof, na skuldigbevinding wat op 'n pleit van skuldig volg maar voor vonnis, van oordeel is—

(a) dat die misdryf ten opsigte waarvan die beskuldigde skuldig bevind is van so 'n aard of omvang is dat dit straf regverdig wat die regsbevoegdheid van 'n landdroshof te bowe gaan; of

(b) dat die vorige veroordelings van die beskuldigde sodanig is dat die misdryf ten opsigte waarvan die beskuldigde skuldig bevind is straf regverdig wat die regsbevoegdheid van 'n landdroshof te bowe gaan,

staak die hof die verrigtinge en verwys die beskuldigde vir vonnis na 'n streekhof wat regsbevoegdheid het.

(2) Wanneer 'n beskuldigde ingevolge subartikel (1) vir vonnis na 'n streekhof verwys word, word die oorkonde van die verrigtinge in die landdroshof by bewys daarvan in die streekhof deur die streekhof ontvang en maak deel uit van die oorkonde van daardie hof, en die pleit van skuldig en 'n erkenning deur die beskuldigde bly staan tensy die beskuldigde die hof oortuig dat bedoelde pleit of so 'n erkenning verkeerdelik genotuleer is.

(3) *(a)* Tensy die betrokke streekhof—

(i) oortuig is dat 'n pleit van skuldig of 'n erkenning deur die beskuldigde wat vir sy skuld wesenlik is, verkeerdelik genotuleer is; of

(ii) nie oortuig is nie dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf waaraan hy skuldig bevind is en ten opsigte waarvan hy vir vonnis verwys is,

maak die hof 'n formele bevinding van skuldig en vonnis die beskuldigde.

(b) Indien die hof oortuig is dat 'n pleit van skuldig of 'n erkenning deur die beskuldigde wat vir sy skuld wesenlik is, verkeerdelik genotuleer is, of indien die hof nie oortuig is nie dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf waaraan hy skuldig bevind is en ten opsigte waarvan hy vir vonnis verwys is of dat hy geen geldige verdediging op die aanklag het nie, teken die hof 'n pleit van onskuldig aan en gaan met die verhoor voort as 'n summiere verhoor in daardie hof: Met dien verstande dat 'n erkenning deur die beskuldigde waarvan die notulering nie deur die beskuldigde betwis word nie, bly staan as bewys van die aldus erkende feit.

(4) Die bepalings van artikel 112 (3) is van toepassing met betrekking tot die verrigtinge ingevolge hierdie artikel.

HOOFSTUK 18

PLEIT VAN ONSKULDIG IN SUMMIERE VERHOOR

Pleit van onskuldig en prosedure ten opsigte van geskilpunte.

115. (1) Waar 'n beskuldigde in 'n summiere verhoor aan die ten laste gelegde misdryf onskuldig pleit, kan die voorsittende regter, streeklanddros of landdros, na gelang van die geval, hom vra of hy 'n verklaring wil doen wat die grondslag van sy verdediging aandui.

(2) *(a)* Where the accused does not make a statement under subsection (1) or does so and it is not clear from the statement to what extent he denies or admits the issues raised by the plea, the court may question the accused in order to establish which allegations in the charge are in dispute.

(b) The court may in its discretion put any question to the accused in order to clarify any matter raised under subsection (1) or this subsection, and shall enquire from the accused whether an allegation which is not placed in issue by the plea of not guilty, may be recorded as an admission by the accused of that allegation, and if the accused so consents, such admission shall be recorded and shall be deemed to be an admission under section 220.

(3) Where the legal adviser of an accused on behalf of the accused replies, whether in writing or orally, to any question by the court under this section, the accused shall be required by the court to declare whether he confirms such reply or not.

Committal of accused for sentence by regional court after trial in magistrate's court.

116. (1) If a magistrate's court, after conviction following on a plea of not guilty but before sentence, is of the opinion—

(a) that the offence in respect of which the accused has been convicted is of such a nature or magnitude that it merits punishment in excess of the jurisdiction of a magistrate's court; or

(b) that the previous convictions of the accused are such that the offence in respect of which the accused has been convicted merits punishment in excess of the jurisdiction of a magistrate's court,

the court shall stop the proceedings and commit the accused for sentence by a regional court having jurisdiction.

(2) The record of the proceedings in the magistrate's court shall upon proof thereof in the regional court be received by the regional court and form part of the record of that court.

(3) *(a)* The regional court shall, after considering the record of the proceedings in the magistrate's court, sentence the accused, and the judgment of the magistrate's court shall stand for this purpose and be sufficient for the regional court to pass any competent sentence: Provided that if the regional magistrate is of the opinion that the proceedings are not in accordance with justice or that doubt exists whether the proceedings are in accordance with justice, he shall, without sentencing the accused, record the reasons for his opinion and transmit such reasons, together with the record of the proceedings in the magistrate's court, to the registrar of the provincial division having jurisdiction, and such registrar shall, as soon as possible, lay the same in chambers before a judge who shall have the same powers in respect of such proceedings as if the record thereof had been laid before him under section 303.

(b) If a regional magistrate acts under the proviso to paragraph *(a)*, he shall inform the accused accordingly and postpone the case to some future date pending the outcome of the review proceedings, and, if the accused is in custody, the regional magistrate may make such order with regard to the detention or release of the accused as he may deem fit.

Committal to superior court in special case.

117. Where an accused in a lower court pleads not guilty to the offence charged against him and a ground of his defence is the alleged invalidity of a provincial ordinance or an ordinance of the Legislative Assembly of the territory or a proclamation of the

(2) *(a)* Waar die beskuldigde nie ingevolge subartikel (1) 'n verklaring doen nie of dit doen en dit nie uit die verklaring duidelik is in watter mate hy die geskilpunte ontken of erken wat uit die pleit ontstaan nie, kan die hof die beskuldigde ondervra ten einde vas te stel watter bewerings in die aanklag in geskil is.

(b) Die hof kan na goeddunke enige vraag aan die beskuldigde stel ten einde 'n aangeleentheid op te helder wat ingevolge subartikel (1) of hierdie subartikel geopper is, en moet by die beskuldigde vasstel of 'n bewering wat nie deur die pleit van onskuldig in geskil geplaas word nie, aangeteken kan word as 'n erkenning deur die beskuldigde van daardie bewering, en indien die beskuldigde aldus instem, word so 'n erkenning aangeteken en geag 'n erkenning ingevolge artikel 220 te wees.

(3) Waar die regsadviseur van 'n beskuldigde, hetsy skriftelik of mondeling, namens die beskuldigde antwoord op 'n vraag deur die hof ingevolge hierdie artikel, word die beskuldigde deur die hof aangesê om te verklaar of hy bedoelde antwoord bevestig of nie.

Verwysing van beskuldigde vir vonnis deur streekhof na verhoor in landdroshof.

116. (1) Indien 'n landdroshof, na skuldigbevinding wat op 'n pleit van onskuldig volg maar voor vonnis, van oordeel is—

(a) dat die misdryf ten opsigte waarvan die beskuldigde skuldig bevind is van so 'n aard of omvang is dat dit straf regverdig wat die regsbevoegdheid van 'n landdroshof te bowe gaan; of

(b) dat die vorige veroordelings van die beskuldigde sodanig is dat die misdryf ten opsigte waarvan die beskuldigde skuldig bevind is straf regverdig wat die regsbevoegdheid van 'n landdroshof te bowe gaan,

staak die hof die verrigtinge en verwys die beskuldigde vir vonnis na 'n streekhof wat regsbevoegdheid het.

(2) Die oorkonde van die verrigtinge in die landdroshof word by bewys daarvan in die streekhof deur die streekhof ontvang en maak deel uit van die oorkonde van daardie hof.

(3) *(a)* Die streekhof moet, na oorweging van die oorkonde van die verrigtinge in die landdroshof, die beskuldigde vonnis, en die uitspraak van die landdroshof bly te dien einde staan en is voldoende vir die streekhof om 'n geoorloofde vonnis op te lê: Met dien verstande dat indien die streeklanddros van mening is dat die verrigtinge nie ooreenkomstig die reg is nie of dat twyfel bestaan of die verrigtinge ooreenkomstig die reg is, hy, sonder om die beskuldigde te vonnis, die redes vir sy mening op skrif stel en dit tesame met die oorkonde van die verrigtinge in die landdroshof stuur aan die griffier van die provinsiale afdeling wat regsbevoegdheid het, en bedoelde griffier lê die stukke so spoedig moontlik vir hersiening voor 'n regter in kamers wat dieselfde bevoegdhede ten opsigte van daardie verrigtinge het asof die oorkonde daarvan ingevolge artikel 303 aan hom voorgelê is.

(b) Indien 'n streeklanddros ingevolge die voorbehoudsbepaling by paragraaf *(a)* optree, stel hy die beskuldigde dienooreenkomstig in kennis en verdaag die saak na 'n toekomstige datum in afwagting van die uitslag van die hersieningsverrigtinge, en, indien die beskuldigde in hegtenis is, kan die streeklanddros die bevel gee met betrekking tot die aanhouding of vrylating van die beskuldigde wat hy goedvind.

Verwysing na hoër hof in besondere geval.

117. Waar 'n beskuldigde in 'n laer hof onskuldig pleit aan die misdryf waarvan hy aangekla is en 'n grond van sy verdediging is die beweerde ongeldigheid van 'n provinsiale ordonnansie of 'n ordonnansie van die Wetgewende Vergadering van die gebied of

State President or of the Administrator of the territory on which the charge against him is founded and upon the validity of which a magistrate's court is in terms of section 110 of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act 32 of 1944), not competent to pronounce, the accused shall be committed for a summary trial before a superior court having jurisdiction.

Non-availability of judicial officer after plea of not guilty.

118. If the judge, regional magistrate or magistrate before whom an accused at a summary trial has pleaded not guilty is for any reason not available to continue with the trial and no evidence has been adduced yet, the trial may be continued before any other judge, regional magistrate or magistrate of the same court.

CHAPTER 19

PLEA IN MAGISTRATE'S COURT ON CHARGE JUSTICIABLE IN SUPERIOR COURT

Accused to plead in magistrate's court on instructions of attorney-general.

119. When an accused is brought before a magistrate's court under section 50 (1) and the alleged offence may be tried by a superior court only or is of such a nature or magnitude that it merits punishment in excess of the jurisdiction of a magistrate's court, the prosecutor may, notwithstanding the provisions of section 75, on the instructions of the attorney-general, whether in general or in any particular case, put the charge to the accused in the magistrate's court, and the accused shall, subject to the provisions of sections 77 and 85, be required by the magistrate to plead to the charge forthwith.

Charge-sheet and proof of record.

120. The proceedings shall be commenced by the lodging of a charge-sheet with the clerk of the court in question and the provisions of subsections (2) and (3) of section 76 shall *mutatis mutandis* apply with reference to the charge-sheet and the record of the proceedings.

Plea of guilty.

121. (1) Where an accused under section 119 pleads guilty to the offence charged, the presiding magistrate shall question him in terms of the provisions of paragraph *(b)* of section 112 (1).

(2) *(a)* If the magistrate is satisfied that the accused admits the allegations stated in the charge, he shall stop the proceedings.

(b) If the magistrate is not satisfied as provided in paragraph *(a)*, he shall record in what respect he is not so satisfied and enter a plea of not guilty and deal with the matter in terms of section 122 (1): Provided that an allegation with reference to which the magistrate is so satisfied and which has been recorded as an admission, shall stand at the trial of the accused as proof of such allegation.

(3) If the magistrate is satisfied as provided in subsection (2) *(a)*, he shall adjourn the proceedings pending the decision of the attorney-general who may arraign the accused for sentence before a superior court or any other court having jurisdiction, including the magistrate's court in which the proceedings were stopped under subsection (2) *(a)*.

(4) The magistrate or any other magistrate of the magistrate's court concerned shall advise the accused of the decision of the attorney-general and, if the decision is that the accused be arraigned for sentence—

(a) in the magistrate's court concerned, dispose of the case on the charge on which the accused is arraigned; or

(b) in a regional court or superior court, adjourn the case for sentence by the regional court or superior court concerned.

(5) *(a)* The record of the proceedings in the magistrate's court shall, upon proof thereof in the court in which the accused is arraigned for sentence, be received as part of the record of that court against the accused or, if the accused is arraigned in the magistrate's court in which the proceedings were stopped under subsection (2) *(a)*,

'n proklamasie van die Staatspresident of van die Administrateur van die gebied waarop die aanklag teen hom gefundeer is en oor die geldigheid waarvan 'n landdroshof ingevolge artikel 110 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944), nie bevoeg is om uitspraak te gee nie, word die beskuldigde vir 'n summiere verhoor verwys na die hoër hof wat regsbevoegdheid het.

Nie-beskikbaarheid van regterlike amptenaar na pleit van onskuldig.

118. Indien die regter, streeklanddros of landdros voor wie 'n beskuldigde in 'n summiere verhoor onskuldig gepleit het om enige rede nie beskikbaar is om die verhoor voort te sit nie en geen getuienis reeds aangevoer is nie, kan die verhoor voor enige ander regter, streeklanddros of landdros van dieselfde hof voortgesit word.

HOOFSTUK 19

PLEIT IN LANDDROSHOF OP AANKLAG BEREGBAAR IN HOËR HOF

Beskuldigde moet in opdrag van prokureur-generaal in landdroshof pleit.

119. Wanneer 'n beskuldigde ingevolge artikel 50 (1) voor 'n landdroshof gebring word en die beweerde misdryf slegs deur 'n hoër hof bereg kan word of van so 'n aard of omvang is dat dit straf regverdig wat die regsbevoegdheid van 'n landdroshof te bowe gaan, kan die aanklaer, ondanks die bepalings van artikel 75, in opdrag van die prokureur-generaal, hetsy in die algemeen of in 'n bepaalde geval, die aanklag in die landdroshof aan die beskuldigde stel, en word die beskuldigde, behoudens die bepalings van artikels 77 en 85, deur die landdros aangesê om onverwyld op die aanklag te pleit.

Klagstaat en bewys van oorkonde.

120. Die verrigtinge neem 'n aanvang deur die indiening van 'n klagstaat by die klerk van die betrokke hof en die bepalings van subartikels (2) en (3) van artikel 76 is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot die klagstaat en die oorkonde van die verrigtinge.

Pleit van skuldig.

121. (1) Waar 'n beskuldigde ingevolge artikel 119 aan die ten laste gelegde misdryf skuldig pleit, ondervra die voorsittende landdros hom ooreenkomstig die bepalings van paragraaf *(b)* van artikel 112 (1).

(2) *(a)* Indien die landdros oortuig is dat die beskuldigde die bewerings erken wat in die aanklag vermeld is, staak hy die verrigtinge.

(b) Indien die landdros nie oortuig is soos in paragraaf *(a)* bepaal nie, notuleer hy in watter opsig hy nie aldus oortuig is nie en teken hy 'n pleit van onskuldig aan en handel met die geval ooreenkomstig artikel 122 (1): Met dien verstande dat 'n bewering met betrekking waartoe die landdros aldus oortuig is en wat as 'n erkenning genotuleer is, by die verhoor van die beskuldigde as bewys van so 'n bewering bly staan.

(3) Indien die landdros oortuig is soos in subartikel (2) *(a)* bepaal, verdaag hy die verrigtinge in afwagting van die beslissing van die prokureur-generaal wat die beskuldigde vir vonnis kan laat teregstaan voor 'n hoër hof of 'n ander hof wat regsbevoegdheid het, met inbegrip van die landdroshof waarin die verrigtinge ingevolge subartikel (2) *(a)* gestaak is.

(4) Die landdros of 'n ander landdros van die betrokke landdroshof moet die beskuldigde van die prokureur-generaal se beslissing in kennis stel en, as die beslissing is dat die beskuldigde vir vonnis moet teregstaan—

(a) in die betrokke landdroshof, die saak afhandel op die aanklag waarop die beskuldigde teregstaan; of

(b) in 'n streekhof of hoër hof, die saak verdaag vir vonnis deur die betrokke streekhof of hoër hof.

(5) *(a)* Die oorkonde van die verrigtinge in die landdroshof word by bewys daarvan in die hof waarin die beskuldigde vir vonnis teregstaan, ontvang as deel van die oorkonde van daardie hof teen die beskuldigde of, indien die beskuldigde in die landdroshof teregstaan waarin die verrigtinge ingevolge subartikel (2) *(a)*

the record of such proceedings shall stand as the record of that court, and the plea of guilty and any admission by the accused shall stand and form part of the record of that court unless the accused satisfies the court that such plea or such admission was incorrectly recorded.

(b) Unless the accused satisfies the court that a plea of guilty or an admission was incorrectly recorded or unless the court is not satisfied that the accused is guilty of the offence to which he has pleaded guilty or that the accused has no valid defence to the charge, the court may convict the accused on his plea of guilty of the offence to which he has pleaded guilty and impose any competent sentence: Provided that the sentence of death shall not be imposed unless the guilt of the accused has been proved as if he had pleaded not guilty.

(6) If the accused satisfies the court that the plea of guilty or an admission which is material to his guilt was incorrectly recorded, or if the court is not satisfied that the accused is guilty of the offence to which he has pleaded guilty or that the accused has no valid defence to the charge, the court shall record a plea of not guilty and proceed with the trial as a summary trial in that court: Provided that an admission by the accused the recording of which is not disputed by the accused, shall stand as proof of the fact thus admitted.

(7) Nothing in this section shall prevent the prosecutor from presenting evidence on any aspect of the charge, or the court from hearing evidence, including evidence or a statement by or on behalf of the accused, with regard to sentence, or from questioning the accused on any aspect of the case for the purposes of determining an appropriate sentence.

Plea of not guilty.

122. (1) Where an accused under section 119 pleads not guilty to the offence charged, the court shall act in terms of section 115 and when that section has been complied with, the magistrate shall stop the proceedings and adjourn the case pending the decision of the attorney-general.

(2) Where the proceedings have been adjourned under subsection (1), the attorney-general may—

(i) arraign the accused on any charge at a summary trial before a superior court or any other court having jurisdiction, including the magistrate's court in which the proceedings were adjourned under subsection (1); or

(ii) institute a preparatory examination against the accused,

and the attorney-general shall advise the magistrate's court concerned of his decision.

(3) The magistrate, who need not be the magistrate before whom the proceedings under section 119 or 122 (1) were conducted, shall advise the accused of the decision of the attorney-general, and if the decision is that the accused be arraigned—

(a) in the magistrate's court concerned, proceed with the trial from the stage at which the proceedings were adjourned under subsection (1) or, if the accused is arraigned on a charge which is different from the charge to which he has pleaded, require the accused to plead to that charge, and, if the plea to that charge is one of guilty or the plea in respect of an offence of which the accused may on such charge be convicted is one of guilty and the prosecutor accepts such plea, deal with the matter in accordance with the provisions of section 112, in which event the provisions of section 114 (1) shall not apply, or, if the plea is one of not guilty, deal

gestaak is, bly die oorkonde van bedoelde verrigtinge staan as die oorkonde van daardie hof, en die pleit van skuldig en 'n erkenning deur die beskuldigde bly staan en maak deel uit van die oorkonde van daardie hof tensy die beskuldigde die hof oortuig dat so 'n pleit of so 'n erkenning verkeerdelik genotuleer is.

(b) Tensy die beskuldigde die hof oortuig dat die pleit van skuldig of 'n erkenning verkeerdelik genotuleer is of tensy die hof nie oortuig is nie dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf waaraan hy skuldig gepleit het of dat die beskuldigde geen geldige verdediging op die aanklag het nie, kan die hof die beskuldigde op sy pleit van skuldig skuldig bevind aan die misdryf waaraan hy skuldig gepleit het, en 'n geoorloofde vonnis oplê: Met dien verstande dat die doodvonnis nie opgelê word nie tensy die skuld van die beskuldigde bewys is asof hy onskuldig gepleit het.

(6) Indien die beskuldigde die hof oortuig dat die pleit van skuldig of 'n erkenning wat vir sy skuld wesenlik is, verkeerdelik genotuleer is, of as die hof nie oortuig is nie dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf waaraan hy skuldig gepleit het of dat die beskuldigde geen geldige verdediging op die aanklag het nie, teken die hof 'n pleit van onskuldig aan en gaan met die verhoor voort as 'n summiere verhoor in daardie hof: Met dien verstande dat 'n erkenning deur die beskuldigde waarvan die notulering nie deur die beskuldigde betwis word nie, as bewys van die aldus erkende feit bly staan.

(7) Geen bepaling van hierdie artikel verhinder die aanklaer om getuienis oor enige aspek van die aanklag voor te lê, of die hof om getuienis aan te hoor, met inbegrip van getuienis of 'n verklaring deur of ten behoewe van die beskuldigde, ten opsigte van vonnis, of om die beskuldigde oor enige aspek van die saak vir die doeleindes van die bepaling van 'n paslike vonnis te ondervra nie.

Pleit van onskuldig.

122. (1) Waar 'n beskuldigde ingevolge artikel 119 aan die ten laste gelegde misdryf onskuldig pleit, tree die hof ingevolge artikel 115 op en wanneer aan daardie artikel voldoen is, staak die landdros die verrigtinge en verdaag die saak in afwagting van die beslissing van die prokureur-generaal.

(2) Waar die verrigtinge ingevolge subartikel (1) verdaag is, kan die prokureur-generaal—

(i) die beskuldigde by 'n summiere verhoor voor 'n hoër hof of 'n ander hof wat regsbevoegdheid het, met inbegrip van die landdroshof waarin die verrigtinge ingevolge subartikel (1) verdaag is, op enige aanklag laat teregstaan; of

(ii) 'n voorlopige ondersoek teen die beskuldigde instel,

en die prokureur-generaal stel die betrokke landdroshof van sy beslissing in kennis.

(3) Die landdros, wat nie die landdros hoef te wees voor wie die verrigtinge ingevolge artikel 119 of 122 (1) plaasgevind het nie, moet die beskuldigde van die beslissing van die prokureur-generaal in kennis stel, en as die beslissing is dat die beskuldigde moet teregstaan—

(a) in die betrokke landdroshof, met die verhoor voortgaan vanaf die stadium waarop die verrigtinge ingevolge subartikel (1) verdaag is of, indien die beskuldigde teregstaan op 'n aanklag wat verskil van die aanklag waarop hy gepleit het, die beskuldigde aansê om op daardie aanklag te pleit, en, as die pleit op daardie aanklag een van skuldig is of die pleit ten opsigte van 'n misdryf waaraan die beskuldigde op so 'n aanklag skuldig bevind kan word een van skuldig is en die aanklaer daardie pleit aanvaar, met die saak ooreenkomstig die bepalings van artikel 112 handel, in welke geval die bepalings van artikel 114 (1) nie van toepassing is nie, of, as die pleit een van onskuldig is, met die saak

with the matter in accordance with the provisions of section 115 and proceed with the trial;

(b) in a regional court or a superior court, commit the accused for a summary trial before the court concerned.

(4) The record of the proceedings in the magistrate's court shall, upon proof thereof in the court in which the accused is arraigned for a summary trial, be received as part of the record of that court against the accused, and any admission by the accused shall stand at the trial of the accused as proof of such an admission.

CHAPTER 20

PREPARATORY EXAMINATION

Attorney-general may instruct that preparatory examination be held.

123. If an attorney-general is of the opinion that it is necessary for the more effective administration of justice—

(a) that a trial in a superior court be preceded by a preparatory examination in a magistrate's court into the allegations against the accused, he may, where he does not follow the procedure under section 119, or, where he does follow it and the proceedings are adjourned under section 122 (1) pending the decision of the attorney-general, instruct that a preparatory examination be instituted against the accused;

(b) that a trial in a magistrate's court or a regional court be converted into a preparatory examination, he may at any stage of the proceedings, but before sentence is passed, instruct that the trial be converted into a preparatory examination.

Proceedings preceding holding of preparatory examination to form part of preparatory examination record.

124. Where an attorney-general acts under paragraph *(a)* or *(b)* of section 123—

(a) the record of any proceedings under section 122 (1), or of any proceedings in the magistrate's court or regional court before the trial was converted into a preparatory examination, shall form part of the preparatory examination record;

(b) and the accused has pleaded to a charge, the preparatory examination shall continue on the charge to which the accused has pleaded: Provided that where evidence is led at such preparatory examination which relates to an offence, other than the offence contained in the charge to which the accused has pleaded, allegedly committed by the accused, such evidence shall not be excluded on the ground only that the evidence does not relate to the offence to which the accused has pleaded.

Attorney-general may direct that preparatory examination be conducted at a specified place.

125. (1) Where an attorney-general instructs that a preparatory examination be instituted or that a trial be converted into a preparatory examination, he may, if it appears to him expedient on account of the number of accused involved or of excessive inconvenience or of possible disturbance of the public order, that the preparatory examination be held within his area of jurisdiction in a court other than the court in which the relevant proceedings were commenced, direct that the preparatory examination be instituted in such other court or, where a trial has been converted into a preparatory examination, be continued in such other court.

(2) The magistrate or regional magistrate shall, after advice of the decision of the attorney-general, advise the accused of the decision of the attorney-general and adjourn the proceedings to such other court, and thereafter forward a copy of the record of the proceedings, certified as correct by the clerk of the court, to the court to which the proceedings have been adjourned.

(3) The court to which the proceedings are adjourned under subsection (2), shall receive the copy of the record referred to in that subsection, which shall then form part of the proceedings of

ooreenkomstig die bepalings van artikel 115 handel en met die verhoor voortgaan;

(b) in 'n streekhof of 'n hoër hof, beskuldigde vir 'n summiere verhoor na die betrokke hof verwys.

(4) Die oorkonde van die verrigtinge in die landdroshof word by bewys daarvan in die hof waarin die beskuldigde vir 'n summiere verhoor teregstaan, ontvang as deel van die oorkonde van daardie hof teen die beskuldigde, en enige erkenning deur die beskuldigde bly staan by die verhoor van die beskuldigde as bewys van so 'n erkenning.

HOOFSTUK 20

VOORLOPIGE ONDERSOEK

Prokureur-generaal kan gelas dat voorlopige ondersoek gehou word.

123. Indien 'n prokureur-generaal van oordeel is dat dit vir doeltreffender regspleging noodsaaklik is—

(a) dat 'n verhoor in 'n hoër hof voorafgegaan word deur 'n voorlopige ondersoek in 'n landdroshof na die bewerings teen die beskuldigde, kan hy, waar hy nie die prosedure ingevolge artikel 119 volg nie, of, waar hy dit volg en die verrigtinge teen die beskuldigde ingevolge artikel 122 (1) verdaag word in afwagting van die beslissing van die prokureur-generaal, gelas dat 'n voorlopige ondersoek teen die beskuldigde ingestel word;

(b) dat 'n verhoor in 'n landdroshof of 'n streekhof tot 'n voorlopige ondersoek omgeskep word, kan hy in enige stadium van die verrigtinge maar voor vonnis opgelê word, gelas dat die verhoor tot 'n voorlopige ondersoek omgeskep word.

Verrigtinge wat die hou van voorlopige ondersoek voorafgaan, maak deel uit van oorkonde van voorlopige ondersoek.

124. Waar 'n prokureur-generaal ingevolge paragraaf *(a)* of *(b)* van artikel 123 optree—

(a) maak die oorkonde van enige verrigtinge ingevolge artikel 122 (1), of van enige verrigtinge in die landdroshof of streekhof voordat die verhoor in 'n voorlopige ondersoek omgeskep is, deel uit van die oorkonde van die voorlopige ondersoek;

(b) en die beskuldigde op 'n aanklag gepleit het, gaan die voorlopige ondersoek voort op die aanklag waarop die beskuldigde gepleit het: Met dien verstande dat waar getuienis by so 'n voorlopige ondersoek gelei word wat betrekking het op 'n ander misdryf as die misdryf in 'n aanklag vervat waarop die beskuldigde gepleit het, wat na bewering deur die beskuldigde gepleeg is, sodanige getuienis nie uitgesluit word slegs op grond daarvan dat die getuienis nie betrekking het op die misdryf waarop die beskuldigde gepleit het nie.

Prokureur-generaal kan gelas dat voorlopige ondersoek by bepaalde plek waargeneem word.

125. (1) Wanneer 'n prokureur-generaal gelas dat 'n voorlopige ondersoek ingestel word of dat 'n verhoor tot 'n voorlopige ondersoek omgeskep word, kan hy, indien hy dit dienstig ag vanweë die aantal beskuldigdes wat betrokke is of vanweë onmatige ongerief of die moontlike versteuring van die openbare orde, dat die voorlopige ondersoek binne sy regsgebied gehou word in 'n ander hof as die hof waarin die betrokke verrigtinge 'n aanvang geneem het, gelas dat die voorlopige ondersoek in bedoelde ander hof ingestel of, waar 'n verhoor tot 'n voorlopige ondersoek omgeskep is, voortgesit word.

(2) Die betrokke landdros of streeklanddros moet, na ontvangs van die prokureur-generaal se beslissing, die beskuldigde van die prokureur-generaal se beslissing in kennis stel en die verrigtinge na bedoelde ander hof verdaag, en daarna 'n afskrif van die oorkonde van die verrigtinge, deur die klerk van die hof as juis gewaarmerk, aan die hof stuur waarheen die verrigtinge verdaag is.

(3) Die hof waarheen die verrigtinge ingevolge subartikel (2) verdaag word, moet die in daardie subartikel bedoelde afskrif van die oorkonde ontvang wat dan deel van die verrigtinge van daardie

that court, and shall proceed to conduct the preparatory examination as if it were a preparatory examination instituted in that court.

Procedure to be followed by magistrate at preparatory examination.

126. Where an attorney-general instructs that a preparatory examination be held against an accused, the magistrate or regional magistrate shall, after advice of the decision of the attorney-general, advise the accused of the decision of the attorney-general and proceed in the manner hereinafter described to enquire into the charge against the accused.

Recalling of witnesses after conversion of trial into preparatory examination.

127. Where an attorney-general instructs that a trial be converted into a preparatory examination, it shall not be necessary for the magistrate or regional magistrate to recall any witness who has already given evidence at the trial, but the record of the evidence thus given, certified as correct by the magistrate or regional magistrate, as the case may be, or, if such evidence was recorded in shorthand or by mechanical means, any document purporting to be a transcription of the original record of such evidence and purporting to be certified as correct under the hand of the person who transcribed it, shall have the same legal force and effect and shall be admissible in evidence in the same circumstances as the evidence given in the course of a preparatory examination: Provided that if it appears to the magistrate or regional magistrate concerned that it may be in the interests of justice to have a witness already examined recalled for further examination, then such witness shall be recalled and further examined and the evidence given by him shall be recorded in the same manner as other evidence given at a preparatory examination.

Examination of prosecution witnesses at preparatory examination.

128. The prosecutor may, at a preparatory examination, call any witness in support of the charge to which the accused has pleaded or to testify in relation to any other offence allegedly committed by the accused.

Recording of evidence at preparatory examination and proof of record.

129. (1) The evidence given at a preparatory examination shall be recorded, and if such evidence is recorded in shorthand or by mechanical means, a document purporting to be a transcription of the original record of such evidence and purporting to be certified as correct under the hand of the person who transcribed such evidence, shall have the same legal force and effect as such original record.

(2) The record of a preparatory examination may be proved in a court by the mere production thereof or of a copy thereof in terms of section 235.

Charge to be put at conclusion of evidence for prosecution.

130. The prosecutor shall, at the conclusion of the evidence in support of the charge, put to the accused such charge or charges as may arise from the evidence and which the prosecutor may prefer against the accused.

Accused to plead to charge.

131. The magistrate or regional magistrate, as the case may be, shall, subject to the provisions of sections 77 and 85, require an accused to whom a charge is put under section 130 forthwith to plead to the charge.

Procedure after plea.

132. (1) *(a)* Where an accused who has been required under section 131 to plead to a charge to which he has not pleaded before, pleads guilty to the offence charged, the presiding judicial officer shall question him in accordance with the provisions of paragraph *(b)* of section 112 (1).

(b) If the presiding judicial officer is not satisfied that the accused admits all the allegations in the charge, he shall record in what respect he is not so satisfied and enter a plea of not guilty: Provided that an allegation with reference to which the said judicial officer is so satisfied

hof word, en moet voortgaan om die voorlopige ondersoek waar te neem asof dit 'n voorlopige ondersoek is wat in daardie hof ingestel is.

Prosedure deur landdros by voorlopige ondersoek gevolg te word.

126. Waar 'n prokureur-generaal gelas dat 'n voorlopige ondersoek teen 'n beskuldigde gehou word, moet die landdros of streeklanddros, na ontvangs van die beslissing van die prokureur-generaal, die beskuldigde van die prokureur-generaal se beslissing in kennis stel en daartoe oorgaan om op die wyse hieronder beskryf na die aanklag teen die beskuldigde ondersoek in te stel.

Terugroeping van getuies na omskepping van verhoor tot voorlopige ondersoek.

127. Waar 'n prokureur-generaal gelas dat 'n verhoor tot 'n voorlopige ondersoek omgeskep word, is dit nie nodig dat die landdros of streeklanddros 'n getuie terugroep wat reeds by die verhoor getuienis afgelê het nie, maar die oorkonde van die getuienis aldus afgelê, as juis gewaarmerk deur die landdros of streeklanddros, na gelang van die geval, of, indien bedoelde getuienis in snelskrif of op meganiese wyse aangeteken is, 'n stuk wat voorgee 'n transkripsie te wees van die oorspronklike oorkonde van daardie getuienis en wat voorgee as juis gewaarmerk te wees onder die naamtekening van die persoon wat dit getranskribeer het, het dieselfde regskrag en -gevolg en is as getuienis in dieselfde omstandighede toelaatbaar as getuienis wat in die loop van 'n voorlopige ondersoek afgelê word: Met dien verstande dat as dit na die oordeel van die betrokke landdros of streeklanddros in belang van die regspleging mag wees om 'n getuie wat reeds ondervra is, vir verdere ondervraging terug te roep, so 'n getuie teruggeroep en verder ondervra word en die getuienis deur hom afgelê op dieselfde wyse aangeteken word as ander getuienis wat by 'n voorlopige ondersoek afgelê word.

Ondervraging van getuies vir vervolging by voorlopige ondersoek.

128. Die aanklaer kan, by 'n voorlopige ondersoek, 'n getuie oproep ter ondersteuning van die aanklag waarop die beskuldigde gepleit het of om met betrekking tot 'n ander misdryf te getuig wat na bewering deur die beskuldigde gepleeg is.

Notulering van getuienis by voorlopige ondersoek en bewys van oorkonde.

129. (1) Die getuienis by 'n voorlopige ondersoek afgelê, word aangeteken, en indien sodanige getuienis in snelskrif of op meganiese wyse aangeteken word, het 'n dokument wat voorgee 'n transkripsie van die oorspronklike aantekening van sodanige getuienis te wees en wat voorgee as juis gewaarmerk te wees onder die naamtekening van die persoon wat sodanige getuienis getranskribeer het, dieselfde regskrag en -gevolg as so 'n oorspronklike aantekening.

(2) Die oorkonde van 'n voorlopige ondersoek word in 'n hof bewys by die blote voorlegging daarvan of van 'n afskrif daarvan ingevolge artikel 235.

Aanklag by afsluiting van getuienis vir vervolging gestel te word.

130. Die aanklaer moet, by die afsluiting van die getuienis ter ondersteuning van die aanklag, die aanklag of aanklagte aan die beskuldigde stel wat uit die getuienis ontstaan en wat die aanklaer teen die beskuldigde wil inbring.

Beskuldigde moet op aanklag pleit.

131. Die landdros of streeklanddros, na gelang van die geval, moet, behoudens die bepalings van artikels 77 en 85, 'n beskuldigde aan wie 'n aanklag ingevolge artikel 130 gestel word, aansê om onverwyld op die aanklag te pleit.

Prosedure na pleit.

132. (1) *(a)* Waar 'n beskuldigde wat ingevolge artikel 131 aangesê is om op 'n aanklag te pleit waarop hy nog nie voorheen gepleit het nie, aan die ten laste gelegde misdryf skuldig pleit, ondervra die voorsittende regterlike amptenaar hom ooreenkomstig die bepalings van paragraaf *(b)* van artikel 112 (1).

(b) Indien die voorsittende regterlike amptenaar nie oortuig is dat die beskuldigde al die bewerings in die aanklag erken nie, notuleer hy in watter opsig hy nie aldus oortuig is nie en teken 'n pleit van onskuldig aan: Met dien verstande dat 'n bewering met betrekking waartoe bedoelde regterlike amptenaar aldus oortuig is en wat as

and which has been recorded as an admission, shall stand at the trial of the accused as proof of such allegation.

(2) Where an accused who has been required under section 131 to plead to a charge to which he has not pleaded before, pleads not guilty to the offence charged, the presiding judicial officer shall act in accordance with the provisions of section 115.

Accused may testify at preparatory examination.

133. An accused may, after the provisions of section 132 have been complied with but subject to the provisions of section 151 (1) *(b)* which shall *mutatis mutandis* apply, give evidence or make an unsworn statement in relation to a charge put to him under section 130, and the record of such evidence or statement shall be received in evidence before any court in criminal proceedings against the accused upon its mere production without further proof.

Accused may call witnesses at preparatory examination.

134. An accused may call any competent witness on behalf of the defence.

Discharge of accused at conclusion of preparatory examination.

135. As soon as a preparatory examination is concluded and the magistrate or regional magistrate, as the case may be, is upon the whole of the evidence of the opinion that no sufficient case has been made out to put the accused on trial upon any charge put to the accused under section 130 or upon any charge in respect of an offence of which the accused may on such charge be convicted, he may discharge the accused in respect of such charge.

Procedure with regard to exhibits at preparatory examination.

136. The magistrate or regional magistrate, as the case may be, shall cause every document and every article produced or identified as an exhibit by any witness at a preparatory examination to be inventoried and labelled or otherwise marked, and shall cause such documents and articles to be kept in safe custody pending any trial following upon such preparatory examination.

Magistrate to transmit record of preparatory examination to attorney-general.

137. The magistrate or regional magistrate, as the case may be, shall, at the conclusion of a preparatory examination and whether or not the accused is under section 135 discharged in respect of any charge, send a copy of the record of the preparatory examination to the attorney-general and, where the accused is not discharged in respect of all the charges put to him under section 130, adjourn the proceedings pending the decision of the attorney-general.

Preparatory examination may be continued before different judicial officer.

138. A preparatory examination may at any stage be continued by a judicial officer other than the judicial officer before whom the proceedings were commenced, and, if necessary, again be continued by the judicial officer before whom the proceedings were commenced.

Attorney-general may arraign accused for sentence or trial.

139. After considering the record of a preparatory examination transmitted to him under section 137, the attorney-general may—

(a) in respect of any charge to which the accused has under section 131 pleaded guilty, arraign the accused for sentence before any court having jurisdiction;

(b) arraign the accused for trial before any court having jurisdiction, whether the accused has under section 131 pleaded guilty or not guilty to any charge and whether or not he has been discharged under section 135;

(c) decline to prosecute the accused,

and the attorney-general shall advise the lower court concerned of his decision.

'n erkenning genotuleer is, by die verhoor van die beskuldigde as bewys van so 'n bewering bly staan.

(2) Waar 'n beskuldigde wat ingevolge artikel 131 aangesê is om op 'n aanklag te pleit waarop hy nog nie voorheen gepleit het nie, onskuldig aan die ten laste gelegde misdryf pleit, tree die voorsittende regterlike amptenaar ingevolge die bepalings van artikel 115 op.

Beskuldigde kan by voorlopige ondersoek getuig.

133. 'n Beskuldigde kan, nadat daar aan die bepalings van artikel 132 voldoen is maar behoudens die bepalings van artikel 151 (1) *(b)* wat *mutatis mutandis* van toepassing is, getuienis of 'n onbeëdigde verklaring met betrekking tot 'n aanklag aflê wat ingevolge artikel 130 aan hom gestel is, en die oorkonde van sodanige getuienis of verklaring word voor enige hof in strafregtelike verrigtinge teen die beskuldigde by die blote voorlegging daarvan en sonder verdere bewys as getuienis toegelaat.

Beskuldigde kan getuies by voorlopige ondersoek oproep.

134. 'n Beskuldigde kan enige bevoegde getuie ten behoewe van die verdediging oproep.

Ontslag van beskuldigde by afsluiting van voorlopige ondersoek.

135. Sodra 'n voorlopige ondersoek afgesluit is en die landdros of die streeklanddros, na gelang van die geval, op die getuienis as 'n geheel van oordeel is dat daar nie voldoende getuienis voorgelê is om die beskuldigde op verhoor te stel nie op 'n aanklag wat ingevolge artikel 130 aan die beskuldigde gestel is of op 'n aanklag ten opsigte van 'n misdryf waaraan die beskuldigde op so 'n aanklag skuldig bevind kan word, kan hy die beskuldigde ten opsigte van daardie aanklag ontslaan.

Prosedure met betrekking tot bewysstukke by voorlopige ondersoek.

136. Die landdros of die streeklanddros, na gelang van die geval, laat 'n lys opmaak van elke dokument en elke voorwerp wat as 'n bewysstuk deur 'n getuie by 'n voorlopige ondersoek voorgelê of uitgeken word, en laat dit etiketteer of andersins merk, en laat sulke dokumente en voorwerpe in veilige bewaring hou in afwagting van 'n verhoor wat op so 'n voorlopige ondersoek mag volg.

Landdros moet oorkonde van voorlopige ondersoek na prokureur-generaal deurstuur.

137. Die landdros of die streeklanddros, na gelang van die geval, moet, by die afsluiting van 'n voorlopige ondersoek en of die beskuldigde ingevolge artikel 135 ten opsigte van 'n aanklag ontslaan word of nie, 'n afskrif van die oorkonde van die voorlopige ondersoek aan die prokureur-generaal stuur en, waar die beskuldigde nie ten opsigte van al die aanklagte ontslaan word wat ingevolge artikel 130 aan hom gestel is nie, die verrigtinge verdaag in afwagting van die beslissing van die prokureur-generaal.

Voorlopige ondersoek kan voor ander regterlike amptenaar voortgesit word.

138. 'n Voorlopige ondersoek kan in enige stadium voortgesit word deur 'n ander regterlike amptenaar as die regterlike amptenaar voor wie die verrigtinge begin is, en, indien nodig, weer voortgesit word deur die regterlike amptenaar voor wie die verrigtinge begin is.

Prokureur-generaal kan beskuldigde vir vonnis of verhoor laat teregstaan.

139. Na oorweging van die oorkonde van 'n voorlopige ondersoek wat ingevolge artikel 137 aan hom deurgestuur is, kan die prokureur-generaal—

(a) ten opsigte van 'n aanklag waarop die beskuldigde ingevolge artikel 131 skuldig gepleit het, die beskuldigde vir vonnis laat teregstaan voor enige hof wat regsbevoegdheid het;

(b) die beskuldigde vir verhoor laat teregstaan voor enige hof wat regsbevoegdheid het, hetsy die beskuldigde ingevolge artikel 131 op 'n aanklag skuldig of onskuldig gepleit het en of hy ingevolge artikel 135 ontslaan is al dan nie;

(c) weier om die beskuldigde te vervolg,

en die prokureur-generaal moet die betrokke laer hof van sy beslissing in kennis stel.

Procedure where accused arraigned for sentence.

140. (1) Where an accused is under section 139 *(a)* arraigned for sentence, any magistrate or regional magistrate of the court in which the preparatory examination was held shall advise the accused of the decision of the attorney-general and, if the decision is that the accused be arraigned—

(a) in the court concerned, dispose of the case on the charge on which the accused is arraigned; or

(b) in a court other than the court concerned, adjourn the case for sentence by such other court.

(2) *(a)* The record of the preparatory examination shall, upon proof thereof in the court in which the accused is arraigned for sentence, be received as part of the record of that court against the accused or, if the accused is arraigned in the court in which the preparatory examination was held, the record of the preparatory examination shall stand as the record of that court, and the plea of guilty and any admission by the accused shall stand and form part of the record of that court unless the accused satisfies the court that such plea or such admission was incorrectly recorded.

(b) Unless the accused satisfies the court that the plea of guilty or an admission was incorrectly recorded or unless the court is not satisfied that the accused is guilty of the offence to which he has pleaded guilty or that the accused has no valid defence to the charge, the court may convict the accused on his plea of guilty of the offence to which he has pleaded guilty and impose any competent sentence: Provided that the sentence of death shall not be imposed unless the guilt of the accused has been proved as if he had pleaded not guilty.

(3) If the accused satisfies the court that the plea of guilty or an admission which is material to his guilt was incorrectly recorded, or if the court is not satisfied that the accused is guilty of the offence to which he has pleaded guilty or that the accused has no valid defence to the charge, the court shall record a plea of not guilty and proceed with the trial as a summary trial in that court: Provided that an admission by the accused the recording of which is not disputed by the accused, shall stand as proof of the fact thus admitted.

(4) Nothing in this section shall prevent the prosecutor from presenting evidence on any aspect of the charge, or the court from hearing evidence, including evidence or a statement by or on behalf of the accused, with regard to sentence, or from questioning the accused on any aspect of the case for the purposes of determining an appropriate sentence.

Procedure where accused arraigned for trial.

141. (1) Where an accused is under section 139 *(b)* arraigned for trial, a magistrate or regional magistrate of the court in which the preparatory examination was held shall advise the accused of the decision of the attorney-general and, if the accused is to be arraigned in a court other than the court concerned, commit the accused for trial by such other court.

(2) Where an accused is arraigned for trial after a preparatory examination, the case shall be dealt with in all respects as with a summary trial.

(3) The record of the preparatory examination shall, upon proof thereof in the court in which the accused is arraigned for trial, be received as part of the record of that court against the accused, and any admission by the accused shall stand at the trial of the accused as proof of such admission: Provided that the evidence adduced at such preparatory examination shall not form part of the record of the trial of the accused unless—

(a) the accused pleads guilty at his trial to the offence charged, or to an offence of which he may be convicted on the charge and the prosecutor accepts that plea; or

Prosedure waar beskuldige vir vonnis teregstaan.

140. (1) Waar 'n beskuldigde ingevolge artikel 139 *(a)* vir vonnis moet teregstaan, moet enige landdros of streeklanddros van die hof waarin die voorlopige ondersoek gehou is die beskuldigde van die prokureur-generaal se beslissing in kennis stel en, as die beslissing is dat die beskuldigde moet teregstaan—

(a) in die betrokke hof, die saak afhandel op die aanklag waarop die beskuldigde teregstaan; of

(b) in 'n ander hof as die betrokke hof, die saak verdaag vir vonnis deur sodanige ander hof.

(2) *(a)* Die oorkonde van die voorlopige ondersoek word by bewys daarvan in die hof waarin die beskuldigde vir vonnis teregstaan, ontvang as deel van die oorkonde van daardie hof teen die beskuldigde of, indien die beskuldigde in die hof teregstaan waarin die voorlopige ondersoek gehou is, bly die oorkonde van die voorlopige ondersoek staan as die oorkonde van daardie hof, en die pleit van skuldig en 'n erkenning deur die beskuldigde bly staan en maak deel uit van die oorkonde van daardie hof tensy die beskuldigde die hof oortuig dat bedoelde pleit of so 'n erkenning verkeerdelik genotuleer is.

(b) Tensy die beskuldigde die hof oortuig dat die pleit van skuldig of 'n erkenning verkeerdelik genotuleer is of tensy die hof nie oortuig is nie dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf waaraan hy skuldig gepleit het of dat die beskuldigde geen geldige verdediging op die aanklag het nie, kan die hof die beskuldigde op sy pleit van skuldig skuldig bevind aan die misdryf waaraan hy skuldig gepleit het en 'n geoorloofde vonnis oplê: Met dien verstande dat die doodvonnis nie opgelê word nie tensy die skuld van die beskuldigde bewys is asof hy onskuldig gepleit het.

(3) Indien die beskuldigde die hof oortuig dat die pleit van skuldig of 'n erkenning wat vir sy skuld wesenlik is, verkeerdelik genotuleer is, of as die hof nie oortuig is nie dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf waaraan hy skuldig gepleit het of dat die beskuldigde geen geldige verdediging op die aanklag het nie, teken die hof 'n pleit van onskuldig aan en gaan met die verhoor voort as 'n summiere verhoor in daardie hof: Met dien verstande dat 'n erkenning deur die beskuldigde waarvan die notulering nie deur die beskuldigde betwis word nie, as bewys van die aldus erkende feit bly staan.

(4) Geen bepaling van hierdie artikel verhinder die aanklaer om getuienis oor enige aspek van die aanklag voor te lê, of die hof om getuienis aan te hoor, met inbegrip van getuienis of 'n verklaring deur of ten behoewe van die beskuldigde, ten opsigte van vonnis, of om die beskuldigde oor enige aspek van die saak vir die doeleindes van die bepaling van 'n paslike vonnis te ondervra nie.

Prosedure waar beskuldigde vir verhoor teregstaan.

141. (1) Waar 'n beskuldigde ingevolge artikel 139 *(b)* vir verhoor moet teregstaan, moet 'n landdros of streeklanddros van die hof waarin die voorlopige ondersoek gehou is, die beskuldigde van die prokureur-generaal se beslissing in kennis stel en, as die beskuldigde in 'n ander hof as die betrokke hof moet teregstaan, die beskuldigde vir verhoor na sodanige ander hof verwys.

(2) Waar 'n beskuldigde na 'n voorlopige ondersoek vir verhoor teregstaan, word met die saak in alle opsigte gehandel soos met 'n summiere verhoor.

(3) Die oorkonde van die voorlopige ondersoek word by bewys daarvan in die hof waar die beskuldigde vir verhoor teregstaan, ontvang as deel van die oorkonde van daardie hof teen die beskuldigde, en enige erkenning deur die beskuldigde bly by die verhoor van die beskuldigde staan as bewys van so 'n erkenning: Met dien verstande dat die getuienis wat by bedoelde voorlopige ondersoek gelei is, nie deel uitmaak van die notule van die verhoor van die beskuldigde nie tensy—

(a) die beskuldigde by sy verhoor skuldig pleit aan die misdryf wat hom ten laste gelê word, of aan 'n misdryf waaraan hy op die aanklag skuldig bevind kan word en die aanklaer daardie pleit aanvaar; of

(b) the parties to the proceedings agree that any part of such evidence be admitted at the proceedings.

(4) *(a)* Where an accused who has been discharged under section 135 is arraigned for trial under section 139 *(b)*, the clerk of the court where the preparatory examination was held shall issue to him a written notice to that effect and stating the place, date and time for the appearance of the accused in that court for committal for trial, or, if he is to be arraigned in that court, to plead to the charge on which he is to be arraigned.

(b) The notice referred to in paragraph *(a)* shall be served on the accused in the manner provided for in sections 54 (2) and (3) for the service of a summons in a lower court and the provisions of sections 55 (1) and (2) shall *mutatis mutandis* apply with reference to such a notice.

(c) If the accused is committed for trial by another court, the court committing the accused may direct that he be detained in custody, whereupon the provisions of Chapter 9 shall apply with reference to the release of the accused on bail.

Procedure where attorney-general declines to prosecute.

142. Where an attorney-general under section 139 *(c)* declines to prosecute an accused, he shall advise the magistrate of the district in which the preparatory examination was held of his decision, and such magistrate shall forthwith have the accused released from custody or, if the accused is not in custody, advise the accused in writing of the decision of the attorney-general, whereupon no criminal proceedings shall again be instituted against the accused in respect of the charge in question.

Accused may inspect preparatory examination record and is entitled to copy thereof.

143. (1) An accused who is arraigned for sentence or for trial under section 139 may, without payment, inspect the record of the preparatory examination at the time of his arraignment before the court.

(2) *(a)* An accused who is arraigned for sentence or for trial under section 139 shall be entitled to a copy of the record of the preparatory examination upon payment, except where a legal practitioner under the Legal Aid Act, 1969 (Act 22 of 1969), or *pro Deo* counsel is appointed to defend the accused or where the accused is not legally represented, of a reasonable amount not exceeding twenty-five cents for each folio of seventy-two words or part thereof.

(b) The clerk of the court shall as soon as possible provide the accused or his legal adviser with a copy of the preparatory examination record in accordance with the provisions of paragraph *(a)*.

CHAPTER 21

TRIAL BEFORE SUPERIOR COURT

Charge in superior court to be laid in an indictment.

144. (1) Where an attorney-general arraigns an accused—

(a) under section 75 or 122 (2) (i) for a summary trial by a superior court;

(b) under section 121 (4) for sentence by a superior court; or

(c) under section 139 for sentence or trial by a superior court,

the charge shall be contained in a document called an indictment, which shall be framed in the name of the attorney-general.

(b) die partye by die verrigtinge ooreenkom dat enige deel van sodanige getuienis by die verrigtinge toegelaat word.

(4) *(a)* Waar 'n beskuldigde wat ingevolge artikel 135 ontslaan is ingevolge artikel 139 *(b)* vir verhoor moet teregstaan, word 'n skriftelike kennisgewing te dien effekte aan hom uitgereik deur die klerk van die hof waar die voorlopige ondersoek gehou is en wat die plek, datum en tyd vermeld vir die verskyning van die beskuldigde in bedoelde hof om vir verhoor verwys te word, of, indien hy in daardie hof moet teregstaan, om op die aanklag waarop hy moet teregstaan, te pleit.

(b) Die in paragraaf *(a)* bedoelde kennisgewing word aan die beskuldigde beteken op die wyse wat in artikels 54 (2) en (3) vir die betekening van 'n dagvaarding in 'n laer hof bepaal is en die bepalings van artikels 55 (1) en (2) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot so 'n kennisgewing.

(c) Indien die beskuldigde na 'n ander hof vir verhoor verwys word, kan die hof wat die beskuldigde verwys, gelas dat hy in bewaring aangehou word, waarop die bepalings van Hoofstuk 9 van toepassing is met betrekking tot die vrylating van die beskuldigde op borgtog.

Prosedure waar prokureur-generaal weier om te vervolg.

142. Waar 'n prokureur-generaal ingevolge artikel 139 *(c)* weier om 'n beskuldigde te vervolg, stel hy die landdros van die distrik waarin die voorlopige ondersoek gehou is van sy beslissing in kennis, en sodanige landdros laat die beskuldigde onverwyld in vryheid stel of, indien die beskuldigde nie in bewaring is nie, stel die beskuldigde skriftelik van die prokureur-generaal se beslissing in kennis, waarna geen strafregtelike verrigtinge weer teen die beskuldigde ten opsigte van die betrokke aanklag ingestel word nie.

Beskuldigde kan voorlopige ondersoek insien en is geregtig op afskrif daarvan.

143. (1) 'n Beskuldigde wat ingevolge artikel 139 vir vonnis of vir verhoor moet teregstaan, kan die oorkonde van die voorlopige ondersoek sonder betaling insien wanneer hy voor die hof teregstaan.

(2) *(a)* 'n Beskuldigde wat ingevolge artikel 139 vir vonnis of vir verhoor teregstaan, is geregtig op 'n afskrif van die oorkonde van die voorlopige ondersoek by betaling, behalwe waar 'n regspraktisyn kragtens die Wet op Regshulp, 1969 (Wet 22 van 1969), of 'n *pro Deo*-advokaat aangestel word om die beskuldigde te verdedig of waar die beskuldigde nie regsverteenwoordiging het nie, van 'n redelike bedrag wat nie vyf-en-twintig sent vir elke folio van twee-en-sewentig woorde of gedeelte daarvan te bowe gaan nie.

(b) Die klerk van die hof moet so spoedig doenlik die beskuldigde of sy regsadviseur van 'n afskrif van die oorkonde van die voorlopige ondersoek ooreenkomstig die bepalings van paragraaf *(a)* voorsien.

HOOFSTUK 21

VERHOOR VOOR HOËR HOF

Aanklag in hoër hof word in akte van beskuldiging vervat.

144. (1) Waar 'n prokureur-generaal 'n beskuldigde laat teregstaan—

(a) ingevolge artikel 75 of 122 (2) (i) vir 'n summiere verhoor deur 'n hoër hof;

(b) ingevolge artikel 121 (4) vir vonnis deur 'n hoër hof; of

(c) ingevolge artikel 139 vir vonnis of verhoor deur 'n hoër hof,

word die aanklag in 'n dokument vervat wat 'n akte van beskuldiging heet en wat in die naam van die prokureur-generaal opgestel word.

(2) The indictment shall, in addition to the charge against the accused, include the name and, where known and where applicable, the address and a description of the accused with regard to sex, race, nationality and age.

(3) *(a)* Where an attorney-general under section 75 or 122 (2) (i) arraigns an accused for a summary trial in a superior court, the indictment shall be accompanied by a summary of the substantial facts of the case that, in the opinion of the attorney-general, are necessary to inform the accused of the allegations against him and that will not be prejudicial to the administration of justice or the security of the State, as well as a list of the names and addresses of the witnesses the attorney-general intends calling at the summary trial on behalf of the State: Provided that—

(i) this provision shall not be so construed that the State shall be bound by the contents of the summary;

(ii) the attorney-general may withhold the name and address of a witness if he is of the opinion that such witness may be tampered with or be intimidated or that it would be in the interest of the security of the State that the name and address of such witness be withheld;

(iii) the omission of the name or address of a witness from such list shall in no way affect the validity of the trial.

(b) Where the evidence for the State at the trial of the accused differs in a material respect from the summary referred to in paragraph *(a)*, the trial court may, at the request of the accused and if it appears to the court that the accused might be prejudiced in his defence by reason of such difference, adjourn the trial for such period as to the court may seem adequate.

(4) *(a)* An indictment, together with a notice of trial referred to in the rules of court, shall, unless an accused agrees to a shorter period, be served on an accused at least ten days (Sundays and public holidays excluded) before the date appointed for the trial—

(i) in accordance with the procedure and manner laid down by the rules of court, by handing it to him personally, or, if he cannot be found, by delivering it at his place of residence or place of employment or business to a person apparently over the age of sixteen years and apparently residing or employed there, or, if he has been released on bail, by leaving it at the place determined under section 62 for the service of any document on him; or

(ii) by the magistrate or regional magistrate committing him to the superior court, by handing it to him.

(b) A return of the mode of service by the person who served the indictment and the notice of trial, or, if the said documents were served in court on the accused by a magistrate or regional magistrate, an endorsement to that effect on the record of proceedings, may, upon the failure of the accused to attend the proceedings in the superior court, be handed in at the proceedings and shall be *prima facie* proof of the service.

(c) The provisions of section 55 (1) and (2) shall *mutatis mutandis* apply with reference to a notice of trial served on an accused in terms of this subsection.

Trial in superior court by judge sitting with or without assessors.

145. (1) *(a)* Except as provided in section 148, an accused arraigned before a superior court shall be tried by a judge of that court sitting with or without assessors in accordance with the provisions set out hereunder.

(2) Die akte van beskuldiging bevat, benewens die aanklag teen die beskuldigde, die naam en, waar bekend en waar toepaslik, die adres en 'n beskrywing van die beskuldigde ten opsigte van geslag, ras, nasionaliteit en ouderdom.

(3) *(a)* Waar 'n prokureur-generaal 'n beskuldigde ingevolge artikel 75 of 122 (2) (i) vir 'n summiere verhoor in 'n hoër hof laat teregstaan, gaan die akte van beskuldiging vergesel van 'n opsomming van die wesenlike feite in die saak, wat, na die mening van die prokureur-generaal, nodig is om die beskuldigde in te lig aangaande die bewerings teen hom en nie die regspleging of staatsveiligheid sal benadeel nie, sowel as 'n lys met die name en adresse van die getuies wat die prokureur-generaal voornemens is om by die summiere verhoor namens die Staat te roep: Met dien verstande dat—

(i) hierdie bepaling nie so uitgelê word dat die Staat deur die inhoud van die opsomming gebind word nie;

(ii) die prokureur-generaal die naam en adres van 'n getuie kan weerhou indien hy van oordeel is dat met daardie getuie gepeuter kan word of dat daardie getuie geïntimideer kan word of dat dit in belang van staatsveiligheid sal wees dat die naam en adres van daardie getuie weerhou word;

(iii) die weglating van die naam of adres van 'n getuie uit so 'n lys die geldigheid van die verhoor geensins raak nie.

(b) Waar die getuienis vir die Staat by die verhoor van die beskuldigde in 'n wesenlike opsig verskil van die in paragraaf *(a)* bedoelde opsomming, kan die verhoorhof, op versoek van die beskuldigde en indien dit vir die hof voorkom dat die beskuldigde in sy verdediging benadeel kan word op grond van so 'n verskil, die verhoor verdaag vir die tydperk wat na die hof se oordeel voldoende is.

(4) *(a)* 'n Akte van beskuldiging, tesame met 'n in die hofreëls bedoelde kennisgewing van verhoor, word, tensy 'n beskuldigde tot 'n korter tydperk toestem, minstens tien dae (met uitsluiting van Sondae en openbare feesdae) voor die datum wat vir die verhoor bepaal is, aan 'n beskuldigde beteken—

(i) deur dit, ooreenkomstig die prosedure en wyse deur die hofreëls neergelê, aan hom persoonlik te oorhandig, of, indien hy nie gevind kan word nie, by sy woon-, werks- of besigheidsplek aan 'n persoon te oorhandig wat blykbaar oor die ouderdom van sestien jaar is en blykbaar daar woonagtig of werksaam is, of, indien hy op borgtog vrygelaat is, te laat by die plek wat ingevolge artikel 62 vir die betekening van stukke op die beskuldigde bepaal is; of

(ii) deur die landdros of streeklanddros wat die beskuldigde na die hoër hof verwys, deur dit aan hom te oorhandig.

(b) 'n Relaas van die wyse van betekening deur die persoon wat die akte van beskuldiging en die kennisgewing van verhoor beteken het, of, indien genoemde stukke deur 'n landdros of streeklanddros in die hof aan die beskuldigde beteken is, 'n aantekening te dien effekte op die oorkonde van die verrigtinge, kan by versuim van die beskuldigde om die verrigtinge in die hoër hof by te woon by die verrigtinge ingehandig word en is *prima facie*-bewys van die betekening.

(c) Die bepalings van artikel 55 (1) en (2) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n kennisgewing van verhoor wat ingevolge hierdie subartikel aan 'n beskuldigde beteken is.

Verhoor in hoër hof deur regter wat met of sonder assessore sit.

145. (1) *(a)* Behalwe soos in artikel 148 bepaal, word 'n beskuldigde wat voor 'n hoër hof teregstaan, verhoor deur 'n regter van daardie hof wat met of sonder assessore sit ooreenkomstig die bepalings hieronder uiteengesit.

(b) An assessor for the purposes of this section means a person who, in the opinion of the judge who presides at a trial, has experience in the administration of justice or skill in any matter which may be considered at the trial.

(2) Where an attorney-general arraigns an accused before a superior court—

(a) for trial and the accused pleads not guilty; or

(b) for sentence, or for trial and the accused pleads guilty, and a plea of not guilty is entered at the direction of the presiding judge,

the presiding judge may summon not more than two assessors to assist him at the trial: Provided that where the offence in respect of which the accused is on trial is an offence for which the sentence of death is a competent sentence, the presiding judge shall, if he is of the opinion that, in the event of a conviction and having regard to the circumstances of the case, the sentence of death may be imposed or may have to be imposed, summon two assessors to his assistance.

(3) No assessor shall hear any evidence unless he first takes an oath or, as the case may be, makes an affirmation, administered by the presiding judge, that he will, on the evidence placed before him, give a true verdict upon the issues to be tried.

(4) An assessor who takes an oath or makes an affirmation under subsection (3), shall be a member of the court: Provided that—

(a) the presiding judge alone shall decide upon any question of law or upon any question whether any matter constitutes a question of law or a question of fact, and he may for this purpose sit alone;

(b) the decision or finding of the majority of the members of the court on any question of fact shall be the decision or finding of the court, except when the presiding judge sits with only one assessor, in which case the decision or finding of the judge shall, in the case of a difference of opinion, be the decision or finding of the court.

(5) If an assessor is not in the full-time employment of the State, he shall be entitled to such compensation as the Minister, in consultation with the Minister of Finance, may determine in respect of expenses incurred by him in connection with his attendance at the trial, and in respect of his services as assessor.

Reasons for decision by superior court in criminal trial.

146. A judge presiding at a criminal trial in a superior court, shall—

(a) where he decides any question of law, including any question under paragraph *(a)* of section 145 (4) whether any matter constitutes a question of law or a question of fact, give the reasons for his decision;

(b) whether he sits with or without assessors, give the reasons for the decision or finding of the court on any question of fact;

(c) where he sits with an assessor or with assessors and there is a difference of opinion on any question of fact, give the reasons for the decision or finding of the member of the court who is in the minority or, where the presiding judge sits with only one assessor, of such assessor.

Death or incapacity of assessor.

147. (1) If an assessor dies or, in the opinion of the presiding judge, becomes unable to act as assessor at any time during a trial, the presiding judge may direct—

(a) that the trial proceed before the remaining member or members of the court; or

(b) that the trial start *de novo*, and for that purpose summon an assessor in the place of the assessor who has died or has become unable to act as assessor.

(2) Where the presiding judge acts under subsection (1) *(b)*, the plea already recorded shall stand.

(b) By die toepassing van hierdie artikel beteken 'n assessor iemand wat, na die oordeel van die regter wat by 'n verhoor voorsit, ondervinding van die regspleging het of bedrewe is in 'n aangeleentheid wat by die verhoor oorweeg mag word.

(2) Waar 'n prokureur-generaal 'n beskuldigde voor 'n hoër hof laat teregstaan—

(a) vir verhoor en die beskuldigde onskuldig pleit; of

(b) vir vonnis, of vir verhoor en die beskuldigde skuldig pleit, en 'n pleit van onskuldig in opdrag van die voorsittende regter aangeteken word,

kan die voorsittende regter hoogstens twee assessore oproep om hom by die verhoor by te staan: Met dien verstande dat waar die misdryf ten opsigte waarvan die beskuldigde verhoor word, 'n misdryf is ten opsigte waarvan die doodvonnis 'n geoorloofde vonnis is, die voorsittende regter, indien hy van oordeel is dat, in geval van 'n skuldigbevinding en met inagneming van die omstandighede van die geval, die doodvonnis opgelê kan word of opgelê moet word, twee assessore moet oproep om hom by te staan.

(3) 'n Assessor hoor geen getuienis aan nie tensy hy eers 'n eed aflê of, na gelang van die geval, 'n bevestiging doen wat deur die voorsittende regter waargeneem word, dat hy, op die getuienis wat voor hom geplaas word, 'n ware uitspraak sal gee oor die punte wat bereg moet word.

(4) 'n Assessor wat ingevolge subartikel (3) 'n eed aflê of 'n bevestiging doen, is 'n lid van die hof: Met dien verstande dat—

(a) slegs die voorsittende regter oor 'n regsvraag beslis of oor 'n vraag of 'n aangeleentheid 'n regsvraag of 'n feitevraag uitmaak, en hy kan vir dié doel alleen sit;

(b) die beslissing of bevinding van die meerderheid van die lede van die hof oor 'n feitevraag, die beslissing of bevinding van die hof is, behalwe wanneer die voorsittende regter met slegs een assessor sit, in welke geval die beslissing of bevinding van die regter, by 'n verskil van mening, die beslissing of bevinding van die hof is.

(5) Indien 'n assessor nie in die heeltydse diens van die Staat is nie, is hy geregtig op die vergoeding wat die Minister, in oorleg met die Minister van Finansies, bepaal ten opsigte van uitgawes wat hy in verband met sy bywoning van die verhoor aangaan, en ten opsigte van sy dienste as assessor.

Redes vir beslissing deur hoër hof in strafverhoor.

146. 'n Regter wat by 'n strafverhoor in 'n hoër hof voorsit, moet—

(a) waar hy 'n regsvraag beslis, met inbegrip van 'n vraag ingevolge paragraaf *(a)* van artikel 145 (4) of 'n aangeleentheid 'n regsvraag of 'n feitevraag uitmaak, die redes vir sy beslissing gee;

(b) hetsy hy met of sonder assessore sit, die redes vir die beslissing of bevinding van die hof op 'n feitevraag gee;

(c) waar hy met een assessor of met assessore sit en daar 'n verskil van mening oor 'n feitevraag is, die redes vir die beslissing of bevinding gee van die lid van die hof wat in die minderheid is of, waar die voorsittende regter met slegs een assessor sit, van so 'n assessor.

Dood of onbekwaamheid van assessor.

147. (1) Indien 'n assessor te eniger tyd gedurende 'n verhoor sterf of, na die oordeel van die voorsittende regter, onbekwaam raak om as assessor op te tree, kan die voorsittende regter gelas—

(a) dat die verhoor voor die oorblywende lid of lede van die hof voortgaan; of

(b) dat die verhoor *de novo* begin, en te dien einde 'n assessor oproep in die plek van die assessor wat gesterf het of onbekwaam geraak het om as assessor op te tree.

(2) Waar die voorsittende regter ingevolge subartikel (1) *(b)* optree, bly die pleit staan wat reeds aangeteken is.

State President may constitute special superior court.

148. (1) Where an attorney-general decides to arraign an accused before a superior court upon a charge which relates to the security of the State or to the maintenance of the public order, and the Minister is of the opinion that the circumstances relating to such charge are such that the interests of justice or of the public order will be better served if the accused is tried by a superior court which is specially constituted for the trial, the State President may constitute a special superior court to conduct the trial relating to such charge.

(2) *(a)* A special superior court may sit at any place within the area of jurisdiction of the provincial division in respect of which the attorney-general referred to in subsection (1) has been appointed, and such place and the date on which and the time at which such court shall commence its sitting, shall be determined by such attorney-general.

(b) A special superior court shall have jurisdiction to try the charge referred to in subsection (1) and to sentence the accused to any punishment which by law may be imposed in respect thereof.

(3) *(a)* A special superior court shall consist of three judges, who may be appointed from any provincial division.

(b) The decision or finding of the majority of the members of the court shall be the decision or finding of the court.

(c) The Minister shall designate an officer in the public service or a judge's clerk to act as registrar of a special superior court.

(4) The Minister shall cause the constitution of a special superior court, together with the names of the members thereof, the name and official address of the registrar thereof, and the date on which and the time at which and the place at which such court will commence its sitting, to be notified in the *Gazette*.

(5) Save as otherwise in this section provided, the provisions of this Act relating to a trial by a superior court shall *mutatis mutandis* apply with reference to the trial of an accused by a special superior court.

(6) If at any time during the trial a member of a special superior court dies or becomes unable to continue as a member of the court, the trial shall proceed before the remaining members of the court.

(7) At the conclusion of any sitting of a special superior court, the registrar of that court shall transmit the record of the proceedings of that sitting to the registrar of the provincial division in question, and such record shall thereupon become a record of that provincial division.

Change of venue in superior court after indictment has been lodged.

149. (1) A superior court may, at any time after an indictment has been lodged with the registrar of that court and before the date of trial, upon application by the prosecution and after notice to the accused, or upon application by the accused after notice to the prosecution, order that the trial be held at a place within the area of jurisdiction of such court, other than the place determined for the trial, and that it be held on a date and at a time, other than the date and time determined for the trial.

(2) If the accused is not present or represented at such an application by the prosecution or if the prosecution is not represented at such an application by the accused, the court shall direct that a copy of the order be served on the accused or, as the case may be, on the prosecution, and upon service thereof, the venue and date and time as changed shall be deemed to be the venue and date and time respectively that were originally appointed for the trial.

Staatspresident kan spesiale hoër hof saamstel.

148. (1) Waar 'n prokureur-generaal besluit om 'n beskuldigde voor 'n hoër hof te laat teregstaan op 'n aanklag wat op staatsveiligheid of die handhawing van die openbare orde betrekking het, en die Minister van oordeel is dat die omstandighede betreffende so 'n aanklag sodanig is dat die belange van die regspleging of van die openbare orde beter gedien sal word indien die beskuldigde deur 'n hoër hof verhoor word wat spesiaal vir die verhoor saamgestel word, kan die Staatspresident 'n spesiale hoër hof saamstel om die verhoor betreffende so 'n aanklag waar te neem.

(2) *(a)* 'n Spesiale hoër hof kan op enige plek sitting hou binne die regsgebied van die provinsiale afdeling ten opsigte waarvan die in subartikel (1) bedoelde prokureur-generaal aangestel is, en bedoelde plek en die datum waarop en die tyd wanneer bedoelde hof sy sitting begin, word deur bedoelde prokureur-generaal bepaal.

(b) 'n Spesiale hoër hof het regsbevoegdheid om die in subartikel (1) bedoelde aanklag te verhoor en om die beskuldigde tot 'n straf te veroordeel wat regtens ten opsigte daarvan opgelê kan word.

(3) *(a)* 'n Spesiale hoër hof bestaan uit drie regters wat uit enige provinsiale afdeling aangestel kan word.

(b) Die beslissing of bevinding van die meerderheid van die lede van die hof is die beslissing of bevinding van die hof.

(c) Die Minister stel 'n beampte van die staatsdiens of 'n regtersklerk aan om as griffier van 'n spesiale hoër hof op te tree.

(4) Die Minister laat die samestelling van 'n spesiale hoër hof, tesame met die name van die lede daarvan, die naam en amptelike adres van die griffier daarvan, en die datum waarop en die tyd wanneer en die plek waar bedoelde hof sy sitting begin, in die *Staatskoerant* bekend maak.

(5) Behalwe vir sover hierdie artikel anders bepaal, is die bepalings van hierdie Wet betreffende 'n verhoor deur 'n hoër hof *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot die verhoor van 'n beskuldigde deur 'n spesiale hoër hof.

(6) Indien 'n lid van 'n spesiale hoër hof te eniger tyd gedurende die verhoor sterf of onbekwaam raak om as lid van die hof voort te gaan, word die verhoor voor die oorblywende lede van die hof voortgesit.

(7) Na afloop van 'n sitting van 'n spesiale hoër hof, stuur die griffier van daardie hof die oorkonde van die verrigtinge van daardie sitting aan die griffier van die betrokke provinsiale afdeling, en bedoelde oorkonde word daarop 'n ampstuk van daardie provinsiale afdeling.

Verandering van plek van beregting in hoër hof nadat akte van beskuldiging ingedien is.

149. (1) 'n Hoër hof kan, te eniger tyd nadat 'n akte van beskuldiging by die griffier van daardie hof ingedien is en voor die datum van verhoor, op aansoek van die vervolging en na kennis aan die beskuldigde, of op aansoek van die beskuldigde na kennis aan die vervolging, beveel dat die verhoor plaasvind op 'n ander plek binne die regsgebied van daardie hof as die plek wat vir die verhoor bepaal is, en dat dit op 'n ander datum en tyd plaasvind as die datum en tyd wat vir die verhoor bepaal is.

(2) Indien die beskuldigde nie teenwoordig of verteenwoordig is by so 'n aansoek deur die vervolging nie of indien die vervolging nie verteenwoordig is by so 'n aansoek deur die beskuldigde nie, gelas die hof dat 'n afskrif van die bevel aan die beskuldigde of, na gelang van die geval, aan die vervolging beteken word, en by betekening daarvan word die veranderde plek van beregting en datum en tyd geag onderskeidelik die plek van beregting en datum en tyd te wees wat aanvanklik vir die verhoor bepaal is.

CHAPTER 22

CONDUCT OF PROCEEDINGS

Prosecutor may address court and adduce evidence.

150. (1) The prosecutor may at any trial, before any evidence is adduced, address the court for the purpose of explaining the charge and indicating, without comment, to the court what evidence he intends adducing in support of the charge.

(2) *(a)* The prosecutor may then examine the witnesses for the prosecution and adduce such evidence as may be admissible to prove that the accused committed the offence referred to in the charge or that he committed an offence of which he may be convicted on the charge.

(b) Where any document may be received in evidence before any court upon its mere production, the prosecutor shall read out such document in court unless the accused is in possession of a copy of such document or dispenses with the reading out thereof.

Accused may address court and adduce evidence.

151. (1) *(a)* If an accused is not under section 174 discharged at the close of the case for the prosecution, the court shall ask him whether he intends adducing any evidence on behalf of the defence, and if he answers in the affirmative, he may address the court for the purpose of indicating to the court, without comment, what evidence he intends adducing on behalf of the defence.

(b) The court shall also ask the accused whether he himself intends giving evidence on behalf of the defence, and—

(i) if the accused answers in the affirmative, he shall, except where the court on good cause shown allows otherwise, be called as a witness before any other witness for the defence; or

(ii) if the accused answers in the negative but decides, after other evidence has been given on behalf of the defence, to give evidence himself, the court may draw such inference from the accused's conduct as may be reasonable in the circumstances.

(2) *(a)* The accused may then examine any other witness for the defence and adduce such other evidence on behalf of the defence as may be admissible.

(b) Where any document may be received in evidence before any court upon its mere production and the accused wishes to place such evidence before the court, he shall read out the relevant document in court unless the prosecutor is in possession of a copy of such document or dispenses with the reading out thereof.

Criminal proceedings to be conducted in open court.

152. Except where otherwise expressly provided by this Act or any other law, criminal proceedings in any court shall take place in open court, and may take place on any day.

Circumstances in which criminal proceedings shall not take place in open court.

153. (1) If it appears to any court that it would, in any criminal proceedings pending before that court, be in the interests of the security of the State or of good order or of public morals or of the administration of justice that such proceedings be held behind closed doors, it may direct that the public or any class thereof shall not be present at such proceedings or any part thereof.

(2) If it appears to any court at criminal proceedings that there is a likelihood that harm might result to any person, other than an accused, if he testifies at such proceedings, the court may direct—

(a) that such person shall testify behind closed doors and that no person shall be present when such evidence is given unless his presence is necessary in connection with such proceedings or is authorized by the court;

HOOFSTUK 22

VOORTSETTING VAN VERRIGTINGE

Aanklaer kan hof toespreek en getuienis aanvoer.

150. (1) Die aanklaer kan by 'n verhoor, voordat getuienis aangevoer word, die hof toespreek ten einde die aanklag te verduidelik en die hof in te lig, sonder om kommentaar te lewer, oor die getuienis wat hy voornemens is om ter ondersteuning van die aanklag aan te voer.

(2) *(a)* Die aanklaer kan dan die getuies vir die vervolging ondervra en die getuienis wat toelaatbaar is, aanvoer om te bewys dat die beskuldigde die in die aanklag bedoelde misdryf gepleeg het of 'n misdryf gepleeg het waaraan hy op die aanklag skuldig bevind kan word.

(b) Waar 'n dokument by blote voorlegging daarvan as getuienis voor 'n hof toegelaat kan word, lees die aanklaer die dokument in die hof uit tensy die beskuldigde in besit van 'n afskrif van bedoelde dokument is of daarvan afsien dat dit uitgelees word.

Beskuldigde kan hof toespreek en getuienis aanvoer.

151. (1) *(a)* Indien 'n beskuldigde nie ingevolge artikel 174 by afsluiting van die saak vir die vervolging ontslaan word nie, moet die hof hom vra of hy voornemens is om getuienis ten behoewe van die verdediging aan te voer, en as hy bevestigend antwoord, kan hy die hof toespreek ten einde die hof in te lig, sonder om kommentaar te lewer, oor die getuienis wat hy voornemens is om ten behoewe van die verdediging aan te voer.

(b) Die hof moet die beskuldigde ook vra of hy voornemens is om self ten behoewe van die verdediging getuienis af te lê, en—

(i) indien die beskuldigde bevestigend antwoord, word hy, behalwe waar die hof anders toelaat indien grondige redes aangevoer word, as 'n getuie voor enige ander getuie vir die verdediging opgeroep; of

(ii) indien die beskuldigde ontkennend antwoord maar besluit, nadat ander getuienis ten behoewe van die verdediging afgelê is, om self getuienis af te lê, maak die hof die afleiding van die beskuldigde se optrede wat in die omstandighede redelik is.

(2) *(a)* Die beskuldigde kan dan enige ander getuie vir die verdediging ondervra en die ander getuienis ten behoewe van die verdediging aanvoer wat toelaatbaar is.

(b) Waar 'n dokument by blote voorlegging daarvan as getuienis voor 'n hof toegelaat kan word en die beskuldigde sulke getuienis voor die hof wil plaas, lees hy die betrokke dokument in die hof uit tensy die aanklaer in besit van 'n afskrif van bedoelde dokument is of daarvan afsien dat dit uitgelees word.

Strafregtelike verrigtinge moet in ope hof voortgesit word.

152. Behalwe waar hierdie Wet of 'n ander wet uitdruklik anders bepaal, vind strafregtelike verrigtinge in 'n hof in die ope hof plaas, en kan dit op enige dag plaasvind.

Omstandighede waarin strafregtelike verrigtinge nie in ope hof plaasvind nie.

153. (1) Indien dit aan 'n hof blyk dat dit in strafregtelike verrigtinge wat voor daardie hof hangende is, in belang van die veiligheid van die Staat of van die goeie orde of van die openbare sedes of die regspleging sal wees dat bedoelde verrigtinge agter geslote deure gehou word, kan die hof gelas dat die publiek of 'n kategorie daarvan nie by sulke verrigtinge of enige deel daarvan teenwoordig mag wees nie.

(2) Indien dit by strafregtelike verrigtinge aan 'n hof blyk dat dit waarskynlik is dat leed iemand, behalwe 'n beskuldigde, aangedoen kan word indien hy by daardie verrigtinge getuig, kan die hof gelas—

(a) dat so iemand agter geslote deure getuig en dat niemand teenwoordig mag wees wanneer sulke getuienis gelewer word nie tensy sy teenwoordigheid in verband met bedoelde verrigtinge noodsaaklik is of deur die hof gemagtig is;

(b) that the identity of such person shall not be revealed or that it shall not be revealed for a period specified by the court.

(3) In criminal proceedings relating to a charge that the accused committed or attempted to commit—

(a) any indecent act towards or in connection with any other person;

(b) any act for the purpose of procuring or furthering the commission of an indecent act towards or in connection with any other person; or

(c) extortion or any statutory offence of demanding from any other person some advantage which was not due and, by inspiring fear in the mind of such other person, compelling him to render such advantage,

the court before which such proceedings are pending may, at the request of such other person or, if he is a minor, at the request of his parent or guardian, direct that any person whose presence is not necessary at the proceedings or any person or class of persons mentioned in the request, shall not be present at the proceedings: Provided that judgment shall be delivered and sentence shall be passed in open court if the court is of the opinion that the identity of the other person concerned would not be revealed thereby.

(4) Where an accused at criminal proceedings before any court is under the age of eighteen years, no person, other than such accused, his legal representative and parent or guardian or a person *in loco parentis*, shall be present at such proceedings, unless such person's presence is necessary in connection with such proceedings or is authorized by the court.

(5) Where a witness at criminal proceedings before any court is under the age of eighteen years, the court may direct that no person, other than such witness and his parent or guardian or a person *in loco parentis*, shall be present at such proceedings, unless such person's presence is necessary in connection with such proceedings or is authorized by the court.

(6) The court may direct that no person under the age of eighteen years shall be present at criminal proceedings before the court, unless he is a witness referred to in subsection (5) and is actually giving evidence at such proceedings or his presence is authorized by the court.

Prohibition of publication of certain information relating to criminal proceedings.

154. (1) Where a court under section 153 (1) on any of the grounds referred to in that subsection directs that the public or any class thereof shall not be present at any proceedings or part thereof, the court may direct that no information relating to the proceedings or any part thereof held behind closed doors shall be published in any manner whatever: Provided that a direction by the court shall not prevent the publication of information relating to the name and personal particulars of the accused, the charge against him, the plea, the verdict and the sentence, unless the court is of the opinion that the publication of any part of such information might defeat the object of its direction under section 153 (1), in which event the court may direct that such part shall not be published.

(2) *(a)* Where a court under section 153 (3) directs that any person or class of persons shall not be present at criminal proceedings, no person shall publish in any manner whatever any information which might reveal the identity of any complainant in the proceedings: Provided that the presiding judge or judicial officer may authorize the publication of such information if he is of the opinion that such publication would be just and equitable.

(b) No person shall at any stage before the appearance of an accused in a court upon any charge referred to in section 153 (3) or at any stage after such appearance but before

(b) dat die identiteit van so 'n persoon nie openbaar gemaak word nie of dat dit nie geopenbaar word nie vir 'n tydperk deur die hof bepaal.

(3) In strafregtelike verrigtinge betreffende 'n aanklag dat die beskuldigde—

(a) 'n onsedelike daad teenoor of in verband met 'n ander persoon gepleeg het of gepoog het om dit te pleeg;

(b) 'n handeling verrig het of gepoog het om 'n handeling te verrig ten einde die pleging van 'n onsedelike daad teenoor of in verband met 'n ander persoon te bewerkstellig of te bevorder; of

(c) afpersing of 'n statutêre misdryf dat hy van 'n ander persoon 'n voordeel geëis het wat nie verskuldig was nie en, deur vrees in die gemoed van so 'n ander persoon in te boesem, hom gedwing het om bedoelde voordeel te lewer, gepleeg het of gepoog het om dit te pleeg,

kan die hof voor wie bedoelde verrigtinge hangende is, op versoek van so 'n ander persoon of, as hy 'n minderjarige is, op versoek van sy ouer of voog, gelas dat iemand wie se teenwoordigheid by die verrigtinge nie noodsaaklik is nie of 'n persoon of kategorie persone in die versoek vermeld, nie by die verrigtinge teenwoordig mag wees nie: Met dien verstande dat uitspraak gelewer en vonnis opgelê word in die ope hof indien die hof van oordeel is dat die identiteit van die ander persoon wat betrokke is, nie daardeur geopenbaar sal word nie.

(4) Waar 'n beskuldigde by strafregtelike verrigtinge voor 'n hof onder die ouderdom van agtien jaar is, mag niemand, behalwe so 'n beskuldigde, sy regsverteenwoordiger en ouer of voog of 'n persoon *in loco parentis*, by bedoelde verrigtinge teenwoordig wees nie, tensy so iemand se teenwoordigheid in verband met bedoelde verrigtinge noodsaaklik is of deur die hof gemagtig is.

(5) Waar 'n getuie by strafregtelike verrigtinge voor 'n hof onder die ouderdom van agtien jaar is, kan die hof gelas dat niemand, behalwe so 'n getuie en sy ouer of voog of 'n persoon *in loco parentis*, by bedoelde verrigtinge teenwoordig mag wees nie, tensy so iemand se teenwoordigheid in verband met bedoelde verrigtinge noodsaaklik is of deur die hof gemagtig is.

(6) Die hof kan gelas dat niemand onder die ouderdom van agtien jaar by strafregtelike verrigtinge voor die hof teenwoordig mag wees nie, tensy hy 'n in subartikel (5) bedoelde getuie is en werklik besig is om by daardie verrigtinge te getuig of sy teenwoordigheid deur die hof gemagtig is.

Verbod op publikasie van sekere inligting betreffende strafregtelike verrigtinge.

154. (1) Waar 'n hof ingevolge artikel 153 (1) op enige van die in daardie subartikel bedoelde gronde gelas dat die publiek of 'n kategorie daarvan nie by enige verrigtinge of deel daarvan teenwoordig mag wees nie, kan die hof gelas dat geen inligting betreffende die verrigtinge of 'n deel daarvan wat agter geslote deure gehou word, op enige wyse hoegenaamd gepubliseer mag word nie: Met dien verstande dat 'n lasgewing deur die hof nie die publikasie van inligting betreffende die naam en persoonlike besonderhede van die beskuldigde, die aanklag teen hom, die pleit, die uitspraak en die vonnis verhinder nie, tensy die hof van oordeel is dat die publikasie van enige gedeelte van bedoelde inligting die doel van sy lasgewing ingevolge artikel 153 (1) kan verydel, in welke geval die hof kan gelas dat sodanige gedeelte nie gepubliseer word nie.

(2) *(a)* Waar 'n hof ingevolge artikel 153 (3) gelas dat iemand of 'n kategorie persone nie by strafregtelike verrigtinge teenwoordig mag wees nie, mag niemand op enige wyse hoegenaamd enige inligting publiseer wat die identiteit van 'n klaer in die verrigtinge kan openbaar nie: Met dien verstande dat die voorsittende regter of regterlike amptenaar die publikasie van bedoelde inligting kan magtig indien hy van oordeel is dat sodanige publikasie regverdig en billik sal wees.

(b) Niemand mag in enige stadium voor die verskyning van 'n beskuldigde in 'n hof op 'n in artikel 153 (3) bedoelde aanklag of in enige stadium na bedoelde

the accused has pleaded to the charge, publish in any manner whatever any information relating to the charge in question.

(3) No person shall publish in any manner whatever any information which reveals or may reveal the identity of an accused under the age of eighteen years or of a witness at criminal proceedings who is under the age of eighteen years: Provided that the presiding judge or judicial officer may authorize the publication of so much of such information as he may deem fit if the publication thereof would in his opinion be just and equitable and in the interest of any particular person.

(4) No prohibition or direction under this section shall apply with reference to the publication in the form of a *bona fide* law report of—

(a) information for the purpose of reporting any question of law relating to the proceedings in question; or

(b) any decision or ruling given by any court on such question,

if such report does not mention the name of the person charged or of the person against whom or in connection with whom the offence in question was alleged to have been committed or of any witness at such proceedings, and does not mention the place where the offence in question was alleged to have been committed.

(5) Any person who publishes any information in contravention of this section or contrary to any direction or authority under this section or who in any manner whatever reveals the identity of a witness in contravention of a direction under section 153 (2), shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding one year or to both such fine and such imprisonment.

Persons implicated in same offence may be tried together.

155. (1) Any number of participants in the same offence may be tried together and any number of accessories after the same fact may be tried together or any number of participants in the same offence and any number of accessories after that fact may be tried together, and each such participant and each such accessory may be charged at such trial with the relevant substantive offence alleged against him.

(2) A receiver of property obtained by means of an offence shall for purposes of this section be deemed to be a participant in the offence in question.

Persons committing separate offences at same time and place may be tried together.

156. Any number of persons charged in respect of separate offences committed at the same place and at the same time or at about the same time, may be charged and tried together in respect of such offences if the prosecutor informs the court that evidence admissible at the trial of one of such persons will, in his opinion, also be admissible as evidence at the trial of any other such person or such persons.

Joinder of accused and separation of trials.

157. (1) An accused may be joined with any other accused in the same criminal proceedings at any time before any evidence has been led in respect of the charge in question.

(2) Where two or more persons are charged jointly, whether with the same offence or with different offences, the court may at any time during the trial, upon the application of the prosecutor or of any of the accused, direct that the trial of any one or more of the accused shall be held separately from the trial of the other accused, and the court may abstain from giving judgment in respect of any of such accused.

Criminal proceedings to take place in presence of accused.

158. Except as otherwise expressly provided by this Act or any other law, all criminal proceedings in any court shall take place in the presence of the accused.

verskyning maar voordat die beskuldigde op die aanklag gepleit het, enige inligting betreffende die betrokke aanklag op enige wyse hoegenaamd publiseer nie.

(3) Niemand mag op enige wyse hoegenaamd enige inligting publiseer wat die identiteit openbaar of kan openbaar van 'n beskuldigde onder die ouderdom van agtien jaar of van 'n getuie by strafregtelike verrigtinge wat onder die ouderdom van agtien jaar is nie: Met dien verstande dat die voorsittende regter of regterlike amptenaar die publikasie van soveel van bedoelde inligting kan magtig as wat hy goedvind indien die publikasie daarvan na sy oordeel regverdig en billik en in belang van 'n bepaalde persoon sal wees.

(4) Geen verbod of lasgewing ingevolge hierdie artikel is van toepassing met betrekking tot die publikasie by wyse van 'n *bona fide*-hofverslag van—

(a) inligting ten einde verslag te doen oor 'n regsvraag betreffende die betrokke verrigtinge nie; of

(b) 'n beslissing of uitspraak wat deur 'n hof op so 'n vraag gegee word nie,

indien bedoelde verslag nie die naam noem van die persoon wat aangekla is of van die persoon teen wie of in verband met wie die betrokke misdryf na bewering gepleeg is of van 'n getuie by bedoelde verrigtinge nie en nie die plek noem waar die betrokke misdryf na bewering gepleeg is nie.

(5) Iemand wat in stryd met hierdie artikel of met 'n lasgewing of magtiging ingevolge hierdie artikel inligting publiseer of wat op enige wyse hoegenaamd die identiteit van 'n getuie in stryd met 'n lasgewing ingevolge artikel 153 (2) openbaar, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 'n jaar of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf.

Persone betrokke by dieselfde misdryf kan gesamentlik verhoor word.

155. (1) Enige aantal deelnemers aan dieselfde misdryf kan gesamentlik verhoor word en enige aantal begunstigers by dieselfde misdryf kan gesamentlik verhoor word of enige aantal deelnemers aan dieselfde misdryf en enige aantal begunstigers by daardie misdryf kan gesamentlik verhoor word, en elke sodanige deelnemer en elke sodanige begunstiger kan by bedoelde verhoor aangekla word weens die betrokke selfstandige misdryf wat hom ten laste gelê word.

(2) 'n Ontvanger van goed wat deur middel van 'n misdryf verkry is, word by die toepassing van hierdie artikel geag 'n deelnemer aan die betrokke misdryf te wees.

Persone wat afsonderlike misdrywe op dieselfde tyd en plek pleeg, kan gesamentlik verhoor word.

156. Enige aantal persone wat aangekla word van verskillende misdrywe wat op dieselfde plek en op dieselfde tyd of op ongeveer dieselfde tyd gepleeg is, kan gesamentlik ten opsigte van daardie misdrywe aangekla en verhoor word indien die aanklaer die hof meedeel dat getuienis wat toelaatbaar is by die verhoor van een so 'n persoon na sy oordeel, ook toelaatbaar sal wees as getuienis by die verhoor van 'n ander sodanige persoon of ander sodanige persone.

Voeging van beskuldigdes en skeiding van verhore.

157. (1) 'n Beskuldigde kan by 'n ander beskuldigde in dieselfde strafregtelike verrigtinge gevoeg word te eniger tyd voordat enige getuienis ten opsigte van die betrokke aanklag gelei is.

(2) Waar twee of meer persone gesamentlik aangekla word, hetsy weens dieselfde misdryf of weens verskillende misdrywe, kan die hof te eniger tyd gedurende die verhoor, op aansoek van die aanklaer of van enige van die beskuldigdes, gelas dat die verhoor van een of meer van die beskuldigdes afsonderlik van die verhoor van die ander beskuldigdes moet geskied, en die hof kan sigself van 'n uitspraak ten opsigte van enige van sodanige beskuldigdes weerhou.

Strafregtelike verrigtinge moet in aanwesigheid van beskuldigde plaasvind.

158. Behalwe waar hierdie Wet of 'n ander wet uitdruklik anders bepaal, vind alle strafregtelike verrigtinge in 'n hof in die aanwesigheid van die beskuldigde plaas.

Circumstances in which criminal proceedings may take place in absence of accused.

159. (1) If an accused at criminal proceedings conducts himself in a manner which makes the continuance of the proceedings in his presence impracticable, the court may direct that he be removed and that the proceedings continue in his absence.

(2) If two or more accused appear jointly at criminal proceedings and—

(a) the court is at any time after the commencement of the proceedings satisfied, upon application made to it by any accused in person or by his representative—

(i) that the physical condition of that accused is such that he is unable to attend the proceedings or that it is undesirable that he should attend the proceedings; or

(ii) that circumstances relating to the illness or death of a member of the family of that accused make his absence from the proceedings necessary; or

(b) any of the accused is absent from the proceedings, whether under the provisions of subsection (1) or without leave of the court,

the court, if it is of the opinion that the proceedings cannot be postponed without undue prejudice, embarrassment or inconvenience to the prosecution or any co-accused or any witness in attendance or subpoenaed to attend, may—

(aa) in the case of paragraph *(a)*, authorize the absence of the accused concerned from the proceedings for a period determined by the court and on the conditions which the court may deem fit to impose; and

(bb) direct that the proceedings be proceeded with in the absence of the accused concerned.

(3) Where an accused becomes absent from the proceedings in the circumstances referred to in subsection (2), the court may, in lieu of directing that the proceedings be proceeded with in the absence of the accused concerned, upon the application of the prosecution direct that the proceedings in respect of the absent accused be separated from the proceedings in respect of the accused who are present, and thereafter, when such accused is again in attendance, the proceedings against him shall continue from the stage at which he became absent, and the court shall not be required to be differently constituted merely by reason of such separation.

Procedure at criminal proceedings where accused is absent.

160. (1) If an accused referred to in section 159 (1) or (2) again attends the proceedings in question, he may, unless he was legally represented during his absence, examine any witness who testified during his absence, and inspect the record of the proceedings or require the court to have such record read over to him.

(2) If the examination of a witness under subsection (1) takes place after the evidence on behalf of the prosecution or any co-accused has been concluded, the prosecution or such co-accused may in respect of any issue raised by the examination, lead evidence in rebuttal of evidence relating to the issue so raised.

(3) *(a)* When the evidence on behalf of all the accused, other than an accused who is absent from the proceedings, is concluded, the court shall, subject to the provisions of paragraph *(b)*, postpone the proceedings until such absent accused is in attendance and, if necessary, further postpone the proceedings until the evidence, if any, on behalf of that accused has been led.

(b) If it appears to the court that the presence of an absent accused cannot reasonably be obtained, the court may direct that the proceedings in respect of the accused who are present be concluded as if such proceedings had been separated from the proceedings at the stage at which the accused concerned became absent from the proceedings, and when such absent accused is again in attendance, the proceedings against him shall continue from the stage at which he became absent, and the court

Omstandighede waarin strafregtelike verrigtinge in afwesigheid van beskuldigde mag plaasvind.

159. (1) Indien 'n beskuldigde hom by strafregtelike verrigtinge op 'n wyse gedra wat die voortsetting van die verrigtinge in sy aanwesigheid ondoenlik maak, kan die hof gelas dat hy verwyder word en dat die verrigtinge in sy afwesigheid voortgesit word.

(2) Indien twee of meer beskuldigdes gesamentlik by strafregtelike verrigtinge verskyn en—

(a) die hof te eniger tyd na die aanvang van die verrigtinge op aansoek aan die hof deur 'n beskuldigde persoonlik of deur sy verteenwoordiger, oortuig is—

(i) dat die liggaamlike toestand van bedoelde beskuldigde sodanig is dat hy nie in staat is om die verrigtinge by te woon nie of dat dit onwenslik is dat hy die verrigtinge bywoon; of

(ii) dat omstandighede betreffende die siekte of dood van 'n lid van die familie van bedoelde beskuldigde sy afwesigheid van die verrigtinge noodsaak; of

(b) enige van die beskuldigdes van die verrigtinge afwesig is, hetsy ingevolge die bepalings van subartikel (1) of sonder verlof van die hof—

kan die hof, indien hy van oordeel is dat die verrigtinge nie verdaag kan word sonder onbehoorlike benadeling, belemmering of ongerief aan die vervolging of 'n mede-beskuldigde of 'n getuie wat aanwesig is of wat gedagvaar is om aanwesig te wees nie—

(aa) in die geval van paragraaf *(a)*, die afwesigheid van die betrokke beskuldigde van die verrigtinge magtig vir 'n tydperk deur die hof bepaal en op die voorwaardes wat die hof na goeddunke oplê; en

(bb) gelas dat die verrigtinge in die afwesigheid van die betrokke beskuldigde voortgesit word.

(3) Waar 'n beskuldigde in die in subartikel (2) bedoelde omstandighede van die verrigtinge afwesig raak, kan die hof, in plaas van om te gelas dat die verrigtinge in die afwesigheid van die betrokke beskuldigde voortgesit word, op aansoek van die vervolging gelas dat die verrigtinge ten opsigte van die afwesige beskuldigde geskei word van die verrigtinge ten opsigte van die beskuldigdes wat aanwesig is, en daarna, wanneer bedoelde beskuldigde weer aanwesig is, gaan die verrigtinge teen hom voort vanaf die stadium waarop hy afwesig geraak het, en dit is nie nodig dat die hof anders saamgestel word slegs vanweë bedoelde skeiding nie.

Prosedure by strafregtelike verrigtinge waar beskuldigde afwesig is.

160. (1) Indien 'n in artikel 159 (1) of (2) bedoelde beskuldigde weer die betrokke verrigtinge bywoon, kan hy, tensy hy regsverteenwoordiging tydens sy afwesigheid gehad het, 'n getuie ondervra wat tydens sy afwesigheid getuig het, en die oorkonde van die verrigtinge insien of van die hof verlang om bedoelde oorkonde aan hom te laat oorlees.

(2) Indien die ondervraging van 'n getuie ingevolge subartikel (1) plaasvind nadat die getuienis ten behoewe van die vervolging of 'n mede-beskuldigde afgesluit is, kan die vervolging of so 'n mede-beskuldigde, ten opsigte van 'n geskilpunt wat uit die ondervraging ontstaan, getuienis lei ter weerlegging van getuienis betreffende die geskilpunt wat aldus ontstaan.

(3) *(a)* Wanneer die getuienis ten behoewe van al die beskuldigdes, behalwe 'n beskuldigde wat van die verrigtinge afwesig is, afgesluit is, moet die hof, behoudens die bepalings van paragraaf *(b)*, die verrigtinge verdaag totdat so 'n afwesige beskuldigde aanwesig is en, indien nodig, die verrigtinge verder verdaag totdat die getuienis, as daar is, ten behoewe van daardie beskuldigde gelei is.

(b) Indien dit aan die hof blyk dat die aanwesigheid van 'n afwesige beskuldigde nie redelikerwys verkry kan word nie, kan die hof gelas dat die verrigtinge ten opsigte van die beskuldigdes wat aanwesig is, afgesluit word asof sodanige verrigtinge van die verrigtinge geskei is in die stadium waarop die betrokke beskuldigde van die verrigtinge afwesig geraak het, en wanneer so 'n afwesige beskuldigde weer aanwesig is, gaan die verrigtinge teen hom voort vanaf die stadium waarop hy

shall not be required to be differently constituted merely by reason of such separation.

(c) When, in the case of a trial, the evidence on behalf of all the accused has been concluded and any accused is absent when the verdict is to be delivered, the verdict may be delivered in respect of all the accused or be withheld until all the accused are present or be delivered in respect of any accused present and withheld in respect of the absent accused until he is again in attendance.

Witness to testify *viva voce*

161. (1) A witness at criminal proceedings shall, except where this Act or any other law expressly provides otherwise, give his evidence *viva voce*.

(2) In this section the expression "*viva voce*" shall, in the case of a deaf and dumb witness, be deemed to include gesture-language.

Witness to be examined under oath.

162. (1) Subject to the provisions of sections 163 and 164, no person shall be examined as a witness in criminal proceedings unless he is under oath, which shall be administered by the presiding judicial officer or, in the case of a superior court, by the presiding judge or the registrar of the court, and which shall be in the following form:—

"I swear that the evidence that I shall give, shall be the truth, the whole truth and nothing but the truth, so help me God.".

(2) If any person to whom the oath is administered wishes to take the oath with uplifted hand, he shall be permitted to do so.

Affirmation in lieu of oath.

163. (1) Any person who is or may be required to take the oath and—

(a) who objects to taking the oath;

(b) who objects to taking the oath in the prescribed form;

(c) who does not consider the oath in the prescribed form to be binding on his conscience; or

(d) who informs the presiding judge or, as the case may be, the presiding judicial officer, that he has no religious belief or that the taking of the oath is contrary to his religious belief,

shall make an affirmation in the following words in lieu of the oath and at the direction of the presiding judicial officer or, in the case of a superior court, the presiding judge or the registrar of the court:—

"I solemnly affirm that the evidence that I shall give, shall be the truth, the whole truth and nothing but the truth.".

(2) Such affirmation shall have the same legal force and effect as if the person making it had taken the oath.

(3) The validity of an oath duly taken by a witness shall not be affected if such witness does not on any of the grounds referred to in subsection (1) decline to take the oath.

When unsworn or unaffirmed evidence admissible.

164. (1) Any person who, from ignorance arising from youth, defective education or other cause, is found not to understand the nature and import of the oath or the affirmation, may be admitted to give evidence in criminal proceedings without taking the oath or making the affirmation: Provided that such person shall, in lieu of the oath or affirmation, be admonished by the presiding judge or judicial officer to speak the truth, the whole truth and nothing but the truth.

(2) If such person wilfully and falsely states anything which, if sworn, would have amounted to the offence of perjury or any statutory offence punishable as perjury, he shall be deemed to have committed that offence, and shall, upon conviction, be liable to such punishment as is by law provided as a punishment for that offence.

afwesig geraak het, en dit is nie nodig dat die hof anders saamgestel word slegs vanweë bedoelde skeiding nie.

(c) Wanneer, in die geval van 'n verhoor, die getuienis ten behoewe van al die beskuldigdes afgesluit is en 'n beskuldigde afwesig is wanneer uitspraak gelewer moet word, kan uitspraak ten opsigte van al die beskuldigdes gelewer word of teruggehou word totdat al die beskuldigdes aanwesig is of ten opsigte van 'n beskuldigde wat aanwesig is, gelewer word en ten opsigte van 'n afwesige beskuldigde teruggehou word totdat hy weer aanwesig is.

Getuie moet *viva voce* getuig.

161. (1) 'n Getuie by strafregtelike verrigtinge lê sy getuienis *viva voce* af, behalwe waar hierdie Wet of 'n ander wet uitdruklik anders bepaal.

(2) In hierdie artikel word die uitdrukking „*viva voce*", in die geval van 'n doofstom getuie, geag gebaretaal in te sluit.

Getuie moet onder eed ondervra word.

162. (1) Behoudens die bepalings van artikels 163 en 164, word niemand as getuie in strafregtelike verrigtinge ondervra nie tensy hy onder eed is wat deur die voorsittende regterlike amptenaar of, in die geval van 'n hoër hof, die voorsittende regter of die griffier van die hof opgelê word, en wat in die volgende vorm geskied:—

„Ek sweer dat die getuienis wat ek sal aflê, die waarheid, die hele waarheid en net die waarheid sal wees, so help my God.".

(2) Indien iemand wat die eed opgelê word die eed met opgehefte hand wil aflê, word hy toegelaat om dit te doen.

Bevestiging in plaas van eed.

163. (1) Iemand wat verplig is of kan word om die eed af te lê en—

(a) wat teen die aflê van die eed beswaar maak;

(b) wat teen die aflê van die eed in die voorgeskrewe vorm beswaar maak;

(c) wat nie die eed in die voorgeskrewe vorm as bindend vir sy gewete beskou nie; of

(d) wat die voorsittende regter of, na gelang van die geval, die voorsittende regterlike amptenaar, meedeel dat hy geen godsdienstige geloof het nie of dat die aflê van die eed met sy godsdienstige geloof strydig is,

doen 'n bevestiging in die volgende woorde in plaas van die eed en op las van die voorsittende regterlike amptenaar of, in die geval van 'n hoër hof, die voorsittende regter of die griffier van die hof:—

„Ek bevestig plegtig dat die getuienis wat ek sal aflê, die waarheid, die hele waarheid en net die waarheid sal wees.".

(2) So 'n bevestiging het dieselfde regskrag en -gevolg asof die persoon wat dit doen die eed afgelê het.

(3) Die geldigheid van 'n eed behoorlik deur 'n getuie afgelê, word nie geraak indien so 'n getuie nie op enige van die in subartikel (1) bedoelde gronde weier om die eed af te lê nie.

Wanneer onbeëdigde of onbevestigde getuienis toelaatbaar is.

164. (1) Iemand wat, weens onkunde voortspruitende uit jeugdigheid, gebrekkige opvoeding of ander oorsaak, bevind word nie die aard en betekenis van die eed of die bevestiging te begryp nie, kan toegelaat word om in strafregtelike verrigtinge getuienis af te lê sonder om dit onder eed te doen of te bevestig: Met dien verstande dat so iemand, in plaas van die eed of bevestiging, deur die voorsittende regter of regterlike amptenaar gewaarsku moet word om die waarheid, die hele waarheid en net die waarheid te praat.

(2) Indien so iemand opsetlik en valslik iets verklaar wat, indien dit beëdig was, die misdryf van meineed of 'n wetteregtelike misdryf wat as meineed strafbaar is, sou uitgemaak het, word hy geag daardie misdryf te gepleeg het, en is hy, by skuldigbevinding, strafbaar met die straf wat regtens as straf vir daardie misdryf bepaal word.

Oath, affirmation or admonition may be administered by or through an interpreter.

165. Where the person concerned is to give his evidence through an interpreter, the oath, affirmation or admonition under section 162, 163 or 164 shall be administered by the presiding judge or judicial officer or the registrar of the court, as the case may be, through the interpreter or by the interpreter in the presence of the presiding judge or judicial officer, as the case may be.

Cross-examination and re-examination of witnesses.

166. (1) An accused may cross-examine any witness called on behalf of the prosecution at criminal proceedings or any co-accused who testifies at criminal proceedings or any witness called on behalf of such co-accused at criminal proceedings, and the prosecutor may cross-examine any witness, including an accused, called on behalf of the defence at criminal proceedings, and a witness called at such proceedings on behalf of the prosecution may be re-examined by the prosecutor on any matter raised during the cross-examination of that witness, and a witness called on behalf of the defence at such proceedings may likewise be re-examined by the accused.

(2) The prosecutor and the accused may, with leave of the court, examine or cross-examine any witness called by the court at criminal proceedings.

Court may examine witness or person in attendance.

167. The court may at any stage of criminal proceedings examine any person, other than an accused, who has been subpoenaed to attend such proceedings or who is in attendance at such proceedings, and may recall and re-examine any person, including an accused, already examined at the proceedings, and the court shall examine, or recall and re-examine, the person concerned if his evidence appears to the court essential to the just decision of the case.

Court may adjourn proceedings to any date.

168. A court before which criminal proceedings are pending, may from time to time during such proceedings, if the court deems it necessary or expedient, adjourn the proceedings to any date on the terms which to the court may seem proper and which are not inconsistent with any provision of this Act.

Court may adjourn proceedings to any place.

169. A court before which criminal proceedings are pending, may from time to time during such proceedings, if the court with reference to any circumstance relevant to the proceedings deems it necessary or expedient that the proceedings be adjourned to a place other than the place at which the court is sitting, adjourn the proceedings, on the terms which to the court may seem proper, to any such place, whether within or outside the area of jurisdiction of such court, for the purpose of performing at such place any function of the court relevant to such circumstance.

Failure by accused to appear after adjournment.

170. (1) An accused at criminal proceedings who is not in custody and who has not been released on bail or on warning, and who fails to appear at the place and on the date and at the time to which such proceedings may be adjourned, shall be guilty of an offence and liable to the punishment prescribed under subsection (2).

(2) The court may, if satisfied that an accused referred to in subsection (1) has failed to appear at the place and on the date and at the time to which the proceedings in question were adjourned, issue a warrant for his arrest and, when he is brought before the court, in a summary manner enquire into his failure so to appear and, unless the accused satisfies the court that his failure was not due to fault on his part, convict him of the offence referred to in subsection (1) and sentence him to a fine not exceeding one hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding three months.

Evidence on commission.

171. (1) *(a)* Whenever criminal proceedings are pending before any court and it appears to such court on application made to it that the examination of any witness is necessary in the interests of justice and that the attendance of such witness cannot be obtained without

Eed, bevestiging of waarskuwing kan deur of deur middel van tolk toegedien word.

165. Waar die betrokke persoon sy getuienis deur middel van 'n tolk sal aflê, word die eed, bevestiging of waarskuwing ingevolge artikel 162, 163 of 164 deur die voorsittende regter of regterlike amptenaar of die griffier van die hof, na gelang van die geval, toegedien deur middel van die tolk of deur die tolk in die teenwoordigheid van die voorsittende regter of regterlike amptenaar, na gelang van die geval.

Kruisondervraging en heronderwraging van getuies.

166. (1) 'n Beskuldigde kan 'n getuie wat ten behoewe van die vervolging by strafregtelike verrigtinge opgeroep word of 'n mede-beskuldigde wat by strafregtelike verrigtinge getuig of 'n getuie wat ten behoewe van so 'n mede-beskuldigde by strafregtelike verrigtinge opgeroep word, kruisvra, en die aanklaer kan 'n getuie, met inbegrip van 'n beskuldigde, kruisvra wat ten behoewe van die verdediging by strafregtelike verrigtinge opgeroep word, en 'n getuie wat by sulke verrigtinge ten behoewe van die vervolging opgeroep word, kan deur die aanklaer herondervra word oor enige aangeleentheid wat tydens die kruisondervraging van daardie getuie ontstaan, en 'n getuie wat ten behoewe van die verdediging by sulke verrigtinge opgeroep word, kan insgelyks deur die beskuldigde herondervra word.

(2) Die aanklaer en die beskuldigde kan, met verlof van die hof, 'n getuie ondervra of kruisvra wat deur die hof by strafregtelike verrigtinge opgeroep word.

Hof kan getuie of aanwesige persoon ondervra.

167. Die hof kan in enige stadium van strafregtelike verrigtinge iemand, behalwe 'n beskuldigde, ondervra wat gedagvaar is om bedoelde verrigtinge by te woon of wat by bedoelde verrigtinge aanwesig is, en kan iemand, met inbegrip van 'n beskuldigde, wat reeds by die verrigtinge ondervra is, terugroep en herondervra, en die hof moet die betrokke persoon ondervra, of terugroep en herondervra, indien sy getuienis vir die hof blyk noodsaaklik te wees vir die regverdige beregting van die saak.

Hof kan verrigtinge na enige datum verdaag.

168. 'n Hof voor wie strafregtelike verrigtinge hangende is, kan van tyd tot tyd gedurende bedoelde verrigtinge, indien die hof dit nodig of dienstig ag, die verrigtinge na enige datum verdaag op die voorwaardes wat die hof gepas vind en wat nie met 'n bepaling van hierdie Wet strydig is nie.

Hof kan verrigtinge na enige plek verdaag.

169. 'n Hof voor wie strafregtelike verrigtinge hangende is, kan van tyd tot tyd gedurende bedoelde verrigtinge, indien die hof dit met betrekking tot 'n omstandigheid wat by die verrigtinge betrokke is, nodig of dienstig ag dat die verrigtinge na 'n ander plek as die plek waar die hof sit, verdaag word, die verrigtinge op die voorwaardes wat die hof gepas vind, verdaag na so 'n plek, hetsy binne of buite die regsgebied van daardie hof, ten einde by so 'n plek 'n funksie van die hof te verrig wat by bedoelde omstandigheid ter sake is.

Versuim deur beskuldigde om na verdaging te verskyn.

170. (1) 'n Beskuldigde by strafregtelike verrigtinge wat nie in bewaring is nie en wat nie op borgtog of op waarskuwing vrygelaat is nie, en wat versuim om op die plek en op die datum en op die tyd te verskyn waartoe bedoelde verrigtinge verdaag word, is aan 'n misdryf skuldig en strafbaar met die straf by subartikel (2) voorgeskryf.

(2) Die hof kan, indien oortuig dat die in subartikel (1) bedoelde beskuldigde versuim het om op die plek en op die datum en op die tyd te verskyn waartoe die betrokke verrigtinge verdaag is, 'n lasbrief vir sy inhegtenisneming uitreik en, wanneer hy voor die hof gebring word, op 'n summiere wyse ondersoek instel na sy versuim om aldus te verskyn en, tensy die beskuldigde die hof oortuig dat sy versuim nie aan skuld aan sy kant te wyte was nie, hom weens die in subartikel (1) bedoelde misdryf skuldig bevind en hom tot 'n boete van hoogstens honderd rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande veroordeel.

Getuienis by kommissie.

171. (1) *(a)* Wanneer strafregtelike verrigtinge voor 'n hof hangende is en dit vir daardie hof, op aansoek aan hom gerig, blyk dat die ondervraging van 'n getuie in belang van die regspleging nodig is en dat die aanwesigheid van daardie getuie nie sonder onbehoorlike vertraging,

undue delay, expense or inconvenience, or, in the case of a witness who is resident outside the Republic, that the attendance of such witness cannot be obtained, the court may dispense with such attendance and issue a commission—

(i) to any magistrate where such witness is resident within the Republic; or

(ii) to any competent person where such witness is resident outside the Republic.

(b) The specific matter with regard to which the evidence of the witness is required, shall be set out in the relevant application, and the court may confine the examination of the witness to such matter.

(c) Where the application is made by the State, the court may, as a condition of the commission, direct that the costs of legal representation for the accused at the examination be paid by the State.

(2) *(a)* The magistrate or other person to whom the commission is issued, shall proceed to the place where the witness is or shall summon the witness before him, and take down the evidence in the manner set out in paragraph *(b)*.

(b) The witness shall give his evidence upon oath or by affirmation, and such evidence shall be recorded and read over to the witness, and if he adheres thereto, be subscribed by him and the magistrate or other person concerned.

(c) If the person to whom the commission is issued is not empowered under any law to administer the requisite oath or affirmation, he shall for the purposes of paragraph *(b)* have authority to administer such oath or affirmation, as the case may be.

Parties may examine witness.

172. Any party to proceedings in which a commission is issued under section 171, may—

(a) transmit interrogatories in writing which the court issuing the commission may think relevant to the issue, and the magistrate or other person to whom the commission is issued, shall examine the witness upon such interrogatories; or

(b) appear before such magistrate or other person, either by a legal representative or, in the case of an accused who is not in custody or in the case of a private prosecutor, in person, and examine the witness.

Evidence on commission part of court record.

173. The magistrate or other person, as the case may be, shall return the evidence in question to the court which issued the commission, and such evidence shall be open to the inspection of the parties to the proceedings and shall, in so far as it is admissible as evidence in such proceedings, form part of the record of such court and be received in evidence at any subsequent stage of the case upon its mere production before any other court.

Accused may be discharged at close of case for prosecution.

174. If, at the close of the case for the prosecution at any trial, the court is of the opinion that there is no evidence that the accused committed the offence referred to in the charge or any offence of which he may be convicted on the charge, it may return a verdict of not guilty.

Prosecution and defence may address court at conclusion of evidence.

175. (1) After all the evidence has been adduced, the prosecutor may address the court, and thereafter the accused may address the court.

(2) The prosecutor may reply on any matter of law raised by the accused in his address, and may, with leave of the court, reply on any matter of fact raised by the accused in his address.

Judgment may be corrected.

176. When by mistake a wrong judgment is delivered, the court may, before or immediately after it is recorded, amend the judgment.

onkoste of ongerief verkry kan word nie, of, in die geval van 'n getuie wat buite die Republiek woonagtig is, dat die aanwesigheid van daardie getuie nie verkry kan word nie, kan die hof van sodanige aanwesigheid afsien en 'n kommissie opdra—

(i) aan 'n landdros waar bedoelde getuie binne die Republiek woonagtig is; of

(ii) aan 'n bevoegde persoon waar bedoelde getuie buite die Republiek woonagtig is.

(b) Die bepaalde aangeleentheid met betrekking waartoe die getuienis van die getuie verlang word, word in die betrokke aansoek uiteengesit, en die hof kan die ondervraging van die getuie tot daardie aangeleentheid beperk.

(c) Waar die aansoek deur die Staat gerig word, kan die hof, as 'n voorwaarde van die kommissie, gelas dat die koste van regsverteenwoordiging vir die beskuldigde by die ondervraging deur die Staat betaal word.

(2) *(a)* Die landdros of ander persoon aan wie die kommissie opgedra is, moet na die plek gaan waar die getuie is of moet die getuie na hom ontbied, en die getuienis op die in paragraaf *(b)* bepaalde wyse afneem.

(b) Die getuie lê sy getuienis onder eed of bevestiging af, en bedoelde getuienis word aangeteken en aan die getuie oorgelees, en as hy dit bevestig, word dit deur hom en die betrokke landdros of ander persoon onderteken.

(c) Indien die persoon aan wie die kommissie opgedra is, nie kragtens 'n wet bevoeg is om die vereiste eed of bevestiging af te neem nie, het hy by die toepassing van paragraaf *(b)* bevoegdheid om bedoelde eed of bevestiging, na gelang van die geval, af te neem.

Partye kan getuie ondervra.

172. 'n Party by verrigtinge waarin 'n kommissie ingevolge artikel 171 opgedra word, kan—

(a) skriftelike vraagpunte deurstuur wat na die oordeel van die hof wat die kommissie opdra, by die geskilpunt relevant is, en die landdros of ander persoon aan wie die kommissie opgedra word, moet die getuie oor daardie vraagpunte ondervra; of

(b) voor bedoelde landdros of ander persoon verskyn, hetsy deur middel van 'n regsverteenwoordiger of, in die geval van 'n beskuldigde wat nie in bewaring is nie of in die geval van 'n private aanklaer, persoonlik, en die getuie ondervra.

Getuienis by kommissie deel van hof-oorkonde.

173. Die landdros of ander persoon, na gelang van die geval, moet die betrokke getuienis aan die hof terugbesorg wat die kommissie opgedra het, en daardie getuienis is beskikbaar vir insae deur die partye by die verrigtinge en, vir sover dit by sulke verrigtinge as getuienis toelaatbaar is, vorm dit deel van die oorkonde van bedoelde hof en word dit as getuienis ontvang in 'n latere stadium van die saak by blote voorlegging daarvan voor 'n ander hof.

Beskuldige kan by afsluiting van saak vir vervolging ontslaan word.

174. Indien die hof, by afsluiting van die saak vir die vervolging by 'n verhoor, van oordeel is dat daar geen getuienis is dat die beskuldigde die in die aanklag bedoelde misdryf of 'n misdryf waaraan hy op die aanklag skuldig bevind kan word, gepleeg het nie, kan hy 'n uitspraak van onskuldig lewer.

Vervolging en verdediging kan hof by afsluiting van getuienis toespreek.

175. (1) Nadat al die getuienis aangevoer is, kan die aanklaer die hof toespreek, en daarna kan die beskuldigde die hof toespreek.

(2) Die aanklaer kan repliek lewer op 'n regsaangeleentheid wat uit die toespraak van die beskuldigde ontstaan, en kan, met verlof van die hof, repliek lewer op 'n feite-aangeleentheid wat uit die toespraak van die beskuldigde ontstaan.

Regstelling van uitspraak.

176. Wanneer 'n verkeerde uitspraak per abuis gelewer word, kan die hof, voor of onmiddellik na notulering daarvan, die uitspraak wysig.

Court may defer final decision.

177. The court may at criminal proceedings defer its reasons for any decision on any question raised at such proceedings, and the reasons so deferred shall, when given, be deemed to have been given at the time of the proceedings.

Arrest of person committing offence in court and removal from court of person disturbing proceedings.

178. (1) Where an offence is committed in the presence of the court, the presiding judge or judicial officer may order the arrest of the offender.

(2) If any person, other than an accused, who is present at criminal proceedings, disturbs the peace or order of the court, the court may order that such person be removed from the court and that he be detained in custody until the rising of the court.

CHAPTER 23

WITNESSES

Process for securing attendance of witness.

179. (1) *(a)* The prosecutor or an accused may compel the attendance of any person to give evidence or to produce any book, paper or document in criminal proceedings by taking out of the office prescribed by the rules of court the process of court for that purpose.

(b) If any police official has reasonable grounds for believing that the attendance of any person is or will be necessary to give evidence or to produce any book, paper or document in criminal proceedings in a lower court, and hands to such person a written notice calling upon him to attend such criminal proceedings on the date and at the time and place specified in the notice, to give evidence or to produce any book, paper or document, likewise specified, such person shall, for the purposes of this Act, be deemed to have been duly subpoenaed so to attend such criminal proceedings.

(2) Where an accused desires to have any witness subpoenaed, a sum of money sufficient to cover the costs of serving the subpoena shall be deposited with the prescribed officer of the court.

(3) *(a)* Where an accused desires to have any witness subpoenaed and he satisfies the prescribed officer of the court—

(i) that he is unable to pay the necessary costs and fees; and

(ii) that such witness is necessary and material for his defence,

such officer shall subpoena such witness.

(b) In any case where the prescribed officer of the court is not so satisfied, he shall, upon the request of the accused, refer the relevant application to the judge or judicial officer presiding over the court, who may grant or refuse the application or defer his decision until he has heard other evidence in the case.

(4) For the purposes of this section "prescribed officer of the court" means the registrar, assistant registrar, clerk of the court or any officer prescribed by the rules of court.

Service of subpoena.

180. (1) A subpoena in criminal proceedings shall be served in the manner provided by the rules of court by a person empowered to serve a subpoena in criminal proceedings.

(2) A return by the person empowered to serve a subpoena in criminal proceedings, that the service thereof has been duly effected, may, upon the failure of a witness to attend the relevant proceedings, be handed in at such proceedings and shall be *prima facie* proof of such service.

Hof kan eindbeslissing voorbehou.

177. Die hof kan by strafregtelike verrigtinge sy redes voorbehou vir 'n beslissing oor 'n vraag wat by daardie verrigtinge ontstaan, en die redes aldus voorbehou, word, wanneer hulle verstrek word, geag ten tyde van die verrigtinge verstrek te gewees het.

Inhegtenisneming van iemand wat misdryf in hof pleeg en verwydering uit hof van iemand wat verrigtinge versteur.

178. (1) Waar 'n misdryf in die teenwoordigheid van die hof gepleeg word, kan die voorsittende regter of regterlike amptenaar die inhegtenisneming van die oortreder gelas.

(2) Indien 'n persoon, behalwe 'n beskuldigde, wat by strafregtelike verrigtinge aanwesig is, die rus of orde van die hof versteur, kan die hof gelas dat daardie persoon uit die hof verwyder word en dat hy in bewaring aangehou word totdat die hof verdaag.

HOOFSTUK 23

GETUIES

Proses vir verkryging van aanwesigheid van getuie.

179. (1) *(a)* Die aanklaer of 'n beskuldigde kan die aanwesigheid van iemand om by strafregtelike verrigtinge getuienis af te lê of om 'n boek, stuk of dokument voor te lê, afdwing deur by die deur die hofreëls voorgeskrewe ampskantoor geregtelike prosesstukke vir daardie doel te verkry.

(b) Indien 'n polisiebeampte redelike gronde het om te vermoed dat die aanwesigheid van iemand nodig is of sal wees om by strafregtelike verrigtinge in 'n laer hof getuienis af te lê of om 'n boek, stuk of dokument voor te lê, en hy aan so iemand 'n skriftelike kennisgewing oorhandig wat hom aansê om by bedoelde strafregtelike verrigtinge op die in die kennisgewing vermelde datum en tyd en plek aanwesig te wees om getuienis af te lê of om 'n boek, stuk of dokument, insgelyks vermeld, voor te lê, word daar by die toepassing van hierdie Wet geag dat so iemand behoorlik gedagvaar is om by bedoelde strafregtelike verrigtinge aldus aanwesig te wees.

(2) Waar 'n beskuldigde verlang dat 'n getuie gedagvaar word, word 'n bedrag geld wat voldoende is om die koste van betekening van die getuiedagvaarding te dek, by die voorgeskrewe hofbeampte gedeponeer.

(3) *(a)* Waar 'n beskuldigde verlang dat 'n getuie gedagvaar word en hy die voorgeskrewe hofbeampte oortuig—

(i) dat hy nie in staat is om die vereiste koste en gelde te betaal nie; en

(ii) dat daardie getuie vir sy verdediging noodsaaklik en belangrik is,

moet bedoelde beampte daardie getuie dagvaar.

(b) In 'n geval waar die voorgeskrewe hofbeampte nie aldus oortuig is nie, moet hy, op versoek van die beskuldigde, die betrokke aansoek verwys na die regter of regterlike amptenaar wat by die hof voorsit, wat die aansoek kan toestaan of weier of sy beslissing kan voorbehou totdat hy ander getuienis in die saak aangehoor het.

(4) By die toepassing van hierdie artikel beteken „voorgeskrewe hofbeampte" die griffier, assistent-griffier, klerk van die hof of 'n deur die hofreëls voorgeskrewe beampte.

Betekening van getuiedagvaarding.

180. (1) 'n Getuiedagvaarding in strafregtelike verrigtinge word beteken op die wyse deur die hofreëls bepaal deur 'n persoon wat bevoegdheid het om 'n getuiedagvaarding in strafregtelike verrigtinge te beteken.

(2) 'n Relaas deur die persoon wat gemagtig is om 'n getuiedagvaarding in strafregtelike verrigtinge te beteken, dat die betekening daarvan behoorlik geskied het, kan, by versuim van 'n getuie om die betrokke verrigtinge by te woon, by bedoelde verrigtinge ingehandig word en is *prima facie*-bewys van so 'n betekening.

Pre-payment of witness expenses.

181. Where a subpoena is served on a witness at a place outside the magisterial district from which the subpoena is issued, or, in the case of a superior court, at a place outside the magisterial district in which the proceedings at which the witness is to appear are to take place, and the witness is required to travel from such place to the court in question, the necessary expenses to travel to and from such court and of sojourn at the court in question, shall on demand be paid to such witness at the time of service of the subpoena.

Witness from prison.

182. A prisoner who is in a prison shall be subpoenaed as a witness on behalf of the defence or a private prosecutor only if the court before which the prisoner is to appear as a witness authorizes that the prisoner be subpoenaed as a witness, and the court shall give such authority only if it is satisfied that the evidence in question is necessary and material for the defence or the private prosecutor, as the case may be, and that the public safety or order will not be endangered by the calling of the witness.

Witness to keep police informed of whereabouts.

183. (1) Any person who is advised in writing by any police official that he will be required as a witness in criminal proceedings, shall, until such criminal proceedings have been finally disposed of or until he is officially advised that he will no longer be required as a witness, keep such police official informed at all times of his full residential address or any other address where he may conveniently be found.

(2) Any person who fails to comply with the provisions of subsection (1), shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding three months.

Witness about to abscond and witness evading service of summons.

184. (1) Whenever any person is likely to give material evidence in criminal proceedings with reference to any offence, other than an offence referred to in Part III of Schedule 2 or in the Schedule to the Internal Security Act, 1950 (Act 44 of 1950), any magistrate, regional magistrate or judge of the court before which the relevant proceedings are pending may, upon information in writing and on oath that such person is about to abscond, issue a warrant for his arrest.

(2) If a person referred to in subsection (1) is arrested, the magistrate, regional magistrate or judge, as the case may be, may warn him to appear at the proceedings in question at a stated place and at a stated time and on a stated date and release him on any condition referred to in paragraph *(a)*, *(b)* or *(e)* of section 62, in which event the provisions of subsections (1), (3) and (4) of section 66 shall *mutatis mutandis* apply with reference to any such condition.

(3) *(a)* A person who fails to comply with a warning under subsection (2) shall be guilty of an offence and liable to the punishment contemplated in paragraph *(b)* of this subsection.

(b) The provisions of section 170 (2) shall *mutatis mutandis* apply with reference to any person who is guilty of an offence under paragraph *(a)* of this subsection.

(4) Whenever any person is likely to give material evidence in criminal proceedings, any magistrate, regional magistrate or judge of the court before which the relevant proceedings are pending may, upon information in writing and on oath that such person is evading service of the relevant subpoena, issue a warrant for his arrest, whereupon the provisions of subsections (2) and (3) shall *mutatis mutandis* apply with reference to such person.

Detention of witness.

185. (1) *(a)* Whenever any person is with reference to any offence referred to in Part III of Schedule 2 in the opinion of the attorney-general likely to give evidence on behalf of the State at criminal proceedings in any court, and the attorney-general, from information placed before him—

Vooruitbetaling van koste van getuie.

181. Waar 'n dagvaarding aan 'n getuie beteken word op 'n plek buite die landdrosdistrik waarin die dagvaarding uitgereik word, of, in die geval van 'n hoër hof, op 'n plek buite die landdrosdistrik waarin die verrigtinge moet plaasvind waarby die getuie moet verskyn, en die getuie vanaf so 'n plek na die betrokke hof moet reis, moet die nodige onkoste om na en van bedoelde hof te reis en van verblyf by die betrokke hof, op aanvraag aan bedoelde getuie ten tyde van die betekening van die dagvaarding betaal word.

Getuie uit gevangenis.

182. 'n Gevangene wat in 'n gevangenis is, word as 'n getuie ten behoewe van die verdediging of 'n private aanklaer gedagvaar slegs indien die hof voor wie die gevangene as 'n getuie moet verskyn magtiging verleen dat die gevangene as 'n getuie gedagvaar word, en die hof verleen bedoelde magtiging slegs indien die hof oortuig is dat die betrokke getuienis vir die verdediging of private aanklaer, na gelang van die geval, noodsaaklik en belangrik is en dat die openbare veiligheid of orde nie deur die oproep van die getuie in gevaar gestel sal word nie.

Getuie moet polisie van sy verblyf op hoogte hou.

183. (1) Iemand wat skriftelik deur 'n polisiebeampte meegedeel word dat hy as 'n getuie in strafregtelike verrigtinge nodig sal wees, moet, tot tyd en wyl bedoelde strafregtelike verrigtinge finaal afgehandel is of totdat hy amptelik meegedeel word dat hy nie langer as getuie nodig is nie, bedoelde polisiebeampte te alle tye op hoogte hou van sy volle woonadres of 'n ander adres waar hy geredelik gevind kan word.

(2) Iemand wat in gebreke bly om die bepalings van subartikel (1) na te kom, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

Getuie wat op die punt staan om te vlug en getuie wat betekening van dagvaarding ontwyk.

184. (1) Wanneer iemand waarskynlik wesenlike getuienis by strafregtelike verrigtinge met betrekking tot 'n ander as 'n in Deel III van Bylae 2 of 'n in die Bylae by die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1950 (Wet 44 van 1950), bedoelde misdryf sal kan aflê, kan 'n landdros, streeklanddros of regter van die hof waarin die betrokke verrigtinge hangende is, op skriftelike inligting onder eed dat bedoelde persoon op die punt staan om te vlug, 'n lasbrief vir sy inhegtenisneming uitreik.

(2) Indien 'n in subartikel (1) bedoelde persoon in hegtenis geneem word, kan die landdros, streeklanddros of regter, na gelang van die geval, hom waarsku om by die betrokke verrigtinge by 'n bepaalde plek en op 'n bepaalde tyd en op 'n bepaalde datum te verskyn en hom op 'n in paragraaf *(a)*, *(b)* of *(e)* van artikel 62 bedoelde voorwaarde vrylaat, in welke geval die bepalings van subartikels (1), (3) en (4) van artikel 66 *mutatis mutandis* met betrekking tot so 'n voorwaarde van toepassing is.

(3) *(a)* Iemand wat versuim om aan 'n waarskuwing ingevolge subartikel (2) gehoor te gee, is aan 'n misdryf skuldig en strafbaar met die straf in paragraaf *(b)* van hierdie subartikel beoog.

(b) Die bepalings van artikel 170 (2) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot iemand wat aan 'n misdryf ingevolge paragraaf *(a)* van hierdie subartikel skuldig is.

(4) Wanneer iemand waarskynlik wesenlike getuienis by strafregtelike verrigtinge sal kan aflê, kan 'n landdros, streeklanddros of regter van die hof waarin die betrokke verrigtinge hangende is, op skriftelike inligting onder eed dat bedoelde persoon die betekening van die betrokke dagvaarding ontwyk, 'n lasbrief vir sy inhegtenisneming uitreik, waarop die bepalings van subartikels (2) en (3) *mutatis mutandis* met betrekking tot so 'n persoon van toepassing is.

Aanhouding van getuie.

185. (1) *(a)* Wanneer iemand met betrekking tot 'n in Deel III van Bylae 2 bedoelde misdryf na die oordeel van die prokureur-generaal waarskynlik getuienis ten behoewe van die Staat by strafregtelike verrigtinge in 'n hof sal aflê en die prokureur-generaal, uit inligting wat voor hom geplaas is—

(i) is of the opinion that the personal safety of such person is in danger or that he may abscond or that he may be tampered with or that he may be intimidated; or

(ii) deems it to be in the interests of such person or of the administration of justice that he be detained in custody,

the attorney-general may by way of affidavit place such information before a judge in chambers and apply to such judge for an order that the person concerned be detained pending the relevant proceedings.

(b) The attorney-general may in any case in which he is of the opinion that the object of obtaining an order under paragraph *(a)* may be defeated if the person concerned is not detained without delay, order that such person be detained forthwith but such order shall not endure for longer than seventy-two hours unless the attorney-general within that time by way of affidavit places before a judge in chambers the information on which he ordered the detention of the person concerned and such further information as might become available to him, and applies to such judge for an order that the person concerned be detained pending the relevant proceedings.

(c) The attorney-general shall, as soon as he applies to a judge under paragraph *(b)* for an order of detention, in writing advise the person in charge of the place where the person concerned is being detained, that he has so applied for an order, and shall, where a judge under subsection (2) *(a)* refuses to issue a warrant for the detention of the person concerned, forthwith advise the person so in charge of such refusal, whereupon the person so in charge shall without delay release the person detained.

(2) *(a)* The judge hearing the application under subsection (1) may, if it appears to him from the information placed before him by the attorney-general—

(i) that there is a danger that the personal safety of the person concerned may be threatened or that he may abscond or that he may be tampered with or that he may be intimidated; or

(ii) that it would be in the interests of the person concerned or of the administration of justice that he be detained in custody,

issue a warrant for the detention of such person.

(b) The decision of a judge under paragraph *(a)* shall be final: Provided that where a judge refuses an application and further information becomes available to the attorney-general concerning the person in respect of whom the application was refused, the attorney-general may again apply under subsection (1) *(a)* for the detention of that person.

(3) A person in respect of whom a warrant is issued under subsection (2), shall be taken to the place mentioned in the warrant and, in accordance with regulations which the Minister is hereby authorized to make, be detained there or at any other place determined by any judge from time to time, or, where the person concerned is detained in terms of an order by the attorney-general under subsection (1) *(b)*, such person shall, pending the decision of the judge under subsection (2) *(a)*, be taken to a place determined by the attorney-general and detained there in accordance with the said regulations.

(4) Unless the attorney-general orders that a person detained under subsection (2) be released earlier, such person shall be detained for a period terminating on the day on which the criminal proceedings in question are concluded or for a period of six months, whichever may be the shorter period.

(i) van oordeel is dat die persoonlike veiligheid van daardie persoon in gevaar is of dat hy kan vlug of dat daar met hom gepeuter sal word of dat hy geïntimideer sal word; of

(ii) dit in belang van daardie persoon of van die regspleging ag dat hy in bewaring aangehou word,

kan die prokureur-generaal daardie inligting by wyse van beëdigde verklaring voor 'n regter in kamers lê en by daardie regter aansoek doen om 'n bevel dat die betrokke persoon aangehou word in afwagting van die betrokke verrigtinge.

(b) Die prokureur-generaal kan in 'n geval waarin hy van oordeel is dat die doel van die verkryging van 'n bevel ingevolge paragraaf *(a)* verydel kan word indien die betrokke persoon nie sonder versuim aangehou word nie, gelas dat bedoelde persoon onverwyld aangehou word, maar so 'n lasgewing duur nie langer as twee-en-sewentig uur nie tensy die prokureur-generaal binne daardie tyd die inligting waarop hy die aanhouding van die betrokke persoon gelas het en die verdere inligting wat aan hom beskikbaar word, by wyse van beëdigde verklaring aan 'n regter in kamers voorlê, en by daardie regter aansoek doen om 'n bevel dat die betrokke persoon aangehou word in afwagting van die betrokke verrigtinge.

(c) Die prokureur-generaal moet, wanneer hy ingevolge paragraaf *(b)* by 'n regter om 'n bevel van aanhouding aansoek doen, die persoon in beheer van die plek waar die betrokke persoon aangehou word, skriftelik meedeel dat hy aldus om 'n bevel aansoek gedoen het, en moet, waar 'n regter ingevolge subartikel (2) *(a)* weier om 'n lasbrief vir die aanhouding van die betrokke persoon uit te reik, die persoon aldus in beheer onverwyld van so 'n weiering in kennis stel, waarop die persoon aldus in beheer die aangehoude persoon sonder versuim vrylaat.

(2) *(a)* Die regter wat die aansoek ingevolge subartikel (1) aanhoor, kan, indien dit vir hom uit die inligting deur die prokureur-generaal aan hom voorgelê, blyk—

(i) dat daar gevaar bestaan dat die persoonlike veiligheid van die betrokke persoon bedreig kan word of dat hy kan vlug of dat met hom gepeuter kan word of dat hy geïntimideer kan word; of

(ii) dat dit in belang van die betrokke persoon of die regspleging sal wees dat hy in bewaring aangehou word,

'n lasbrief vir die aanhouding van daardie persoon uitreik.

(b) Die beslissing van die regter ingevolge paragraaf *(a)* is afdoende: Met dien verstande dat waar 'n regter 'n aansoek weier en verdere inligting betreffende die persoon ten opsigte van wie die aansoek geweier is, aan die prokureur-generaal beskikbaar word, die prokureur-generaal weer ingevolge subartikel (1) *(a)* om die aanhouding van daardie persoon aansoek kan doen.

(3) Iemand ten opsigte van wie 'n lasbrief ingevolge subartikel (2) uitgereik word, word na die in die lasbrief vermelde plek geneem en ooreenkomstig regulasies wat die Minister hierby gemagtig word om uit te vaardig, aldaar of by 'n ander plek wat 'n regter van tyd tot tyd bepaal, aangehou, of, waar die betrokke persoon ooreenkomstig 'n lasgewing deur die prokureur-generaal ingevolge subartikel (1) *(b)* aangehou word, word daardie persoon, in afwagting van die beslissing van die regter ingevolge subartikel (2) *(a)*, na 'n deur die prokureur-generaal bepaalde plek geneem en aldaar ooreenkomstig bedoelde regulasies aangehou.

(4) Tensy die prokureur-generaal gelas dat 'n ingevolge subartikel (2) aangehoude persoon eerder vrygelaat word, word hy aangehou vir die tydperk wat verstryk op die dag waarop die betrokke strafregtelike verrigtinge afgehandel word of vir 'n tydperk van ses maande, watter tydperk ook al die kortste is.

(5) No person, other than an officer in the service of the State acting in the performance of his official duties, shall have access to a person detained under subsection (2), except with the consent of and subject to the conditions determined by the attorney-general or an officer in the service of the State delegated by him.

(6) Any person detained under subsection (2) shall be visited in private at least once during each week by a magistrate of the district or area in which he is detained.

(7) For the purposes of section 191 any person detained under subsection (2) of this section shall be deemed to have attended the criminal proceedings in question as a witness for the State during the whole of the period of his detention.

(8) No court shall have jurisdiction to order the release from custody of any person detained under subsection (2) or to pronounce upon the validity of any regulation made under subsection (3) or the refusal of the consent required under subsection (5) or any condition referred to in subsection (5).

(9) *(a)* In this section the expression "judge in chambers" means a judge sitting behind closed doors when hearing the relevant application.

(b) No information relating to the proceedings under subsection (1) or (2) shall be published or be made public in any manner whatever.

Court may subpoena witness.

186. The court may at any stage of criminal proceedings subpoena or cause to be subpoenaed any person as a witness at such proceedings, and the court shall so subpoena a witness or so cause a witness to be subpoenaed if the evidence of such witness appears to the court essential to the just decision of the case.

Witness to attend proceedings and to remain in attendance.

187. A witness who is subpoenaed to attend criminal proceedings, shall attend the proceedings and remain in attendance at the proceedings, and a person who is in attendance at criminal proceedings, though not subpoenaed as a witness, and who is warned by the court to remain in attendance at the proceedings, shall remain in attendance at the proceedings, unless such witness or such person is excused by the court: Provided that the court may, at any time during the proceedings in question, order that any person, other than the accused, who is to be called as a witness, shall leave the court and remain absent from the proceedings until he is called, and that he shall remain in court after he has given evidence.

Failure by witness to attend or to remain in attendance.

188. (1) Any person who is subpoenaed to attend criminal proceedings and who fails to attend or to remain in attendance at such proceedings, and any person who is warned by the court to remain in attendance at criminal proceedings and who fails to remain in attendance at such proceedings, and any person so subpoenaed or so warned who fails to appear at the place and on the date and at the time to which the proceedings in question may be adjourned, shall be guilty of an offence and liable to the punishment contemplated in subsection (2).

(2) The provisions of section 170 (2) shall *mutatis mutandis* apply with reference to any person referred to in subsection (1).

Powers of court with regard to recalcitrant witness.

189. (1) If any person present at criminal proceedings is required to give evidence at such proceedings and refuses to be sworn or to make an affirmation as a witness, or, having been sworn or having made an affirmation as a witness, refuses to answer any question put to him or refuses or fails to produce any book, paper or document required to be produced by him, the court may in a summary manner enquire into such refusal or failure and, unless the person so refusing or failing has a just excuse for his refusal or failure, sentence him to imprisonment for a period not exceeding two years or, where the criminal proceedings in question relate to an offence referred to in Part III

(5) Niemand, behalwe 'n beampte in diens van die Staat wat by die verrigting van sy ampspligte optree, het tot 'n ingevolge subartikel (2) aangehoude persoon toegang nie behalwe met die toestemming van en op die voorwaardes bepaal deur die prokureur-generaal of 'n beampte in diens van die Staat deur hom daartoe gedelegeer.

(6) 'n Ingevolge subartikel (2) aangehoude persoon moet minstens een keer per week deur 'n landdros van die distrik of gebied waarin hy aangehou word, in afsondering besoek word.

(7) By die toepassing van artikel 191 word 'n ingevolge subartikel (2) van hierdie artikel aangehoude persoon geag die betrokke strafregtelike verrigtinge as 'n getuie vir die Staat by te gewoon het gedurende die hele tydperk van sy aanhouding.

(8) Geen hof is bevoeg om die vrylating uit aanhouding van 'n ingevolge subartikel (2) aangehoude persoon te beveel of uitspraak te doen oor die geldigheid van 'n kragtens subartikel (3) uitgevaardigde regulasie of die weiering van die ingevolge subartikel (5) vereiste toestemming of 'n in subartikel (5) bedoelde voorwaarde nie.

(9) *(a)* In hierdie artikel beteken die uitdrukking „regter in kamers" 'n regter wat agter geslote deure sit wanneer hy die betrokke aansoek aanhoor.

(b) Geen inligting betreffende die verrigtinge ingevolge subartikel (1) of (2) word op enige wyse hoegenaamd gepubliseer of openbaar gemaak nie.

Hof kan getuie dagvaar.

186. Die hof kan in enige stadium van strafregtelike verrigtinge iemand as 'n getuie by daardie verrigtinge dagvaar of laat dagvaar, en die hof moet 'n getuie aldus dagvaar of aldus laat dagvaar indien die getuienis van so 'n getuie vir die hof blyk noodsaaklik te wees vir die regverdige beregting van die saak.

Getuie moet verrigtinge bywoon en aanwesig bly.

187. 'n Getuie wat gedagvaar is om strafregtelike verrigtinge by te woon, moet die verrigtinge bywoon en by die verrigtinge aanwesig bly, en iemand wat by strafregtelike verrigtinge aanwesig is, hoewel nie as 'n getuie gedagvaar nie, en wat deur die hof gewaarsku word om by die verrigtinge aanwesig te bly, moet by die verrigtinge aanwesig bly, tensy so 'n getuie of so iemand deur die hof verskoon word: Met dien verstande dat die hof, te eniger tyd gedurende die betrokke verrigtinge, kan gelas dat iemand, behalwe die beskuldigde, wat as 'n getuie geroep staan te word, die hof moet verlaat en van die verrigtinge afwesig moet bly totdat hy geroep word, en dat hy in die hof moet bly nadat hy getuig het.

Versuim van getuie om by te woon of aanwesig te bly.

188. (1) Iemand wat gedagvaar word om strafregtelike verrigtinge by te woon en wat versuim om daardie verrigtinge by te woon of daarby aanwesig te bly, en iemand wat deur die hof gewaarsku word om by strafregtelike verrigtinge aanwesig te bly en wat versuim om by daardie verrigtinge aanwesig te bly, en iemand aldus gedagvaar of aldus gewaarsku wat versuim om te verskyn by die plek en op die datum en op die tyd waartoe die betrokke verrigtinge verdaag word, is aan 'n misdryf skuldig en strafbaar met die straf in subartikel (2) beoog.

(2) Die bepalings van artikel 170 (2) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n persoon in subartikel (1) bedoel.

Bevoegdhede van hof met betrekking tot weerspannige getuie.

189. (1) Indien iemand wat by strafregtelike verrigtinge aanwesig is, aangesê word om getuienis by daardie verrigtinge af te lê en weier om as 'n getuie ingesweer te word of 'n bevestiging te doen, of, nadat hy as 'n getuie ingesweer is of 'n bevestiging gedoen het, weier om op 'n aan hom gestelde vraag te antwoord of weier of versuim om 'n boek, stuk of dokument waarvan die voorlegging van hom vereis word, voor te lê, kan die hof op 'n summiere wyse na bedoelde weiering of versuim ondersoek instel en, tensy die persoon wat aldus weier of versuim 'n voldoende verskoning vir sy weiering of versuim het, hom vonnis tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of, waar die betrokke strafregtelike verrigtinge betrekking het op 'n in Deel

of Schedule 2 or in the Schedule to the Internal Security Act, 1950 (Act 44 of 1950), to imprisonment for a period not exceeding five years.

(2) After the expiration of any sentence imposed under subsection (1), the person concerned may from time to time again be dealt with under that subsection with regard to any further refusal or failure.

(3) A court may at any time on good cause shown remit any punishment or part thereof imposed by it under subsection (1).

(4) Any sentence imposed by any court under subsection (1) shall be executed and be subject to appeal in the same manner as a sentence imposed in any criminal case by such court, and shall be served before any other sentence of imprisonment imposed on the person concerned.

(5) The court may, notwithstanding any action taken under this section, at any time conclude the criminal proceedings referred to in subsection (1).

(6) No person shall be bound to produce any book, paper or document not specified in any subpoena served upon him, unless he has such book, paper or document in court.

(7) Any lower court shall have jurisdiction to sentence any person to the maximum period of imprisonment prescribed by this section.

Impeachment or support of credibility of witness.

190. (1) Any party may in criminal proceedings impeach or support the credibility of any witness called against or on behalf of such party in any manner in which and by any evidence by which the credibility of such witness might on the thirtieth day of May, 1961, have been impeached or supported by such party.

(2) Any such party who has called a witness who has given evidence in any such proceedings (whether that witness is or is not, in the opinion of the court, adverse to the party calling him), may, after such party or the court has asked the witness whether he did or did not previously make a statement with which his evidence in the said proceedings is inconsistent, and after sufficient particulars of the alleged previous statement to designate the occasion when it was made have been given to the witness, prove that he previously made a statement with which such evidence is inconsistent.

Payment of expenses of witness.

191. (1) Any person who attends criminal proceedings as a witness for the State shall be entitled to such allowance as may be prescribed under subsection (3): Provided that the judicial officer or the judge presiding at such proceedings may, if he thinks fit, direct that no such allowance or that only a part of such allowance shall be paid to any such witness.

(2) Subject to any regulation made under subsection (3), the judicial officer or the judge presiding at criminal proceedings may, if he thinks fit, direct that any person who has attended such proceedings as a witness for the accused, shall be paid such allowance as may be prescribed by such regulation, or such lesser allowance as such judicial officer or such judge may determine.

(3) The Minister may, in consultation with the Minister of Finance, by regulation prescribe a tariff of allowances which may be paid out of public moneys to witnesses in criminal proceedings, and may by regulation prescribe different tariffs for witnesses according to their several callings, occupations or stations in life, and according also to the distances to be travelled by such witnesses to reach the place where the proceedings in question are to take place, and may by regulation further prescribe the circumstances in which such allowances may be paid to any witness for an accused.

(4) The Minister may under subsection (3) empower any officer in the service of the State to authorize, in any case in which the payment of an allowance in accordance with the tariff prescribed may cause undue hardship or in the case of any person resident outside the Republic, the payment of an allowance in accordance with a higher tariff than the tariff prescribed.

III van Bylae 2 of 'n in die Bylae by die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1950 (Wet 44 van 1950), bedoelde misdryf, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar.

(2) Na verstryking van 'n vonnis ingevolge subartikel (1) opgelê, kan daar van tyd tot tyd by 'n verdere weiering of versuim weer teen die betrokke persoon ingevolge daardie subartikel opgetree word.

(3) 'n Hof kan te eniger tyd 'n deur hom kragtens subartikel (1) opgelegde straf of gedeelte daarvan by bewys van gegronde redes kwytskeld.

(4) 'n Vonnis deur 'n hof ingevolge subartikel (1) opgelê, word uitgevoer en is aan appèl onderworpe op dieselfde wyse as 'n vonnis wat deur daardie hof in 'n strafsaak opgelê is, en word uitgedien voor 'n ander vonnis van gevangenisstraf wat die betrokke persoon opgelê is.

(5) Die hof kan, ondanks enige stappe ingevolge hierdie artikel gedoen, die in subartikel (1) bedoelde strafregtelike verrigtinge te eniger tyd afhandel.

(6) Niemand is verplig om 'n boek, stuk of dokument voor te lê wat nie in die aan hom betekende getuiedagvaarding aangedui is nie, tensy hy so 'n boek, stuk of dokument in die hof het.

(7) 'n Laer hof is bevoeg om 'n persoon gevangenisstraf op te lê vir die maksimum tydperk wat by hierdie artikel voorgeskryf word.

Aanval op of steun vir geloofwaardigheid van getuie.

190. (1) 'n Party kan by strafregtelike verrigtinge die geloofwaardigheid van 'n getuie wat teen of ten behoewe van daardie party opgeroep is, aanval of steun op die wyse waarop en met enige getuienis waarmee die geloofwaardigheid van so 'n getuie op die dertigste dag van Mei 1961 deur bedoelde party aangeval of gesteun sou kon geword het.

(2) So 'n party wat 'n getuie opgeroep het wat by bedoelde verrigtinge getuienis afgelê het (hetsy daardie getuie, na die oordeel van die hof, teenoor die party wat hom opgeroep het vyandig gesind is al dan nie), kan, nadat bedoelde party of die hof die getuie gevra het of hy voorheen 'n verklaring gemaak het al dan nie waarmee sy getuienis by bedoelde verrigtinge onbestaanbaar is, en nadat voldoende besonderhede van die beweerde vorige verklaring aan die getuie verstrek is om die geleentheid waarby dit gemaak is, te bepaal, bewys dat hy voorheen 'n verklaring gemaak het waarmee bedoelde getuienis onbestaanbaar is.

Betaling van getuie-gelde.

191. (1) Iemand wat strafregtelike verrigtinge as 'n getuie vir die Staat bywoon, is op die toelae geregtig wat ingevolge subartikel (3) voorgeskryf is: Met dien verstande dat die regterlike amptenaar of die regter wat by bedoelde verrigtinge voorsit, na goeddunke kan gelas dat geen sodanige toelae aan bedoelde getuie betaal word nie of dat slegs 'n gedeelte van sodanige toelae aldus betaal word.

(2) Behoudens 'n ingevolge subartikel (3) uitgevaardigde regulasie, kan die regterlike amptenaar of die regter wat by strafregtelike verrigtinge voorsit, indien hy dit goedvind, gelas dat iemand wat daardie verrigtinge as 'n getuie vir die beskuldigde bygewoon het, die toelae betaal word wat by so 'n regulasie voorgeskryf word, of so 'n kleiner toelae as wat bedoelde regterlike amptenaar of bedoelde regter bepaal.

(3) Die Minister kan, in oorleg met die Minister van Finansies, by regulasie 'n tarief van toelaes voorskryf wat uit staatsgeld aan getuies in strafregtelike verrigtinge betaal kan word, en kan by regulasie verskillende tariewe vir getuies voorskryf ooreenkomstig hul onderskeie roepings, beroepe of lewenstand, en ook ooreenkomstig die afstande wat sulke getuies moet reis om die plek te bereik waar die betrokke verrigtinge sal plaasvind, en kan voorts by regulasie die omstandighede voorskryf waarin sodanige toelaes aan 'n getuie van 'n beskuldigde betaal kan word.

(4) Die Minister kan ingevolge subartikel (3) 'n beampte in diens van die Staat magtig om, in 'n geval waarin die betaling van 'n toelae ooreenkomstig die voorgeskrewe tarief onbehoorlike ontbering tot gevolg het of in die geval van iemand wat buite die Republiek woonagtig is, die betaling van 'n toelae ooreenkomstig 'n hoër tarief as die voorgeskrewe tarief, goed te keur.

(5) For the purposes of this section "witness" shall include any person necessarily required to accompany any witness on account of his youth, old age or infirmity.

Every witness competent and compellable unless expressly excluded.

192. Every person not expressly excluded by this Act from giving evidence shall, subject to the provisions of section 206, be competent and compellable to give evidence in criminal proceedings.

Court to decide upon competency of witness.

193. The court in which criminal proceedings are conducted shall decide any question concerning the competency or compellability of any witness to give evidence.

Incompetency due to state of mind.

194. No person appearing or proved to be afflicted with mental illness or to be labouring under any imbecility of mind due to intoxication or drugs or the like, and who is thereby deprived of the proper use of his reason, shall be competent to give evidence while so afflicted or disabled.

Evidence for prosecution by husband or wife of accused.

195. (1) The wife or husband of an accused shall not be competent to give evidence for the prosecution in criminal proceedings, but shall be competent and compellable to give evidence for the prosecution at such proceedings where the accused is charged with—

(a) any offence committed against the person of either of them or of a child of either of them;

(b) any offence under Chapter III of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), committed in respect of any child of either of them;

(c) any contravention of any provision of section 11 (1) of the Maintenance Act, 1963 (Act 23 of 1963), or of such provision as applied by any other law;

(d) bigamy;

(e) incest;

(f) abduction;

(g) any contravention of any provision of section 2, 8, 9, 10, 11, 12, 12A, 13, 17 or 20 of the Immorality Act, 1957 (Act 23 of 1957), or, in the case of the territory, of any provision of section 3 or 4 of the Girls' and Mentally Defective Women's Protection Proclamation, 1921 (Proclamation 28 of 1921), or of section 3 of the Immorality Proclamation, 1934 (Proclamation 19 of 1934);

(h) perjury committed in connection with or for the purpose of any judicial proceedings instituted or to be instituted or contemplated by the one of them against the other, or in connection with or for the purpose of criminal proceedings in respect of any offence included in this subsection;

(i) the statutory offence of making a false statement in any affidavit or any affirmed, solemn or attested declaration if it is made in connection with or for the purpose of any such proceedings as are mentioned in paragraph *(h)*,

and shall be competent but not compellable to give evidence for the prosecution in criminal proceedings where the accused is charged with any offence against the separate property of the wife or of the husband of the accused or with any offence under section 16 of the said Immorality Act, 1957, or, in the case of the territory, section 1 or 2 of the said Immorality Proclamation, 1934.

(2) Anything to the contrary in this Act or any other law notwithstanding, any person married in accordance with Bantu law or custom shall, notwithstanding the registration or other recognition under any law of such a union as a valid and binding marriage, for the purposes of the law of evidence in criminal proceedings, be deemed to be an unmarried person.

(5) By die toepassing van hierdie artikel beteken „getuie" ook iemand wat noodwendig 'n getuie weens sy jeug, hoë ouderdom of swakheid moet vergesel.

Elke getuie bevoeg en verpligbaar tensy uitdruklik uitgesluit.

192. Elke persoon wat nie uitdruklik deur hierdie Wet van die aflegging van getuienis uitgesluit is nie, is, behoudens die bepalings van artikel 206, bevoeg en verplig om in strafregtelike verrigtinge getuienis af te lê.

Hof moet oor bevoegdheid van getuie besluit.

193. Die hof waarin strafregtelike verrigtinge voortgesit word, moet 'n vraag beslis betreffende die bevoegdheid of verpligbaarheid van 'n getuie om getuienis af te lê.

Onbevoegdheid vanweë geestestoestand.

194. Niemand wat skyn of bewys word te ly aan geestesongesteldheid of aan verstandsverbystering vanweë dronkenskap of verdowingsmiddels of iets dergeliks, en wat daardeur van die behoorlike gebruik van sy sinne beroof word, is bevoeg om getuienis af te lê terwyl hy aldus aangetas of onbekwaam is nie.

Getuienis vir vervolging deur eggenote of eggenoot van beskuldigde.

195. (1) Die eggenote of eggenoot van 'n beskuldigde is nie bevoeg om getuienis vir die vervolging in strafregtelike verrigtinge af te lê nie, maar is bevoeg en verpligbaar om getuienis vir die vervolging in sulke verrigtinge af te lê waar die beskuldigde aangekla word van—

(a) 'n misdryf gepleeg teen die persoon van die een of die ander van hulle of van 'n kind van die een of die ander van hulle;

(b) 'n misdryf ingevolge Hoofstuk III van die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), ten opsigte van 'n kind van die een of die ander van hulle gepleeg;

(c) 'n oortreding van 'n bepaling van artikel 11 (1) van die Wet op Onderhoud, 1963 (Wet 23 van 1963), of van so 'n bepaling soos deur 'n ander wet toegepas;

(d) bigamie;

(e) bloedskande;

(f) ontvoering;

(g) 'n oortreding van 'n bepaling van artikel 2, 8, 9, 10, 11, 12, 12A, 13, 17 of 20 van die Ontugwet, 1957 (Wet 23 van 1957), of, in die geval van die gebied, van 'n bepaling van artikel 3 of 4 van die „Meisjes en Geestelik Gekrenkte Vrouwen Beschermings Proklamatie, 1921" (Proklamasie 28 van 1921), of van artikel 3 van die Proklamasie van 1934 Betreffende Immoraliteit (Proklamasie 19 van 1934);

(h) meineed gepleeg in verband met of vir die doeleindes van geregtelike stappe wat deur een van hulle teen die ander ingestel is of ingestel staan te word of beoog word, of in verband met of vir die doeleindes van strafregtelike stappe ten opsigte van 'n misdryf in hierdie subartikel bedoel;

(i) die wetteregtelike misdryf van die aflê van 'n valse verklaring in 'n beëdigde of 'n bevestigde, plegtige of geattesteerde verklaring, indien dit afgelê is in verband met of vir die doeleindes van enige van die in paragraaf *(h)* bedoelde stappe,

en is bevoeg maar nie verpligbaar nie om vir die vervolging getuienis in strafregtelike verrigtinge af te lê waar die beskuldigde aangekla word van 'n misdryf teen die afsonderlike eiendom van die eggenote of van die eggenoot van die beskuldigde, of van 'n misdryf ingevolge artikel 16 van bedoelde Ontugwet, 1957, of, in die geval van die gebied, artikel 1 of 2 van bedoelde Proklamasie van 1934 Betreffende Immoraliteit.

(2) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet of 'n ander wet word iemand wat ooreenkomstig Bantoereg of -gewoonte getroud is, nieteenstaande die registrasie of ander erkenning ingevolge 'n wet van so 'n verbintenis as 'n geldige en bindende huwelik, by die toepassing van die regsbepalings op bewyslewering in strafregtelike verrigtinge geag 'n ongetroude persoon te wees.

Evidence of accused and husband or wife on behalf of accused.

196. (1) An accused and the wife or husband of an accused shall be a competent witness for the defence at every stage of criminal proceedings, whether or not the accused is charged jointly with any other person: Provided that—

(a) an accused shall not be called as a witness except upon his own application;

(b) the wife or husband of an accused shall not be called as a witness for the defence except upon the application of the accused.

(2) The evidence which an accused may, upon his own application, give in his own defence at joint criminal proceedings, shall not be inadmissible against a co-accused at such proceedings by reason only that such accused is for any reason not a competent witness for the prosecution against such co-accused.

(3) An accused may not make an unsworn statement at his trial in lieu of evidence but shall, if he wishes to give evidence, do so on oath or, as the case may be, by affirmation.

Privileges of accused when giving evidence.

197. An accused who gives evidence at criminal proceedings shall not be asked or required to answer any question tending to show that he has committed or has been convicted of or has been charged with any offence other than the offence with which he is charged, or that he is of bad character, unless—

(a) he or his legal representative asks any question of any witness with a view to establishing his own good character or he himself gives evidence of his own good character, or the nature or conduct of the defence is such as to involve imputation of the character of the complainant or any other witness for the prosecution;

(b) he gives evidence against any other person charged with the same offence or an offence in respect of the same facts;

(c) the proceedings against him are such as are described in section 240 or 241 and the notice under those sections has been given to him; or

(d) the proof that he has committed or has been convicted of such other offence is admissible evidence to show that he is guilty of the offence with which he is charged.

Privilege arising out of marital state.

198. (1) A husband shall not at criminal proceedings be compelled to disclose any communication which his wife made to him during the marriage, and a wife shall not at criminal proceedings be compelled to disclose any communication which her husband made to her during the marriage.

(2) A person whose marriage has been dissolved or annulled by a competent court, shall not at criminal proceedings be compelled to give evidence as to any fact, matter or thing which occurred during the subsistence of the marriage or putative marriage, and as to which such person could not have been compelled to give evidence if the marriage was subsisting.

No witness compelled to answer question which the witness's husband or wife may decline.

199. No person shall at criminal proceedings be compelled to answer any question or to give any evidence, if the question or evidence is such that under the circumstances the husband or wife of such person, if under examination as a witness, may lawfully refuse and cannot be compelled to answer or to give it.

Witness not excused from answer establishing civil liability on his part.

200. A witness in criminal proceedings may not refuse to answer any question relevant to the issue by reason only that the answer establishes or may establish a civil liability on his part.

Privilege of legal practitioner.

201. No legal practitioner qualified to practise in any court, whether within the Republic or elsewhere, shall be competent, without the consent of the person concerned, to give evidence at

Getuienis deur beskuldigde en eggenote of eggenoot ten behoewe van beskuldigde.

196. (1) 'n Beskuldigde en die eggenote of eggenoot van 'n beskuldigde is in elke stadium van strafregtelike verrigtinge 'n bevoegde getuie vir die verdediging, hetsy die beskuldigde gesamentlik met iemand anders aangekla word of nie: Met dien verstande dat—

(a) 'n beskuldigde slegs op eie aansoek as 'n getuie opgeroep word;

(b) die eggenote of eggenoot van 'n beskuldigde slegs op aansoek van die beskuldigde as 'n getuie vir die verdediging opgeroep word.

(2) Die getuienis wat 'n beskuldigde op eie aansoek by gesamentlike strafregtelike verrigtinge in sy eie verdediging aflê, is nie teen 'n mede-beskuldigde by sodanige verrigtinge ontoelaatbaar slegs omdat so 'n beskuldigde vanweë enige rede nie 'n bevoegde getuie vir die vervolging teen so 'n mede-beskuldigde is nie.

(3) 'n Beskuldigde kan nie by sy verhoor 'n onbeëdigde verklaring in die plek van getuienis aflê nie maar, indien hy getuienis wil aflê, moet hy dit onder eed of, na gelang van die geval, deur bevestiging doen.

Privilegies van beskuldigde by aflê van getuienis.

197. 'n Beskuldigde wat by strafregtelike verrigtinge getuienis aflê, word nie gevra of aangesê om te antwoord op 'n vraag waarvan die strekking is dat hy 'n misdryf, behalwe die ten laste gelegde misdryf, gepleeg het of daaraan skuldig bevind is of daarvan aangekla is, of dat hy van swak karakter is nie, tensy—

(a) hy of sy regsverteenwoordiger 'n vraag aan 'n getuie stel ten einde sy eie goeie karakter te bewys of hy self getuienis van sy eie goeie karakter aflê, of die aard of optrede van die verdediging sodanig is dat die karakter van die klaer of 'n ander getuie vir die vervolging aangetas word;

(b) hy getuienis aflê teen iemand anders wat van dieselfde misdryf of 'n misdryf ten opsigte van dieselfde feite aangekla word;

(c) die saak teen hom 'n saak is soos in artikel 240 of 241 beskryf en die kennis ingevolge daardie artikels aan hom gegee is; of

(d) die bewys dat hy so 'n ander misdryf gepleeg het of daaraan skuldig bevind is, toelaatbare getuienis is om te bewys dat hy aan die ten laste gelegde misdryf skuldig is.

Privilegie wat uit huwelikstaat ontstaan.

198. (1) 'n Eggenoot is nie verplig om by strafregtelike verrigtinge 'n mededeling te openbaar wat sy eggenote tydens die huwelik aan hom gemaak het nie, en 'n eggenote is nie verplig om by strafregtelike verrigtinge 'n mededeling te openbaar wat haar eggenoot tydens die huwelik aan haar gemaak het nie.

(2) Iemand wie se huwelik deur 'n bevoegde hof ontbind of nietig verklaar is, is nie by strafregtelike verrigtinge verplig om getuienis af te lê oor 'n feit, aangeleentheid of saak wat tydens die bestaan van die huwelik of vermeende huwelik voorgeval het en waaroor so iemand nie verplig sou kon word om getuienis af te lê as die huwelik bestaan het nie.

Geen getuie verplig om op vraag te antwoord waarop die getuie se eggenoot of eggenote kan weier nie.

199. Niemand is by strafregtelike verrigtinge verplig om op 'n vraag te antwoord of om getuienis af te lê nie, as die vraag of getuienis sodanig is dat die eggenoot of eggenote van so iemand, indien as 'n getuie ondervra, in die omstandighede regtens kan weier en nie verplig kan word om daarop te antwoord of om dit af te lê nie.

Getuie nie van antwoord onthef wat privaatregtelike aanspreeklikheid aan sy kant daarstel nie.

200. 'n Getuie in strafregtelike verrigtinge kan nie weier om op 'n vraag wat by die geskilpunt relevant is, te antwoord slegs omdat die antwoord 'n privaatregtelike aanspreeklikheid aan sy kant bewys of kan bewys nie.

Privilegie van regspraktisyn.

201. Geen regspraktisyn wat bevoeg is om in 'n hof te praktiseer, hetsy binne die Republiek of elders, is sonder die toestemming van die betrokke persoon bevoeg om by strafregte-

criminal proceedings against any person by whom he is professionally employed or consulted as to any fact, matter or thing with regard to which such practitioner would not on the thirtieth day of May, 1961, by reason of such employment or consultation, have been competent to give evidence without such consent: Provided that such legal practitioner shall be competent and compellable to give evidence as to any fact, matter or thing which relates to or is connected with the commission of any offence with which the person by whom such legal practitioner is professionally employed or consulted, is charged, if such fact, matter or thing came to the knowledge of such legal practitioner before he was professionally employed or consulted with reference to the defence of the person concerned.

Privilege from disclosure on ground of public policy or public interest.

202. Except as is in this Act provided and subject to the provisions of any other law, no witness in criminal proceedings shall be compellable or permitted to give evidence as to any fact, matter or thing or as to any communication made to or by such witness, if such witness would on the thirtieth day of May, 1961, not have been compellable or permitted to give evidence with regard to such fact, matter or thing or communication by reason that it should not, on the grounds of public policy or from regard to public interest, be disclosed, and that it is privileged from disclosure: Provided that any person may in criminal proceedings adduce evidence of any communication alleging the commission of an offence, if the making of that communication *prima facie* constitutes an offence, and the judge or judicial officer presiding at such proceedings may determine whether the making of such communication *prima facie* does or does not constitute an offence, and such determination shall, for the purpose of such proceedings, be final.

Witness excused from answering incriminating question.

203. No witness in criminal proceedings shall, except as provided by this Act or any other law, be compelled to answer any question which he would not on the thirtieth day of May, 1961, have been compelled to answer by reason that the answer may expose him to a criminal charge.

Incriminating evidence by witness for prosecution.

204. (1) Whenever the prosecutor at criminal proceedings informs the court that any person called as a witness on behalf of the prosecution will be required by the prosecution to answer questions which may incriminate such witness with regard to an offence specified by the prosecutor—

(a) the court, if satisfied that such witness is otherwise a competent witness for the prosecution, shall inform such witness—

(i) that he is obliged to give evidence at the proceedings in question;

(ii) that questions may be put to him which may incriminate him with regard to the offence specified by the prosecutor;

(iii) that he will be obliged to answer any question put to him, whether by the prosecution, the accused or the court, notwithstanding that the answer may incriminate him with regard to the offence so specified or with regard to any offence in respect of which a verdict of guilty would be competent upon a charge relating to the offence so specified;

(iv) that if he answers frankly and honestly all questions put to him, he shall be discharged from prosecution with regard to the offence so specified and with regard to any offence in respect of which a verdict of guilty would be competent upon a charge relating to the offence so specified; and

(b) such witness shall thereupon give evidence and answer any question put to him, whether by the prosecution, the

like verrigtinge getuienis af te lê teen iemand deur wie hy professioneel aangestel of geraadpleeg word aangaande 'n feit, aangeleentheid of saak met betrekking waartoe so 'n regspraktisyn op die dertigste dag van Mei 1961 uit hoofde van so 'n aanstelling of raadpleging nie sonder sodanige toestemming bevoeg sou gewees het om getuienis af te lê nie: Met dien verstande dat so 'n regspraktisyn bevoeg en verpligbaar is om getuienis af te lê aangaande 'n feit, aangeleentheid of saak wat betrekking het op of wat verband het met die pleging van 'n misdryf waarvan die persoon deur wie so 'n regspraktisyn professioneel aangestel of geraadpleeg word, aangekla word, indien so 'n feit, aangeleentheid of saak tot die kennis van so 'n regspraktisyn gekom het voordat hy met betrekking tot die verdediging van die betrokke persoon professioneel aangestel of geraadpleeg is.

Privilegie teen openbaarmaking op grond van openbare beleid of openbare belang.

202. Behalwe soos in hierdie Wet bepaal en behoudens die bepalings van enige ander wet, word 'n getuie in strafregtelike verrigtinge nie verplig of toegelaat om getuienis af te lê aangaande 'n feit, aangeleentheid of saak of aangaande 'n mededeling aan of deur so 'n getuie gedoen nie, indien so 'n getuie op die dertigste dag van Mei 1961 nie verpligbaar of toegelaat sou gewees het om getuienis met betrekking tot so 'n feit, aangeleentheid of saak of mededeling af te lê nie uit hoofde daarvan dat dit nie, op grond van openbare beleid of met inagneming van openbare belang, openbaar gemaak behoort te word nie, en dat dit teen openbaarmaking geprivilegieerd is: Met dien verstande dat iemand in strafregtelike verrigtinge getuienis kan aanvoer van 'n mededeling wat die pleging van 'n misdryf beweer, indien die doen van daardie mededeling *prima facie* 'n misdryf uitmaak, en die regter of regterlike amptenaar wat by bedoelde verrigtinge voorsit, kan beslis of die doen van so 'n mededeling *prima facie* 'n misdryf uitmaak of nie uitmaak nie, en so 'n beslissing is, vir die doeleindes van daardie verrigtinge, afdoende.

Getuie van antwoord op inkriminerende vraag onthef.

203. 'n Getuie in strafregtelike verrigtinge word nie, behalwe waar hierdie Wet of 'n ander wet anders bepaal, verplig om op 'n vraag te antwoord waarop hy nie op die dertigste dag van Mei 1961 verplig kon word om te antwoord omdat die antwoord hom aan 'n strafregtelike aanklag blootstel nie.

Inkriminerende getuienis deur getuie vir vervolging.

204. (1) Wanneer die aanklaer die hof by strafregtelike verrigtinge meedeel dat 'n persoon wat as 'n getuie ten behoewe van die vervolging opgeroep is, deur die vervolging gevra sal word om op vrae te antwoord wat so 'n getuie kan inkrimineer ten opsigte van 'n misdryf deur die aanklaer uiteengesit—

(a) moet die hof, indien oortuig dat bedoelde getuie andersins 'n bevoegde getuie vir die vervolging is, daardie getuie meedeel—

(i) dat hy verplig is om getuienis by die betrokke verrigtinge af te lê;

(ii) dat vrae aan hom gestel kan word wat hom kan inkrimineer ten opsigte van die misdryf deur die aanklaer uiteengesit;

(iii) dat hy verplig sal wees om op elke vraag te antwoord wat aan hom gestel word, hetsy deur die vervolging, die beskuldigde of die hof, nieteenstaande dat die antwoord hom kan inkrimineer ten opsigte van die misdryf aldus uiteengesit of ten opsigte van 'n misdryf ten opsigte waarvan 'n uitspraak van skuldig geoorloof sal wees op 'n aanklag betreffende die misdryf aldus uiteengesit;

(iv) dat indien hy op alle vrae aan hom gestel openhartig en eerlik antwoord, hy gevrywaar sal wees teen vervolging ten opsigte van die misdryf aldus uiteengesit en ten opsigte van 'n misdryf ten opsigte waarvan 'n uitspraak van skuldig geoorloof sal wees op 'n aanklag betreffende die misdryf aldus uiteengesit; en

(b) moet so 'n getuie daarop getuienis aflê en op enige vraag antwoord wat aan hom gestel word, hetsy deur die

accused or the court, notwithstanding that the reply thereto may incriminate him with regard to the offence so specified by the prosecutor or with regard to any offence in respect of which a verdict of guilty would be competent upon a charge relating to the offence so specified.

(2) If a witness referred to in subsection (1), in the opinion of the court, answers frankly and honestly all questions put to him—

(a) such witness shall, subject to the provisions of subsection (3), be discharged from prosecution for the offence so specified by the prosecutor and for any offence in respect of which a verdict of guilty would be competent upon a charge relating to the offence so specified; and

(b) the court shall cause such discharge to be entered on the record of the proceedings in question.

(3) The discharge referred to in subsection (2) shall be of no legal force or effect if it is given at preparatory examination proceedings and the witness concerned does not at any trial arising out of such preparatory examination, answer, in the opinion of the court, frankly and honestly all questions put to him at such trial, whether by the prosecution, the accused or the court.

(4) *(a)* Where a witness gives evidence under this section and is not discharged from prosecution in respect of the offence in question, such evidence shall not be admissible in evidence against him at any trial in respect of such offence or any offence in respect of which a verdict of guilty is competent upon a charge relating to such offence.

(b) The provisions of this subsection shall not apply with reference to a witness who is prosecuted for perjury arising from the giving of the evidence in question, or for a contravention of section 319 (3) of the Criminal Procedure Act, 1955 (Act 56 of 1955), or, in the case of the territory, for a contravention of section 300 (3) of the Criminal Procedure Ordinance, 1963 (Ordinance 34 of 1963), arising likewise.

Magistrate may take evidence as to alleged offence.

205. (1) A magistrate may, upon the request of a public prosecutor, require the attendance before him or any other magistrate, for examination by the public prosecutor, of any person who is likely to give material or relevant information as to any alleged offence, whether or not it is known by whom the offence was committed.

(2) The provisions of sections 162 to 165 inclusive, 179 to 181 inclusive, 187 to 189 inclusive, 191 and 204 shall *mutatis mutandis* apply with reference to the proceedings under subsection (1).

(3) The examination of any person under subsection (1) may be conducted in private at any place designated by the magistrate.

The law in cases not provided for.

206. The law as to the competency, compellability or privilege of witnesses which was in force in respect of criminal proceedings on the thirtieth day of May, 1961, shall apply in any case not expressly provided for by this Act or any other law.

Saving of special provisions in other laws.

207. No provision of this Chapter shall be construed as modifying any provision of any other law whereby in any criminal proceedings referred to in such law a person is deemed a competent witness.

CHAPTER 24

EVIDENCE

Conviction may follow on evidence of single witness.

208. An accused may be convicted of any offence on the single evidence of any competent witness.

vervolging, die beskuldigde of die hof, nieteenstaande dat die antwoord daarop hom kan inkrimineer ten opsigte van die misdryf aldus deur die aanklaer uiteengesit of ten opsigte van 'n misdryf ten opsigte waarvan 'n uitspraak van skuldig geoorloof sal wees op 'n aanklag betreffende die misdryf aldus uiteengesit.

(2) Indien 'n in subartikel (1) bedoelde getuie, na die oordeel van die hof, op alle aan hom gestelde vrae openhartig en eerlik antwoord—

(a) is so 'n getuie, behoudens die bepalings van subartikel (3), gevrywaar teen vervolging weens die misdryf aldus deur die aanklaer uiteengesit en weens 'n misdryf ten opsigte waarvan 'n uitspraak van skuldig geoorloof sal wees op 'n aanklag betreffende die misdryf aldus uiteengesit; en

(b) moet die hof so 'n vrywaring op die oorkonde van die betrokke verrigtinge laat aanteken.

(3) Die in subartikel (2) bedoelde vrywaring het geen regskrag of -gevolg nie wanneer dit by voorlopige ondersoek-verrigtinge verleen word en die betrokke getuie by 'n verhoor wat uit daardie voorlopige ondersoek ontstaan, na die oordeel van die hof, nie op alle vrae wat by daardie verhoor aan hom gestel word, hetsy deur die vervolging, die beskuldigde of die hof, openhartig en eerlik antwoord nie.

(4) *(a)* Waar 'n getuie getuienis ingevolge hierdie artikel aflê en nie teen vervolging ten opsigte van die betrokke misdryf gevrywaar word nie, is bedoelde getuienis nie as getuienis teen hom toelaatbaar by 'n verhoor ten opsigte van daardie misdryf of 'n misdryf ten opsigte waarvan 'n uitspraak van skuldig geoorloof is op 'n aanklag betreffende daardie misdryf nie.

(b) Die bepalings van hierdie subartikel is nie van toepassing met betrekking tot 'n getuie wat vervolg word weens meineed wat ontstaan uit die aflê van die betrokke getuienis, of weens 'n oortreding van artikel 319 (3) van die Strafproseswet, 1955 (Wet 56 van 1955), of, in die geval van die gebied, weens 'n oortreding van artikel 300 (3) van die Strafprosesordonnansie, 1963 (Ordonnansie 34 van 1963), wat insgelyks ontstaan nie.

Landdros kan getuienis betreffende beweerde misdryf afneem.

205. (1) 'n Landdros kan, op versoek van 'n staatsaanklaer, iemand wat waarskynlik wesenlike of tersaaklike inligting betreffende 'n beweerde misdryf kan verstrek, hetsy dit bekend is deur wie die misdryf gepleeg is of nie, aansê om voor hom of enige ander landdros te verskyn vir ondervraging deur die staatsaanklaer.

(2) Die bepalings van artikels 162 tot en met 165, 179 tot en met 181, 187 tot en met 189, 191 en 204 is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot die verrigtinge ingevolge subartikel (1).

(3) Die ondervraging van iemand ingevolge subartikel (1) kan privaat geskied op 'n plek deur die landdros aangewys.

Die reg in gevalle waarvoor nie voorsiening gemaak is nie.

206. Die reg met betrekking tot die bevoegdheid, verpligbaarheid of privilegie van getuies wat op die dertigste dag van Mei 1961 ten opsigte van strafregtelike verrigtinge gegeld het, is van toepassing in elke geval waarvoor nie uitdruklik in hierdie Wet of 'n ander wet voorsiening gemaak word nie.

Behoud van spesiale bepalings in ander wette.

207. Geen bepaling van hierdie Hoofstuk word so uitgelê dat dit 'n bepaling van 'n ander wet verander waarkragtens iemand in enige in so 'n wet bedoelde strafregtelike verrigtinge 'n bevoegde getuie geag word nie.

HOOFSTUK 24

GETUIENIS

Skuldigbevinding kan op getuienis van enkele getuie volg.

208. 'n Beskuldigde kan op die enkele getuienis van 'n bevoegde getuie aan enige misdryf skuldig bevind word.

Conviction may follow on confession by accused.

209. An accused may be convicted of any offence on the single evidence of a confession by such accused that he committed the offence in question, if such confession is confirmed in a material respect or, where the confession is not so confirmed, if the offence is proved by evidence, other than such confession, to have been actually committed.

Irrelevant evidence inadmissible.

210. No evidence as to any fact, matter or thing shall be admissible which is irrelevant or immaterial and which cannot conduce to prove or disprove any point or fact at issue in criminal proceedings.

Evidence during criminal proceedings of previous convictions.

211. Except where otherwise expressly provided by this Act or except where the fact of a previous conviction is an element of any offence with which an accused is charged, evidence shall not be admissible at criminal proceedings in respect of any offence to prove that an accused at such proceedings had previously been convicted of any offence, whether in the Republic or elsewhere, and no accused, if called as a witness, shall be asked whether he has been so convicted.

Proof of certain facts by affidavit or certificate.

212. (1) Whenever in criminal proceedings the question arises whether any particular act, transaction or occurrence did or did not take place in any particular department or sub-department of the State or of a provincial administration or in any branch or office of such department or sub-department or in any particular court of law or in any particular bank, or the question arises in such proceedings whether any particular functionary in any such department, sub-department, branch or office did or did not perform any particular act or did or did not take part in any particular transaction, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges—

(a) that he is in the service of the State or a provincial administration or of the bank in question, and that he is employed in the particular department or sub-department or the particular branch or office thereof or in the particular court or bank;

(b) that—

(i) if the act, transaction or occurrence in question had taken place in such department, sub-department, branch or office or in such court or bank; or

(ii) if such functionary had performed such particular act or had taken part in such particular transaction,

it would in the ordinary course of events have come to his, the deponent's, knowledge and a record thereof, available to him, would have been kept; and

(c) that it has not come to his knowledge—

(i) that such act, transaction or occurrence took place; or

(ii) that such functionary performed such act or took part in such transaction,

and that there is no record thereof,

shall, upon its mere production at such proceedings, be *prima facie* proof that the act, transaction or occurrence in question did not take place or, as the case may be, that the functionary concerned did not perform the act in question or did not take part in the transaction in question.

(2) Whenever in criminal proceedings the question arises whether any person bearing a particular name did or did not furnish any particular officer in the service of the State or of a provincial administration with any particular information or document, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges that he is the said officer and that no person bearing the said name furnished him with such information or document, shall, upon its mere production at such proceedings, be *prima facie* proof that the said person did not furnish the said officer with any such information or document.

Skuldigbevinding kan op bekentenis deur beskuldigde volg.

209. 'n Beskuldigde kan aan 'n misdryf skuldig bevind word op die enkele bewys van 'n bekentenis deur daardie beskuldigde dat hy die betrokke misdryf gepleeg het, indien bedoelde bekentenis in 'n wesenlike opsig bevestig word of, waar die bekentenis nie so bevestig word nie, indien dit deur ander getuienis as bedoelde bekentenis bewys word dat die misdryf inderdaad gepleeg is.

Irrelevante getuienis ontoelaatbaar.

210. Geen getuienis betreffende 'n feit, aangeleentheid of saak is toelaatbaar wat irrelevant of van geen wesenlike belang is nie en wat nie kan bydra tot die bewys of teenbewys van 'n punt of feit wat in strafregtelike verrigtinge in geskil is nie.

Getuienis tydens strafregtelike verrigtinge van vorige veroordelings.

211. Behalwe waar hierdie Wet uitdruklik anders bepaal of behalwe waar die feit van 'n vorige veroordeling 'n bestanddeel is van 'n misdryf waarvan 'n beskuldigde aangekla word, is getuienis nie by strafregtelike verrigtinge ten opsigte van 'n misdryf toelaatbaar om te bewys dat 'n beskuldigde by sodanige verrigtinge voorheen weens 'n misdryf, hetsy in die Republiek of elders, skuldig bevind is nie, en geen beskuldigde, indien as 'n getuie opgeroep, word gevra of hy aldus skuldig bevind is nie.

Bewys van sekere feite deur beëdigde verklaring of sertifikaat.

212. (1) Wanneer die vraag in strafregtelike verrigtinge ontstaan of 'n bepaalde handeling, transaksie of gebeurtenis in 'n bepaalde departement of sub-departement van die Staat of van 'n provinsiale administrasie of in 'n afdeling of kantoor van so 'n departement of sub-departement of in 'n bepaalde geregshof of in 'n bepaalde bank plaasgevind het of nie plaasgevind het nie, of die vraag ontstaan in sulke verrigtinge of 'n bepaalde funksionaris in so 'n departement, sub-departement, afdeling of kantoor 'n bepaalde handeling verrig het of nie verrig het nie of aan 'n bepaalde transaksie deelgeneem het of nie deelgeneem het nie, is 'n dokument wat voorgee 'n beëdigde verklaring te wees deur 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer—

(a) dat hy in diens van die Staat of 'n provinsiale administrasie of van die betrokke bank is, en dat hy in die bepaalde departement of sub-departement of die bepaalde afdeling of kantoor daarvan of in die bepaalde hof of bank in diens is;

(b) dat—

(i) indien die betrokke handeling, transaksie of gebeurtenis in bedoelde departement, sub-departement, afdeling of kantoor of in bedoelde hof of bank plaasgevind het; of

(ii) indien bedoelde funksionaris so 'n bepaalde handeling verrig het of aan so 'n bepaalde transaksie deelgeneem het,

dit in die gewone loop van sake tot sy, die verklaarder se, kennis sou gekom het en 'n aan hom beskikbare aantekening daarvan gehou sou gewees het; en

(c) dat dit nie tot sy kennis gekom het—

(i) dat so 'n handeling, transaksie of gebeurtenis plaasgevind het nie; of

(ii) dat bedoelde funksionaris so 'n handeling verrig het of aan so 'n transaksie deelgeneem het nie,

en dat daar geen aantekening daarvan is nie,

by blote voorlegging daarvan by sulke verrigtinge *prima facie*-bewys dat die betrokke handeling, transaksie of gebeurtenis nie plaasgevind het nie of, na gelang van die geval, dat die betrokke funksionaris nie die betrokke handeling verrig het of nie aan die betrokke transaksie deelgeneem het nie.

(2) Wanneer die vraag in strafregtelike verrigtinge ontstaan of iemand met 'n bepaalde naam bepaalde inligting of 'n bepaalde dokument aan 'n bepaalde beampte in diens van die Staat of van 'n provinsiale administrasie verstrek het of nie verstrek het nie, is 'n dokument wat voorgee 'n beëdigde verklaring te wees deur iemand wat in daardie beëdigde verklaring beweer dat hy bedoelde beampte is en dat niemand met daardie naam sodanige inligting of dokument aan hom verstrek het nie, by blote voorlegging daarvan by bedoelde verrigtinge *prima facie*-bewys dat bedoelde persoon nie sodanige inligting of dokument aan bedoelde beampte verstrek het nie.

(3) Whenever in criminal proceedings the question arises whether any matter has been registered under any law or whether any fact or transaction has been recorded thereunder or whether anything connected therewith has been done thereunder, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges that he is the person upon whom the law in question confers the power or imposes the duty to register such matter or to record such fact or transaction or to do such thing connected therewith and that he has registered the matter in question or that he has recorded the fact or transaction in question or that he has done the thing connected therewith, shall, upon its mere production at such proceedings, be *prima facie* proof that such matter was registered or, as the case may be, that such fact or transaction was recorded or that the thing connected therewith was done.

(4) *(a)* Whenever any fact established by any examination or process requiring any skill in biology, chemistry, physics, astronomy, geography, anatomy, any branch of pathology or in toxicology or in the identification of finger-prints or palm-prints, is or may become relevant to the issue at criminal proceedings, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges that he is in the service of the State or of a provincial administration or is in the service of or is attached to the South African Institute for Medical Research or any university in the Republic or any other body designated by the State President for the purposes of this subsection by proclamation in the *Gazette*, and that he has established such fact by means of such an examination or process, shall, upon its mere production at such proceedings be *prima facie* proof of such fact: Provided that the person who may make such affidavit may, in any case in which skill is required in chemistry, anatomy or pathology, issue a certificate in lieu of such affidavit, in which event the provisions of this paragraph shall *mutatis mutandis* apply with reference to such certificate.

(b) Any person who issues a certificate under paragraph *(a)* and who in such certificate wilfully states anything which is false, shall be guilty of an offence and liable on conviction to the punishment prescribed for the offence of perjury.

(5) Whenever the mass or value of precious metal or any precious stone is or may become relevant to the issue in criminal proceedings, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges that he is an appraiser of precious metals or precious stones; that he is in the service of the State and that the mass or value of such precious metal or such precious stone is as specified in that affidavit, shall, upon its mere production at such proceedings, be *prima facie* proof that the mass or value of such precious metal or such precious stone is as so specified.

(6) In criminal proceedings in which the finding of or action taken in connection with any particular finger-print or palm-print is relevant to the issue, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges that he is in the service of the State and that he in the performance of his official duties—

(a) found such finger-print or palm-print at or in the place or on or in the article or in the position or circumstances stated in the affidavit; or

(b) dealt with such finger-print or palm-print in the manner stated in the affidavit,

shall, upon the mere production thereof at such proceedings, be *prima facie* proof that such finger-print or palm-print was so found or, as the case may be, was so dealt with.

(3) Wanneer die vraag in strafregtelike verrigtinge ontstaan of 'n aangeleentheid ingevolge 'n wet geregistreer is of dat 'n feit of transaksie daarkragtens aangeteken is of dat enigiets in verband daarmee daarkragtens gedoen is, is 'n dokument wat voorgee 'n beëdigde verklaring te wees deur 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer dat hy die persoon is aan wie die betrokke wet die bevoegdheid verleen of die plig opdra om bedoelde aangeleentheid te registreer of om bedoelde feit of transaksie aan te teken of om bedoelde ding in verband daarmee te doen en dat hy die betrokke aangeleentheid geregistreer het of dat hy die betrokke feit of transaksie aangeteken het of dat hy die ding in verband daarmee gedoen het, by blote voorlegging daarvan by sulke verrigtinge *prima facie*-bewys dat bedoelde aangeleentheid geregistreer is of, na gelang van die geval, dat bedoelde feit of transaksie aangeteken is of dat die ding in verband daarmee gedoen is.

(4) *(a)* Wanneer 'n feit wat bepaal is deur 'n ondersoek of proses wat bedrewenheid in biologie, skeikunde, natuurkunde, sterrekunde, aardrykskunde, anatomie, 'n vertakking van patologie of in toksikologie of in die identifisering van vinger- of palmafdrukke vereis, by strafregtelike verrigtinge by die geskilpunt relevant is of mag word, is 'n dokument wat voorgee 'n beëdigde verklaring te wees deur 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer dat hy in diens is van die Staat of van 'n provinsiale administrasie of in diens is van of verbonde is aan die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing of 'n universiteit in die Republiek of 'n ander liggaam wat vir die doeleindes van hierdie subartikel deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* aangewys is, en dat hy bedoelde feit deur middel van so 'n ondersoek of proses bepaal het, by blote voorlegging daarvan by sulke verrigtinge *prima facie*-bewys van daardie feit: Met dien verstande dat die persoon wat bedoelde beëdigde verklaring kan aflê, in 'n geval waarin bedrewenheid in skeikunde, anatomie of patologie vereis word, 'n sertifikaat in plaas van bedoelde beëdigde verklaring kan uitreik, in welke geval die bepalings van hierdie paragraaf *mutatis mutandis* met betrekking tot so 'n sertifikaat van toepassing is.

(b) Iemand wat 'n sertifikaat ingevolge paragraaf *(a)* uitreik en wat in daardie sertifikaat opsetlik iets verklaar wat vals is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die straf wat vir die misdryf van meineed voorgeskryf is.

(5) Wanneer die massa of waarde van edele metaal of 'n edelgesteente by strafregtelike verrigtinge by die geskilpunt relevant is of mag word, is 'n dokument wat voorgee 'n beëdigde verklaring te wees deur 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer dat hy 'n waardeerder van edele metaal of edelgesteentes is, dat hy in diens van die Staat is en dat die massa of waarde van bedoelde edele metaal of bedoelde edelgesteente is soos in die beëdigde verklaring aangegee, by blote voorlegging daarvan by sulke verrigtinge *prima facie*-bewys dat die massa of waarde van bedoelde edele metaal of bedoelde edelgesteente is soos aldus aangegee.

(6) In strafregtelike verrigtinge waarby die vind van of optrede in verband met 'n bepaalde vinger- of palmafdruk by die geskilpunt relevant is, is 'n dokument wat voorgee 'n beëdigde verklaring te wees deur 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer dat hy in diens van die Staat is en dat hy by die verrigting van sy ampspligte—

(a) bedoelde vinger- of palmafdruk gevind het by of in die plek of op of in die voorwerp of in die posisie of omstandighede in die beëdigde verklaring vermeld; of

(b) met bedoelde vinger- of palmafdruk op die in die beëdigde verklaring vermelde wyse gehandel het,

by blote voorlegging daarvan by sulke verrigtinge *prima facie*-bewys dat bedoelde vinger- of palmafdruk aldus gevind is of, na gelang van die geval, dat daar aldus daarmee gehandel is.

(7) In criminal proceedings in which the physical condition or the identity, in or at any hospital, nursing home, ambulance or mortuary, of any deceased person or of any dead body is relevant to the issue, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges—

(a) that he is employed at or in connection with the hospital, nursing home, ambulance or mortuary in question; and

(b) that he during the performance of his official duties observed the physical characteristics or condition of the deceased person or of the dead body in question; and

(c) that while the deceased person or the dead body in question was under his care, such deceased person or such dead body had or sustained the injuries or wounds described in the affidavit, or sustained no injuries or wounds; or

(d) that he pointed out or handed over the deceased person or the dead body in question to a specified person or that he left the deceased person or the dead body in question in the care of a specified person or that the deceased person or the dead body in question was pointed out or handed over to him or left in his care by a specified person,

shall, upon the mere production thereof at such proceedings, be *prima facie* proof of the matter so alleged.

(8) *(a)* In criminal proceedings in which the receipt, custody, packing, marking, delivery or despatch of any finger-print or palm-print, article of clothing, specimen, tissue (as defined in section 1 of the Anatomical Donations and Post-Mortem Examinations Act, 1970 (Act 24 of 1970)), or any object of whatever nature is relevant to the issue, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges—

(i) that he is in the service of the State or is in the service of or is attached to the South African Institute for Medical Research, any university in the Republic or any body designated by the State President under subsection (4);

(ii) that he in the performance of his official duties—

(aa) received from any person, institute, State department or body specified in the affidavit, a finger-print or palm-print, article of clothing, specimen, tissue or object described in the affidavit, which was packed or marked or, as the case may be, which he packed or marked in the manner described in the affidavit;

(bb) delivered or despatched to any person, institute, State department or body specified in the affidavit, a finger-print or palm-print, article of clothing, specimen, tissue or object described in the affidavit, which was packed or marked or, as the case may be, which he packed or marked in the manner described in the affidavit;

(cc) during a period specified in the affidavit, had a finger-print or palm-print, article of clothing, specimen, tissue or object described in the affidavit in his custody in the manner described in the affidavit, which was packed or marked in the manner described in the affidavit,

shall, upon the mere production thereof at such proceedings, be *prima facie* proof of the matter so alleged: Provided that the person who may make such affidavit in any case relating to any article of clothing, specimen or tissue, may issue a certificate in lieu of such affidavit, in

(7) In strafregtelike verrigtinge waarby die fisiese toestand of die identiteit, in of by 'n hospitaal, verpleeginrigting, ambulans of dodehuis, van 'n oorlede persoon of 'n lyk by die geskilpunt relevant is, is 'n dokument wat voorgee 'n beëdigde verklaring te wees deur 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer—

(a) dat hy by of in verband met die betrokke hospitaal, verpleeginrigting, ambulans of dodehuis werksaam is; en

(b) dat hy, tydens die verrigting van sy ampspligte, die fisiese eienskappe of toestand van die betrokke oorlede persoon of lyk waargeneem het; en

(c) dat terwyl die betrokke oorlede persoon of lyk onder sy sorg was, bedoelde oorlede persoon of bedoelde lyk die in die beëdigde verklaring beskrewe beserings of letsels gehad of opgedoen het, of geen beserings of letsels opgedoen het nie; of

(d) dat hy die betrokke oorlede persoon of lyk aan 'n bepaalde persoon uitgewys of oorhandig het of dat hy die betrokke oorlede persoon of lyk onder die sorg van 'n bepaalde persoon gelaat het of dat die betrokke oorlede persoon of lyk deur 'n bepaalde persoon aan hom uitgewys of oorhandig is of onder sy sorg gelaat is,

by blote voorlegging daarvan by sulke verrigtinge *prima facie*-bewys van die sake daarin beweer.

(8) *(a)* In strafregtelike verrigtinge waarby die ontvangs, bewaring, verpakking, merk, oorhandiging of versending van 'n vinger- of palmafdruk, kledingstuk, monster, weefsel (soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Anatomiese Skenkings en Nadoodse Ondersoeke, 1970 (Wet 24 van 1970)), of 'n voorwerp van watter aard ook al by die geskilpunt relevant is, is 'n dokument wat voorgee 'n beëdigde verklaring te wees deur 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer—

(i) dat hy in diens is van die Staat of in diens is van of verbonde is aan die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing, 'n universiteit in die Republiek of 'n liggaam deur die Staatspresident ingevolge subartikel (4) aangewys;

(ii) dat hy, tydens die verrigting van sy ampspligte—

(aa) van 'n in die beëdigde verklaring vermelde persoon, instituut, staatsdepartement of liggaam, 'n in die beëdigde verklaring beskrewe vinger- of palmafdruk, kledingstuk, monster, weefsel of voorwerp ontvang het, wat op die wyse wat in die beëdigde verklaring beskryf word, verpak of gemerk was of, na gelang van die geval, deur hom verpak of gemerk is;

(bb) aan 'n in die beëdigde verklaring vermelde persoon, instituut, staatsdepartement of liggaam, 'n in die beëdigde verklaring beskrewe vinger- of palmafdruk, kledingstuk, monster, weefsel of voorwerp oorhandig of versend het, wat op die wyse wat in die beëdigde verklaring beskryf word, verpak of gemerk was of, na gelang van die geval, deur hom verpak of gemerk is;

(cc) gedurende 'n in die beëdigde verklaring vermelde tydperk, 'n in die beëdigde verklaring beskrewe vinger- of palmafdruk, kledingstuk, monster, weefsel of voorwerp, wat op die wyse in die beëdigde verklaring beskryf, verpak of gemerk was, onder sy bewaring gehad het op die wyse wat in die beëdigde verklaring beskryf word,

by blote voorlegging daarvan by sulke verrigtinge *prima facie*-bewys van die sake aldus beweer: Met dien verstande dat die persoon wat bedoelde beëdigde verklaring kan aflê in 'n geval betreffende 'n kledingstuk, monster of weefsel, 'n sertifikaat in plaas van

which event the provisions of this paragraph shall *mutatis mutandis* apply with reference to such certificate.

(b) Any person who issues a certificate under paragraph *(a)* and who in such certificate wilfully states anything which is false, shall be guilty of an offence and liable on conviction to the punishment prescribed for the offence of perjury.

(9) In criminal proceedings in which it is relevant to prove—

(a) the details of any consignment of goods delivered to the Railways Administration for conveyance to a specified consignee, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges—

(i) that he consigned the goods set out in the affidavit to a consignee specified in the affidavit;

(ii) that, on a date specified in the affidavit, he delivered such goods or caused such goods to be delivered to the Railways Administration for conveyance to such consignee, and that the consignment note referred to in such affidavit relates to such goods,

shall, upon the mere production thereof at such proceedings, be *prima facie* proof of the matter so alleged; or

(b) that the goods referred to in paragraph *(a)* were received by the Railways Administration for conveyance to a specified consignee or that such goods were handled or transhipped en route by the Railways Administration, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges—

(i) that he at all relevant times was in the service of the Railways Administration in a stated capacity;

(ii) that he in the performance of his official duties received or, as the case may be, handled or transhipped the goods referred to in the consignment note referred to in paragraph *(a)*,

shall, upon the mere production thereof at such proceedings, be *prima facie* proof of the matter so alleged.

(10) *(a)* The Minister may in respect of any measuring instrument as defined in section 1 of the Trade Metrology Act, 1973 (Act 77 of 1973), by notice in the *Gazette* prescribe the conditions and requirements which shall be complied with before any reading by such measuring instrument may be accepted in criminal proceedings as proof of the fact which it purports to prove, and if the Minister has so prescribed such conditions and requirements and upon proof that such conditions and requirements have been complied with in respect of any particular measuring instrument, the measuring instrument in question shall, for the purposes of proving the fact which it purports to prove, be accepted at criminal proceedings as proving the fact recorded by it, unless the contrary is proved.

(b) An affidavit in which the deponent declares that the conditions and requirements referred to in paragraph *(a)* have been complied with in respect of the measuring instrument in question shall, upon the mere production thereof at the criminal proceedings in question, be *prima facie* proof that such conditions and requirements have been complied with.

(11) *(a)* The Minister may with reference to any syringe intended for the drawing of blood or any receptacle intended for the storing of blood, by notice in the *Gazette* prescribe the conditions and requirements relating to the cleanliness and sealing or manner of sealing thereof which shall be complied with before any such syringe or receptacle may be used in connection with the

bedoelde beëdigde verklaring kan uitreik, in welke geval die bepalings van hierdie paragraaf *mutatis mutandis* met betrekking tot so 'n sertifikaat van toepassing is.

(b) Iemand wat 'n sertifikaat ingevolge paragraaf *(a)* uitreik en wat in daardie sertifikaat opsetlik iets verklaar wat vals is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die straf wat vir die misdryf van meineed voorgeskryf is.

(9) In strafregtelike verrigtinge waarby bewys relevant is—

(a) van die besonderhede van 'n besending goedere wat aan die Spoorwegadministrasie gelewer is vir vervoer na 'n bepaalde geadresseerde, is 'n dokument wat voorgee 'n beëdigde verklaring te wees deur 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer—

(i) dat hy die goedere wat in die beëdigde verklaring uiteengesit is, aan 'n in die beëdigde verklaring vermelde geadresseerde versend het;

(ii) dat hy bedoelde goedere, op 'n in die beëdigde verklaring vermelde datum, aan die Spoorwegadministrasie vir vervoer na bedoelde geadresseerde gelewer het of laat lewer het, en dat die in die beëdigde verklaring bedoelde vragbrief op bedoelde goedere betrekking het,

by blote voorlegging daarvan by sulke verrigtinge *prima facie*-bewys van die sake aldus beweer; of

(b) dat die in paragraaf *(a)* bedoelde goedere deur die Spoorwegadministrasie vir vervoer na 'n bepaalde geadresseerde ontvang is of dat bedoelde goedere onderweg deur die Spoorwegadministrasie gehanteer of oorgelaai is, is 'n dokument wat voorgee 'n beëdigde verklaring te wees deur 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer—

(i) dat hy te alle desbetreffende tye in diens van die Spoorwegadministrasie in 'n gegewe hoedanigheid was;

(ii) dat hy tydens die verrigting van sy ampspligte die goedere waarna in die in paragraaf *(a)* bedoelde vragbrief verwys word, ontvang of, na gelang van die geval, gehanteer of oorgelaai het,

by blote voorlegging daarvan by sulke verrigtinge *prima facie*-bewys van die sake aldus beweer.

(10) *(a)* Die Minister kan ten opsigte van 'n meetinstrument soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet 77 van 1973), by kennisgewing in die *Staatskoerant* die voorwaardes en vereistes voorskryf waaraan voldoen moet word alvorens 'n lesing deur so 'n meetinstrument in strafregtelike verrigtinge aanvaar kan word as bewys van die feit wat dit voorgee te bewys, en as die Minister bedoelde voorwaardes en vereistes aldus voorgeskryf het en by bewys dat aan bedoelde voorwaardes en vereistes met betrekking tot 'n bepaalde meetinstrument voldoen is, word dit vir die doeleindes van bewys van die feit wat dit voorgee te bewys, by strafregtelike verrigtinge aanvaar dat die betrokke meetinstrument die feit bewys wat daardeur aangeteken is, tensy die teendeel bewys word.

(b) 'n Beëdigde verklaring waarin die deponent verklaar dat aan die in paragraaf *(a)* bedoelde voorwaardes en vereistes met betrekking tot die betrokke meetinstrument voldoen is, is by die blote voorlegging daarvan by die betrokke strafregtelike verrigtinge, *prima facie*-bewys dat aan bedoelde voorwaardes en vereistes voldoen is.

(11) *(a)* Die Minister kan met betrekking tot 'n spuit wat bedoel is vir die trek van bloed of 'n houer wat bedoel is vir die bewaring van bloed, by kennisgewing in die *Staatskoerant* die voorwaardes en vereistes voorskryf betreffende die sindelikheid en verseëling of wyse van verseëling daarvan waaraan voldoen moet word alvorens so 'n spuit of houer gebruik kan word in verband met die

analysing of the blood of any person for the purposes of criminal proceedings, and if—

(i) any such syringe or receptacle is immediately before being used for the said purpose, in a sealed condition, or contained in a holder which is sealed with a seal or in a manner prescribed by the Minister; and

(ii) any such syringe, receptacle or holder bears an endorsement that the conditions and requirements prescribed by the Minister have been complied with in respect of such syringe or receptacle,

proof at criminal proceedings that the seal, as thus prescribed, of such syringe or receptacle was immediately before the use of such syringe or receptacle for the said purpose intact, shall be deemed to constitute *prima facie* proof that the syringe or the receptacle in question was then free from any substance or contamination which could materially affect the result of the analysis in question.

(b) An affidavit in which the deponent declares that he had satisfied himself before using the syringe or receptacle in question—

(i) that the syringe or receptacle was sealed as provided in paragraph *(a)* (i) and that the seal was intact immediately before the syringe or receptacle was used for the said purpose; and

(ii) that the syringe, receptacle or, as the case may be, the holder contained the endorsement referred to in paragraph *(a)* (ii),

shall, upon the mere production thereof at the proceedings in question, be *prima facie* proof that the syringe or receptacle was so sealed, that the seal was so intact and that the syringe, receptacle or holder, as the case may be, was so endorsed.

(c) Any person who for the purposes of this subsection makes or causes to be made a false endorsement on any syringe, receptacle or holder, knowing it to be false, shall be guilty of an offence and liable on conviction to the punishment prescribed for the offence of perjury.

(12) The court before which an affidavit or certificate is under any of the preceding provisions of this section produced as *prima facie* proof of the relevant contents thereof, may in its discretion cause the person who made the affidavit or issued the certificate to be subpoenaed to give oral evidence in the proceedings in question, or may cause written interrogatories to be submitted to such person for reply, and such interrogatories and any reply thereto purporting to be a reply from such person, shall likewise be admissible in evidence at such proceedings.

(13) No provision of this section shall affect any other law under which any certificate or other document is admissible in evidence, and the provisions of this section shall be deemed to be additional to and not in substitution of any such law.

Proof of written statement by consent.

213. (1) In criminal proceedings a written statement by any person, other than an accused at such proceedings, shall, subject to the provisions of subsection (2), be admissible as evidence to the same extent as oral evidence to the same effect by such person.

(2) *(a)* The statement shall purport to be signed by the person who made it, and shall contain a declaration by such person to the effect that it is true to the best of his knowledge and belief and that he made the statement knowing that, if it were tendered in evidence, he would be liable to prosecution if he wilfully stated in it anything which he knew to be false or which he did not believe to be true.

(b) If the person who makes the statement cannot read it, it shall be read to him before he signs it, and an endorsement shall be made thereon by the person who so read the statement to the effect that it was so read.

ontleding van die bloed van 'n persoon vir die doeleindes van strafregtelike verrigtinge, en indien—

(i) so 'n spuit of houer onmiddellik voor die gebruik daarvan vir genoemde doel, in 'n verseëlde toestand is, of in 'n bevatter vervat is wat verseël is met 'n seël of op 'n wyse deur die Minister voorgeskryf; en

(ii) 'n endossement op so 'n spuit, houer of bevatter aangebring is dat aan die deur die Minister voorgeskrewe voorwaardes en vereistes ten opsigte van daardie spuit of houer voldoen is,

word bewys by strafregtelike verrigtinge dat die seël, soos aldus voorgeskryf, van bedoelde spuit of houer onmiddellik voor die gebruik van daardie spuit of houer vir genoemde doel, ongeskonde was, geag *prima facie*-bewys uit te maak dat die betrokke spuit of houer toe vry van enige stof of besoedeling was wat die uitslag van die betrokke ontleding wesenlik kon raak.

(b) 'n Beëdigde verklaring waarin die deponent verklaar dat hy hom, voor hy die betrokke spuit of houer gebruik het, vergewis het—

(i) dat die spuit of houer verseël was soos in paragraaf *(a)* (i) bepaal en dat die seël onmiddellik voordat die spuit of houer vir genoemde doel gebruik is, ongeskonde was; en

(ii) dat die spuit, houer of, na gelang van die geval, die bevatter die in paragraaf *(a)* (ii) bedoelde endossement bevat het,

is, by die blote voorlegging daarvan by die betrokke verrigtinge, *prima facie*-bewys dat die spuit of houer aldus verseël was, dat die seël aldus ongeskonde was en dat die spuit, houer of bevatter, na gelang van die geval, aldus geëndosseer was.

(c) Iemand wat vir die doeleindes van hierdie subartikel 'n vals endossement op 'n spuit, houer of bevatter aanbring of laat aanbring terwyl hy weet dat dit vals is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die straf wat vir die misdryf van meineed voorgeskryf is.

(12) Die hof voor wie 'n beëdigde verklaring of sertifikaat ingevolge 'n voorafgaande bepaling van hierdie artikel as *prima facie*-bewys van die betrokke inhoud daarvan voorgelê word, kan na goeddunke die persoon wat die beëdigde verklaring afgelê of die sertifikaat uitgereik het, laat dagvaar om mondelinge getuienis by die betrokke verrigtinge af te lê, of kan skriftelike vraagpunte vir beantwoording aan bedoelde persoon laat voorlê, en sulke vraagpunte en 'n antwoord daarop wat voorgee 'n antwoord deur bedoelde persoon te wees, is insgelyks as getuienis by sulke verrigtinge toelaatbaar.

(13) Geen bepaling van hierdie artikel maak inbreuk op 'n ander wet ingevolge waarvan 'n sertifikaat of ander dokument as getuienis toelaatbaar is nie, en die bepalings van hierdie artikel word geag so 'n wet aan te vul en nie te vervang nie.

Bewys van skriftelike verklaring met instemming.

213. (1) 'n Skriftelike verklaring deur 'n persoon, behalwe 'n beskuldigde by die betrokke verrigtinge, is, behoudens die bepalings van subartikel (2), by strafregtelike verrigtinge as getuienis toelaatbaar in dieselfde mate as mondelinge getuienis met dieselfde strekking deur bedoelde persoon.

(2) *(a)* Die verklaring moet voorgee onderteken te wees deur die persoon wat dit gedoen het, en moet 'n deklarasie deur so 'n persoon bevat waarvan die strekking is dat dit na sy beste wete en oortuiging waar is en dat hy die verklaring gedoen het met die wete dat, as dit as getuienis voorgelê word, hy vervolg sal kan word indien hy daarin opsetlik iets verklaar wat hy weet vals is of wat hy nie glo waar is nie.

(b) Indien die persoon wat die verklaring doen, dit nie kan lees nie, moet dit aan hom gelees word voordat hy dit onderteken, en die persoon wat die verklaring aldus gelees het, moet 'n endossement daarop aanbring met die strekking dat dit aldus gelees is.

(c) A copy of the statement, together with a copy of any document referred to in the statement as an exhibit, or with such information as may be necessary in order to enable the party on whom it is served to inspect such document or a copy thereof, shall, before the date on which the document is to be tendered in evidence, be served on each of the other parties to the proceedings, and any such party may, at least two days before the commencement of the proceedings, object to the statement being tendered in evidence under this section.

(d) If a party objects under paragraph *(c)* that the statement in question be tendered in evidence, the statement shall not, but subject to the provisions of paragraph *(e)*, be admissible as evidence under this section.

(e) If a party does not object under paragraph *(c)* or if the parties agree before or during the proceedings in question that the statement may be so tendered, the statement may, upon the mere production thereof at such proceedings, be admitted as evidence in the proceedings.

(f) When the documents referred to in paragraph *(c)* are served on an accused, the documents shall be accompanied by a written notification in which the accused is informed that the statement in question will be tendered in evidence at his trial in lieu of the State calling as a witness the person who made the statement but that such statement shall not without the consent of the accused be so tendered in evidence if he notifies the prosecutor concerned, at least two days before the commencement of the proceedings, that he objects to the statement so being tendered in evidence.

(3) The parties to criminal proceedings may, before or during such proceedings, agree that any written statement referred to in subsections (2) *(a)* and *(b)* which has not been served in terms of subsection (2) *(c)* be tendered in evidence at such proceedings, whereupon such statement may, upon the mere production thereof at such proceedings, be admitted as evidence in the proceedings.

(4) Notwithstanding that a written statement made by any person may be admissible as evidence under this section—

(a) a party by whom or on whose behalf a copy of the statement was served, may call such person to give oral evidence;

(b) the court may, of its own motion, and shall, upon the application of any party to the proceedings in question, cause such person to be subpoenaed to give oral evidence before the court or the court may, where the person concerned is resident outside the Republic, issue a commission in respect of such person in terms of section 171.

(5) Any document or object referred to as an exhibit and identified in a written statement tendered in evidence under this section, shall be treated as if it had been produced as an exhibit and identified in court by the person who made the statement.

(6) Any person who makes a statement which is admitted as evidence under this section and who in such statement wilfully and falsely states anything which, if sworn, would have amounted to the offence of perjury, shall be deemed to have committed the offence of perjury and shall, upon conviction, be liable to the punishment prescribed for the offence of perjury.

Evidence recorded at preparatory examination admissible at

214. The evidence of any witness recorded at a preparatory examination—

(a) shall be admissible in evidence on the trial of the accused following upon such preparatory examination, if it is proved to the satisfaction of the court—

(c) 'n Afskrif van die verklaring, tesame met 'n afskrif van elke dokument waarna in die verklaring as 'n bewysstuk verwys word, of met sodanige inligting as wat nodig is om die party aan wie dit beteken word in staat te stel om bedoelde dokument of 'n afskrif daarvan in te sien, moet, voor die datum waarop dié dokument as getuienis voorgelê staan te word, aan elk van die ander partye by die verrigtinge beteken word, en so 'n party kan, minstens twee dae voor die aanvang van die verrigtinge, beswaar maak dat die verklaring ingevolge hierdie artikel as getuienis voorgelê word.

(d) Indien 'n party ingevolge paragraaf *(c)* beswaar maak dat die betrokke verklaring as getuienis voorgelê word, is die verklaring, behoudens die bepalings van paragraaf *(e)*, nie ingevolge hierdie artikel as getuienis toelaatbaar nie.

(e) Indien 'n party nie ingevolge paragraaf *(c)* beswaar maak nie of indien die partye voor of gedurende die betrokke verrigtinge ooreenkom dat die verklaring aldus voorgelê kan word, kan die verklaring, by blote voorlegging daarvan by sulke verrigtinge, as getuienis by die verrigtinge toegelaat word.

(f) Wanneer die dokumente in paragraaf *(c)* bedoel aan 'n beskuldigde beteken word, gaan die dokumente vergesel van 'n skriftelike mededeling waarin die beskuldigde in kennis gestel word dat die betrokke verklaring by sy verhoor as getuienis voorgelê sal word in plaas daarvan dat die Staat die persoon wat die verklaring afgelê het as 'n getuie oproep maar dat sodanige verklaring nie sonder die toestemming van die beskuldigde aldus as getuienis voorgelê sal word nie indien hy die betrokke aanklaer, minstens twee dae voor die aanvang van die verrigtinge, in kennis stel dat hy beswaar maak dat die verklaring aldus as getuienis voorgelê word.

(3) Die partye by strafregtelike verrigtinge kan, voor of gedurende daardie verrigtinge, ooreenkom dat 'n in subartikels (2) *(a)* en *(b)* bedoelde skriftelike verklaring wat nie ingevolge subartikel (2) *(c)* beteken is nie, as getuienis by daardie verrigtinge voorgelê word, waarop bedoelde verklaring, by blote voorlegging daarvan by sulke verrigtinge, as getuienis by die verrigtinge toegelaat kan word.

(4) Nieteenstaande dat 'n skriftelike verklaring deur 'n persoon gedoen, as getuienis ingevolge hierdie artikel toegelaat kan word—

(a) kan 'n party deur wie of ten behoewe van wie 'n afskrif van die verklaring beteken is, bedoelde persoon oproep om mondelinge getuienis af te lê;

(b) kan die hof, uit eie beweging, en moet die hof, op aansoek van 'n party by die betrokke verrigtinge, bedoelde persoon laat dagvaar om mondelinge getuienis voor die hof af te lê, of kan die hof, waar die betrokke persoon buite die Republiek woonagtig is, ingevolge artikel 171 'n kommissie ten opsigte van daardie persoon opdra.

(5) Met 'n dokument of voorwerp waarna daar in 'n skriftelike verklaring wat ingevolge hierdie artikel as getuienis voorgelê word, as 'n bewysstuk verwys word en wat daarin geïdentifiseer word, word gehandel asof dit in die hof deur die persoon wat die verklaring gedoen het, as 'n bewysstuk ingehandig en geïdentifiseer is.

(6) Iemand wat 'n verklaring doen wat ingevolge hierdie artikel as getuienis toegelaat word en wat in daardie verklaring opsetlik en valslik iets sê wat, indien dit beëdig was, die misdryf van meineed sou uitgemaak het, word geag die misdryf van meineed te gepleeg het en is, by skuldigbevinding, strafbaar met die straf wat vir die misdryf van meineed voorgeskryf word.

Getuienis by voorlopige ondersoek genotuleer, is in bepaalde omstandighede

214. Die getuienis van 'n getuie wat by 'n voorlopige ondersoek genotuleer is—

(a) is by die verhoor van die beskuldigde wat op so 'n voorlopige ondersoek volg, as getuienis toelaatbaar, indien dit tot oortuiging van die hof bewys word—

trial in certain circumstances.

(i) that the witness is dead;
(ii) that the witness is incapable of giving evidence;
(iii) that the witness is too ill to attend the trial; or
(iv) that the witness is being kept away from the trial by the means and contrivance of the accused; and
(v) that the evidence tendered is the evidence recorded before the magistrate or, as the case may be, the regional magistrate,

and if it appears from the preparatory examination record or it is proved to the satisfaction of the court that the accused or, as the case may be, the State had a full opportunity of cross-examining such witness;

(b) may, if such witness cannot, after a diligent search, be found for purposes of the trial of the accused following upon such preparatory examination, or cannot be compelled to attend such trial, in the discretion of the court, but subject to the provisions of subparagraph (v) of paragraph *(a)*, be read as evidence at such trial, if it appears from the preparatory examination record or it is proved to the satisfaction of the court that the accused or, as the case may be, the State had a full opportunity of cross-examining such witness.

Evidence recorded at former trial admissible at later trial in certain circumstances.

215. The evidence of a witness given at a former trial may, in the circumstances referred to in section 214, *mutatis mutandis* be admitted in evidence at any later trial of the same person upon the same charge.

Hearsay evidence.

216. Except where this Act provides otherwise, no evidence which is of the nature of hearsay evidence shall be admissible if such evidence would have been inadmissible on the thirtieth day of May, 1961.

Admissibility of confession by accused.

217. (1) Evidence of any confession made by any person in relation to the commission of any offence shall, if such confession is proved to have been freely and voluntarily made by such person in his sound and sober senses and without having been unduly influenced thereto, be admissible in evidence against such person at criminal proceedings relating to such offence: Provided—

(a) that a confession made to a peace officer, other than a magistrate or justice, or, in the case of a peace officer referred to in section 334, a confession made to such peace officer which relates to an offence with reference to which such peace officer is authorized to exercise any power conferred upon him under that section, shall not be admissible in evidence unless confirmed and reduced to writing in the presence of a magistrate or justice; and

(b) that where the confession is made to a magistrate and reduced to writing by him, or is confirmed and reduced to writing in the presence of a magistrate, the confession shall, upon the mere production thereof at the proceedings in question—

(i) be admissible in evidence against such person if it appears from the document in which the confession is contained that the confession was made by a person whose name corresponds to that of such person; and
(ii) be presumed, unless the contrary is proved, to have been freely and voluntarily made by such person in his sound and sober senses and without having been unduly influenced thereto, if it appears from the document in which the confession is contained that the confession was made freely and voluntarily by such person in his sound and sober senses and without having been unduly influenced thereto.

by verhoor toelaatbaar.

(i) dat die getuie oorlede is;
(ii) dat die getuie onbekwaam is om getuienis af te lê;
(iii) dat die getuie te siek is om die verhoor by te woon; of
(iv) dat die getuie van die verhoor weggehou word deur die middels en toedoen van die beskuldigde; en
(v) dat die aangebode getuienis die getuienis is wat voor die landdros of, na gelang van die geval, die streeklanddros genotuleer is,

en indien dit uit die oorkonde van die voorlopige ondersoek blyk, of dit tot oortuiging van die hof bewys word, dat die beskuldigde of, na gelang van die geval, die Staat ten volle geleentheid gehad het om bedoelde getuie te kruisvra;

(b) kan, indien so 'n getuie na 'n deeglike ondersoek nie vir die doeleindes van die verhoor van die beskuldigde wat op so 'n voorlopige ondersoek volg, gevind kan word nie, of nie verplig kan word om bedoelde verhoor by te woon nie, na goeddunke van die hof, maar behoudens die bepalings van subparagraaf (v) van paragraaf *(a)*, as getuienis by bedoelde verhoor uitgelees word, indien dit uit die oorkonde van die voorlopige ondersoek blyk of dit tot oortuiging van die hof bewys word dat die beskuldigde of, na gelang van die geval, die Staat ten volle geleentheid gehad het om bedoelde getuie te kruisvra.

Getuienis by vorige verhoor genotuleer, is in bepaalde omstandighede by latere verhoor toelaatbaar.

215. Die getuienis van 'n getuie by 'n vorige verhoor afgelê, kan in die in artikel 214 bedoelde omstandighede *mutatis mutandis* as getuienis by 'n latere verhoor van dieselfde persoon op dieselfde aanklag toegelaat word.

Hoorsê-getuienis.

216. Behalwe waar hierdie Wet anders bepaal, is geen getuienis wat in sy aard hoorsê-getuienis is, toelaatbaar indien sodanige getuienis op die dertigste dag van Mei 1961 ontoelaatbaar sou gewees het nie.

Toelaatbaarheid van bekentenis deur beskuldigde.

217. (1) Getuienis van 'n bekentenis gedoen deur 'n persoon met betrekking tot die pleging van 'n misdryf is, indien so 'n bekentenis bewys word vrywillig en ongedwonge deur so 'n persoon by sy volle positiewe gedoen te gewees het sonder dat hy onbehoorlik daartoe beïnvloed is, by strafregtelike verrigtinge betreffende so 'n misdryf teen so 'n persoon as getuienis toelaatbaar: Met dien verstande—

(a) dat 'n bekentenis gedoen aan 'n vredesbeampte, behalwe 'n landdros of vrederegter, of, in die geval van 'n in artikel 334 bedoelde vredesbeampte, 'n bekentenis aan so 'n vredesbeampte gedoen wat betrekking het op 'n misdryf met betrekking waartoe so 'n vredesbeampte gemagtig is om 'n bevoegdheid uit te oefen wat kragtens daardie artikel aan hom verleen is, nie as getuienis toelaatbaar is nie tensy dit in die aanwesigheid van 'n landdros of vrederegter bevestig en op skrif gestel is; en

(b) dat waar die bekentenis aan 'n landdros gedoen en deur hom op skrif gestel word, of in die aanwesigheid van 'n landdros bevestig en op skrif gestel word, die bekentenis, by blote voorlegging daarvan by die betrokke verrigtinge—

(i) as getuienis teen so 'n persoon toelaatbaar is indien dit uit die dokument waarin die bekentenis vervat is, blyk dat die bekentenis gedoen is deur iemand wie se naam met dié van so 'n persoon ooreenstem; en
(ii) geag word, tensy die teendeel bewys word, vrywillig en ongedwonge deur so 'n persoon by sy volle positiewe gemaak te gewees het sonder dat hy onbehoorlik daartoe beïnvloed is, indien dit uit die dokument waarin die bekentenis vervat is, blyk dat die bekentenis vrywillig en ongedwonge deur so 'n persoon by sy volle positiewe gemaak is, sonder dat hy onbehoorlik daartoe beïnvloed is.

(2) The prosecution may lead evidence in rebuttal of evidence adduced by an accused in rebuttal of the presumption under proviso *(b)* to subsection (1).

(3) Any confession which is under subsection (1) inadmissible in evidence against the person who made it, shall become admissible against him—

(a) if he adduces in the relevant proceedings any evidence, either directly or in cross-examining any witness, of any oral or written statement made by him either as part of or in connection with such confession; and

(b) if such evidence is, in the opinion of the judge or the judicial officer presiding at such proceedings, favourable to such person.

Admissibility of facts discovered by means of inadmissible confession.

218. (1) Evidence may be admitted at criminal proceedings of any fact otherwise admissible in evidence, notwithstanding that the witness who gives evidence of such fact, discovered such fact or obtained knowledge of such fact only in consequence of information given by an accused appearing at such proceedings in any confession or statement which by law is not admissible in evidence against such accused at such proceedings, and notwithstanding that the fact was discovered or came to the knowledge of such witness against the wish or will of such accused.

(2) Evidence may be admitted at criminal proceedings that anything was pointed out by an accused appearing at such proceedings or that any fact or thing was discovered in consequence of information given by such accused, notwithstanding that such pointing out or information forms part of a confession or statement which by law is not admissible in evidence against such accused at such proceedings.

Confession not admissible against another.

219. No confession made by any person shall be admissible as evidence against another person.

Admissions.

220. An accused or his legal adviser may in criminal proceedings admit any fact placed in issue at such proceedings and any such admission shall be sufficient proof of such fact.

Admissibility of certain trade or business records.

221. (1) In criminal proceedings in which direct oral evidence of a fact would be admissible, any statement contained in a document and tending to establish that fact shall, upon production of the document, be admissible as evidence of that fact if—

(a) the document is or forms part of a record relating to any trade or business and has been compiled in the course of that trade or business, from information supplied, directly or indirectly, by persons who have or may reasonably be supposed to have personal knowledge of the matters dealt with in the information they supply; and

(b) the person who supplied the information recorded in the statement in question is dead or is outside the Republic or is unfit by reason of his physical or mental condition to attend as a witness or cannot with reasonable diligence be identified or found or cannot reasonably be expected, having regard to the time which has elapsed since he supplied the information as well as all the circumstances, to have any recollection of the matters dealt with in the information he supplied

(2) For the purpose of deciding whether or not a statement is admissible as evidence under this section, the court may draw any reasonable inference from the form or content of the document in which the statement is contained, and may, in deciding whether or not a person is fit to attend as a witness, act on a certificate purporting to be a certificate of a registered medical practitioner.

(3) In estimating the weight to be attached to a statement admissible as evidence under this section, regard shall be had to all the circumstances from which any inference may reasonably be

(2) Die vervolging kan getuienis voorlê ter weerlegging van getuienis wat 'n beskuldigde ter weerlegging van die vermoede in voorbehoudsbepaling *(b)* by subartikel (1) aanvoer.

(3) 'n Bekentenis wat ingevolge subartikel (1) as getuienis ontoelaatbaar is teen die persoon wat dit gedoen het, word teen hom toelaatbaar—

(a) indien hy in die betrokke verrigtinge getuienis, hetsy regstreeks of tydens kruisondervraging van 'n getuie, voorlê van 'n mondelinge of skriftelike verklaring deur hom gedoen as deel van of in verband met so 'n bekentenis; en

(b) indien bedoelde getuienis, na die oordeel van die regter of regterlike amptenaar wat by bedoelde verrigtinge voorsit, vir daardie persoon gunstig is.

Toelaatbaarheid van feite deur middel van ontoelaatbare bekentenis vasgestel.

218. (1) Getuienis kan by strafregtelike verrigtinge toegelaat word van 'n feit wat andersins as getuienis toelaatbaar is, nieteenstaande dat die getuie wat oor so 'n feit getuienis aflê, daardie feit vasgestel het of kennis van daardie feit opgedoen het slegs ten gevolge van inligting verstrek deur 'n beskuldigde wat by daardie verrigtinge verskyn, in 'n bekentenis of verklaring wat regtens nie as getuienis teen daardie beskuldigde by daardie verrigtinge toelaatbaar is nie, en nieteenstaande dat die feit teen die wens of wil van daardie beskuldigde vasgestel is of tot die kennis van bedoelde getuie gekom het.

(2) Getuienis kan by strafregtelike verrigtinge toegelaat word dat iets aangewys is deur 'n beskuldigde wat by daardie verrigtinge verskyn of dat 'n feit of ding ontdek is ten gevolge van inligting verstrek deur daardie beskuldigde, nieteenstaande dat bedoelde aanwysing of inligting deel uitmaak van 'n bekentenis of verklaring wat regtens nie as getuienis teen daardie beskuldigde by daardie verrigtinge toelaatbaar is nie.

Bekentenis nie teen 'n ander toelaatbaar nie.

219. Geen bekentenis deur iemand gemaak, is as getuienis teen 'n ander persoon toelaatbaar nie.

Erkennings.

220. 'n Beskuldigde of sy regsadviseur kan in strafregtelike verrigtinge 'n feit erken wat by daardie verrigtinge in geskil geplaas is en so 'n erkenning is voldoende bewys van so 'n feit.

Toelaatbaarheid van sekere handels- of besigheidstate.

221. (1) In strafregtelike verrigtinge waarby regstreekse mondelinge getuienis van 'n feit toelaatbaar sou wees, is 'n verklaring wat in 'n dokument vervat is en wat tot vasstelling van daardie feit dien, by voorlegging van die dokument as bewys van daardie feit toelaatbaar indien—

(a) die dokument 'n staat of deel van 'n staat is wat betrekking het op 'n bedryf of besigheid en in die loop van daardie bedryf of besigheid saamgestel is uit inligting wat regstreeks of onregstreeks verstrek is deur persone wat persoonlik kennis dra of rederlikerwys veronderstel kan word om persoonlik kennis te dra van die aangeleenthede waarmee gehandel word in die inligting wat hulle verstrek; en

(b) die persoon wat die inligting verstrek het wat in die betrokke verklaring aangeteken is, oorlede is of buite die Republiek is of vanweë sy liggaamlike of geestestoestand onbekwaam is om as 'n getuie te verskyn of nie met redelike deeglikheid geïdentifiseer of gevind kan word nie of, met inagneming van die tyd wat verstryk het sedert hy die inligting verstrek het, asook al die omstandighede, nie redelikerwys verwag kan word om 'n herinnering te hê van die aangeleenthede waarmee gehandel word in die inligting wat hy verstrek het nie.

(2) Ten einde te beslis of 'n verklaring ingevolge hierdie artikel as bewys toelaatbaar is al dan nie, kan die hof enige redelike afleiding maak van die vorm of inhoud van die dokument waarin die verklaring vervat is, en kan, by 'n beslissing of iemand bekwaam is om as 'n getuie te verskyn al dan nie, op grond van 'n sertifikaat handel wat voorgee 'n sertifikaat te wees van 'n geregistreerde geneesheer.

(3) By bepaling van die bewyskrag wat toegewys moet word aan 'n verklaring wat ingevolge hierdie artikel as bewys toelaatbaar is, moet rekening gehou word met al die omstandig-

drawn as to the accuracy or otherwise of the statement, and, in particular, to the question whether or not the person who supplied the information recorded in the statement, did so contemporaneously with the occurrence or existence of the facts stated, and to the question whether or not that person or any person concerned with making or keeping the record containing the statement, had any incentive to conceal or misrepresent the facts.

(4) No provision of this section shall prejudice the admissibility of any evidence which would be admissible apart from the provisions of this section.

(5) In this section—

"business" includes any public transport, public utility or similar undertaking carried on by a local authority, and the activities of the Post Office and the Railways Administration;

"document" includes any device by means of which information is recorded or stored; and

"statement" includes any representation of fact, whether made in words or otherwise.

Application to criminal proceedings of certain provisions of Civil Proceedings Evidence Act, 1965, relating to documentary evidence.

222. The provisions of sections 33 to 38 inclusive, of the Civil Proceedings Evidence Act, 1965 (Act 25 of 1965), shall *mutatis mutandis* apply with reference to criminal proceedings.

Admissibility of dying declaration.

223. The declaration made by any deceased person upon the apprehension of impending death shall be admissible or inadmissible in evidence if such a declaration would have been admissible or inadmissible as evidence on the thirtieth day of May, 1961.

Judicial notice of laws and other published matter.

224. Judicial notice shall in criminal proceedings be taken of—

(a) any law or any matter published in a publication which purports to be the *Gazette* or the *Official Gazette* of any province or the territory;

(b) any law which purports to be published under the superintendence or authority of the Government Printer.

Evidence of prints or bodily appearance of accused.

225. (1) Whenever it is relevant at criminal proceedings to ascertain whether any finger-print, palm-print or foot-print of an accused at such proceedings corresponds to any other finger-print, palm-print or foot-print, or whether the body of such an accused has or had any mark, characteristic or distinguishing feature or shows or showed any condition or appearance, evidence of the finger-prints, palm-prints or foot-prints of the accused or that the body of the accused has or had any mark, characteristic or distinguishing feature or shows or showed any condition or appearance, including evidence of the result of any blood test of the accused, shall be admissible at such proceedings.

(2) Such evidence shall not be inadmissible by reason only thereof that the finger-print, palm-print or foot-print in question was not taken or that the mark, characteristic, feature, condition or appearance in question was not ascertained in accordance with the provisions of section 37, or that it was taken or ascertained against the wish or the will of the accused concerned.

Evidence of no sexual intercourse between spouses admissible.

226. For the purposes of rebutting the presumption that a child to whom a married woman has given birth is the offspring of her husband, such woman or her husband or both of them may in criminal proceedings give evidence that they had no sexual intercourse with one another during the period when the child was conceived.

Evidence of character.

227. Evidence as to the character of an accused or as to the character of any woman upon or with regard to whom any offence of an indecent nature has been committed, shall be admissible or inadmissible if such evidence would have been admissible or inadmissible on the thirtieth day of May, 1961.

hede waarvan 'n afleiding redelikerwys gemaak kan word betreffende die juistheid of andersins van die verklaring, en, meer bepaald, met die vraag of die persoon wat die in die verklaring aangetekende inligting verstrek het, dit ten tyde van die gebeurtenis of bestaan van die aangegewe feite gedoen het, en met die vraag of daardie persoon of 'n persoon betrokke by die samestelling of hou van die staat wat die verklaring bevat, 'n dryfveer gehad het om die feite te verberg of verkeerd voor te stel al dan nie.

(4) Geen bepaling van hierdie artikel maak inbreuk op die toelaatbaarheid van getuienis wat, afgesien van die bepalings van hierdie artikel, toelaatbaar is nie.

(5) In hierdie artikel beteken—

„besigheid" ook enige openbare vervoer, openbare utiliteits- of soortgelyke onderneming wat deur 'n plaaslike bestuur voortgesit word, en die bedrywighede van die Poskantoor en die Spoorwegadministrasie;

„dokument" ook 'n toestel deur middel waarvan inligting aangeteken of bewaar word; en

„verklaring" ook 'n feitevoorstelling, hetsy in woorde of andersins gedoen.

Toepassing op strafregtelike verrigtinge van sekere bepalings van Wet op Bewysleer in Siviele Sake, 1965, betreffende dokumentêre bewys.

222. Die bepalings van artikels 33 tot en met 38 van die Wet op Bewysleer in Siviele Sake, 1965 (Wet 25 van 1965), is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot strafregtelike verrigtinge.

Toelaatbaarheid van sterwensverklaring.

223. Die verklaring van 'n oorlede persoon wat by besef van die naderende dood gedoen word, is as getuienis toelaatbaar of ontoelaatbaar indien so 'n verklaring op die dertigste dag van Mei 1961 as getuienis toelaatbaar of ontoelaatbaar sou gewees het.

Geregtelike kennisname van wette en ander gepubliseerde aangeleenthede.

224. Geregtelike kennis word in strafregtelike verrigtinge geneem van—

(a) 'n wet of 'n aangeleentheid in 'n publikasie gepubliseer wat voorgee die *Staatskoerant* of die *Offisiële Koerant* van 'n provinsie of die gebied te wees;

(b) 'n wet wat voorgee onder toesig of op las van die Staatsdrukker gepubliseer te wees.

Getuienis van afdrukke of liggaamlike voorkoms van beskuldigde.

225. (1) Wanneer dit by strafregtelike verrigtinge relevant is om te bepaal of 'n vinger-, palm- of voetafdruk van 'n beskuldigde by daardie verrigtinge ooreenstem met 'n ander vinger-, palm- of voetafdruk, en of die liggaam van so 'n beskuldigde 'n merk, eienskap of onderskeidende kenmerk het of gehad het of 'n toestand of verskynsel toon of getoon het, is getuienis van die vinger-, palm- of voetafdrukke van die beskuldigde of dat die liggaam van die beskuldigde 'n merk, eienskap of onderskeidende kenmerk het of gehad het of 'n toestand of verskynsel toon of getoon het, met inbegrip van getuienis oor die uitslag van 'n bloedtoets van die beskuldigde, by bedoelde verrigtinge toelaatbaar.

(2) Bedoelde getuienis is nie ontoelaatbaar slegs uit hoofde daarvan dat die betrokke vinger-, palm- of voetafdruk nie geneem is of dat die betrokke merk, eienskap, kenmerk, toestand of verskynsel nie bepaal is ooreenkomstig die bepalings van artikel 37 nie, of dat dit geneem of bepaal is teen die sin of die wil van die betrokke beskuldigde nie.

Getuienis van geen geslagsverkeer tussen huweliksgenote toelaatbaar.

226. Vir die doeleindes van die weerlegging van die vermoede dat 'n kind wat uit 'n getroude vrou gebore is, die kind van haar eggenoot is, kan so 'n vrou of haar eggenoot of albei by strafregtelike verrigtinge getuienis aflê dat hulle nie met mekaar geslagsgemeenskap gehad het gedurende die tydperk toe die kind verwek is nie.

Getuienis van karakter.

227. Getuienis betreffende die karakter van 'n beskuldigde of betreffende die karakter van 'n vrouspersoon op of ten opsigte van wie 'n misdryf van 'n onsedelike aard gepleeg is, is toelaatbaar of ontoelaatbaar indien sodanige getuienis op die dertigste dag van Mei 1961 toelaatbaar of ontoelaatbaar sou gewees het.

Evidence of disputed writing.

228. Comparison at criminal proceedings of a disputed writing with any writing proved to be genuine, may be made by a witness, and such writings and the evidence of any witness with respect thereto, may be submitted as proof of the genuineness or otherwise of the writing in dispute.

Evidence of times of sunrise and sunset.

229. (1) The Minister may from time to time by notice in the *Gazette* approve of tables prepared at any official observatory in the Republic of the times of sunrise and sunset on particular days at particular places in the Republic or any portion thereof, and appearing in any publication specified in the notice, and thereupon such tables shall, until the notice is withdrawn, on the mere production thereof in criminal proceedings be admissible as proof of such times.

(2) Tables in force immediately prior to the commencement of this Act by virtue of the provisions of section 26 of the General Law Amendment Act, 1952 (Act 32 of 1952), shall be deemed to be tables approved under subsection (1) of this section.

Evidence and sufficiency of evidence of appointment to public office.

230. Any evidence which, on the thirtieth day of May, 1961—

(a) would have been admissible as proof of the appointment of any person to any public office or of the authority of any person to act as a public officer, shall be admissible in evidence in criminal proceedings;

(b) would have been deemed sufficient proof of the appointment of any person to any public office or of the authority of any person to act as a public officer, shall in criminal proceedings be deemed to be sufficient proof of such appointment or authority.

Evidence of signature of public officer.

231. Any document—

(a) which purports to bear the signature of any person holding a public office; and

(b) which bears a seal or stamp purporting to be a seal or stamp of the department, office or institution to which such person is attached,

shall, upon the mere production thereof at criminal proceedings, be *prima facie* proof that such person signed such document.

Article may be proved in evidence by means of photograph thereof.

232. (1) Any court may in respect of any article, other than a document, which any party to criminal proceedings may wish to produce to the court as admissible evidence at such proceedings, permit such party to produce as evidence, in lieu of such article, any photograph thereof, notwithstanding that such article is available and can be produced in evidence.

(2) The court may, notwithstanding the admission under subsection (1) of the photograph of any article, on good cause require the production of the article in question.

Proof of public documents.

233. (1) Whenever any book or other document is of such a public nature as to be admissible in evidence upon its mere production from proper custody, any copy thereof or extract therefrom shall be admissible in evidence at criminal proceedings if it is proved to be an examined copy or extract, or if it purports to be signed and certified as a true copy or extract by the officer to whose custody the original is entrusted.

(2) Such officer shall furnish such certified copy or extract to any person applying therefor, upon payment of an amount in accordance with the tariff of fees prescribed by or under any law or, if no such tariff has been so prescribed, an amount in accordance with such tariff of fees as the Minister, in consultation with the Minister of Finance, may from time to time determine.

Proof of official documents.

234. (1) It shall, at criminal proceedings, be sufficient to prove an original official document which is in the custody or under the control of any State official by virtue of his office, if a copy thereof or an extract therefrom, certified as a true copy or extract

Getuienis oor betwiste geskrif.

228. Vergelyking by strafregtelike verrigtinge van 'n betwiste geskrif met 'n geskrif wat as eg bewys is, kan deur 'n getuie gedoen word, en sodanige geskrifte en die getuienis van 'n getuie met betrekking daartoe, kan as bewys van die egtheid of andersins van die betwiste geskrif voorgelê word.

Getuienis van tye van sons-opgang en sonsondergang.

229. (1) Die Minister kan van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* tabelle goedkeur wat by 'n amptelike sterrewag in die Republiek opgestel is van die tye van sonsopgang en sonsondergang op bepaalde dae op bepaalde plekke in die Republiek of 'n deel daarvan, en wat in 'n in die kennisgewing vermelde publikasie verskyn, en daarop is bedoelde tabelle, totdat die kennisgewing ingetrek word, by blote voorlegging daarvan in strafregtelike verrigtinge as bewys van sulke tye toelaatbaar.

(2) Tabelle wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet uit hoofde van die bepalings van artikel 26 van die Algemene Regswysigingswet, 1952 (Wet 32 van 1952), van krag was, word geag tabelle te wees wat ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel goedgekeur is.

Getuienis en toereikendheid van getuienis van aanstelling in openbare amp.

230. Getuienis wat op die dertigste dag van Mei 1961—

(a) toelaatbaar sou gewees het as bewys van die aanstelling van iemand in 'n openbare amp of van die bevoegdheid van iemand om as 'n openbare beampte op te tree, is in strafregtelike verrigtinge as getuienis toelaatbaar;

(b) as voldoende bewys beskou sou gewees het van die aanstelling van iemand in 'n openbare amp of van die bevoegdheid van iemand om as 'n openbare beampte op te tree, word in strafregtelike verrigtinge beskou voldoende bewys te wees van so 'n aanstelling of bevoegdheid.

Getuienis van naamtekening van openbare beampte.

231. 'n Dokument—

(a) wat voorgee die naamtekening te bevat van iemand wat 'n openbare amp beklee; en

(b) wat 'n seël of stempel bevat wat voorgee 'n seël of stempel te wees van die departement, kantoor of inrigting waaraan so iemand verbonde is,

is by blote voorlegging daarvan by strafregtelike verrigtinge *prima facie*-bewys dat so iemand daardie dokument onderteken het.

Voorwerp kan as getuienis deur middel van foto daarvan bewys word.

232. (1) 'n Hof kan ten opsigte van 'n voorwerp, behalwe 'n dokument, wat 'n party by strafregtelike verrigtinge aan die hof as toelaatbare getuienis by bedoelde verrigtinge wil voorlê, daardie party toelaat om, in die plek van so 'n voorwerp, 'n foto daarvan as getuienis voor te lê, nieteenstaande dat so 'n voorwerp beskikbaar is en as getuienis voorgelê kan word.

(2) Die hof kan, ondanks die toelating ingevolge subartikel (1) van die foto van 'n voorwerp, die voorlegging van die betrokke voorwerp om gegronde rede vereis.

Bewys van openbare dokumente.

233. (1) Wanneer 'n boek of ander dokument van so 'n openbare aard is dat dit by blote voorlegging daarvan uit bevoegde bewaring as getuienis toelaatbaar is, is 'n afskrif daarvan of uittreksel daaruit by strafregtelike verrigtinge as getuienis toelaatbaar indien dit bewys word 'n nagesiene afskrif of uittreksel te wees, of indien dit voorgee onderteken en as 'n juiste afskrif of uittreksel gewaarmerk te wees deur die beampte aan wie se bewaring die oorspronklike toevertrou is.

(2) Bedoelde beampte verstrek so 'n gewaarmerkte afskrif of uittreksel aan 'n persoon wat daarom aansoek doen, by betaling van 'n bedrag ooreenkomstig die tarief van gelde deur of kragtens 'n wet voorgeskryf of, indien geen sodanige tarief aldus voorgeskryf is nie, 'n bedrag ooreenkomstig die tarief van gelde wat die Minister van tyd tot tyd in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

Bewys van amptelike dokumente.

234. (1) Dit is by strafregtelike verrigtinge voldoende om 'n oorspronklike amptelike dokument wat uit hoofde van sy amp in die bewaring of onder die beheer van 'n beampte van die Staat is, te bewys indien 'n afskrif daarvan of 'n uittreksel daaruit, wat

by the head of the department concerned or by any State official authorized thereto by such head, is produced in evidence at such proceedings.

(2) *(a)* An original official document referred to in subsection (1), other than the record of judicial proceedings, may be produced at criminal proceedings only upon the order of the attorney-general.

(b) It shall not be necessary for the head of the department concerned to appear in person to produce an original document under paragraph *(a)*, but such document may be produced by any person authorized thereto by such head.

(3) Any official who, under subsection (1), certifies any copy or extract as true knowing that such copy or extract is false, shall be guilty of an offence and liable on conviction to imprisonment for a period not exceeding two years.

Proof of judicial proceedings.

235. (1) It shall, at criminal proceedings, be sufficient to prove the original record of judicial proceedings if a copy of such record, certified or purporting to be certified by the registrar or clerk of the court or other officer having the custody of the record of such judicial proceedings or by the deputy of such registrar, clerk or other officer or, in the case where judicial proceedings are taken down in shorthand or by mechanical means, by the person who transcribed such proceedings, as a true copy of such record, is produced in evidence at such criminal proceedings, and such copy shall be *prima facie* proof that any matter purporting to be recorded thereon was correctly recorded.

(2) Any person who, under subsection (1), certifies any copy as true knowing that such copy is false, shall be guilty of an offence and liable on conviction to imprisonment for a period not exceeding two years.

Proof of entries in bankers' books.

236. (1) The entries in the account books, including any ledger, day-book or cash-book, of any bank shall, upon the mere production at criminal proceedings of a document purporting to be an affidavit made by any person who in that affidavit alleges—

(a) that he is in the service of the bank in question;

(b) that such account books are or have been the ordinary books of such bank;

(c) that the said entries have been made in the usual and ordinary course of the business of such bank; and

(d) that such account books are in the custody or under the control of such bank,

be *prima facie* proof at such proceedings of the matters, transactions and accounts recorded in such account books.

(2) Any entry in any account book referred to in subsection (1) may be proved at criminal proceedings upon the mere production at such proceedings of a document purporting to be an affidavit made by any person who in that affidavit alleges—

(a) that he is in the service of the bank in question;

(b) that he has examined the entry and the account book in question; and

(c) that a copy of such entry set out in the affidavit or in an annexure thereto is a correct copy of such entry.

(3) Any party at the proceedings in question against whom evidence is adduced in terms of this section or against whom it is intended to adduce evidence in terms of this section, may, upon the order of the court before which the proceedings are pending, inspect the original of the entry in question and any account book in which such entry appears or of which such entry forms part, and such party may make copies of such entry, and the court shall, upon the application of the party concerned, adjourn the

deur die hoof van die betrokke departement of 'n beampte van die Staat deur daardie hoof daartoe gemagtig, as 'n juiste afskrif of uittreksel gewaarmerk is, by bedoelde verrigtinge as getuienis voorgelê word.

(2) *(a)* 'n In subartikel (1) bedoelde oorspronklike amptelike dokument, behalwe die oorkonde van geregtelike verrigtinge, kan by strafregtelike verrigtinge slegs op las van die prokureur-generaal voorgelê word.

(b) Dit is nie nodig dat die hoof van die betrokke departement persoonlik moet verskyn om 'n oorspronklike dokument ingevolge paragraaf *(a)* voor te lê nie, maar so 'n dokument kan voorgelê word deur iemand wat deur bedoelde hoof daartoe gemagtig is.

(3) 'n Beampte wat, ingevolge subartikel (1), 'n afskrif of uittreksel as juis waarmerk wetende dat so 'n afskrif of uittreksel vals is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.

Bewys van geregtelike verrigtinge.

235. (1) Dit is by strafregtelike verrigtinge voldoende om die oorspronklike oorkonde van geregtelike verrigtinge te bewys indien 'n afskrif van sodanige oorkonde wat deur die griffier of klerk van die hof of ander beampte belas met die bewaring van die oorkonde van sodanige geregtelike verrigtinge of deur die adjunk van bedoelde griffier, klerk of ander beampte of, in die geval waar geregtelike verrigtinge in snelskrif of op meganiese wyse afgeneem word, deur die persoon wat bedoelde verrigtinge getranskribeer het, as 'n juiste afskrif gewaarmerk is of voorgee gewaarmerk te wees, by bedoelde strafregtelike verrigtinge as getuienis voorgelê word, en so 'n afskrif is *prima facie*-bewys dat 'n aangeleentheid wat voorgee daarop genotuleer te wees, korrek genotuleer is.

(2) Iemand wat ingevolge subartikel (1) 'n afskrif as juis waarmerk wetende dat so 'n afskrif vals is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.

Bewys van inskrywings in bankiersboeke.

236. (1) Die inskrywings in die rekeningboeke, met inbegrip van 'n grootboek, dagboek of kasboek, van 'n bank is by blote voorlegging by strafregtelike verrigtinge van 'n dokument wat voorgee 'n beëdigde verklaring te wees deur 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer—

(a) dat hy in diens van die betrokke bank is;

(b) dat bedoelde rekeningboeke die gewone boeke van bedoelde bank is of was;

(c) dat bedoelde inskrywings in die gebruiklike en gewone loop van bedoelde bank se besigheid aangebring is; en

(d) dat bedoelde rekeningboeke in die bewaring of onder beheer van bedoelde bank is,

prima facie-bewys by bedoelde verrigtinge van die aangeleenthede, transaksies en rekeninge in bedoelde rekeningboeke aangeteken.

(2) 'n Inskrywing in 'n in subartikel (1) bedoelde rekeningboek kan by strafregtelike verrigtinge bewys word deur die blote voorlegging by sodanige verrigtinge van 'n dokument wat voorgee 'n beëdigde verklaring te wees deur 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer—

(a) dat hy in diens van die betrokke bank is;

(b) dat hy die betrokke inskrywing en rekeningboek ondersoek het; en

(c) dat 'n afskrif van bedoelde inskrywing wat in die beëdigde verklaring of in 'n bylae daarby uiteengesit is, 'n juiste afskrif van bedoelde inskrywing is.

(3) 'n Party by die betrokke verrigtinge teen wie getuienis ingevolge hierdie artikel voorgelê word of teen wie dit die voorneme is om getuienis ingevolge hierdie artikel voor te lê, kan, op bevel van die hof voor wie die verrigtinge hangende is, die oorspronklike van die betrokke inskrywing en 'n rekeningboek waarin daardie inskrywing voorkom of waarvan bedoelde inskrywing deel uitmaak, ondersoek, en so 'n party kan afskrifte van so 'n inskrywing maak, en die hof moet, op aansoek van die

proceedings for the purpose of such inspection or the making of such copies.

(4) No bank shall be compelled to produce any account book referred to in subsection (1) at any criminal proceedings, unless the court concerned orders that any such book be produced.

Evidence on charge of bigamy.

237. (1) At criminal proceedings at which an accused is charged with bigamy, it shall, as soon as it is proved that a marriage ceremony, other than the ceremony relating to the alleged bigamous marriage, took place within the Republic between the accused and another person, be presumed, unless the contrary is proved, that the marriage was on the date of the solemnization thereof lawful and binding.

(2) At criminal proceedings at which an accused is charged with bigamy, it shall be presumed, unless the contrary is proved, that at the time of the solemnization of the alleged bigamous marriage there subsisted between the accused and another person a lawful and binding marriage—

(a) if there is produced at such proceedings, in any case in which the marriage is alleged to have been solemnized within the Republic, an extract from the marriage register which purports—

(i) to be a duplicate original or a copy of the marriage register relating to such marriage; and

(ii) to be certified as such a duplicate original or such a copy by the person having the custody of such marriage register or by a registrar of marriages;

(b) if there is produced at such proceedings, in any case in which the marriage is alleged to have been solemnized outside the Republic, a document which purports—

(i) to be an extract from a marriage register kept according to law in the country where the marriage is alleged to have been solemnized; and

(ii) to be certified as such an extract by the person having the custody of such register, if the signature of such person on the certificate is authenticated in accordance with any law of the Republic governing the authentication of documents executed outside the Republic.

(3) At criminal proceedings at which an accused is charged with bigamy, evidence—

(a) that shortly before the alleged bigamous marriage the accused had been cohabiting with the person to whom he is alleged to be lawfully married;

(b) that the accused had been treating and recognizing such person as a spouse; and

(c) of the performance of a marriage ceremony between the accused and such person,

shall, as soon as the alleged bigamous marriage, wherever solemnized, has been proved, be *prima facie* proof that there was a lawful and binding marriage subsisting between the accused and such person at the time of the solemnization of the alleged bigamous marriage.

Evidence of relationship on charge of incest.

238. (1) At criminal proceedings at which an accused is charged with incest—

(a) it shall be sufficient to prove that the woman or girl on whom or by whom the offence is alleged to have been committed, is reputed to be the lineal ascendant or descendant or the sister, stepmother or stepdaughter of the other party to the incest;

(b) the accused shall be presumed, unless the contrary is proved, to have had knowledge, at the time of the alleged offence, of the relationship existing between him and the other party to the incest.

(2) Whenever the fact that any lawful and binding marriage was contracted is relevant to the issue at criminal proceedings at which an accused is charged with incest, such fact may be proved *prima*

betrokke party, die verrigtinge vir die doeleindes van so 'n ondersoek of die maak van sodanige afskrifte verdaag.

(4) Geen bank is verplig om 'n in subartikel (1) bedoelde rekeningboek by strafregtelike verrigtinge voor te lê nie, tensy die betrokke hof gelas dat so 'n boek voorgelê word.

Getuienis op aanklag van bigamie.

237. (1) By strafregtelike verrigtinge waarby 'n beskuldigde aangekla word weens bigamie, word dit, sodra dit bewys word dat 'n ander huweliksplegtigheid as die plegtigheid wat op die beweerde bigamiese huwelik betrekking het, binne die Republiek tussen die beskuldigde en 'n ander persoon plaasgevind het, vermoed dat die huwelik op die datum van voltrekking daarvan wettig en bindend was, tensy die teendeel bewys word.

(2) By strafregtelike verrigtinge waarby 'n beskuldigde aangekla word weens bigamie, word dit vermoed, tensy die teendeel bewys word, dat daar ten tyde van die voltrekking van die beweerde bigamiese huwelik 'n wettige en bindende huwelik tussen die beskuldigde en 'n ander persoon bestaan het—

(a) indien by bedoelde verrigtinge, in 'n geval waarin die huwelik na bewering binne die Republiek voltrek is, 'n uittreksel uit die huweliksregister voorgelê word wat voorgee—

(i) 'n duplikaat-oorspronklike of 'n afskrif van die huweliksregister betreffende daardie huwelik te wees; en

(ii) as so 'n duplikaat-oorspronklike of so 'n afskrif gewaarmerk te wees deur die persoon wat bedoelde huweliksregister in bewaring het of deur 'n registrateur van huwelike;

(b) indien by bedoelde verrigtinge, in 'n geval waarin die huwelik na bewering buite die Republiek voltrek is, 'n dokument voorgelê word wat voorgee—

(i) 'n uittreksel te wees uit 'n huweliksregister gehou ooreenkomstig die wetsbepalings van die land waar die huwelik na bewering voltrek is; en

(ii) as so 'n uittreksel gesertifiseer te wees deur die persoon in wie se bewaring bedoelde huweliksregister is, indien die naamtekening van daardie persoon op die sertifikaat gewaarmerk is ooreenkomstig die wetsbepalings van die Republiek wat die waarmerking reël van dokumente wat buite die Republiek verly is.

(3) By strafregtelike verrigtinge waarby 'n beskuldigde aangekla word weens bigamie, word getuienis—

(a) dat die beskuldigde kort voor die beweerde bigamiese huwelik met die persoon saamgeleef het met wie hy na bewering wettiglik getroud is;

(b) dat die beskuldigde daardie persoon as 'n huweliksgenoot behandel en erken het; en

(c) van die voltrekking van 'n huweliksplegtigheid tussen die beskuldigde en daardie persoon,

sodra die beweerde bigamiese huwelik, waar ook al voltrek, bewys is, *prima facie*-bewys dat daar 'n wettige en bindende huwelik tussen die beskuldigde en daardie persoon bestaan het ten tyde van die voltrekking van die beweerde bigamiese huwelik.

Getuienis van verwantskap op aanklag van bloedskande.

238. (1) By strafregtelike verrigtinge waarby 'n beskuldigde aangekla word weens bloedskande—

(a) is dit voldoende om te bewys dat die vrou of meisie op wie of deur wie die oortreding na bewering gepleeg is, aanvaar word in die opgaande of neerdalende linie verwant te wees aan, of die suster, stiefmoeder of stiefdogter te wees van, die ander party by die bloedskande;

(b) word vermoed dat die beskuldigde, tensy die teendeel bewys word, ten tyde van die beweerde oortreding bewus was van die verwantskap wat tussen hom en die ander party by die bloedskande bestaan.

(2) Wanneer die feit dat 'n wettige en bindende huwelik voltrek is, by strafregtelike verrigtinge waarby 'n beskuldigde van bloedskande aangekla word, by die geskilpunt relevant is, kan

facie in the manner provided in section 237 for the proof of the existence of a lawful and binding marriage of a person charged with bigamy.

Evidence on charge of infanticide or concealment of birth.

239. (1) At criminal proceedings at which an accused is charged with the killing of a newly-born child, such child shall be deemed to have been born alive if the child is proved to have breathed, whether or not the child had an independent circulation, and it shall not be necessary to prove that such child was, at the time of its death, entirely separated from the body of its mother.

(2) At criminal proceedings at which an accused is charged with the concealment of the birth of a child, it shall not be necessary to prove whether the child died before or at or after birth.

Evidence on charge of receiving stolen property.

240. (1) At criminal proceedings at which an accused is charged with receiving stolen property which he knew to be stolen property, evidence may be given at any stage of the proceedings that the accused was, within the period of twelve months immediately preceding the date on which he first appeared in a magistrate's court in respect of such charge, found in possession of other stolen property: Provided that no such evidence shall be given against the accused unless at least three days' notice in writing has been given to him that it is intended to adduce such evidence against him.

(2) The evidence referred to in subsection (1) may be taken into consideration for the purpose of proving that the accused knew that the property which forms the subject of the charge was stolen property.

(3) Where the accused is proved to have received the property which is the subject of the charge, from a person under the age of eighteen years, he shall be presumed to have known at the time when he received such property that it was stolen property, unless it is proved—

(a) that the accused was at that time under the age of twenty-one years; or

(b) that the accused had good cause, other than the mere statement of the person from whom he received such property, to believe, and that he did believe, that such person had the right to dispose of such property.

Evidence of previous conviction on charge of receiving stolen property.

241. If at criminal proceedings at which an accused is charged with receiving stolen property which he knew to be stolen property, it is proved that such property was found in the possession of the accused, evidence may at any stage of the proceedings be given that the accused was, within the five years immediately preceding the date on which he first appeared in a magistrate's court in respect of such charge, convicted of an offence involving fraud or dishonesty, and such evidence may be taken into consideration for the purpose of proving that the accused knew that the property found in his possession was stolen property: Provided that not less than three days' notice in writing shall be given to the accused that it is intended to adduce evidence of such previous conviction.

Evidence on charge of defamation.

242. If at criminal proceedings at which an accused is charged with the unlawful publication of defamatory matter which is contained in a periodical, it is proved that such periodical or the part in which such defamatory matter is contained, was published by the accused, other writings or prints purporting to be other numbers or parts of the same periodical, previously or subsequently published, and containing a printed statement that they were published by or for the accused, shall be admissible in evidence without further proof of their publication.

daardie feit *prima facie* bewys word op die wyse wat in artikel 237 bepaal is vir die bewys van die bestaan van 'n wettige en bindende huwelik van iemand wat weens bigamie aangekla word.

Getuienis op aanklag van kindermoord of verberging van geboorte.

239. (1) By strafregtelike verrigtinge waarby 'n beskuldigde weens die doding van 'n pasgebore kind aangekla word, word so 'n kind geag lewendig gebore te gewees het indien bewys word dat die kind asem gehaal het, hetsy die kind 'n onafhanklike bloedsomloop gehad het al dan nie, en is dit nie nodig om te bewys dat so 'n kind, ten tyde van sy dood, geheel en al van die liggaam van sy moeder geskei was nie.

(2) By strafregtelike verrigtinge waarby 'n beskuldigde weens verberging van die geboorte van 'n kind aangekla word, is dit nie nodig om te bewys of die kind voor of by of na geboorte gesterf het nie.

Getuienis op aanklag van ontvangs van gesteelde goed.

240. (1) By strafregtelike verrigtinge waarby 'n beskuldigde aangekla word dat hy gesteelde goed ontvang het wetende dat dit gesteelde goed is, kan getuienis in enige stadium van die verrigtinge aangevoer word dat die beskuldigde, binne die tydperk van twaalf maande wat die datum onmiddellik voorafgaan waarop hy die eerste keer in 'n landdroshof ten opsigte van bedoelde aanklag verskyn het, in besit van ander gesteelde goed gevind is: Met dien verstande dat geen sodanige getuienis teen die beskuldigde aangevoer word nie tensy minstens drie dae skriftelike kennis aan hom verstrek is dat dit die bedoeling is om sodanige getuienis teen hom aan te voer.

(2) Die in subartikel (1) bedoelde getuienis kan oorweeg word ten einde te bewys dat die beskuldigde geweet het dat die in die aanklag bedoelde goed gesteelde goed is.

(3) Waar dit bewys word dat die beskuldigde die in die aanklag bedoelde goed van iemand onder die ouderdom van agtien jaar ontvang het, word vermoed dat hy ten tyde van die ontvangs van bedoelde goed geweet het dat dit gesteelde goed is, tensy dit bewys word—

(a) dat die beskuldigde op daardie tydstip onder die ouderdom van een-en-twintig jaar was; of

(b) dat die beskuldigde, behalwe vir die blote verklaring van die persoon van wie hy bedoelde goed ontvang het, gegronde rede gehad het om te glo, en dat hy geglo het, dat bedoelde persoon die reg gehad het om oor bedoelde goed te beskik.

Getuienis van vorige veroordeling op aanklag van ontvangs van gesteelde goed.

241. Indien by strafregtelike verrigtinge waarby 'n beskuldigde aangekla word dat hy gesteelde goed ontvang het wetende dat dit gesteelde goed is, bewys word dat bedoelde goed in besit van die beskuldigde gevind is, kan getuienis in enige stadium van die verrigtinge aangevoer word dat die beskuldigde, binne die vyf jaar wat die datum onmiddellik voorafgaan waarop hy die eerste keer in 'n landdroshof ten opsigte van bedoelde aanklag verskyn het, skuldig bevind is aan 'n misdryf waarby bedrog of oneerlikheid inbegrepe is, en bedoelde getuienis kan oorweeg word ten einde te bewys dat die beskuldigde geweet het dat die goed in sy besit gevind, gesteelde goed is: Met dien verstande dat minstens drie dae skriftelike kennis aan die beskuldigde verstrek moet word dat dit die voorneme is om getuienis van so 'n vorige veroordeling aan te voer.

Getuienis op aanklag van laster.

242. Indien by strafregtelike verrigtinge waarby 'n beskuldigde aangekla word van die onwettige publikasie van lasterlike bewerings wat in 'n tydskrif vervat is, bewys word dat daardie tydskrif of die gedeelte waarin bedoelde lasterlike bewerings vervat is, deur die beskuldigde gepubliseer is, is ander geskrifte of uitgawes wat voorgee ander uitgawes of gedeeltes van dieselfde tydskrif te wees en vroeër of later gepubliseer is en wat 'n gedrukte verklaring bevat dat hulle deur of ten behoewe van die beskuldigde gepubliseer is, sonder verdere bewys van hulle publikasie as getuienis toelaatbaar.

Evidence of receipt of money or property and general deficiency on charge of theft.

243. (1) At criminal proceedings at which an accused is charged with theft—

(a) while employed in any capacity in the service of the State, of money or of property which belonged to the State or which came into the possession of the accused by virtue of his employment;

(b) while a clerk, servant or agent, of money or of property which belonged to his employer or principal or which came into the possession of the accused on account of his employer or principal,

an entry in any book of account kept by the accused or kept under or subject to his charge or supervision, and which purports to be an entry of the receipt of money or of property, shall be proof that such money or such property was received by the accused.

(2) It shall not be necessary at proceedings referred to in subsection (1) to prove the theft by the accused of a specific sum of money or of specific goods, if—

(a) on the examination of the books of account kept or the entries made by the accused or under or subject to his charge or supervision, there is proof of a general deficiency; and

(b) the court is satisfied that the accused stole the money or goods so deficient or any part thereof.

Evidence on charge relating to seals and stamps.

244. At criminal proceedings at which an accused is charged with any offence relating to any seal or stamp used for the purposes of the public revenue or of the post office in any foreign country, a despatch purporting to be from the officer administering the government of such country and transmitting to the State President any stamp, mark or impression and stating it to be a genuine stamp, mark or impression of a die-plate or other instrument provided or made or used by or under the direction of the proper authority of such country for the purpose of denoting stamp duty or postal charge, shall on its mere production at such proceedings be *prima facie* proof of the facts stated in the despatch.

Evidence on charge of which false representation is element.

245. If at criminal proceedings at which an accused is charged with an offence of which a false representation is an element, it is proved that the false representation was made by the accused, he shall be deemed, unless the contrary is proved, to have made such representation knowing it to be false.

Presumptions relating to certain documents.

246. Any document, including any book, pamphlet, letter, circular letter, list, record, placard or poster, which was at any time on premises occupied by any association of persons, incorporated or unincorporated, or in the possession or under the control of any office-bearer, officer or member of such association, and—

(a) on the face whereof a person of a name corresponding to that of an accused person appears to be a member or an office-bearer of such association, shall, upon the mere production thereof by the prosecution at criminal proceedings, be *prima facie* proof that the accused is a member or an office-bearer of such association, as the case may be;

(b) on the face whereof a person of a name corresponding to that of an accused person who is or was a member of such association, appears to be the author of such document, shall, upon the mere production thereof by the prosecution at criminal proceedings, be *prima facie* proof that the accused is the author thereof;

(c) which on the face thereof appears to be the minutes or a copy of or an extract from the minutes of a meeting of such association or of any committee thereof, shall, upon the mere production thereof by the prosecution at criminal proceedings, be *prima facie* proof of the holding of such meeting and of the proceedings thereat;

Getuienis van ontvangs van geld of goed en algemene tekort op aanklag van diefstal.

243. (1) By strafregtelike verrigtinge waarby 'n beskuldigde aangekla word weens diefstal—

(a) terwyl hy in enige hoedanigheid in diens van die Staat was, van geld of van goed wat aan die Staat behoort het of wat in besit van die beskuldigde uit hoofde van sy werk gekom het;

(b) terwyl hy 'n klerk, werknemer of agent was, van geld of van goed wat aan sy werkgewer of prinsipaal behoort het of wat in besit van die beskuldigde ten behoewe van sy werkgewer of prinsipaal gekom het,

is 'n inskrywing in 'n rekeningboek deur die beskuldigde gehou of onder of onderworpe aan sy sorg of toesig gehou, en wat voorgee 'n inskrywing te wees van die ontvangs van geld of van goed, bewys dat daardie geld of daardie goed deur die beskuldigde ontvang is.

(2) Dit is by in subartikel (1) bedoelde verrigtinge nie nodig om die diefstal deur die beskuldigde van 'n bepaalde bedrag geld of bepaalde goed te bewys nie, indien—

(a) daar by die ondersoek van die rekeningboeke gehou of die inskrywings gemaak deur die beskuldigde of onder of onderworpe aan sy sorg of toesig, bewys van 'n algemene tekort is; en

(b) die hof oortuig is dat die beskuldigde die geld of goed wat aldus tekort is of 'n gedeelte daarvan gesteel het.

Getuienis op aanklag betreffende seëls en stempels.

244. By strafregtelike verrigtinge waarby 'n beskuldigde aangekla word van 'n misdryf in verband met 'n seël of stempel wat in 'n vreemde land vir die doeleindes van die openbare inkomste of van die poskantoor gebruik word, is 'n nota wat voorgee afkomstig te wees van die amptenaar belas met die administrasie van die regering van daardie land en waarby aan die Staatspresident 'n stempel, merk of afdruk deurgestuur word en waarin verklaar word dat dit 'n egte stempel, merk of afdruk is van 'n stempelplaat of ander instrument wat voorsien of gemaak of gebruik word deur of onder die toesig van die bevoegde gesag van daardie land vir die aanduiding van seëlreg of posgeld, by blote voorlegging daarvan by bedoelde verrigtinge *prima facie*-bewys van die feite wat in die nota vermeld word.

Getuienis op aanklag waarvan valse voorstelling bestanddeel is.

245. Indien by strafregtelike verrigtinge waarby 'n beskuldigde aangekla word van 'n misdryf waarvan 'n valse voorstelling 'n bestanddeel is, bewys word dat die valse voorstelling deur die beskuldigde gemaak is, word geag, tensy die teendeel bewys word, dat hy so 'n voorstelling gemaak het wetende dat dit vals is.

Vermoedens betreffende sekere dokumente.

246. 'n Dokument, met inbegrip van 'n boek, pamflet, brief, omsendbrief, lys, register, plakkaat of aanplakbiljet, wat te eniger tyd op 'n perseel was wat geokkupeer is deur 'n vereniging van persone, met of sonder regspersoonlikheid, of in die besit of onder die beheer van 'n ampsdraer, beampte of lid van so 'n vereniging was, en—

(a) waaruit dit op die oog blyk dat iemand met 'n naam wat met dié van 'n beskuldigde ooreenstem, lid of 'n ampsdraer van daardie vereniging is, is by blote voorlegging daarvan deur die vervolging by strafregtelike verrigtinge *prima facie*-bewys dat die beskuldigde 'n lid of, na gelang van die geval, 'n ampsdraer van daardie vereniging is;

(b) waaruit dit op die oog blyk dat iemand met 'n naam wat ooreenstem met dié van 'n beskuldigde wat lid van daardie vereniging is of was, die outeur van daardie dokument is, is by blote voorlegging daarvan deur die vervolging by strafregtelike verrigtinge *prima facie*-bewys dat die beskuldigde die outeur daarvan is;

(c) waaruit dit op die oog blyk dat dit die notule of 'n afskrif van of 'n uittreksel uit die notule van 'n vergadering van daardie vereniging of van 'n komitee daarvan is, is by blote voorlegging daarvan deur die vervolging by strafregtelike verrigtinge *prima facie*-bewys van die hou van so 'n vergadering en van die verrigtinge daarby;

(d) which on the face thereof discloses any object of such association, shall, upon the mere production thereof by the prosecution at criminal proceedings, be *prima facie* proof that the said object is an object of such association.

Presumptions relating to absence from Republic of certain persons.

247. Any document, including any newspaper, periodical, book, pamphlet, letter, circular letter, list, record, placard or poster, on the face whereof it appears that a person of a name corresponding to that of an accused person has at any particular time been outside the Republic or has at any particular time made any statement outside the Republic, shall, upon the mere production thereof by the prosecution at criminal proceedings, be *prima facie* proof that the accused was outside the Republic at such time or, as the case may be, that the accused made such statement outside the Republic at such time, if such document is accompanied by a certificate, purporting to have been signed by the Secretary for Foreign Affairs, to the effect that he is satisfied that such document is of foreign origin.

Presumption that accused possessed particular qualification or acted in particular capacity.

248. (1) If an act or an omission constitutes an offence only when committed by a person possessing a particular qualification or quality, or vested with a particular authority or acting in a particular capacity, an accused charged with such an offence upon a charge alleging that he possessed such qualification or quality or was vested with such authority or was acting in such capacity, shall, at criminal proceedings, be deemed to have possessed such qualification or quality or to have been vested with such authority or to have been acting in such capacity at the time of the commission of the offence, unless such allegation is at any time during the criminal proceedings expressly denied by the accused or is disproved.

(2) If such allegation is denied or evidence is led to disprove it after the prosecution has closed its case, the prosecution may adduce any evidence and submit any argument in support of the allegation as if it had not closed its case.

Presumption of failure to pay tax or to furnish information relating to tax.

249. When an accused is at criminal proceedings charged with any offence of which the failure to pay any tax or impost to the State, or of which the failure to furnish to any officer of the State any information relating to any tax or impost which is or may be due to the State is an element, the accused shall be deemed to have failed to pay such tax or impost or to furnish such information, unless the contrary is proved.

Presumption of lack of authority.

250. (1) If a person would commit an offence if he—

(a) carried on any occupation or business;

(b) performed any act;

(c) owned or had in his possession or custody or used any article; or

(d) was present at or entered any place,

without being the holder of a licence, permit, permission or other authority or qualification (in this section referred to as the "necessary authority"), an accused shall, at criminal proceedings upon a charge that he committed such an offence, be deemed not to have been the holder of the necessary authority, unless the contrary is proved.

(2) *(a)* Any peace officer and, where any fee payable for the necessary authority would accrue to the State Revenue Fund or the Railway and Harbour Fund or a provincial revenue fund or the Revenue Fund of the territory, any person authorized thereto in writing by the head of the relevant department or sub-department or by the officer in charge of the relevant office, may demand the production from a person referred to in subsection (1) of the necessary authority which is appropriate.

(d) wat op die oog 'n oogmerk van daardie vereniging openbaar, is by blote voorlegging daarvan deur die vervolging by strafregtelike verrigtinge *prima facie*-bewys dat bedoelde oogmerk 'n oogmerk van daardie vereniging is.

Vermoedens betreffende afwesigheid uit Republiek van sekere persone.

247. 'n Dokument, met inbegrip van 'n koerant, tydskrif, boek, pamflet, brief, omsendbrief, lys, register, plakkaat of aanplakbiljet, waaruit dit op die oog blyk dat iemand met 'n naam wat met dié van 'n beskuldigde ooreenstem, op 'n bepaalde tydstip buite die Republiek was of op 'n bepaalde tydstip 'n verklaring buite die Republiek gedoen het, is by blote voorlegging daarvan deur die vervolging by strafregtelike verrigtinge *prima facie*-bewys dat die beskuldigde op daardie tydstip buite die Republiek was of, na gelang van die geval, dat die beskuldigde daardie verklaring op daardie tydstip buite die Republiek gedoen het, indien bedoelde dokument vergesel gaan van 'n sertifikaat wat voorgee deur die Sekretaris van Buitelandse Sake onderteken te wees en wat ten effekte is dat hy oortuig is dat bedoelde dokument 'n buitelandse oorsprong het.

Vermoede dat beskuldigde bepaalde kwalifikasie besit het of in bepaalde hoedanigheid opgetree het.

248. (1) Indien 'n handeling of 'n versuim 'n misdryf uitmaak slegs wanneer dit deur iemand gepleeg word wat 'n bepaalde kwalifikasie of eienskap besit of met 'n bepaalde magtiging beklee is of in 'n bepaalde hoedanigheid optree, word by strafregtelike verrigtinge vermoed dat 'n beskuldigde wat weens so 'n misdryf aangekla word op 'n aanklag wat beweer dat hy bedoelde kwalifikasie of eienskap besit het of met bedoelde magtiging beklee was of in bedoelde hoedanigheid opgetree het, ten tyde van die pleging van die misdryf bedoelde kwalifikasie of eienskap besit het of met bedoelde magtiging beklee was of in bedoelde hoedanigheid opgetree het, tensy bedoelde bewering te eniger tyd gedurende die strafregtelike verrigtinge uitdruklik deur hom ontken word of weerlê word.

(2) Indien bedoelde bewering ontken word of getuienis aangevoer word om dit te weerlê nadat die vervolging sy saak afgesluit het, kan die vervolging getuienis aanvoer en argumente ter stawing van die bewering voorlê asof hy nie sy saak afgesluit het nie.

Vermoede van versuim om belasting te betaal of inligting betreffende belasting te verstrek.

249. Wanneer 'n beskuldigde by strafregtelike verrigtinge weens 'n misdryf aangekla word waarvan die versuim om 'n belasting of heffing aan die Staat te betaal, of waarvan die versuim om aan 'n beampte van die Staat inligting te verstrek betreffende 'n belasting of heffing wat aan die Staat verskuldig is of mag wees, 'n bestanddeel is, word die beskuldigde geag te versuim het om bedoelde belasting of heffing te betaal of om bedoelde inligting te verstrek, tensy die teendeel bewys word.

Vermoede van gebrek aan magtiging.

250. (1) As iemand 'n misdryf sou pleeg indien hy—

(a) 'n beroep of besigheid voortsit;

(b) 'n handeling verrig;

(c) 'n voorwerp as eiendom besit of in sy besit of bewaring het of gebruik; of

(d) by 'n plek aanwesig is of dit binnegaan,

sonder om die houer van 'n lisensie, permit, vergunning of ander magtiging of bevoegdheid te wees (in hierdie artikel die „nodige magtiging" genoem), word 'n beskuldigde, by strafregtelike verrigtinge op 'n aanklag dat hy so 'n misdryf gepleeg het, geag nie die houer van die nodige magtiging te gewees het nie, tensy die teendeel bewys word.

(2) *(a)* 'n Vredesbeampte en, waar gelde wat vir die nodige magtiging betaalbaar is die Staatsinkomstefonds of die Spoorweg- en Hawefonds of 'n provinsiale inkomstefonds of die Inkomstefonds van die gebied sou toeval, 'n persoon skriftelik daartoe gemagtig deur die hoof van die betrokke departement of sub-departement of deur die beampte in beheer van die betrokke kantoor, kan van 'n in subartikel (1) bedoelde persoon die voorlegging eis van die nodige magtiging wat toepaslik is.

(b) Any peace officer, other than a police official in uniform, and any person authorized under paragraph *(a)* shall, when demanding the necessary authority from any person, produce at the request of that person, his authority to make the demand.

(3) Any person who is the holder of the necessary authority and who fails without reasonable cause to produce forthwith such authority to the person making the demand under subsection (2) for the production thereof, or who fails without reasonable cause to submit such authority to a person and at a place and within such reasonable time as the person making the demand may specify, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding three months.

Unstamped instrument admissible in criminal proceedings.

251. An instrument liable to stamp duty shall not be held inadmissible at criminal proceedings on the ground only that it is not stamped as required by law.

The law in cases not provided for.

252. The law as to the admissibility of evidence which was in force in respect of criminal proceedings on the thirtieth day of May, 1961, shall apply in any case not expressly provided for by this Act or any other law.

Saving of special provisions in other laws.

253. No provision of this Chapter shall be construed as modifying any provision of any other law whereby in any criminal proceedings referred to in such law certain specified facts and circumstances are deemed to be evidence or a particular fact or circumstance may be proved in a manner specified therein.

CHAPTER 25

CONVERSION OF TRIAL INTO ENQUIRY

Court may refer juvenile accused to children's court.

254. (1) If it appears to the court at the trial upon any charge of any accused under the age of eighteen years that he is a child in need of care as defined in section 1 of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), and that it is desirable to deal with him in terms of sections 30 and 31 of that Act, it may stop the trial and order that the accused be brought before a children's court mentioned in section 4 or 5 of that Act and that he be dealt with under the said sections 30 and 31.

(2) If the order under subsection (1) is made after conviction, the verdict shall be of no force in relation to the person in respect of whom the order is made and shall be deemed not to have been returned.

Court may order enquiry under Abuse of Dependence-producing Substances and Rehabilitation Centres Act, 1971 (Act 41 of 1971).

255.(1) *(a)* If in any court during the trial of a person who is charged with an offence other than an offence in respect of which the sentence of death may be passed, it appears to the judge or judicial officer presiding at the trial that such person is probably a person as is described in section 29 (1) of the Abuse of Dependence-producing Substances and Rehabilitation Centres Act, 1971 (in this section referred to as the said Act), the judge or judicial officer may, with the consent of the prosecutor given after consultation with a social welfare officer as defined in section 1 of the said Act, stop the trial and order that an enquiry be held in terms of section 30 of the said Act in respect of the person concerned by a magistrate as defined in section 1 of the said Act and indicated in the order.

(b) The prosecutor shall not give his consent in terms of paragraph *(a)* if the person concerned is a person in respect of whom the imposition of punishment of imprisonment, except the punishment referred to in

(b) 'n Vredesbeampte, behalwe 'n polisiebeampte wat in uniform is, en 'n kragtens paragraaf *(a)* gemagtigde persoon moet, wanneer hy die nodige magtiging van iemand eis, op versoek van daardie persoon sy gesag voorlê om die eis te rig.

(3) Iemand wat die houer van die nodige magtiging is en wat sonder gegronde rede versuim om daardie magtiging onverwyld aan die persoon voor te lê wat die eis ingevolge subartikel (2) vir die voorlegging daarvan rig, of wat sonder gegronde rede versuim om daardie magtiging voor te lê aan 'n persoon en op 'n plek en binne so 'n redelike tydperk as wat die persoon bepaal wat die eis rig, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

Ongeseëlde dokument by strafregtelike verrigtinge toelaatbaar.

251. 'n Dokument wat aan seëlreg onderhewig is, word nie by strafregtelike verrigtinge as ontoelaatbaar beskou slegs op grond daarvan dat dit nie volgens wet geseël is nie.

Die reg in gevalle waarvoor nie voorsiening gemaak is nie.

252. Die reg met betrekking tot die toelaatbaarheid van getuienis wat op die dertigste dag van Mei 1961 ten opsigte van strafregtelike verrigtinge gegeld het, is van toepassing in elke geval waarvoor nie uitdruklik in hierdie Wet of 'n ander wet voorsiening gemaak word nie.

Behoud van spesiale bepalings in ander wette.

253. Geen bepaling van hierdie Hoofstuk word so uitgelê dat dit 'n bepaling van 'n ander wet verander waarkragtens in enige in so 'n wet bedoelde strafregtelike verrigtinge sekere aangegewe feite en omstandighede geag word getuienis te wees nie of 'n bepaalde feit of omstandigheid op 'n daarin aangegewe wyse bewys kan word nie.

HOOFSTUK 25

OMSKEPPING VAN VERHOOR TOT ONDERSOEK

Hof kan jeugdige beskuldigde na kinderhof verwys.

254. (1) Indien dit aan die hof by die verhoor op enige aanklag van 'n beskuldigde onder agtien jaar blyk dat hy 'n sorgbehoewende kind is soos in artikel 1 van die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), omskryf, en dat dit wenslik is om kragtens artikels 30 en 31 van daardie Wet met hom te handel, kan die hof die verhoor staak en beveel dat die beskuldigde voor 'n in artikel 4 of 5 van daardie Wet bedoelde kinderhof gebring word en dat kragtens bedoelde artikels 30 en 31 met hom gehandel word.

(2) Indien die bevel ingevolge subartikel (1) na skuldigbevinding gegee word, is die uitspraak kragteloos met betrekking tot die persoon ten opsigte van wie die bevel gemaak word en word dit geag nie gelewer te gewees het nie.

Hof kan ondersoek gelas kragtens die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums, 1971 (Wet 41 van 1971).

255. (1) *(a)* Indien dit gedurende die verhoor in 'n hof van 'n persoon wat aangekla word van 'n ander misdryf as 'n misdryf ten opsigte waarvan die doodvonnis opgelê kan word, aan die regter of regterlike amptenaar wat by die verhoor voorsit, blyk dat bedoelde persoon waarskynlik iemand is soos beskryf in artikel 29 (1) van die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums, 1971 (in hierdie artikel die bedoelde Wet genoem), kan die regter of regterlike amptenaar, met instemming van die aanklaer wat gegee word na oorleg met 'n volkswelsynbeampte soos omskryf in artikel 1 van bedoelde Wet, die verhoor staak en gelas dat 'n ondersoek ingevolge artikel 30 van bedoelde Wet ten opsigte van die betrokke persoon gehou word deur 'n landdros soos in artikel 1 van bedoelde Wet omskryf en in die lasgewing aangedui.

(b) Die aanklaer verleen nie sy instemming ingevolge paragraaf *(a)* nie indien die betrokke persoon iemand is ten opsigte van wie die oplegging van gevangenisstraf, behalwe die in subparagraaf (iii) of (iv) van artikel 2 van bedoelde Wet genoemde gevangenisstraf, verpligtend

subparagraph (iii) or (iv) of section 2 of the said Act, would be compulsory if he were convicted at such trial.

(2) *(a)* If the person concerned is in custody he shall for all purposes be deemed to have been arrested in terms of a warrant issued under section 29 (1) of the said Act and shall as soon as practicable be brought before the said magistrate.

(b) If the person concerned is not in custody the said judge or judicial officer shall determine the time when and the place where the person concerned shall appear before the said magistrate, and he shall thereafter for all purposes be deemed to have been summoned in terms of section 29 (1) of the said Act to appear before the said magistrate at the time and place so determined.

(3) As soon as possible after an order has been made under subsection (1) of this section, a prosecutor attached to the court of the said magistrate shall obtain a report as is mentioned in section 29 (2) of the said Act.

(4) The provisions of the said Act shall *mutatis mutandis* apply in respect of a person who appears before a magistrate, as defined in section 1 of the said Act, in pursuance of an order made under subsection (1) of this section as if he were a person brought before the said magistrate in terms of section 29 (1) of the said Act and as if the report obtained in terms of subsection (3) of this section were a report obtained in terms of section 29 (2) of the said Act.

(5) If an order is made under subsection (1) in the course of a trial, whether before or after conviction, and a magistrate under the said Act orders that the person concerned be detained in a rehabilitation centre or registered rehabilitation centre, the proceedings at the trial shall be null and void in so far as such person is concerned.

(6) A copy of the record of the proceedings at the trial, certified or purporting to be certified by the registrar or clerk of the court or other officer having the custody of the record of such proceedings or by the deputy of such registrar, clerk or other officer or, in the case where the proceedings were taken down in shorthand or by mechanical means, by the person who transcribed the proceedings, as a true copy of such record, may be produced at the said enquiry as evidence.

(7) In applying the provisions of this section with reference to a Coloured person as defined in the Coloured Persons Rehabilitation Centres Law, 1971, of the Coloured Persons Representative Council of the Republic of South Africa (Law 1 of 1971), any reference—

(a) to a provision of the Abuse of Dependence-producing Substances and Rehabilitation Centres Act, 1971, shall, except in the case of subsection (1) *(b)*, be construed as a reference to a corresponding provision of the said Coloured Persons Rehabilitation Centres Law, 1971;

(b) to a "social welfare officer" and a "magistrate" shall be construed as a reference to a "social worker" and a "magistrate", respectively, as defined in the said Coloured Persons Rehabilitation Centres Law, 1971.

CHAPTER 26

COMPETENT VERDICTS

Attempt.

256. If the evidence in criminal proceedings does not prove the commission of the offence charged but proves an attempt to commit that offence or an attempt to commit any other offence of which an accused may be convicted on the offence charged, the accused may be found guilty of an attempt to commit that offence or, as the case may be, such other offence.

sou wees indien hy by bedoelde verhoor skuldig bevind sou word.

(2) *(a)* Indien die betrokke persoon in bewaring is, word hy vir alle doeleindes geag ooreenkomstig 'n lasbrief in hegtenis geneem te gewees het wat ingevolge artikel 29 (1) van bedoelde Wet uitgereik is en word hy so spoedig doenlik voor bedoelde landdros gebring.

(b) Indien die betrokke persoon nie in bewaring is nie, bepaal bedoelde regter of regterlike amptenaar die tyd wanneer en plek waar die betrokke persoon voor bedoelde landdros moet verskyn, en hy word daarna vir alle doeleindes geag ooreenkomstig artikel 29 (1) van bedoelde Wet gedagvaar te gewees het om op die aldus bepaalde tyd en plek voor bedoelde landdros te verskyn.

(3) So spoedig moontlik nadat 'n lasgewing ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel uitgereik is, verkry 'n aanklaer wat aan die hof van bedoelde landdros verbonde is 'n verslag soos in artikel 29 (2) van bedoelde Wet vermeld.

(4) Die bepalings van bedoelde Wet is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n persoon wat voor 'n landdros, soos in artikel 1 van bedoelde Wet omskryf, ingevolge 'n lasgewing verskyn wat ooreenkomstig subartikel (1) van hierdie artikel uitgereik is, asof hy iemand is wat ooreenkomstig artikel 29 (1) van bedoelde Wet voor bedoelde landdros gebring is en asof die verslag ooreenkomstig subartikel (3) van hierdie artikel verkry, 'n verslag is wat ooreenkomstig artikel 29 (2) van bedoelde Wet verkry is.

(5) Indien 'n lasgewing ingevolge subartikel (1) gedurende die loop van 'n verhoor, hetsy voor of na skuldigbevinding, uitgereik word en 'n landdros ooreenkomstig bedoelde Wet beveel dat die betrokke persoon in 'n rehabilitasiesentrum of geregistreerde rehabilitasiesentrum aangehou word, is die verrigtinge by die verhoor nietig vir sover dit die betrokke persoon betref.

(6) 'n Afskrif van die oorkonde van die verrigtinge by die verhoor wat deur die griffier of klerk van die hof of ander beampte belas met die bewaring van die oorkonde van bedoelde verrigtinge of deur die adjunk van bedoelde griffier, klerk of ander beampte of, in die geval waar die verrigtinge in snelskrif of op meganiese wyse afgeneem is, deur die persoon wat die verrigtinge getranskribeer het, as 'n juiste afskrif gewaarmerk is of voorgee gewaarmerk te wees, kan by bedoelde ondersoek as getuienis voorgelê word.

(7) By die toepassing van die bepalings van hierdie artikel met betrekking tot 'n Kleurling soos omskryf in die Wet op Rehabilitasiesentrums vir Kleurlinge, 1971, van die Verteenwoordigende Kleurlingraad van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 1 van 1971), word 'n verwysing—

(a) na 'n bepaling van die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums, 1971, behalwe in die geval van subartikel (1) *(b)*, uitgelê as 'n verwysing na 'n ooreenstemmende bepaling van bedoelde Wet op Rehabilitasiesentrums vir Kleurlinge, 1971;

(b) na 'n „volkswelsynbeampte" en 'n „landdros" uitgelê as 'n verwysing onderskeidelik na 'n „maatskaplike werker" en 'n „landdros" soos in bedoelde Wet op Rehabilitasiesentrums vir Kleurlinge, 1971, omskryf.

HOOFSTUK 26

GEOORLOOFDE UITSPRAKE

Poging.

256. Indien die getuienis by strafregtelike verrigtinge nie die pleging van die ten laste gelegde misdryf bewys nie maar 'n poging bewys om daardie misdryf te pleeg of 'n poging om 'n ander misdryf te pleeg waaraan 'n beskuldigde op die ten laste gelegde misdryf skuldig bevind kan word, kan die beskuldigde skuldig bevind word aan 'n poging om daardie misdryf of, na gelang van die geval, so 'n ander misdryf te pleeg.

Accessory after the fact.

257. If the evidence in criminal proceedings does not prove the commission of the offence charged but proves that the accused is guilty as an accessory after that offence or any other offence of which he may be convicted on the offence charged, the accused may be found guilty as an accessory after that offence or, as the case may be, such other offence, and shall, in the absence of any punishment expressly provided by law, be liable to punishment at the discretion of the court: Provided that such punishment shall not exceed the punishment which may be imposed in respect of the offence with reference to which the accused is convicted as an accessory: Provided further that the punishment to which such accessory shall be liable shall not include the sentence of death.

Murder and attempted murder.

258. If the evidence on a charge of murder or attempted murder does not prove the offence of murder or, as the case may be, attempted murder, but—

(a) the offence of culpable homicide;
(b) the offence of assault with intent to do grievous bodily harm;
(c) the offence of robbery;
(d) in a case relating to a child, the offence of exposing an infant, whether under a statute or at common law, or the offence of disposing of the body of a child, in contravention of section 113 of the General Law Amendment Act, 1935 (Act 46 of 1935), with intent to conceal the fact of its birth;
(e) the offence of common assault;
(f) the offence of public violence; or
(g) the offence of pointing a fire-arm, air-gun or air-pistol in contravention of any law,

the accused may be found guilty of the offence so proved.

Culpable homicide.

259. If the evidence on a charge of culpable homicide does not prove the offence of culpable homicide, but—

(a) the offence of assault with intent to do grievous bodily harm;
(b) the offence of robbery;
(c) in a case relating to a child, the offence of exposing an infant, whether under a statute or at common law, or the offence of disposing of the body of a child, in contravention of section 113 of the General Law Amendment Act, 1935 (Act 46 of 1935), with intent to conceal the fact of its birth;
(d) the offence of common assault;
(e) the offence of public violence; or
(f) the offence of pointing a fire-arm, air-gun or air-pistol in contravention of any law,

the accused may be found guilty of the offence so proved.

Robbery.

260. If the evidence on a charge of robbery or attempted robbery does not prove the offence of robbery or, as the case may be, attempted robbery, but—

(a) the offence of assault with intent to do grievous bodily harm;
(b) the offence of common assault;
(c) the offence of pointing a firearm, air-gun or air-pistol in contravention of any law;
(d) the offence of theft;
(e) the offence of receiving stolen property knowing it to have been stolen;
(f) an offence under section 36 or 37 of the General Law Amendment Act, 1955 (Act 62 of 1955); or
(g) in the case of the territory, an offence under section 6 or 7 of the General Law Amendment Ordinance, 1956 (Ordinance 12 of 1956),

the accused may be found guilty of the offence so proved, or, where the offence of assault with intent to do grievous bodily

Begunstiging by misdryf.

257. Indien die getuienis by strafregtelike verrigtinge nie die pleging van die ten laste gelegde misdryf bewys nie maar bewys dat die beskuldigde skuldig is as begunstiger by daardie misdryf of 'n ander misdryf waaraan hy op die ten laste gelegde misdryf skuldig bevind kan word, kan die beskuldigde skuldig bevind word aan begunstiging by daardie misdryf of, na gelang van die geval, so 'n ander misdryf, en is hy, by ontstentenis van 'n uitdruklik by wet bepaalde straf, onderhewig aan straf volgens goeddunke van die hof: Met dien verstande dat bedoelde straf nie die straf te bowe gaan wat opgelê kan word ten opsigte van die misdryf met betrekking waartoe die beskuldigde as begunstiger skuldig bevind word nie: Met dien verstande voorts dat die straf waaraan die begunstiger onderhewig is, nie die doodstraf insluit nie.

Moord en poging tot moord.

258. Indien die getuienis op 'n aanklag van moord of poging tot moord nie die misdryf moord of, na gelang van die geval, poging tot moord bewys nie, maar—

(a) die misdryf strafbare manslag;
(b) die misdryf aanranding met die opset om ernstig te beseer;
(c) die misdryf roof;
(d) in 'n geval betreffende 'n kind, die misdryf van blootstelling van 'n jong kind, hetsy ingevolge 'n wet of die gemene reg, of die misdryf van die wegmaak van die liggaam van 'n kind, in stryd met artikel 113 van die Algemene Regswysingswet, 1935 (Wet 46 van 1935), met die opset om die feit van sy geboorte te verberg;
(e) die misdryf gewone aanranding;
(f) die misdryf openbare geweld; of
(g) die misdryf dat 'n vuurwapen, windbuks of windpistool in stryd met 'n wet gerig is,

kan die beskuldigde aan die aldus bewese misdryf skuldig bevind word.

Strafbare manslag.

259. Indien die getuienis op 'n aanklag van strafbare manslag nie die misdryf strafbare manslag bewys nie, maar—

(a) die misdryf aanranding met die opset om ernstig te beseer;
(b) die misdryf roof;
(c) in 'n geval betreffende 'n kind, die misdryf van blootstelling van 'n jong kind, hetsy ingevolge 'n wet of die gemene reg, of die misdryf van die wegmaak van die liggaam van 'n kind, in stryd met artikel 113 van die Algemene Regswysigingswet, 1935 (Wet 46 van 1935), met die opset om die feit van sy geboorte te verberg;
(d) die misdryf gewone aanranding;
(e) die misdryf openbare geweld; of
(f) die misdryf dat 'n vuurwapen, windbuks of windpistool in stryd met 'n wet gerig is,

kan die beskuldigde aan die aldus bewese misdryf skuldig bevind word.

Roof.

260. Indien die getuienis op 'n aanklag van roof of poging tot roof nie die misdryf roof of poging tot roof, na gelang van die geval, bewys nie, maar—

(a) die misdryf aanranding met die opset om ernstig te beseer;
(b) die misdryf gewone aanranding;
(c) die misdryf dat 'n vuurwapen, windbuks of windpistool in stryd met 'n wet gerig is;
(d) die misdryf diefstal;
(e) die misdryf ontvangs van gesteelde goed wetende dat die goed gesteel is;
(f) 'n misdryf ingevolge artikel 36 of 37 van die Algemene Regswysigingswet, 1955 (Wet 62 van 1955); of
(g) in die geval van die gebied, 'n misdryf ingevolge artikel 6 of 7 van die Algemene Regswysigingsordonnansie, 1956 (Ordonnansie 12 van 1956),

kan die beskuldigde aan die aldus bewese misdryf, of, waar die misdryf aanranding met die opset om ernstig te beseer of die

harm or the offence of common assault and the offence of theft are proved, of both such offences.

Rape and indecent assault.

261. (1) If the evidence on a charge of rape or attempted rape does not prove the offence of rape or, as the case may be, attempted rape, but—

(a) the offence of assault with intent to do grievous bodily harm;

(b) the offence of indecent assault;

(c) the offence of common assault;

(d) the offence of incest;

(e) the statutory offence of—
(i) unlawful carnal intercourse with a girl under a specified age;
(ii) committing an immoral or indecent act with such a girl; or
(iii) soliciting or enticing such a girl to the commission of an immoral or indecent act;

(f) the statutory offence of—
(i) unlawful carnal intercourse with a female idiot or imbecile;
(ii) committing an immoral or indecent act with such a female; or
(iii) soliciting or enticing such a female to the commission of an immoral or indecent act;

(g) if the accused is a coloured person as defined in the law relating to immorality between white persons and coloured persons, the statutory offence of—
(i) unlawful carnal intercourse with a white female person so defined;
(ii) committing an immoral or indecent act with such a female person; or
(iii) soliciting, enticing or importuning such a female person to have unlawful carnal intercourse or to the commission of an immoral or indecent act; or

(h) if the accused is a white person as defined in the law relating to immorality between white persons and coloured persons, the statutory offence of—
(i) unlawful carnal intercourse with a coloured female so defined;
(ii) committing an immoral or indecent act with such a female person; or
(iii) soliciting, enticing or importuning such a female person to have unlawful carnal intercourse or to the commission of an immoral or indecent act,

the accused may be found guilty of the offence so proved.

(2) If the evidence on a charge of indecent assault does not prove the offence of indecent assault but—

(a) the offence of common assault;

(b) the statutory offence of—
(i) committing an immoral or indecent act with a girl or a boy under a specified age; or
(ii) soliciting or enticing such a girl or boy to the commission of an immoral or indecent act;

(c) the statutory offence of—
(i) attempting to have unlawful carnal intercourse with a female idiot or imbecile; or
(ii) committing an immoral or indecent act with such a female;

(d) if the accused is a coloured person as defined in the law relating to immorality between white persons and coloured persons, the statutory offence of—
(i) committing an immoral or indecent act with a white female person so defined; or

misdryf gewone aanranding en die misdryf diefstal bewys word, aan albei sodanige misdrywe skuldig bevind word.

Verkragting en onsedelike aanranding.

261. (1) Indien die getuienis op 'n aanklag van verkragting of poging tot verkragting nie die misdryf verkragting of poging tot verkragting bewys nie, maar—

(a) die misdryf aanranding met die opset om ernstig te beseer;

(b) die misdryf onsedelike aanranding;

(c) die misdryf gewone aanranding;

(d) die misdryf bloedskande;

(e) die statutêre misdryf van—

(i) wederregtelike vleeslike gemeenskap met 'n meisie onder 'n bepaalde ouderdom;

(ii) die pleeg van 'n onsedelike of onbehoorlike daad met so 'n meisie; of

(iii) die uitlok of aanlok van so 'n meisie tot die pleeg van 'n onsedelike of onbehoorlike daad;

(f) die statutêre misdryf van—

(i) wederregtelike vleeslike gemeenskap met 'n vroulike idioot of swaksinnige;

(ii) die pleeg van 'n onsedelike of onbehoorlike daad met so 'n vrouspersoon; of

(iii) die uitlok of aanlok van so 'n vrouspersoon tot die pleeg van 'n onsedelike of onbehoorlike daad;

(g) indien die beskuldigde 'n nie-blanke persoon is soos omskryf in die wet betreffende ontug tussen blanke persone en nie-blanke persone, die statutêre misdryf van—

(i) wederregtelike vleeslike gemeenskap met 'n blanke vrouspersoon aldus omskryf;

(ii) die pleeg van 'n onsedelike of onbehoorlike daad met so 'n vrouspersoon; of

(iii) die uitlok, aanlok of lastigval van so 'n vrouspersoon om wederregtelike vleeslike gemeenskap te voer of tot die pleeg van 'n onsedelike of onbehoorlike daad; of

(h) indien die beskuldigde 'n blanke persoon is soos omskryf in die wet betreffende ontug tussen blanke persone en nie-blanke persone, die statutêre misdryf van—

(i) wederregtelike vleeslike gemeenskap met 'n nie-blanke vrouspersoon aldus omskryf;

(ii) die pleeg van 'n onsedelike of onbehoorlike daad met so 'n vrouspersoon; of

(iii) die uitlok, aanlok of lastigval van so 'n vrouspersoon om wederregtelike vleeslike gemeenskap te voer of tot die pleeg van 'n onsedelike of onbehoorlike daad,

kan die beskuldigde aan die aldus bewese misdryf skuldig bevind word.

(2) Indien die getuienis op 'n aanklag van onsedelike aanranding nie die misdryf onsedelike aanranding bewys nie, maar—

(a) die misdryf gewone aanranding;

(b) die statutêre misdryf van—

(i) die pleeg van 'n onsedelike of onbehoorlike daad met 'n meisie of 'n seun onder 'n bepaalde ouderdom; of

(ii) die uitlok of aanlok van so 'n meisie of seun tot die pleeg van 'n onsedelike of onbehoorlike daad;

(c) die statutêre misdryf van—

(i) 'n poging om wederregtelike vleeslike gemeenskap met 'n vroulike idioot of swaksinnige te voer; of

(ii) die pleeg van 'n onsedelike of onbehoorlike daad met so 'n vrouspersoon;

(d) indien die beskuldigde 'n nie-blanke persoon is soos omskryf in die wet betreffende ontug tussen blanke persone en nie-blanke persone, die statutêre misdryf van—

(i) die pleeg van 'n onsedelike of onbehoorlike daad met 'n blanke vrouspersoon aldus omskryf; of

(ii) soliciting, enticing or importuning such a female person to have unlawful carnal intercourse or to the commission of an immoral or indecent act; or

(e) if the accused is a white person as defined in the law relating to immorality between white persons and coloured persons, the statutory offence of—

(i) committing an immoral or indecent act with a coloured female person so defined; or

(ii) soliciting, enticing or importuning such a female person to have unlawful carnal intercourse or to the commission of an immoral or indecent act,

the accused may be found guilty of the offence so proved.

(3) In this section any reference to a coloured person or a white person shall, in the case of criminal proceedings in the territory, be construed as a reference to a non-European person or a European person, respectively.

Housebreaking with intent to commit an offence.

262. (1) If the evidence on a charge of housebreaking with intent to commit an offence specified in the charge, whether the charge is brought under a statute or the common law, does not prove the offence of housebreaking with intent to commit the offence so specified but the offence of housebreaking with intent to commit an offence other than the offence so specified or of housebreaking with intent to commit an offence unknown, the accused may be found guilty of the offence so proved.

(2) If the evidence on a charge of housebreaking with intent to commit an offence to the prosecutor unknown, whether the charge is brought under a statute or the common law, does not prove the offence of housebreaking with intent to commit an offence to the prosecutor unknown but the offence of housebreaking with intent to commit a specific offence, the accused may be found guilty of the offence so proved.

Statutory offence of breaking and entering or of entering premises.

263. (1) If the evidence on a charge for the statutory offence in any province of breaking and entering or of the entering of any premises with intent to commit an offence specified in the charge, does not prove the offence of breaking and entering or of entering the premises with intent to commit the offence so specified but the offence of breaking and entering or of entering the premises with intent to commit an offence other than the offence so specified or of breaking and entering or of entering the premises with intent to commit an offence unknown, the accused may be found guilty—

(a) of the offence so proved; or

(b) where it is a statutory offence within the province in question to be in or upon any dwelling, premises or enclosed area between sunset and sunrise without lawful excuse, of such offence, if such be the facts proved.

(2) If the evidence on a charge for the statutory offence in any province of breaking and entering or of the entering of any premises with intent to commit an offence to the prosecutor unknown, does not prove the offence of breaking and entering or of entering the premises with intent to commit an offence to the prosecutor unknown but the offence of breaking and entering or of entering the premises with intent to commit a specific offence, the accused may be found guilty of the offence so proved.

Theft.

264. (1) If the evidence on a charge of theft does not prove the offence of theft, but—

(a) the offence of receiving stolen property knowing it to have been stolen;

(ii) die uitlok, aanlok of lastigval van so 'n vrouspersoon om wederregtelike vleeslike gemeenskap te voer of tot die pleeg van 'n onsedelike of onbehoorlike daad; of

(e) indien die beskuldigde 'n blanke persoon is soos omskryf in die wet betreffende ontug tussen blanke persone en nie-blanke persone, die statutêre misdryf van—

(i) die pleeg van 'n onsedelike of onbehoorlike daad met 'n nie-blanke vrouspersoon aldus omskryf; of

(ii) die uitlok, aanlok of lastigval van so 'n vrouspersoon om wederregtelike vleeslike gemeenskap te voer of tot die pleeg van 'n onsedelike of onbehoorlike daad,

kan die beskuldigde aan die aldus bewese misdryf skuldig bevind word.

(3) In die Engelse teks van hierdie artikel word 'n verwysing na 'n ,,coloured person'' of 'n ,,white person'', in die geval van strafregtelike verrigtinge in die gebied, uitgelê as 'n verwysing onderskeidelik na 'n ,,non-European person'' of 'n ,,European person''.

Huisbraak met opset om misdryf te pleeg.

262. (1) Indien die getuienis op 'n aanklag weens huisbraak met die opset om 'n in die aanklag vermelde misdryf te pleeg, hetsy die aanklag ingevolge 'n wet of die gemene reg gestel word, nie die misdryf huisbraak met die opset om die aldus vermelde misdryf te pleeg, bewys nie, maar die misdryf huisbraak met die opset om 'n ander misdryf as die aldus vermelde misdryf te pleeg of die misdryf huisbraak met die opset om 'n onbekende misdryf te pleeg, kan die beskuldigde aan die aldus bewese misdryf skuldig bevind word.

(2) Indien die getuienis op 'n aanklag weens huisbraak met die opset om 'n aan die aanklaer onbekende misdryf te pleeg, hetsy die aanklag ingevolge 'n wet of die gemene reg gestel word, nie die misdryf huisbraak met die opset om 'n aan die aanklaer onbekende misdryf te pleeg, bewys nie, maar die misdryf huisbraak met die opset om 'n bepaalde misdryf te pleeg, kan die beskuldigde aan die aldus bewese misdryf skuldig bevind word.

Statutêre misdryf van inbraak en betreding of van betreding van perseel.

263. (1) Indien die getuienis op 'n aanklag weens die statutêre misdryf in 'n provinsie van inbraak en betreding of van die betreding van 'n perseel met die opset om 'n in die aanklag vermelde misdryf te pleeg, nie die misdryf van inbraak en betreding of van betreding van die perseel met die opset om die aldus vermelde misdryf te pleeg, bewys nie, maar die misdryf van inbraak en betreding of van betreding van die perseel met die opset om 'n ander misdryf as die aldus vermelde misdryf te pleeg of van inbraak en betreding of van betreding van die perseel met die opset om 'n onbekende misdryf te pleeg, kan die beskuldigde skuldig bevind word—

(a) aan die aldus bewese misdryf; of

(b) waar dit 'n statutêre misdryf in die betrokke provinsie is om tussen sonsondergang en sonsopgang sonder wettige rede in of op 'n woning, perseel of omheinde gebied te wees, aan so 'n misdryf, indien die feite dit bewys.

(2) Indien die getuienis op 'n aanklag weens die statutêre misdryf in 'n provinsie van inbraak en betreding of van die betreding van 'n perseel met die opset om 'n aan die aanklaer onbekende misdryf te pleeg, nie die misdryf van inbraak en betreding of van betreding van die perseel met die opset om 'n aan die aanklaer onbekende misdryf te pleeg, bewys nie, maar die misdryf van inbraak en betreding of van betreding van die perseel met die opset om 'n bepaalde misdryf te pleeg, kan die beskuldigde aan die aldus bewese misdryf skuldig bevind word.

Diefstal.

264. (1) Indien die getuienis op 'n aanklag van diefstal nie die misdryf diefstal bewys nie, maar—

(a) die misdryf ontvangs van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is;

(b) an offence under section 36 or 37 of the General Law Amendment Act, 1955 (Act 62 of 1955);
(c) an offence under section 1 of the General Law Amendment Act, 1956 (Act 50 of 1956); or
(d) in the case of criminal proceedings in the territory, an offence under section 6, 7 or 8 of the General Law Amendment Ordinance, 1956 (Ordinance 12 of 1956),

the accused may be found guilty of the offence so proved.

(2) If a charge of theft alleges that the property referred to therein was stolen on one occasion and the evidence proves that the property was stolen on different occasions, the accused may be convicted of the theft of such property as if it had been stolen on that one occasion.

Receiving stolen property knowing it to have been stolen.

265. If the evidence on a charge of receiving stolen property knowing it to have been stolen does not prove that offence, but—
(a) the offence of theft;
(b) an offence under section 37 of the General Law Amendment Act, 1955 (Act 62 of 1955); or
(c) in the case of criminal proceedings in the territory, an offence under section 7 of the General Law Amendment Ordinance, 1956 (Ordinance 12 of 1956),

the accused may be found guilty of the offence so proved.

Assault with intent to do grievous bodily harm.

266. If the evidence on a charge of assault with intent to do grievous bodily harm does not prove the offence of assault with intent to do grievous bodily harm but the offence of—
(a) common assault;
(b) indecent assault; or
(c) pointing a fire-arm, air-gun or air-pistol in contravention of any law,

the accused may be found guilty of the offence so proved.

Common assault.

267. If the evidence on a charge of common assault proves the offence of indecent assault, the accused may be found guilty of indecent assault, or, if the evidence on such a charge does not prove the offence of common assault but the offence of pointing a fire-arm, air-gun or air-pistol in contravention of any law, the accused may be found guilty of that offence.

Statutory unlawful carnal intercourse.

268. If the evidence on a charge of unlawful carnal intercourse or attempted unlawful carnal intercourse with another person in contravention of any statute does not prove that offence but—
(a) the offence of indecent assault;
(b) the offence of common assault; or
(c) the statutory offence of—
(i) committing an immoral or indecent act with such other person;
(ii) soliciting, enticing or importuning such other person to have unlawful carnal intercourse;
(iii) soliciting, enticing or importuning such other person to commit an immoral or indecent act; or
(iv) conspiring with such other person to have unlawful carnal intercourse,

the accused may be found guilty of the offence so proved.

Sodomy.

269. If the evidence on a charge of sodomy or attempted sodomy does not prove the offence of sodomy or, as the case may be, attempted sodomy, but the offence of indecent assault or common assault, the accused may be found guilty of the offence so proved.

(b) 'n misdryf ingevolge artikel 36 of 37 van die Algemene Regswysigingswet, 1955 (Wet 62 van 1955);
(c) 'n misdryf ingevolge artikel 1 van die Algemene Regswysigingswet, 1956 (Wet 50 van 1956); of
(d) in die geval van strafregtelike verrigtinge in die gebied, 'n misdryf ingevolge artikel 6, 7 of 8 van die Algemene Regswysigingsordonnansie, 1956 (Ordonnansie 12 van 1956),

kan die beskuldigde aan die aldus bewese misdryf skuldig bevind word.

(2) Indien 'n aanklag van diefstal beweer dat die daarin vermelde goed op een geleentheid gesteel is en die getuienis bewys dat die goed op verskillende geleenthede gesteel is, kan die beskuldigde aan die diefstal van bedoelde goed skuldig bevind word asof dit op daardie een geleentheid gesteel is.

Ontvangs van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is.

265. Indien die getuienis op 'n aanklag van ontvangs van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is, nie daardie misdryf bewys nie, maar—

(a) die misdryf diefstal;
(b) 'n misdryf ingevolge artikel 37 van die Algemene Regswysigingswet, 1955 (Wet 62 van 1955); of
(c) in die geval van strafregtelike verrigtinge in die gebied, 'n misdryf ingevolge artikel 7 van die Algemene Regswysigingsordonnansie, 1956 (Ordonnansie 12 van 1956),

kan die beskuldigde aan die aldus bewese misdryf skuldig bevind word.

Aanranding met die opset om ernstig te beseer.

266. Indien die getuienis op 'n aanklag van aanranding met die opset om ernstig te beseer, nie die misdryf aanranding met die opset om ernstig te beseer, bewys nie, maar die misdryf—

(a) gewone aanranding;
(b) onsedelike aanranding; of
(c) dat 'n vuurwapen, windbuks of windpistool in stryd met 'n wet gerig is,

kan die beskuldigde aan die aldus bewese misdryf skuldig bevind word.

Gewone aanranding.

267. Indien die getuienis op 'n aanklag van gewone aanranding die misdryf onsedelike aanranding bewys, kan die beskuldigde aan onsedelike aanranding skuldig bevind word, of, indien die getuienis op so 'n aanklag nie die misdryf gewone aanranding bewys nie maar die misdryf dat 'n vuurwapen, windbuks of windpistool in stryd met 'n wet gerig is, kan die beskuldigde aan daardie misdryf skuldig bevind word.

Statutêr-wederregtelike vleeslike gemeenskap.

268. Indien die getuienis op 'n aanklag van wederregtelike vleeslike gemeenskap of poging tot wederregtelike vleeslike gemeenskap met 'n ander persoon in stryd met 'n wet nie daardie misdryf bewys nie, maar—

(a) die misdryf onsedelike aanranding;
(b) die misdryf gewone aanranding; of
(c) die statutêre misdryf van—
  (i) die pleeg van 'n onsedelike of onbehoorlike daad met so 'n ander persoon;
  (ii) die uitlok, aanlok of lastigval van so 'n ander persoon om wederregtelike vleeslike gemeenskap te voer;
  (iii) die uitlok, aanlok of lastigval van so 'n ander persoon om 'n onsedelike of onbehoorlike daad te verrig; of
  (iv) die sameswering met so 'n ander persoon om wederregtelike vleeslike gemeenskap te voer,

kan die beskuldigde aan die aldus bewese misdryf skuldig bevind word.

Sodomie.

269. Indien die getuienis op 'n aanklag van sodomie of poging tot sodomie nie die misdryf sodomie of, na gelang van die geval, poging tot sodomie bewys nie, maar die misdryf onsedelike aanranding of gewone aanranding, kan die beskuldigde aan die aldus bewese misdryf skuldig bevind word.

Offences not specified in this Chapter.

270. If the evidence on a charge for any offence not referred to in the preceding sections of this Chapter does not prove the commission of the offence so charged but proves the commission of an offence which by reason of the essential elements of that offence is included in the offence so charged, the accused may be found guilty of the offence so proved.

CHAPTER 27

PREVIOUS CONVICTIONS

Previous convictions may be proved.

271. (1) The prosecution may, after an accused has been convicted but before sentence has been imposed upon him, produce to the court for admission or denial by the accused a record of previous convictions alleged against the accused.

(2) The court shall ask the accused whether he admits or denies any previous conviction referred to in subsection (1).

(3) If the accused denies such previous conviction, the prosecution may tender evidence that the accused was so previously convicted.

(4) If the accused admits such previous conviction or such previous conviction is proved against the accused, the court shall take such conviction into account when imposing any sentence in respect of the offence of which the accused has been convicted.

Finger-print record *prima facie* evidence of conviction.

272. When a previous conviction may be proved under any provision of this Act, a record, photograph or document which relates to a finger-print and which purports to emanate from the officer commanding the South African Criminal Bureau or, in the case of any other country, from any officer having charge of the criminal records of the country in question, shall, whether or not such record, photograph or document was obtained under any law or against the wish or the will of the person concerned, be admissible in evidence at criminal proceedings upon production thereof by a police official having the custody thereof, and shall be *prima facie* proof of the facts contained therein.

Evidence of further particulars relating to previous conviction.

273. Whenever any court in criminal proceedings requires particulars or further particulars or clarification of any previous conviction admitted by or proved against an accused at such proceedings—

(a) any telegram purporting to have been sent by the officer commanding the South African Criminal Bureau or by any court within the Republic; or

(b) any document purporting to be certified as correct by the officer referred to in paragraph *(a)* or by any registrar or clerk of any court within the Republic or by any officer in charge of any prison within the Republic,

and which purports to furnish such particulars or such clarification, shall, upon the mere production thereof at the relevant proceedings be admissible as *prima facie* proof of the facts contained therein.

CHAPTER 28

SENTENCE

Evidence on sentence.

274. (1) A court may, before passing sentence, receive such evidence as it thinks fit in order to inform itself as to the proper sentence to be passed.

(2) The accused may address the court on any evidence received under subsection (1), as well as on the matter of the sentence, and thereafter the prosecution may likewise address the court.

Misdrywe nie in hierdie Hoofstuk vermeld nie.

270. Indien die getuienis op 'n aanklag weens 'n misdryf wat nie in die voorafgaande artikels van hierdie Hoofstuk vermeld word nie, nie die pleging van die aldus ten laste gelegde misdryf bewys nie maar die pleging van 'n misdryf bewys wat uit hoofde van die wesenlike bestanddele van daardie misdryf by die aldus ten laste gelegde misdryf inbegrepe is, kan die beskuldigde aan die aldus bewese misdryf skuldig bevind word.

HOOFSTUK 27

VORIGE VEROORDELINGS

Vorige veroordelings kan bewys word.

271. (1) Die vervolging kan, nadat 'n beskuldigde skuldig bevind is maar voordat vonnis hom opgelê is, 'n lys van vorige veroordelings wat teen die beskuldigde beweer word, aan die hof voorlê vir erkenning of ontkenning deur die beskuldigde.

(2) Die hof moet die beskuldigde vra of hy 'n in subartikel (1) bedoelde vorige veroordeling erken of ontken.

(3) Indien die beskuldigde so 'n vorige veroordeling ontken, kan die vervolging getuienis aanbied dat die beskuldigde aldus voorheen skuldig bevind is.

(4) Indien die beskuldigde so 'n vorige veroordeling erken of so 'n vorige veroordeling teen die beskuldigde bewys word, neem die hof so 'n veroordeling in aanmerking by die oplegging van 'n vonnis ten opsigte van die misdryf waaraan die beskuldigde skuldig bevind is.

Vingerafdrukregister *prima facie*-bewys van vorige veroordeling.

272. Wanneer 'n vorige veroordeling ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet bewys kan word, is 'n register, foto of dokument wat op 'n vingerafdruk betrekking het en wat voorgee afkomstig te wees van die bevelvoerende offisier van die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro of, in die geval van 'n ander land, van 'n beampte wat toesig het oor die strafregtelike stukke van die betrokke land, by strafregtelike verrigtinge as getuienis toelaatbaar by voorlegging daarvan deur 'n polisiebeampte in wie se bewaring dit is, hetsy so 'n register, foto of dokument ingevolge 'n wet of teen die sin of wil van die betrokke persoon verkry is al dan nie, en is dit *prima facie*-bewys van die feite daarin vervat.

Getuienis van nadere besonderhede betreffende vorige veroordeling.

273. Wanneer 'n hof in strafregtelike verrigtinge besonderhede of nadere besonderhede of opheldering van 'n vorige veroordeling verlang wat deur 'n beskuldigde by daardie verrigtinge erken is of teen hom bewys is, is—

(a) 'n telegram wat voorgee versend te gewees het deur die bevelvoerende offisier van die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro of deur 'n hof binne die Republiek; of

(b) 'n dokument wat voorgee as juis gewaarmerk te wees deur die in paragraaf *(a)* bedoelde offisier of deur 'n griffier of klerk van 'n hof binne die Republiek of deur 'n beampte in beheer van 'n gevangenis binne die Republiek,

en wat voorgee sodanige besonderhede of sodanige opheldering te verstrek, by blote voorlegging daarvan by die betrokke verrigtinge toelaatbaar as *prima facie*-bewys van die feite daarin vervat.

HOOFSTUK 28

VONNIS

Getuienis oor vonnis.

274. (1) 'n Hof kan, voordat hy vonnis oplê, die getuienis aanhoor wat hy goedvind ten einde homself in te lig oor die gepaste straf om op te lê.

(2) Die beskuldigde kan die hof toespreek oor getuienis wat kragtens subartikel (1) aangehoor is, asook oor die aangeleentheid van die vonnis, en daarna kan die vervolging die hof insgelyks toespreek.

Sentence by judicial officer other than judicial officer who convicts.

275. If sentence is not passed upon an accused forthwith upon conviction in a lower court, or if, by reason of any decision or order of a superior court on appeal, review or otherwise, it is necessary to add to or vary any sentence passed in a lower court or to pass sentence afresh in such court, any judicial officer of that court may, in the absence of the judicial officer who convicted the accused or passed the sentence, as the case may be, and after consideration of the evidence recorded and in the presence of the accused, pass sentence on the accused or take such other steps as the judicial officer who is absent, could lawfully have taken in the proceedings in question if he had not been absent.

Nature of punishments.

276. (1) Subject to the provisions of this Act and any other law and of the common law, the following sentences may be passed upon a person convicted of an offence, namely—

(a) the sentence of death;
(b) imprisonment;
(c) periodical imprisonment;
(d) declaration as an habitual criminal;
(e) committal to any institution established by law;
(f) a fine;
(g) a whipping.

(2) Save as is otherwise expressly provided by this Act, no provision thereof shall be construed—

(a) as authorizing any court to impose any sentence other than or any sentence in excess of the sentence which that court may impose in respect of any offence; or
(b) as derogating from any authority specially conferred upon any court by any law to impose any other punishment or to impose any forfeiture in addition to any other punishment.

When sentence of death is a competent sentence.

277. (1) Sentence of death may be passed by a superior court only and—

(a) shall, subject to the provisions of subsection (2), be passed upon a person convicted of murder;
(b) may be passed upon a person convicted of treason, kidnapping, child-stealing or rape;
(c) may be passed upon a person convicted of—
(i) robbery or attempted robbery; or
(ii) any offence, whether at common law or under any statute, of housebreaking or attempted housebreaking with intent to commit an offence,
if the court finds aggravating circumstances to have been present.

(2) Where a woman is convicted of the murder of her newly born child or where a person under the age of eighteen years is convicted of murder or where the court, on convicting a person of murder, is of the opinion that there are extenuating circumstances, the court may impose any sentence other than the death sentence.

Sentence of death upon pregnant woman.

278. (1) When sentence of death is passed upon a woman, she may at any time after the passing of the sentence apply for an order to stay execution on the ground that she is quick with child.

(2) If such an application is made, the court shall direct that one or more duly registered medical practitioners shall examine the woman in a private place, either together or successively, to ascertain whether she is quick with child or not.

(3) If upon the report of any of them on oath it appears that the woman is quick with child, the court shall order that the execution of the sentence be stayed until she is delivered of a child or until it is no longer possible in the course of nature that she should be so delivered.

Vonnis deur ander regterlike amptenaar as regterlike amptenaar wat skuldig bevind.

275. Indien 'n beskuldigde nie onmiddellik by skuldigbevinding in 'n laer hof vonnis opgelê word nie, of indien, vanweë 'n beslissing of bevel van 'n hoër hof by appèl, hersiening of andersins, dit nodig is om 'n vonnis wat in 'n laer hof opgelê is, te wysig of iets daarby te voeg of om opnuut vonnis in so 'n hof op te lê, kan enige regterlike amptenaar van daardie hof, by afwesigheid van die regterlike amptenaar wat die beskuldigde skuldig bevind of, na gelang van die geval, die vonnis opgelê het, en na oorweging van die aangetekende getuienis en in die aanwesigheid van die beskuldigde, die beskuldigde 'n vonnis oplê of die ander stappe doen wat die afwesige regterlike amptenaar regtens in die betrokke verrigtinge sou kon gedoen het indien hy nie afwesig was nie.

Aard van strawwe.

276. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet en van 'n ander wet of van die gemene reg, kan die volgende strawwe iemand opgelê word wat weens 'n misdryf skuldig bevind word, naamlik—

(a) die doodvonnis;
(b) gevangenisstraf;
(c) periodieke gevangenisstraf;
(d) verklaring tot gewoontemisdadiger;
(e) verwysing na 'n inrigting by wet ingestel;
(f) 'n boete;
(g) lyfstraf.

(2) Behoudens andersluidende uitdruklike bepalings van hierdie Wet, word geen bepaling daarvan uitgelê as sou dit—

(a) aan 'n hof bevoegdheid verleen om 'n ander vonnis of 'n hoër vonnis op te lê as die vonnis wat daardie hof ten opsigte van 'n misdryf mag oplê nie; of
(b) afbreuk doen aan 'n bevoegdheid wat by wet spesiaal aan 'n hof verleen word om 'n ander vonnis op te lê, of om 'n verbeuring benewens 'n ander vonnis te gelas nie.

Wanneer doodvonnis 'n geoorloofde straf is.

277. (1) Die doodvonnis kan slegs deur 'n hoër hof opgelê word en—

(a) moet, behoudens die bepalings van subartikel (2), 'n persoon opgelê word wat aan moord skuldig bevind word;
(b) kan 'n persoon opgelê word wat aan hoogverraad, menseroof, kinderdiefstal of verkragting skuldig bevind word;
(c) kan 'n persoon opgelê word wat skuldig bevind word aan—
  (i) roof of poging tot roof; of
  (ii) 'n misdryf, hetsy kragtens die gemene reg of 'n wet, van huisbraak of poging tot huisbraak met die opset om 'n misdryf te pleeg,

indien die hof bevind dat verswarende omstandighede aanwesig was.

(2) Waar 'n vrou skuldig bevind word aan moord op haar pasgebore kind of waar iemand onder die ouderdom van agtien jaar aan moord skuldig bevind word of waar die hof, by skuldigbevinding van 'n persoon aan moord, van oordeel is dat daar versagtende omstandighede is, kan die hof 'n ander vonnis as die doodvonnis oplê.

Doodvonnis op swanger vrou.

278. (1) Wanneer die doodvonnis 'n vrou opgelê word, kan sy te eniger tyd na oplegging van die vonnis aansoek doen om 'n bevel dat voltrekking opgeskort word op grond daarvan dat sy swanger is met 'n lewende kind.

(2) Indien so 'n aansoek gedoen word, gelas die hof dat een of meer behoorlik geregistreerde geneeshere die vrou in 'n private plek ondersoek, hetsy gesamentlik of na mekaar, ten einde vas te stel of sy swanger is met 'n lewende kind al dan nie.

(3) Indien dit uit die beëdigde verslag van enigeen van hulle blyk dat die vrou swanger is met 'n lewende kind, gelas die hof dat voltrekking van die vonnis opgeskort word totdat sy aan die kind geboorte gegee het of totdat dit nie langer volgens beloop van die natuur moontlik is dat sy aldus geboorte sal gee nie.

Manner of carrying out death sentence.

279. (1) *(a)* As soon as practicable after a sentence of death has been passed, the judge who passed the sentence or any other judge of the court in question shall issue a warrant to the sheriff or his deputy for the execution of the sentence.

(b) The said warrant shall not be executed until the Minister has in writing signed by himself given notice to the sheriff or his deputy that the State President has decided not to extend mercy to the person under sentence of death.

(2) As soon after the receipt by the sheriff or his deputy of the notice referred to in subsection (1) *(b)* as fitting arrangements for the carrying out of the sentence can be made in or in the precincts of a prison appointed under section 35 (1) of the Prisons Act, 1959 (Act 8 of 1959), the sheriff or a deputy sheriff shall execute the warrant issued to him under subsection (1) *(a)*: Provided that the sheriff or deputy sheriff shall not execute the said warrant if at any time the Minister by written notice under his hand notifies the sheriff or the deputy sheriff that the State President has decided to extend mercy to the person under sentence of death, and such notice shall for all purposes be deemed to be a cancellation of the said warrant.

(3) The Minister may, either generally or in any particular case, direct that any sentence of death shall be executed at a designated place appointed under section 35 (1) of the said Prisons Act, 1959, which is situate within the area of jurisdiction of a court other than the court which passed such sentence, and thereupon the sheriff or his deputy appointed for the area wherein such place is situated shall act in accordance with the provisions of subsections (1) and (2).

(4) The manner of execution of the sentence of death shall be that the person sentenced to death shall be hanged by the neck until he is dead.

Cumulative or concurrent sentences.

280. (1) When a person is at any trial convicted of two or more offences or when a person under sentence or undergoing sentence is convicted of another offence, the court may sentence him to such several punishments for such offences or, as the case may be, to the punishment for such other offence, as the court is competent to impose.

(2) Such punishments, when consisting of imprisonment, shall commence the one after the expiration, setting aside or remission of the other, in such order as the court may direct, unless the court directs that such punishments shall run concurrently.

Interpretation of certain provisions in laws relating to imprisonment and fines.

281. In construing any provision of any law (not being an Act of Parliament passed on or after the first day of September, 1959, or anything enacted by virtue of powers conferred by such an Act), in so far as it prescribes or confers the powers to prescribe a punishment for any offence, any reference in that law—

(a) to imprisonment with or without any form of labour, shall be construed as a reference to imprisonment only;

(b) to any period of imprisonment of less than three months which may not be exceeded in imposing or prescribing a sentence of imprisonment, shall be construed as a reference to a period of imprisonment of three months;

(c) to any fine of less than fifty rand which may not be exceeded in imposing or prescribing a fine, shall be construed as a reference to a fine of fifty rand.

Antedating sentence of imprisonment.

282. Whenever any sentence of imprisonment imposed on any person on conviction for an offence is set aside on appeal or review and any other sentence of imprisonment is thereafter imposed on such person in respect of such offence, the latter sentence may, if the court imposing it is satisfied that the person concerned has served any part of the first-mentioned sentence, be antedated by the court to a specified date which shall not be earlier than the date on which such first-mentioned sentence was

Wyse waarop doodvonnis uitgevoer word.

279. (1) *(a)* So gou doenlik nadat 'n doodvonnis opgelê is, reik die regter wat die vonnis opgelê het of 'n ander regter van die betrokke hof 'n lasbrief aan die balju of sy adjunk uit vir die voltrekking van die vonnis.

(b) Bedoelde lasbrief word nie uitgevoer nie totdat die Minister in 'n deur hom ondertekende geskrif aan die balju of sy adjunk kennis gegee het dat die Staatspresident besluit het om nie die ter dood veroordeelde persoon te begenadig nie.

(2) So spoedig na die ontvangs deur die balju of sy adjunk van die in subartikel (1) *(b)* bedoelde kennisgewing as wat geskikte reëlings getref kan word vir die voltrekking van die vonnis in of binne die mure van 'n gevangenis wat ingevolge artikel 35 (1) van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959), aangewys is, moet die balju of 'n adjunk-balju die ingevolge subartikel (1) *(a)* aan hom uitgereikte lasbrief uitvoer: Met dien verstande dat die balju of adjunk-balju bedoelde lasbrief nie uitvoer nie indien die Minister te eniger tyd by skriftelike kennisgewing onder sy naamtekening die balju of die adjunk-balju in kennis stel dat die Staatspresident besluit het om die ter dood veroordeelde persoon te begenadig, en so 'n kennisgewing word vir alle doeleindes geag 'n intrekking van bedoelde lasbrief te wees.

(3) Die Minister kan, hetsy in die algemeen of in 'n bepaalde geval, gelas dat 'n doodvonnis voltrek word op 'n aangewese plek wat ingevolge artikel 35 (1) van genoemde Wet op Gevangenisse, 1959, aangewys is, en wat geleë is binne die regsgebied van 'n ander hof as die hof wat bedoelde vonnis opgelê het, en daarop handel die balju of sy adjunk wat aangestel is vir die gebied waarin bedoelde plek geleë is, ooreenkomstig die bepalings van subartikels (1) en (2).

(4) Die wyse van voltrekking van die doodvonnis is dat die ter dood veroordeelde persoon aan die nek opgehang word totdat die dood intree.

Kumulatiewe of saamlopende vonnisse.

280. (1) Wanneer iemand by 'n verhoor aan twee of meer misdrywe skuldig bevind word of wanneer iemand wat gevonnis staan te word of wat straf ondergaan aan 'n ander misdryf skuldig bevind word, kan die hof hom veroordeel tot die verskillende strawwe vir daardie misdrywe of, na gelang van die geval, tot die straf vir so 'n ander misdryf, wat die hof bevoeg is om op te lê.

(2) Bedoelde strawwe, wanneer hulle uit gevangenisstraf bestaan, neem 'n aanvang die een na die verstryking, tersydestelling of kwytskelding van die ander in die volgorde wat die hof gelas, tensy die hof gelas dat bedoelde strawwe saamloop.

Uitleg van sekere bepalings in wette met betrekking tot gevangenisstraf en boetes.

281. By die uitleg van 'n bepaling in 'n wet (behalwe 'n Wet van die Parlement op of na die eerste dag van September 1959 aangeneem of iets wat ingevolge bevoegdhede deur so 'n Wet verleen, verorden is), vir sover dit 'n straf vir 'n misdryf voorskryf of die bevoegdheid verleen om so 'n straf voor te skryf, word 'n verwysing in daardie wet—

(a) na gevangenisstraf met of sonder 'n vorm van arbeid, as 'n verwysing na slegs gevangenisstraf uitgelê;

(b) na 'n tydperk van gevangenisstraf vir minder as drie maande wat by die oplê of voorskryf van gevangenisstraf nie te bowe gegaan mag word nie, as 'n verwysing na 'n tydperk van gevangenisstraf van drie maande uitgelê;

(c) na 'n boete van minder as vyftig rand wat by die oplê of voorskryf van 'n boete nie te bowe gegaan mag word nie, as 'n verwysing na 'n boete van vyftig rand uitgelê.

Terugdatering van vonnis van gevangenisstraf.

282. Wanneer 'n vonnis van gevangenisstraf wat iemand by skuldigbevinding aan 'n misdryf opgelê is, op appèl of hersiening tersyde gestel word en bedoelde persoon daarna 'n ander vonnis van gevangenisstraf ten opsigte van daardie misdryf opgelê word, kan laasgenoemde vonnis, indien die hof wat dit oplê oortuig is dat die betrokke persoon 'n gedeelte van eersgenoemde vonnis uitgedien het, deur die hof teruggedateer word na 'n bepaalde datum wat nie vroeër is as die datum

imposed, and thereupon such latter sentence shall be deemed to have been imposed on the date so specified.

Discretion of court as to punishment.

283. (1) A person liable to a sentence of imprisonment for life or for any period, may be sentenced to imprisonment for any shorter period, and a person liable to a sentence of a fine of any amount may be sentenced to a fine of any lesser amount.

(2) The provisions of subsection (1) shall not apply with reference to any offence for which a minimum penalty is prescribed in the law creating the offence or prescribing a penalty therefor.

Minimum period of imprisonment four days.

284. No person shall be sentenced by any court to imprisonment for a period of less than four days unless the sentence is that the person concerned be detained until the rising of the court.

Periodical imprisonment.

285. (1) A court convicting a person of any offence, other than an offence in respect of which any law prescribes a minimum punishment, may, in lieu of any other punishment, sentence such person to undergo in accordance with the laws relating to prisons, periodical imprisonment for a period of not less than one hundred hours and not more than two thousand hours.

(2) The court which imposes a sentence of periodical imprisonment upon any person shall cause to be served upon him a notice in writing directing him to surrender himself on a date and at a time specified in the notice or (if prevented from doing so by circumstances beyond his control) as soon as possible thereafter, to the officer in charge of a place so specified, whether within or outside the area of jurisdiction of the court, for the purpose of undergoing such imprisonment.

(3) A copy of the said notice shall serve as a warrant for the reception into custody of the convicted person by the said officer.

(4) Any person who—

(a) without lawful excuse, the proof whereof shall be on such person, fails to comply with a notice issued under subsection (2); or

(b) when surrendering himself for the purpose of undergoing periodical imprisonment, is under the influence of intoxicating liquor or drugs or the like; or

(c) impersonates or falsely represents himself to be a person who has been directed to surrender himself for the purpose of undergoing periodical imprisonment,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to imprisonment for a period not exceeding three months.

(5) If, before the expiration of any sentence of periodical imprisonment imposed upon any person for any offence, such person is undergoing a punishment of any other form of detention imposed by any court, any magistrate before whom such person is brought, shall set aside the unexpired portion of the sentence of periodical imprisonment and, after considering the evidence recorded in respect of such offence, may impose in lieu of such unexpired portion any punishment within the limits of his jurisdiction and of any punishment prescribed by any law as a punishment for such offence.

Declaration of certain persons as habitual criminals.

286. (1) Subject to the provisions of subsection (2), a superior court or a regional court which convicts a person of one or more offences, may, if it is satisfied that the said person habitually commits offences and that the community should be protected against him, declare him an habitual criminal, in lieu of the imposition of any other punishment for the offence or offences of which he is convicted.

(2) No person shall be declared an habitual criminal—

(a) if he is under the age of eighteen years; or

(b) for an offence in respect of which it is compulsory to impose the sentence of death; or

waarop bedoelde eersgenoemde vonnis opgelê is nie, en daarop word bedoelde laasgenoemde vonnis geag op die aldus bepaalde datum opgelê te gewees het.

Diskresie van hof met betrekking tot strawwe.

283. (1) Iemand wat met lewenslange gevangenisstraf of met gevangenisstraf vir 'n tydperk strafbaar is, kan tot gevangenisstraf vir 'n korter tydperk veroordeel word, en iemand wat met 'n boete van enige bedrag strafbaar is, kan tot 'n boete van 'n laer bedrag veroordeel word.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing nie met betrekking tot 'n misdryf waarvoor 'n minimum straf voorgeskryf word in die wetsbepaling wat die misdryf skep of 'n straf daarvoor voorskryf.

Minimum tydperk van gevangenisstraf vier dae.

284. Niemand word deur 'n hof tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van minder as vier dae gevonnis nie tensy die vonnis is dat die betrokke persoon aangehou word totdat die hof verdaag.

Periodieke gevangenisstraf.

285. (1) 'n Hof wat iemand skuldig bevind aan 'n ander misdryf as 'n misdryf ten opsigte waarvan 'n wet 'n minimum straf voorskryf, kan, in die plek van enige ander straf, so iemand veroordeel om, ooreenkomstig die wetsbepalings op gevangenisse, periodieke gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens honderd uur en hoogstens tweeduisend uur te ondergaan.

(2) Die hof wat iemand periodieke gevangenisstraf oplê, moet 'n skriftelike kennisgewing aan hom laat beteken wat hom gelas om hom op 'n datum en tyd in die kennisgewing vermeld of (indien hy deur omstandighede buite sy beheer verhoed word om dit te doen) so spoedig moontlik daarna, aan die beampte in bevel van 'n aldus vermelde plek, hetsy binne of buite die regsgebied van die hof, oor te gee ten einde daardie gevangenisstraf te ondergaan.

(3) 'n Afskrif van genoemde kennisgewing dien as 'n lasbrief vir die inbewaringneming van die veroordeelde persoon deur bedoelde beampte.

(4) Iemand wat—

(a) sonder regmatige verskoning, waarvan die bewyslas op hom rus, in gebreke bly om 'n kennisgewing kragtens subartikel (2) uitgereik, te gehoorsaam; of

(b) onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels of iets dergeliks is wanneer hy hom oorgee om periodieke gevangenisstraf te ondergaan; of

(c) hom uitgee vir, of valslik voordoen as, iemand wat gelas is om hom oor te gee om periodieke gevangenisstraf te ondergaan,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

(5) Indien, voor die verstryking van periodieke gevangenisstraf wat 'n persoon weens 'n misdryf opgelê is, daardie persoon 'n straf van 'n ander vorm van aanhouding deur 'n hof opgelê, ondergaan, moet 'n landdros voor wie hy gebring word die onverstreke gedeelte van die periodieke gevangenisstraf tersyde stel en kan hy, na oorweging van die getuienis ten opsigte van genoemde misdryf genotuleer, in die plek van daardie onverstreke gedeelte 'n straf oplê wat binne die perke val van sy regsbevoegdheid en van 'n straf by 'n wetsbepaling voorgeskryf as 'n straf vir daardie misdryf.

Verklaring van sekere persone tot gewoontemisdadigers.

286. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), kan 'n hoër hof of 'n streekhof wat 'n persoon aan een of meer misdrywe skuldig bevind, indien die hof oortuig is dat genoemde persoon uit gewoonte misdrywe pleeg en dat die gemeenskap teen hom beskerm behoort te word, hom 'n gewoontemisdadiger verklaar, in plaas van die oplegging van 'n ander straf vir die misdryf of misdrywe waaraan hy skuldig bevind word.

(2) Niemand word 'n gewoontemisdadiger verklaar nie—

(a) indien hy onder die ouderdom van agtien jaar is; of

(b) weens 'n misdryf ten opsigte waarvan dit verpligtend is om die doodvonnis op te lê; of

(c) if in the opinion of the court the offence warrants the imposition of the sentence of death or punishment which by itself or together with any punishment warranted or required in respect of any other offence of which the accused is simultaneously convicted, would entail imprisonment for a period exceeding fifteen years.

(3) A person declared an habitual criminal shall be dealt with in accordance with the laws relating to prisons.

Imprisonment in default of payment of fine.

287. (1) Whenever a court convicts a person of any offence punishable by a fine (whether with or without any other direct or alternative punishment), it may, in imposing a fine upon such person, impose, as a punishment alternative to such fine, a sentence of imprisonment of any period within the limits of its jurisdiction: Provided that, subject to the provisions of subsection (3), the period of such alternative sentence of imprisonment shall not, either alone or together with any period of imprisonment imposed as a direct punishment, exceed the longest period of imprisonment prescribed by any law as a punishment (whether direct or alternative) for such offence.

(2) Whenever a court has imposed upon any person a fine without an alternative sentence of imprisonment and the fine is not paid in full or is not recovered in full in terms of section 288, the court which passed sentence on such person (or if that court was a circuit local division of the Supreme Court, then the provincial or local division of the Supreme Court within whose area of jurisdiction such sentence was imposed) may issue a warrant directing that he be arrested and brought before the court, which may thereupon sentence him to such term of imprisonment as could have been imposed upon him as an alternative punishment in terms of subsection (1).

(3) Whenever by any law passed before the date of commencement of the General Law Amendment Act, 1935 (Act 46 of 1935), a court is empowered to impose upon a person convicted by such court of an offence, a sentence of imprisonment (whether direct or as an alternative to a fine) of a duration proportionate to the sum of a fine, that court may, notwithstanding such law, impose upon any person convicted of such offence in lieu of a sentence of imprisonment which is proportionate as aforesaid, any sentence of imprisonment within the limits of the jurisdiction of the court.

Recovery of fine.

288. (1) *(a)* Whenever a person is sentenced to pay a fine, the court passing the sentence may, in its discretion, issue a warrant addressed to the sheriff or messenger of the court authorizing him to levy the amount of the fine by attachment and sale of any movable property belonging to such person although the sentence directs that, in default of payment of the fine, such person shall be imprisoned.

(b) The amount which may be levied shall be sufficient to cover, in addition to the fine, the costs and expenses of the warrant and of the attachment and sale thereunder.

(2) If the proceeds of the sale of the movable property are insufficient to satisfy the amount of the fine and the costs and expenses aforesaid, a superior court may issue a warrant, or, in the case of a sentence by any lower court, authorize such lower court to issue a warrant for the levy against the immovable property of such person of the amount unpaid.

(3) When a person is sentenced only to a fine or, in default of payment of the fine, imprisonment and the court issues a warrant under this section, it may suspend the execution of the sentence of imprisonment and may release the person upon his executing a bond with or without sureties as the court thinks fit, on condition that he appears before such court or some other court on the day appointed for the return of such warrant, such day being not more than fifteen days from the time of executing the bond, and in the

(c) indien na die oordeel van die hof die misdryf die oplegging regverdig van die doodvonnis of 'n straf wat op sigself of saam met 'n straf wat ten opsigte van 'n ander misdryf waaraan die beskuldigde terselfdertyd skuldig bevind word, geregverdig is of vereis word, gevangenisstraf vir 'n tydperk wat vyftien jaar te bowe gaan, sou meebring.

(3) Met iemand wat 'n gewoontemisdadiger verklaar is, word gehandel ooreenkomstig die wetsbepalings op gevangenisse.

Gevangenisstraf by wanbetaling van boete.

287. (1) Wanneer 'n hof iemand skuldig bevind aan 'n misdryf wat met 'n boete strafbaar is (hetsy met of sonder 'n ander regstreekse of alternatiewe straf) kan die hof, by die oplegging van 'n boete aan so iemand, gevangenisstraf vir 'n tydperk wat binne sy regsbevoegdheid val, as 'n alternatiewe straf vir so 'n boete oplê: Met dien verstande dat, behoudens die bepalings van subartikel (3), die tydperk van die alternatiewe gevangenisstraf, hetsy alleen of tesame met 'n ander tydperk van gevangenisstraf wat as regstreekse straf opgelê word, nie die langste tydperk van gevangenisstraf wat deur 'n wetsbepaling as 'n straf (hetsy regstreeks of as alternatief) vir so 'n misdryf voorgeskryf word, te bowe gaan nie.

(2) Wanneer 'n hof iemand 'n boete sonder 'n alternatiewe gevangenisstraf opgelê het, en die boete nie ten volle betaal word of nie ten volle ooreenkomstig artikel 288 ingevorder word nie, kan die hof wat so iemand gevonnis het (of indien daardie hof 'n rondgaande plaaslike afdeling van die Hooggeregshof was, dan die provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof in wie se regsgebied bedoelde vonnis opgelê was) 'n lasbrief uitreik waarin gelas word dat hy in hegtenis geneem en voor die hof gebring word, wat hom daarop tot die tydperk van gevangenisstraf kan veroordeel wat hom ingevolge subartikel (1) as 'n alternatiewe straf opgelê kon gewees het.

(3) Wanneer 'n wetsbepaling wat voor die datum van die inwerkingtreding van die Algemene Regswysigingswet, 1935 (Wet 46 van 1935), aangeneem is, aan 'n hof bevoegdheid verleen om iemand wat deur daardie hof aan 'n misdryf skuldig bevind is, gevangenisstraf op te lê (hetsy regstreeks of as alternatief vir 'n boete) vir 'n tydperk wat in 'n bepaalde verhouding tot die bedrag van 'n boete staan, dan kan bedoelde hof, ondanks bedoelde wetsbepaling, aan 'n persoon wat weens so 'n misdryf skuldig bevind word, in plaas van gevangenisstraf volgens so 'n voormelde verhouding, gevangenisstraf binne die perke van die hof se regsbevoegdheid oplê.

Invordering van boete.

288. (1) *(a)* Wanneer iemand tot betaling van 'n boete veroordeel word, kan die hof wat die vonnis oplê na goeddunke 'n lasbrief uitreik wat aan die balju of geregsbode gerig is en wat hom magtig om die bedrag van die boete te in deur beslaglegging op en verkoop van roerende goed wat aan so iemand behoort, al bepaal die vonnis dat by wanbetaling van die boete, bedoelde persoon gevangenisstraf moet ondergaan.

(b) Die bedrag wat geïn kan word, moet voldoende wees om benewens die boete die koste en uitgawe van die lasbrief en die beslaglegging en verkoop uit hoofde daarvan te dek.

(2) Indien die opbrengs van die verkoop van die roerende goed onvoldoende is om die bedrag van die boete en die voormelde koste en uitgawe te dek, kan 'n hoër hof 'n lasbrief uitreik, of, in die geval van 'n vonnis deur 'n laer hof, so 'n laer hof magtig om 'n lasbrief uit te reik vir die invordering van die onbetaalde bedrag uit die onroerende goed van so iemand.

(3) Wanneer iemand slegs tot 'n boete of, by wanbetaling van die boete, gevangenisstraf veroordeel word en die hof 'n lasbrief kragtens hierdie artikel uitreik, kan die hof die tenuitvoerlegging van die gevangenisstraf opskort en die persoon vrylaat nadat hy 'n borgakte aangegaan het met of sonder borge, na goeddunke van die hof, op voorwaarde dat hy voor daardie hof of 'n ander hof verskyn op die dag wat vir die relaas van die lasbrief bepaal is, watter dag hoogstens vyftien dae na die datum van die verlyding

event of the amount of the fine not being recovered, the sentence of imprisonment may be carried into execution forthwith or may be suspended as before for a further period or periods of not more than fifteen days, as the court may deem fit.

(4) In any case in which an order for the payment of money is made on non-recovery whereof imprisonment may be ordered, and the money is not paid forthwith, the court may require the person ordered to make such payment to enter into a bond as prescribed in subsection (3), and in default of his doing so, may at once pass sentence of imprisonment as if the money had not been recovered.

Court may enforce payment of fine.

289. Where a person is sentenced to pay a fine, whether with or without an alternative period of imprisonment, the court may in its discretion, without prejudice to any other power under this Act relating to the payment of a fine, enforce payment of the fine, whether as to the whole or any part thereof—

(a) by the seizure of money upon the person concerned;

(b) if money is due or is to become due as salary or wages from any employer of the person concerned—

(i) by from time to time ordering such employer to deduct a specified amount from the salary or wages so due and to pay over such amount to the clerk of the court in question; or

(ii) by ordering such employer to deduct from time to time a specified amount from the salary or wages so due and to pay over such amount to the clerk of the court in question.

Manner of dealing with convicted juvenile.

290. (1) Any court in which a person under the age of eighteen years is convicted of any offence may, instead of imposing punishment upon him for that offence—

(a) order that he be placed under the supervision of a probation officer; or

(b) order that he be placed in the custody of any suitable person designated in the order; or

(c) deal with him both in terms of paragraphs *(a)* and *(b)*; or

(d) order that he be sent to a reform school as defined in section 1 of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960).

(2) Any court which sentences a person under the age of eighteen years to a fine or a whipping may, in addition to imposing such punishment, deal with him in terms of paragraph *(a)*, *(b)*, *(c)* or *(d)* of subsection (1).

(3) Any court in which a person of or over the age of eighteen years but under the age of twenty-one years is convicted of any offence, other than murder with reference to which—

(a) the person concerned is not a woman convicted of the murder of her newly born child; or

(b) there are, in the opinion of the court, no extenuating circumstances,

may, instead of imposing punishment upon him for that offence, order that he be placed under the supervision of a probation officer or that he be sent to a reform school as defined in section 1 of the Children's Act, 1960.

(4) A court which in terms of this section orders that any person be sent to a reform school, may direct that such person be kept in a place of detention or a place of safety as defined in section 1 of the Children's Act, 1960, until such time as the order can be put into effect: Provided that any such person kept in a place of safety shall be transferred to a place of detention when it appears that the order in question cannot within three weeks be put into effect.

Period of supervision, custody or retention of juveniles.

291. (1) Any person who has been dealt with in terms of section 290 shall remain under the supervision under which or in the custody in which he was placed or in the reform school to

van die borgakte moet wees, en ingeval die bedrag van die boete nie ingevorder word nie, kan die gevangenisstraf onverwyld ten uitvoer gelê word of soos vantevore vir 'n verdere tydperk of tydperke van hoogstens vyftien dae opgeskort word, na gelang die hof goedvind.

(4) In 'n geval waar 'n bevel vir die betaling van geld uitgereik word, by wanbetaling waarvan gevangenisstraf opgelê kan word, en die geld nie onverwyld betaal word nie, kan die hof die persoon wat beveel is om so 'n betaling te doen, aansê om 'n borgakte soos in subartikel (3) voorgeskryf, aan te gaan, en indien hy in gebreke bly om dit te doen, kan die hof onmiddellik gevangenisstraf oplê asof die geld nie ingevorder was nie.

Hof kan betaling van boete afdwing.

289. Waar iemand tot betaling van 'n boete gevonnis word, hetsy met of sonder 'n alternatiewe tydperk van gevangenisstraf, kan die hof na goeddunke, sonder benadeling van 'n ander bevoegdheid ingevolge hierdie Wet wat betref die betaling van 'n boete, betaling van die boete afdwing, hetsy wat betref die geheel of 'n deel daarvan—

(a) deur beslaglegging op geld aan die betrokke persoon;

(b) waar geld as salaris of loon deur 'n werkgewer van die betrokke persoon verskuldig is of sal word—

(i) deur van tyd tot tyd so 'n werkgewer te gelas om 'n bepaalde bedrag van die aldus verskuldigde salaris of loon af te trek en sodanige bedrag aan die betrokke klerk van die hof oor te betaal; of

(ii) deur so 'n werkgewer te gelas om van tyd tot tyd 'n bepaalde bedrag van die aldus verskuldigde salaris of loon af te trek en sodanige bedrag aan die betrokke klerk van die hof oor te betaal.

Wyse waarop met veroordeelde jeugdige gehandel word.

290. (1) 'n Hof waarin iemand onder die ouderdom van agtien jaar aan 'n misdryf skuldig bevind word, kan, in plaas van hom straf vir daardie misdryf op te lê—

(a) beveel dat hy onder toesig van 'n proefbeampte geplaas word; of

(b) beveel dat hy in die bewaring van 'n geskikte persoon geplaas word wat in die bevel aangewys word; of

(c) met hom handel volgens paragraaf *(a)* sowel as paragraaf *(b)*; of

(d) beveel dat hy verwys word na 'n verbeteringskool soos in artikel 1 van die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), omskryf.

(2) 'n Hof wat iemand onder die ouderdom van agtien jaar tot 'n boete of lyfstraf veroordeel, kan, benewens so 'n straf op te lê, ooreenkomstig paragraaf *(a)*, *(b)*, *(c)* of *(d)* van subartikel (1) met hom handel.

(3) 'n Hof waarin iemand van of bo die ouderdom van agtien jaar maar onder die ouderdom van een-en-twintig jaar skuldig bevind word aan 'n misdryf, behalwe moord met betrekking waartoe—

(a) die betrokke persoon nie 'n vrou is wat aan moord op haar pasgebore kind skuldig bevind is nie; of

(b) daar, na die oordeel van die hof, nie versagtende omstandighede is nie,

kan, in plaas van hom straf vir daardie misdryf op te lê, beveel dat hy onder toesig van 'n proefbeampte geplaas word of dat hy verwys word na 'n verbeteringskool soos in artikel 1 van die Kinderwet, 1960, omskryf.

(4) 'n Hof wat ingevolge hierdie artikel beveel dat 'n persoon na 'n verbeteringskool verwys word, kan gelas dat so 'n persoon in 'n plek van bewaring of veiligheidsplek soos in artikel 1 van die Kinderwet, 1960, omskryf, gehou word tot tyd en wyl aan die bevel gevolg gegee kan word: Met dien verstande dat so 'n persoon wat in 'n veiligheidsplek gehou word, na 'n plek van bewaring oorgeplaas word wanneer dit blyk dat daar nie binne drie weke aan die betrokke bevel gevolg gegee kan word nie.

Tydperk van toesig, bewaring of aanhouding van jeugdiges.

291. (1) Iemand met betrekking tot wie ingevolge artikel 290 gehandel is, bly onder die toesig waaronder of in die bewaring waarin hy geplaas is of in die verbeteringskool waarna hy verwys

which he was sent, or under or in the supervision, custody or reform school to which he may lawfully be transferred—

(a) if at the time of the making of the order of the court he was under the age of sixteen years, until he attains the age of eighteen years;

(b) if at the said time he was over the age of sixteen years but under the age of eighteen years, until he attains the age of twenty-one years;

(c) if at the said time he was over the age of eighteen years, until he attains the age of twenty-three years,

or, in any case, until he is discharged or released on licence in accordance with the provisions of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), before having attained the said age.

(2) After the expiration of the period of retention of a person in a reform school, he shall remain under the protection of the management of that reform school—

(a) if at the time of the making of the order of the court he was under the age of sixteen years, until he attains the age of twenty-one years;

(b) if at the said time he was over the age of sixteen years but under the age of eighteen years, until he attains the age of twenty-three years;

(c) if at the said time he was over the age of eighteen years, until he attains the age of twenty-five years,

or, in any case, until he is discharged from that protection in accordance with the provisions of the said Children's Act, 1960, before having attained the said age.

(3) The Minister to whom the administration of the provisions of the said Children's Act, 1960, has been assigned or any person acting under his authority, may, if he deems it necessary, order that any person detained in a reform school whose period of retention has expired or is about to expire, return to or remain in that reform school for such further period as he may fix and may from time to time by further order extend that period: Provided that no such order or further order shall extend the period of retention of the person concerned beyond the date of expiration of his period of protection.

(4) The expressions ''period of retention'' and ''period of protection'' in this section shall bear the meanings assigned thereto in section 1 of the said Children's Act, 1960, with reference to this section.

Discretion of court with regard to whipping and place where whipping is to be inflicted.

292. (1) When a court may sentence a person to a whipping, the whipping may be imposed in addition to or in substitution of any other punishment to which such person may otherwise be sentenced.

(2) Except as provided in section 294, a whipping by means of a cane only may be imposed and the number of strokes, which may not exceed seven, shall, subject to the provisions of any other law, be in the discretion of the court which shall specify in the sentence the number of strokes imposed.

(3) Except where a whipping is imposed under section 294, no person shall be sentenced to a whipping more than two times or within a period of three years of the last occasion on which he was sentenced to a whipping.

(4) Subject to the provisions of section 294, the punishment of a whipping shall be inflicted in private in a prison and in accordance with the laws governing prisons.

Offences for which whipping may be imposed.

293. A whipping may be imposed only in the case of a conviction for—

(a) (i) robbery or rape or assault of an aggravated or indecent nature or with intent to do grievous bodily harm;

(ii) breaking or entering any premises with intent to commit an offence, whether under the common law

is, of onder of in die toesig, bewaring of verbeteringskool waarna hy wettiglik oorgeplaas word—

(a) indien hy op die tydstip toe die bevel van die hof uitgereik is onder die ouderdom van sestien jaar was, totdat hy die ouderdom van agtien jaar bereik;

(b) indien hy op bedoelde tydstip oor die ouderdom van sestien jaar maar onder die ouderdom van agtien jaar was, totdat hy die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik;

(c) indien hy op bedoelde tydstip oor die ouderdom van agtien jaar was, totdat hy die ouderdom van drie-en-twintig jaar bereik,

of, in elke geval, totdat hy ooreenkomstig die bepalings van die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), ontslaan of met vergunning vrygelaat word voordat hy bedoelde ouderdom bereik het.

(2) Na afloop van die tydperk van aanhouding van iemand in 'n verbeteringskool, bly hy onder beskerming van die bestuur van die verbeteringskool—

(a) indien hy op die tydstip toe die bevel van die hof gegee is, onder die ouderdom van sestien jaar was, totdat hy die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik;

(b) indien hy op bedoelde tydstip oor die ouderdom van sestien jaar maar onder die ouderdom van agtien jaar was, totdat hy die ouderdom van drie-en-twintig jaar bereik;

(c) indien hy op bedoelde tydstip oor die ouderdom van agtien jaar was, totdat hy die ouderdom van vyf-en-twintig jaar bereik,

of, in elke geval, totdat hy ooreenkomstig die bepalings van bedoelde Kinderwet, 1960, van daardie beskerming ontslaan word voordat hy bedoelde ouderdom bereik het.

(3) Die Minister aan wie die uitvoering van die bepalings van bedoelde Kinderwet, 1960, opgedra is of iemand wat op sy gesag handel, kan, indien hy dit nodig ag, beveel dat 'n persoon wat in 'n verbeteringskool aangehou word en wie se tydperk van aanhouding verstryk het of op die punt staan om te verstryk, na die verbeteringskool moet terugkeer of daarin moet aanbly vir so 'n verdere tydperk as wat hy vasstel en kan daardie tydperk van tyd tot tyd deur middel van 'n verdere bevel verleng: Met dien verstande dat so 'n bevel of verdere bevel nie die tydperk van aanhouding van die betrokke persoon verleng tot na die datum van verstryking van sy tydperk van beskerming nie.

(4) Die uitdrukkings „tydperk van aanhouding" en „tydperk van beskerming" in hierdie artikel, het die betekenisse wat artikel 1 van bedoelde Kinderwet, 1960, met verwysing na hierdie artikel daaraan verleen.

Diskresie van hof met betrekking tot lyfstraf en plek waar lyfstraf toegedien moet word.

292. (1) Wanneer 'n hof iemand tot lyfstraf mag vonnis, kan die lyfstraf opgelê word benewens of ter vervanging van enige ander straf waartoe so iemand andersins gevonnis mag word.

(2) Behalwe soos in artikel 294 bepaal, kan lyfstraf slegs deur middel van 'n rottang opgelê word en die aantal houe, wat nie sewe te bowe mag gaan nie, is, behoudens die bepalings van 'n ander wet, in die diskresie van die hof wat in die vonnis die aantal houe moet vermeld wat opgelê is.

(3) Behalwe waar lyfstraf ingevolge artikel 294 opgelê word, word niemand meer as twee keer of word niemand binne 'n tydperk van drie jaar na die laaste geleentheid waarop hy tot lyfstraf veroordeel is, tot lyfstraf veroordeel nie.

(4) Behoudens die bepalings van artikel 294, word lyfstraf in afsondering in 'n gevangenis en ooreenkomstig die wetsbepalings op gevangenisse toegedien.

Misdrywe waarvoor lyfstraf opgelê kan word.

293. Lyfstraf kan opgelê word slegs in die geval van 'n skuldigbevinding weens—

(a) (i) roof of verkragting of aanranding onder verswarende omstandighede of van 'n onsedelike aard of met die opset om ernstig te beseer;

(ii) die oopbreek of betreding van 'n perseel met die opset om 'n misdryf te pleeg, hetsy ingevolge die

or under any statutory provision, theft of a motor vehicle (except where the accused obtained possession of the motor vehicle with the consent of the owner thereof) or theft of goods from a motor vehicle or part thereof, where the said motor vehicle or the said part was properly locked;

(iii) receiving stolen property knowing it to be stolen property;

(iv) bestiality or an act of gross indecency committed by one male person with another;

(b) an attempt to commit any offence referred to in paragraph *(a)*;

(c) culpable homicide; or

(d) any statutory offence for which a whipping may be imposed as a punishment.

Whipping of juvenile males.

294. (1) If a male person under the age of twenty-one years is convicted of any offence, whether such conviction is a first or a subsequent conviction, the court convicting him may, in lieu of any other punishment, sentence him to receive in private a moderate correction of a whipping not exceeding seven strokes, which shall be administered by such person and in such place and with such instrument as the court may determine.

(2) The whipping shall be inflicted over the buttocks, which shall not be exposed during the infliction but shall be covered with normal attire.

(3) A parent or, as the case may be, a guardian of the person concerned may be present when the whipping is inflicted, and the court shall advise such parent or guardian, if present at the court proceedings when the whipping is imposed, of his right to be present at the infliction.

(4) A whipping under this section shall not be inflicted unless a district surgeon or an assistant district surgeon has examined the person concerned and has certified that he is in a fit state of health to undergo the whipping.

(5) If a district surgeon or assistant district surgeon certifies that the person concerned is not in a fit state to receive the whipping or any part thereof, the person appointed by the court to execute the sentence shall forthwith submit the certificate to the court which passed the sentence or to a court having like jurisdiction, and such court may thereupon, if satisfied that the person concerned is not in a fit state to receive the whipping or any part thereof, amend the sentence as it deems fit.

Limitations with regard to whipping.

295. (1) No female and no person of or over the age of thirty years shall be sentenced by any court to the punishment of a whipping.

(2) A whipping shall not be imposed by any court if it is proved that the existence of some psychoneurotic or psychopathic condition contributed towards the commission of the offence.

Committal to rehabilitation centre.

296. A court convicting any person of any offence may, in addition to or in lieu of any sentence in respect of such offence, order that the person be detained at a rehabilitation centre established under the Abuse of Dependence-producing Substances and Rehabilitation Centres Act, 1971 (Act 41 of 1971), if the court is satisfied from the evidence or from any other information placed before it, which shall include the report of a probation officer, that such person is a person as is described in section 29 (1) of the said Act, and such order shall for the purposes of the said Act be deemed to have been made under section 30 thereof.

Conditional or unconditional postponement or suspension of sentence, and caution or reprimand.

297. (1) Where a court convicts a person of any offence, other than an offence in respect of which any law prescribes a minimum punishment, the court may in its discretion—

(a) postpone for a period not exceeding five years the passing of sentence and release the person concerned—

gemene reg of ingevolge 'n statutêre bepaling, diefstal van 'n motorvoertuig (behalwe waar die beskuldigde met toestemming van die eienaar daarvan besit van die motorvoertuig verkry het) of diefstal van goed uit 'n motorvoertuig of deel daarvan, waar bedoelde motorvoertuig of bedoelde deel behoorlik gesluit was;

(iii) die ontvangs van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is;

(iv) bestialiteit of 'n growwe onsedelike daad deur 'n manspersoon met 'n ander manspersoon gepleeg;

(b) 'n poging om 'n in paragraaf *(a)* bedoelde misdryf te pleeg;

(c) strafbare manslag; of

(d) 'n statutêre misdryf waarvoor lyfstraf as straf opgelê kan word.

Lyfstraf op jeugdige manspersone.

294. (1) Indien 'n manspersoon onder die ouderdom van een-en-twintig jaar aan enige misdryf skuldig bevind word, hetsy so 'n skuldigbevinding 'n eerste of 'n latere skuldigbevinding is, kan die hof wat hom skuldig bevind, in plaas van 'n ander straf, hom vonnis om in afsondering 'n matige tugtiging van lyfstraf van hoogstens sewe houe te ondergaan, wat deur die persoon en in die plek en met die instrument toegedien word wat die hof bepaal.

(2) Die lyfstraf word oor die boude toegedien wat nie tydens die toediening ontbloot mag wees nie maar wat met gewone kleding bedek is.

(3) 'n Ouer of, na gelang van die geval, 'n voog van die betrokke persoon kan teenwoordig wees wanneer die lyfstraf toegedien word, en die hof moet bedoelde ouer of voog, indien by die hofverrigtinge aanwesig wanneer die lyfstraf opgelê word, van sy reg meedeel om by die toediening aanwesig te wees.

(4) Lyfstraf ingevolge hierdie artikel word nie toegedien tensy 'n distriksgeneesheer of 'n assistent-distriksgeneesheer die betrokke persoon ondersoek het en gesertifiseer het dat hy in 'n geskikte gesondheidstoestand verkeer om die lyfstraf te ondergaan nie.

(5) Indien 'n distriksgeneesheer of assistent-distriksgeneesheer sertifiseer dat die betrokke persoon nie in 'n geskikte toestand is om die lyfstraf of 'n gedeelte daarvan te ondergaan nie, moet die persoon deur die hof aangewys om die vonnis uit te voer die sertifikaat onverwyld voorlê aan die hof wat die vonnis opgelê het of aan 'n hof met gelyke regsbevoegdheid, en bedoelde hof kan daarop, indien oortuig dat die betrokke persoon nie in 'n geskikte toestand is om die lyfstraf of 'n gedeelte daarvan te ondergaan nie, die vonnis na goeddunke wysig.

Beperkings met betrekking tot lyfstraf.

295. (1) Geen vrou en niemand van of bo die ouderdom van dertig jaar word deur 'n hof tot lyfstraf gevonnis nie.

(2) Lyfstraf word nie deur 'n hof opgelê nie indien dit bewys word dat die aanwesigheid van een of ander psigoneurotiese of psigopatiese toestand tot die pleging van die misdryf bygedra het.

Verwysing na rehabilitasiesentrum.

296. 'n Hof wat iemand aan enige misdryf skuldig bevind, kan, benewens of in plaas van 'n vonnis ten opsigte van daardie misdryf, beveel dat die persoon aangehou word by 'n rehabilitasiesentrum ingestel kragtens die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums, 1971 (Wet 41 van 1971), indien die hof uit die getuienis of enige ander inligting voor hom geplaas, wat die verslag van 'n proefbeampte insluit, oortuig is dat so 'n persoon iemand is soos beskryf in artikel 29 (1) van genoemde Wet, en bedoelde bevel word by die toepassing van genoemde Wet geag ingevolge artikel 30 daarvan gegee te gewees het.

Voorwaardelike of onvoorwaardelike uitstel of opskorting van vonnis, en waarskuwing of berisping.

297. (1) Waar 'n hof iemand skuldig bevind aan 'n ander misdryf as 'n misdryf ten opsigte waarvan 'n wet 'n minimum straf voorskryf, kan die hof na goeddunke—

(a) die oplegging van vonnis vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar uitstel en die betrokke persoon—

(i) on one or more conditions, whether as to—
(aa) compensation;
(bb) the rendering to the person aggrieved of some specific benefit or service in lieu of compensation for damage or pecuniary loss;
(cc) the rendering of some service for the benefit of the community;
(dd) submission to instruction or treatment;
(ee) submission to the supervision or control (including control over the earnings or other income of the person concerned) of a probation officer as defined in the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960);
(ff) the compulsory attendance or residence at some specified centre for a specified purpose;
(gg) good conduct;
(hh) any other matter,
and order such person to appear before the court at the expiration of the relevant period; or

(ii) unconditionally, and order such person to appear before the court, if called upon before the expiration of the relevant period; or

(b) pass sentence but order the operation of the whole or any part thereof to be suspended for a period not exceeding five years on any condition referred to in paragraph *(a)* (i) which the court may specify in the order; or

(c) discharge the person concerned with a caution or reprimand, and such discharge shall have the effect of an acquittal, except that the conviction shall be recorded as a previous conviction.

(2) Where a court has under paragraph *(a)* (i) of subsection (1) postponed the passing of sentence and the court, whether differently constituted or not, is at the expiration of the relevant period satisfied that the person concerned has observed the conditions imposed under that paragraph, the court shall discharge him without passing sentence, and such discharge shall have the effect of an acquittal, except that the conviction shall be recorded as a previous conviction.

(3) Where a court has under paragraph *(a)* (ii) of subsection (1) unconditionally postponed the passing of sentence, and the person concerned has not at the expiration of the relevant period been called upon to appear before the court, such person shall be deemed to have been discharged with a caution under subsection (1) *(c)*.

(4) Where a court convicts a person of an offence in respect of which any law prescribes a minimum punishment, the court may in its discretion pass sentence but order the operation of a part thereof to be suspended for a period not exceeding five years on any condition referred to in paragraph *(a)* (i) of subsection (1).

(5) Where a court imposes a fine, the court may suspend the payment thereof—

(a) until the expiration of a period not exceeding five years; or

(b) on condition that the fine is paid over a period not exceeding five years in instalments and at intervals determined by the court.

(6) *(a)* A court which sentences a person to a term of imprisonment as an alternative to a fine may, where the fine is not paid, at any stage before the expiration of the period of imprisonment, suspend the operation of the sentence and order the release of the person concerned on such conditions relating to the payment of the fine or such portion thereof as may still be due, as to the court may seem expedient, including a condition that the person concerned take up a specified employment and

(i) op een of meer voorwaardes vrylaat, hetsy betreffende—
(aa) skadeloosstelling;
(bb) die verskaffing aan die benadeelde persoon van een of ander bepaalde voordeel of diens in plaas van skadeloosstelling weens skade of geldelike verlies;
(cc) die verskaffing van een of ander diens tot voordeel van die gemeenskap;
(dd) onderwerping aan opleiding of behandeling;
(ee) onderwerping aan die toesig of beheer (met inbegrip van beheer oor die verdienste of ander inkomste van die betrokke persoon) van 'n proefbeampte soos omskryf in die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960);
(ff) die verpligte bywoning of inwoning by een of ander bepaalde sentrum vir 'n bepaalde doel;
(gg) goeie gedrag;
(hh) enige ander aangeleentheid,
en so 'n persoon beveel om by verstryking van die betrokke tydperk voor die hof te verskyn; of

(ii) onvoorwaardelik vrylaat, en so 'n persoon beveel om voor die hof te verskyn, indien voor die verstryking van die betrokke tydperk daartoe opgeroep; of

(b) vonnis oplê maar beveel dat die tenuitvoerlegging van die geheel of 'n gedeelte daarvan vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar opgeskort word op 'n in paragraaf *(a)* (i) bedoelde voorwaarde wat die hof in die bevel bepaal; of

(c) die betrokke persoon met 'n waarskuwing of berisping ontslaan, en so 'n ontslag het die uitwerking van 'n vryspraak, behalwe dat die skuldigbevinding as 'n vorige veroordeling aangeteken word.

(2) Waar 'n hof ingevolge paragraaf *(a)* (i) van subartikel (1) die oplegging van vonnis uitgestel het en die hof, hetsy anders saamgestel al dan nie, by verstryking van die betrokke tydperk oortuig is dat die betrokke persoon die voorwaardes nagekom het wat ingevolge daardie paragraaf opgelê is, ontslaan die hof hom sonder om vonnis op te lê, en so 'n ontslag het die uitwerking van 'n vryspraak, behalwe dat die skuldigbevinding as 'n vorige veroordeling aangeteken word.

(3) Waar 'n hof ingevolge paragraaf *(a)* (ii) van subartikel (1) die oplegging van vonnis onvoorwaardelik uitgestel het, en die betrokke persoon by die verstryking van die betrokke tydperk nie opgeroep is om voor die hof te verskyn nie, word so 'n persoon geag ingevolge subartikel (1) *(c)* met 'n waarskuwing ontslaan te gewees het.

(4) Waar 'n hof iemand skuldig bevind aan 'n misdryf ten opsigte waarvan 'n wet 'n minimum straf voorskryf, kan die hof na goeddunke vonnis oplê maar beveel dat die tenuitvoerlegging van 'n gedeelte daarvan vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar opgeskort word op 'n in paragraaf *(a)* (i) van subartikel (1) bedoelde voorwaarde.

(5) Waar 'n hof 'n boete oplê, kan die hof die betaling daarvan opskort—

(a) tot die verstryking van 'n tydperk van hoogstens vyf jaar; of

(b) op voorwaarde dat die boete oor 'n tydperk van hoogstens vyf jaar betaal word in paaiemente en met tussenpose deur die hof bepaal.

(6) *(a)* 'n Hof wat iemand tot gevangenisstraf as 'n alternatief tot 'n boete veroordeel, kan, waar die boete nie betaal word nie, te eniger tyd voor die verstryking van die tydperk van gevangenisstraf, die tenuitvoerlegging van die vonnis opskort en beveel dat die betrokke persoon vrygelaat word op die voorwaardes betreffende die betaling van die boete of die gedeelte daarvan wat nog verskuldig is, wat die hof dienstig ag, met inbegrip van 'n voorwaarde dat die betrokke persoon 'n bepaalde

that the fine due be paid in instalments by the person concerned or his employer.

(b) A court which has suspended a sentence under paragraph *(a)*, whether differently constituted or not, or any court of equal or superior jurisdiction, may at any time—

(i) further suspend the operation of the sentence on any existing or additional conditions which to the court may seem expedient; or

(ii) cancel the order of suspension and recommit the person concerned to serve the balance of the sentence.

(7) A court which has—

(a) postponed the passing of sentence under paragraph *(a)* (i) of subsection (1);

(b) suspended the operation of a sentence under subsection (1) *(b)* or (4); or

(c) suspended the payment of a fine under subsection (5),

whether differently constituted or not, or any court of equal or superior jurisdiction may, if satisfied that the person concerned has through circumstances beyond his control been unable to comply with any relevant condition, or for any other good and sufficient reason, further postpone the passing of sentence or further suspend the operation of a sentence or the payment of a fine, as the case may be, subject to any existing condition or such further conditions as could have been imposed at the time of such postponement or suspension.

(8) A court which has—

(a) postponed the passing of sentence under paragraph *(a)* (i) of subsection (1); or

(b) suspended the operation of a sentence under subsection (1) *(b)* or under subsection (4),

on condition that the person concerned render some service for the benefit of the community or that he submit himself to instruction or treatment or to the supervision or control of a probation officer or that he attend or reside at a specified centre for a specified purpose, may, whether or not the court is constituted differently than it was at the time of such postponement or suspension, at any time during the period of postponement or suspension on good cause shown amend any such condition or substitute any other competent condition for such condition.

(9) *(a)* If any condition imposed under this section is not complied with, the person concerned may upon the order of any court be arrested or detained and, where the condition in question—

(i) was imposed under paragraph *(a)* (i) of subsection (1), be brought before the court which postponed the passing of sentence or before any court of equal or superior jurisdiction; or

(ii) was imposed under subsection (1) *(b)*, (4) or (5), be brought before the court which suspended the operation of the sentence or, as the case may be, the payment of the fine, or any court of equal or superior jurisdiction,

and such court, whether or not it is, in the case of a court other than a court of equal or superior jurisdiction, constituted differently than it was at the time of such postponement or suspension, may then, in the case of subparagraph (i), impose any competent sentence, which may, where the person concerned is under the age of twenty-one years, include an order under the provisions of section 290, or, in the case of subparagraph (ii), put into operation the sentence which was suspended.

(b) A person who has been called upon under paragraph *(a)* (ii) of subsection (1) to appear before the court may, upon the order of the court in question, be arrested and brought before that court, and such court, whether or not constituted differently than it was at the time of the

werk aanvaar en dat die verskuldigde boete in paaiemente deur die betrokke persoon of sy werkgewer betaal word.

(b) 'n Hof wat 'n vonnis ingevolge paragraaf *(a)* opgeskort het, hetsy anders saamgestel al dan nie, of 'n hof met gelyke of hoër regsbevoegdheid, kan te eniger tyd—

(i) die tenuitvoerlegging van die vonnis verder opskort op enige bestaande of aanvullende voorwaardes wat vir die hof dienstig blyk; of

(ii) die opskortingsbevel intrek en die betrokke persoon weer gevange set om die oorblywende gedeelte van die vonnis uit te dien.

(7) 'n Hof wat—

(a) die oplegging van vonnis ingevolge paragraaf *(a)* (i) van subartikel (1) uitgestel het;

(b) die tenuitvoerlegging van 'n vonnis ingevolge subartikel (1) *(b)* of (4) opgeskort het; of

(c) die betaling van 'n boete ingevolge subartikel (5) opgeskort het,

hetsy anders saamgestel al dan nie, of 'n hof met gelyke of hoër regsbevoegdheid, kan, indien oortuig dat die betrokke persoon vanweë omstandighede buite sy beheer nie in staat was om 'n betrokke voorwaarde na te kom nie, of weens 'n ander gegronde en voldoende rede, die oplegging van vonnis verder uitstel of die tenuitvoerlegging van 'n vonnis of, na gelang van die geval, die betaling van 'n boete verder opskort, onderhewig aan enige bestaande voorwaarde of sodanige verdere voorwaardes as wat ten tyde van bedoelde uitstel of opskorting opgelê kon gewees het.

(8) 'n Hof wat—

(a) die oplegging van vonnis ingevolge paragraaf *(a)* (i) van subartikel (1) uitgestel het; of

(b) die tenuitvoerlegging van 'n vonnis ingevolge subartikel (1) *(b)* of ingevolge subartikel (4) opgeskort het,

op voorwaarde dat die betrokke persoon een of ander diens tot voordeel van die gemeenskap moet verskaf of dat hy hom onderwerp aan opleiding of behandeling of aan die toesig of beheer van 'n proefbeampte of dat hy 'n bepaalde sentrum vir 'n bepaalde doel bywoon of daar inwoon, kan, hetsy die hof anders saamgestel is as ten tyde van bedoelde uitstel of opskorting al dan nie, te eniger tyd gedurende die tydperk van uitstel of opskorting om gegronde redes so 'n voorwaarde wysig of so 'n voorwaarde deur 'n ander geoorloofde voorwaarde vervang.

(9) *(a)* Indien 'n kragtens hierdie artikel opgelegde voorwaarde nie nagekom word nie, kan die betrokke persoon op bevel van enige hof in hegtenis geneem of aangehou word en, waar die betrokke voorwaarde—

(i) ingevolge paragraaf *(a)* (i) van subartikel (1) opgelê is, voor die hof wat die oplegging van vonnis uitgestel het of voor 'n hof van gelyke of hoër regsbevoegdheid gebring word; of

(ii) ingevolge subartikel (1) *(b)*, (4) of (5) opgelê is, voor die hof wat die tenuitvoerlegging van die vonnis of, na gelang van die geval, die betaling van die boete, opgeskort het, of 'n ander hof met gelyke of hoër regsbevoegdheid gebring word,

en so 'n hof, hetsy hy, in die geval van 'n ander hof as 'n hof met gelyke of hoër regsbevoegdheid, anders saamgestel is al dan nie as wat hy ten tyde van bedoelde uitstel of opskorting was, kan dan, in die geval van subparagraaf (i), 'n bevoegde vonnis oplê wat, waar die betrokke persoon onder die ouderdom van een-en-twintig jaar is, ook 'n bevel ingevolge die bepalings van artikel 290 kan insluit, of, in die geval van subparagraaf (ii), die opgeskorte vonnis ten uitvoer lê.

(b) Iemand wat ingevolge paragraaf *(a)* (ii) van subartikel (1) opgeroep is om voor die hof te verskyn, kan op bevel van die betrokke hof in hegtenis geneem en voor daardie hof gebring word, en so 'n hof, hetsy hy anders saamgestel is as wat hy ten tyde van die uitstel van

postponement of sentence, may impose upon such person any competent sentence.

Sentence may be corrected.

298. When by mistake a wrong sentence is passed, the court may, before or immediately after it is recorded, amend the sentence.

Warrant for the execution of sentence.

299. A warrant for the execution of any sentence may be issued by the judge or judicial officer who passed the sentence or by any other judge or judicial officer of the court in question, or, in the case of a regional court, by any magistrate, and such warrant shall commit the person concerned to the prison for the magisterial district in which such person is sentenced.

CHAPTER 29

COMPENSATION AND RESTITUTION

Court may award compensation where offence causes damage to or loss of property.

300. (1) Where a person is convicted by a superior court, a regional court or a magistrate's court of an offence which has caused damage to or loss of property (including money) belonging to some other person, the court in question may, upon the application of the injured person or of the prosecutor acting on the instructions of the injured person, forthwith award the injured person compensation for such damage or loss: Provided that—

(a) a regional court or a magistrate's court shall not make any such award if the compensation applied for exceeds two thousand rand or one thousand rand, respectively;

(b) where a person is convicted under section 25 (1) of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), of having conduced to the commission of an offence, the court may make the award of compensation against such person notwithstanding that the injured person has not applied for compensation.

(2) For the purposes of determining the amount of the compensation or the liability of the convicted person therefor, the court may refer to the evidence and the proceedings at the trial or hear further evidence either upon affidavit or orally.

(3) *(a)* An award made under this section—

(i) by a magistrate's court, shall have the effect of a civil judgment of that court;

(ii) by a regional court, shall have the effect of a civil judgment of the magistrate's court of the district in which the relevant trial took place.

(b) Where a superior court makes an award under this section, the registrar of the court shall forward a certified copy of the award to the clerk of the magistrate's court designated by the presiding judge or, if no such court is designated, to the clerk of the magistrate's court in whose area of jurisdiction the offence in question was committed, and thereupon such award shall have the effect of a civil judgment of that magistrate's court.

(4) Where money of the person convicted is taken from him upon his arrest, the court may order that payment be made forthwith from such money in satisfaction or on account of the award.

(5) *(a)* A person in whose favour an award has been made under this section may within sixty days after the date on which the award was made, in writing renounce the award by lodging with the registrar or clerk of the court in question a document of renunciation and, where applicable, by making a repayment of any moneys paid under subsection (4).

(b) Where the person concerned does not renounce an award under paragraph *(a)* within the period of sixty days, no person against whom the award was made shall be liable at the suit of the person concerned to any other civil proceedings in respect of the injury for which the award was made.

vonnis was al dan nie, kan so 'n persoon 'n bevoegde vonnis oplê.

Regstelling van vonnis.

298. Wanneer 'n verkeerde vonnis per abuis opgelê word, kan die hof, voor of onmiddellik na notulering daarvan, die vonnis wysig.

Lasbrief vir die uitvoering van vonnis.

299. 'n Lasbrief vir die uitvoering van 'n vonnis kan uitgereik word deur die regter of regterlike amptenaar wat die vonnis opgelê het of deur 'n ander regter of regterlike amptenaar van die betrokke hof, of, in die geval van 'n streekhof, deur 'n landdros, en so 'n lasbrief plaas die betrokke persoon in die gevangenis vir die landdrosdistrik waarin daardie persoon gevonnis is.

HOOFSTUK 29

VERGOEDING EN TERUGGAWE

Hof kan vergoeding toeken waar misdryf skade aan of verlies van goed veroorsaak.

300. (1) Waar iemand deur 'n hoër hof, 'n streekhof of 'n landdroshof skuldig bevind word aan 'n misdryf wat skade aan of verlies van goed (met inbegrip van geld) behorende aan 'n ander persoon veroorsaak het, kan die betrokke hof, op aansoek van die benadeelde persoon of van die aanklaer wat in opdrag van die benadeelde persoon optree, onverwyld vergoeding aan die benadeelde persoon vir bedoelde skade of verlies toeken: Met dien verstande dat—

(a) 'n streekhof of 'n landdroshof nie so 'n toekenning doen nie indien die vergoeding waarom aansoek gedoen word onderskeidelik tweeduisend rand of duisend rand te bowe gaan;

(b) waar 'n persoon ingevolge artikel 25 (1) van die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), skuldig bevind word dat hy tot die pleging van 'n misdryf bygedra het, die hof die toekenning van vergoeding teen so 'n persoon kan doen nieteenstaande dat die benadeelde persoon nie om vergoeding aansoek gedoen het nie.

(2) Die hof kan, ten einde die bedrag van die vergoeding of die aanspreeklikheid van die veroordeelde persoon daarvoor te bepaal, die getuienis en die verrigtinge by die verhoor raadpleeg of verdere getuienis aanhoor, hetsy by beëdigde of mondelinge verklaring.

(3) *(a)* 'n Toekenning wat ingevolge hierdie artikel gedoen is—

(i) deur 'n landdroshof, het die uitwerking van 'n siviele vonnis van daardie hof;

(ii) deur 'n streekhof, het die uitwerking van 'n siviele vonnis van die landdroshof van die distrik waarin die betrokke verhoor plaasgevind het.

(b) Waar 'n hoër hof 'n toekenning ingevolge hierdie artikel doen, moet die griffier van die hof 'n gewaarmerkte afskrif van die toekenning aanstuur aan die klerk van die landdroshof deur die voorsittende regter aangewys of, indien so 'n hof nie aangewys word nie, aan die klerk van die landdroshof in wie se regsgebied die betrokke misdryf gepleeg is, en daarna het bedoelde toekenning die uitwerking van 'n siviele vonnis van daardie landdroshof.

(4) Waar geld van die veroordeelde persoon by sy inhegtenisneming van hom geneem word, kan die hof beveel dat betaling onverwyld uit daardie geld ter voldoening of gedeeltelike voldoening van die toekenning gedoen word.

(5) *(a)* Iemand ten gunste van wie 'n toekenning ingevolge hierdie artikel gedoen is, kan binne sestig dae na die datum waarop die toekenning gedoen was skriftelik van die toekenning afstand doen deur 'n dokument van afstanddoening by die griffier of klerk van die betrokke hof in te dien en, waar toepaslik, deur 'n terugbetaling te doen van enige gelde ingevolge subartikel (4) betaal.

(b) Waar die betrokke persoon nie binne die tydperk van sestig dae ingevolge paragraaf *(a)* van 'n toekenning afstand doen nie, is die persoon teen wie die toekenning gedoen is nie aan 'n ander siviele vordering ten gunste van die betrokke persoon ten opsigte van die skade waarvoor die toekenning gedoen is, onderhewig nie.

Compensation to innocent purchaser of property unlawfully obtained.

301. Where a person is convicted of theft or of any other offence whereby he has unlawfully obtained any property, and it appears to the court on the evidence that such person sold such property or part thereof to another person who had no knowledge that the property was stolen or unlawfully obtained, the court may, on the application of such purchaser and on restitution of such property to the owner thereof, order that, out of any money of such convicted person taken from him on his arrest, a sum not exceeding the amount paid by the purchaser be returned to him.

CHAPTER 30

Reviews and Appeals in Cases of Criminal Proceedings in Lower Courts

Sentences subject to review in the ordinary course.

302. (1) *(a)* Any sentence imposed by a magistrate's court—

(i) which, in the case of imprisonment (including detention in a reform school as defined in section 1 of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960)), exceeds a period of three months, if imposed by a judicial officer who has not held the substantive rank of magistrate or higher for a period of seven years, or which exceeds a period of six months, if imposed by a judicial officer who has held the substantive rank of magistrate or higher for a period of seven years or longer;

(ii) which, in the case of a fine, exceeds the amount of two hundred and fifty rand, if imposed by a judicial officer who has not held the substantive rank of magistrate or higher for a period of seven years, or which exceeds the amount of five hundred rand, if imposed by a judicial officer who has held the substantive rank of magistrate or higher for a period of seven years or longer;

(iii) which consists of a whipping, other than a whipping imposed under section 294,

shall be subject in the ordinary course to review by a judge of the provincial division having jurisdiction.

(b) The provisions of paragraph *(a)* shall be suspended in respect of an accused who has appealed against a conviction or sentence and has not abandoned the appeal, and shall cease to apply with reference to such an accused when judgment is given.

(2) For the purposes of subsection (1)—

(a) each sentence on a separate charge shall be regarded as a separate sentence, and the fact that the aggregate of sentences imposed on an accused in respect of more than one charge in the same proceedings exceeds the periods or amounts referred to in that subsection, shall not render those sentences subject to review in the ordinary course;

(b) that part of a sentence which is suspended or a sentence of which the whole is suspended, shall not be taken into account: Provided that where such a sentence or such a part of a sentence is put into operation, the provisions of subsection (1) shall come into operation in respect of the sentence in question.

(3) The provisions of subsection (1) shall only apply—

(a) with reference to a sentence which is imposed in respect of an accused who was not assisted by a legal adviser;

(b) where a fine is imposed, if a sentence of imprisonment is imposed in terms of section 287 as a punishment alternative to such fine, and such fine is not paid or if time is not given for the payment thereof before the person convicted is received into a prison: Provided that if the person convicted is at any time received into a

Vergoeding aan koper te goeder trou van goed wederregtelik verkry.

301. Waar iemand skuldig bevind word aan diefstal of aan 'n ander misdryf waardeur hy goed wederregtelik verkry het, en dit uit die getuienis aan die hof blyk dat so iemand bedoelde goed of 'n deel daarvan aan 'n ander verkoop het wat nie geweet het dat die goed gesteel is of wederregtelik verkry is nie, kan die hof, op aansoek van so 'n koper en by teruggawe van bedoelde goed aan die eienaar daarvan, beveel dat uit geld van so 'n veroordeelde persoon wat by sy inhegtenisneming van hom geneem is, 'n som wat nie die bedrag te bowe gaan wat deur die koper betaal is nie, aan hom terugbesorg word.

HOOFSTUK 30

HERSIENINGS EN APPÈLLE IN GEVALLE VAN STRAFREGTELIKE VERRIGTINGE IN LAER HOWE

Vonnisse wat in die gewone loop aan hersiening onderhewig is.

302. (1) *(a)* 'n Vonnis deur 'n landdroshof opgelê—

(i) wat, in die geval van gevangenisstraf (met inbegrip van aanhouding in 'n verbeteringskool soos in artikel 1 van die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), omskryf), 'n tydperk van drie maande te bowe gaan, indien opgelê deur 'n regterlike amptenaar wat nie die substantiewe rang van landdros of hoër vir 'n tydperk van sewe jaar beklee het nie, of wat 'n tydperk van ses maande te bowe gaan, indien opgelê deur 'n regterlike amptenaar wat die substantiewe rang van landdros of hoër vir 'n tydperk van sewe jaar of meer beklee het;

(ii) wat, in die geval van 'n boete, die bedrag van tweehonderd en vyftig rand te bowe gaan, indien opgelê deur 'n regterlike amptenaar wat nie die substantiewe rang van landdros of hoër vir 'n tydperk van sewe jaar beklee het nie, of wat die bedrag van vyfhonderd rand te bowe gaan, indien opgelê deur 'n regterlike amptenaar wat die substantiewe rang van landdros of hoër vir 'n tydperk van sewe jaar of meer beklee het;

(iii) wat uit lyfstraf bestaan, behalwe lyfstraf ingevolge artikel 294 opgelê,

is in die gewone loop van sake onderhewig aan hersiening deur 'n regter van die provinsiale afdeling wat regsbevoegdheid het.

(b) Die bepalings van paragraaf *(a)* word opgeskort ten opsigte van 'n beskuldigde wat teen 'n skuldigbevinding of vonnis appèl aangeteken het en nie die appèl laat vaar het nie, en hou op om met betrekking tot so 'n beskuldigde van toepassing te wees wanneer uitspraak gelewer word.

(2) By die toepassing van subartikel (1)—

(a) word elke vonnis ten opsigte van 'n afsonderlike aanklag as 'n afsonderlike vonnis beskou, en die feit dat die gesamentlike vonnisse wat 'n beskuldigde ten opsigte van meerdere aanklagte in dieselfde verrigtinge opgelê is, die in daardie subartikel bedoelde tydperke of bedrae te bowe gaan, maak nie daardie vonnisse in die gewone loop aan hersiening onderhewig nie;

(b) word daardie gedeelte van 'n vonnis wat opgeskort is of 'n vonnis wat in die geheel opgeskort is, buite rekening gelaat: Met dien verstande dat waar sodanige vonnis of sodanige gedeelte van 'n vonnis in werking gestel word, die bepalings van subartikel (1) ten opsigte van die betrokke vonnis in werking tree.

(3) Die bepalings van subartikel (1) is slegs van toepassing—

(a) met betrekking tot 'n vonnis wat opgelê word ten opsigte van 'n beskuldigde wat nie deur 'n regsadviseur bygestaan is nie;

(b) waar 'n boete opgelê is, indien gevangenisstraf ingevolge artikel 287 as 'n alternatiewe straf vir so 'n boete opgelê is, en daardie boete nie betaal is nie of uitstel nie vir die betaling daarvan verleen word nie voordat die veroordeelde persoon in 'n gevangenis opgeneem word: Met dien verstande dat indien die veroordeelde persoon te eniger tyd in 'n gevangenis

prison by reason of his failure to pay the fine or any part thereof, the provisions of subsection (1) shall come into operation in respect of the sentence in question.

Transmission of record.

303. The clerk of the court in question shall within one week after the determination of a case referred to in paragraph *(a)* of section 302 (1) forward to the registrar of the provincial division having jurisdiction the record of the proceedings in the case or a copy thereof certified by such clerk, together with such remarks as the presiding judicial officer may wish to append thereto, and with any written statement or argument which the person convicted may within three days after imposition of the sentence furnish to the clerk of the court, and such registrar shall, as soon as possible, lay the same in chambers before a judge of that division for his consideration.

Procedure on review.

304. (1) If, upon considering the proceedings referred to in section 303 and any further information or evidence which may, by direction of the judge, be supplied or taken by the magistrate's court in question, it appears to the judge that the proceedings are in accordance with justice, he shall endorse his certificate to that effect upon the record thereof, and the registrar concerned shall then return the record to the magistrate's court in question.

(2) *(a)* If, upon considering the said proceedings, it appears to the judge that the proceedings are not in accordance with justice or that doubt exists whether the proceedings are in accordance with justice, he shall obtain from the judicial officer who presided at the trial a statement setting forth his reasons for convicting the accused and for the sentence imposed, and shall thereupon lay the record of the proceedings and the said statement before the court of the provincial division having jurisdiction for consideration by that court as a court of appeal: Provided that where the judge concerned is of the opinion that the conviction or sentence imposed is clearly not in accordance with justice and that the person convicted may be prejudiced if the record of the proceedings is not forthwith placed before the provincial division having jurisdiction, the judge may lay the record of the proceedings before that court without obtaining the statement of the judicial officer who presided at the trial.

(b) Such court may at any sitting thereof hear any evidence and for that purpose summon any person to appear and to give evidence or to produce any document or other article.

(c) Such court, whether or not it has heard evidence, may, subject to the provisions of section 312—

(i) confirm, alter or quash the conviction, and in the event of the conviction being quashed where the accused was convicted on one of two or more alternative charges, convict the accused on the other alternative charge or on one or other of the alternative charges;

(ii) confirm, reduce, alter or set aside the sentence or any order of the magistrate's court;

(iii) set aside or correct the proceedings of the magistrate's court;

(iv) generally give such judgment or impose such sentence or make such order as the magistrate's court ought to have given, imposed or made on any matter which was before it at the trial of the case in question; or

(v) remit the case to the magistrate's court with instructions to deal with any matter in such manner as the provincial division may think fit; and

(vi) make any such order in regard to the suspension of the execution of any sentence against the person convicted or the admission of such person to bail,

opgeneem word weens sy versuim om die boete of 'n gedeelte daarvan te betaal, die bepalings van subartikel (1) ten opsigte van die betrokke vonnis in werking tree.

Deursending van oorkonde.

303. Die klerk van die betrokke hof stuur binne 'n week na afhandeling van 'n in paragraaf *(a)* van artikel 302 (1) bedoelde saak aan die griffier van die provinsiale afdeling wat regsbevoegdheid het die oorkonde van die verrigtinge in die saak of 'n deur bedoelde klerk gewaarmerkte afskrif daarvan, tesame met die opmerkings wat die voorsittende regterlike amptenaar daarby wil aanheg, en met enige skriftelike verklaring of betoog wat die veroordeelde persoon binne drie dae na oplegging van die vonnis aan die klerk van die hof mag verstrek, en bedoelde griffier lê die stukke so spoedig moontlik in kamers voor 'n regter van daardie afdeling vir oorweging deur hom.

Prosedure by hersiening.

304. (1) Indien dit by oorweging van die in artikel 303 bedoelde verrigtinge en enige verdere inligting of getuienis wat, in opdrag van die regter, deur die betrokke landdroshof verstrek of afgeneem is, aan die regter blyk dat die verrigtinge ooreenkomstig die reg is, teken hy sy sertifikaat te dien effekte op die oorkonde daarvan aan en bedoelde griffier stuur dan die oorkonde aan die betrokke landdroshof terug.

(2) *(a)* Indien dit, by oorweging van bedoelde verrigtinge, aan die regter blyk dat die verrigtinge nie ooreenkomstig die reg is nie of dat twyfel bestaan of die verrigtinge ooreenkomstig die reg is, verkry hy van die regterlike amptenaar wat by die verhoor voorgesit het 'n uiteensetting van sy redes vir die skuldigbevinding van die beskuldigde en vir die opgelegde vonnis, en lê daarna die oorkonde van die verrigtinge en bedoelde uiteensetting voor die hof van die provinsiale afdeling wat regsbevoegdheid het vir oorweging deur daardie hof as 'n hof van appèl: Met dien verstande dat waar die betrokke regter van oordeel is dat die skuldigbevinding of opgelegde vonnis klaarblyklik nie ooreenkomstig die reg is nie en dat die veroordeelde persoon benadeel kan word indien die oorkonde van die verrigtinge nie onverwyld voor die provinsiale afdeling geplaas word wat regsbevoegdheid het nie, die regter die oorkonde van die verrigtinge voor bedoelde hof kan plaas sonder om die uiteensetting te verkry van die regterlike amptenaar wat by die verhoor voorgesit het.

(b) Bedoelde hof kan by enige sitting daarvan enige getuienis aanhoor en te dien einde enigiemand dagvaar om te verskyn en om getuienis af te lê of om 'n dokument of ander voorwerp voor te lê.

(c) Bedoelde hof, hetsy hy getuienis aangehoor het al dan nie, kan, behoudens die bepalings van artikel 312—

(i) die skuldigbevinding bekragtig, wysig of nietig verklaar, en ingeval die skuldigbevinding nietig verklaar word waar die beskuldigde skuldig bevind is op een van twee of meer alternatiewe aanklagte, die beskuldigde skuldig bevind op die ander alternatiewe aanklag of op die een of ander van die alternatiewe aanklagte;

(ii) die vonnis of 'n bevel van die landdroshof bekragtig, verminder, wysig of tersyde stel;

(iii) die verrigtinge van die landdroshof tersyde stel of korrigeer;

(iv) oor die algemeen die uitspraak gee of die vonnis oplê of die bevel gee wat die landdroshof moes gegee of opgelê het met betrekking tot 'n aangeleentheid wat by die verhoor van die betrokke saak voor die hof gedien het; of

(v) die saak na die landdroshof terugverwys met die opdrag om met 'n aangeleentheid te handel op die wyse wat die provinsiale afdeling mag goedvind; en

(vi) die bevel gee met betrekking tot die opskorting van die tenuitvoerlegging van 'n vonnis teen die veroordeelde persoon of die vrylating van daardie persoon op borg, of, oor die algemeen, met

or, generally, in regard to any matter or thing connected with such person or the proceedings in regard to such person as to the court seems likely to promote the ends of justice.

(3) If the court desires to have a question of law or of fact arising in any case argued, it may direct such question to be argued by the attorney-general and by such counsel as the court may appoint.

(4) If in any criminal case in which a magistrate's court has imposed a sentence which is not subject to review in the ordinary course in terms of section 302 or in which a regional court has imposed any sentence, it is brought to the notice of the provincial division having jurisdiction or any judge thereof that the proceedings in which the sentence was imposed were not in accordance with justice, such court or judge shall have the same powers in respect of such proceedings as if the record thereof had been laid before such court or judge in terms of section 303 or this section.

Right of appearance on review in certain cases subject to certificate of a judge.

305. Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, no person who has been convicted by a lower court of an offence and is undergoing imprisonment for that or any other offence, shall be entitled to prosecute in person any proceedings for the review of the proceedings relating to such conviction unless a judge of the provincial division having jurisdiction has certified that there are reasonable grounds for review.

Accused may set down case for argument.

306. (1) A magistrate's court imposing a sentence which under section 302 is subject to review, shall forthwith inform the person convicted that the record of the proceedings will be transmitted within one week, and such person may then inspect and make a copy of such record before transmission or whilst in the possession of the provincial division, and may set down the case for argument before the provincial division having jurisdiction in like manner as if the record had been returned or transmitted to such provincial division in compliance with any order made by it for the purpose of bringing in review the proceedings of a magistrate's court.

(2) Whenever a case is so set down, whether the offence in question was prosecuted at the instance of the State or at the instance of a private prosecutor, a written notice shall be served, by or on behalf of the person convicted, upon the attorney-general at his office not less than seven days before the day appointed for the argument, setting forth the name and number of the case, the court before which it was tried, the date for which the case has been set down for argument and the grounds or reasons upon which the judgment is sought to be reversed or altered.

(3) Whether such judgment is confirmed or reversed or altered, no costs shall in respect of the proceedings on review be payable by the prosecution to the person convicted or by the person convicted to the prosecution.

Execution of sentence not suspended unless bail granted.

307. (1) Subject to the provisions of section 308, the execution of any sentence shall not be suspended by the transmission of or the obligation to transmit the record for review unless the court which imposed the sentence releases the person convicted on bail.

(2) If the court releases such person on bail, the court may—

(a) if the person concerned was released on bail under section 59 or 60, extend the bail, either in the same amount or any other amount; or

(b) if such person was not so released on bail and the attorney-general has not in terms of section 61 objected to the granting of bail to such person, release him on bail on condition that he deposits with the clerk of the court or with a member of the prisons service at the prison where such person is in custody or, in the case of a periodical court, if no clerk of the court is available,

betrekking tot 'n aangeleentheid of saak wat in verband staan met daardie persoon of die verrigtinge ten opsigte van hom, wat na die oordeel van die hof die regspleging waarskynlik sal bevorder.

(3) Indien die hof 'n regs- of feitevraag wat in 'n saak ontstaan, wil laat beredeneer, kan hy gelas dat bedoelde vraag beredeneer word deur die prokureur-generaal en 'n advokaat wat die hof aanstel.

(4) Indien dit in 'n strafsaak waarin 'n landdroshof 'n vonnis opgelê het wat nie in die gewone loop ooreenkomstig artikel 302 aan hersiening onderhewig is nie of waarin 'n streekhof 'n vonnis opgelê het, onder die aandag van die provinsiale afdeling wat regsbevoegdheid het of 'n regter daarvan gebring word dat die verrigtinge waarin die vonnis opgelê is, nie ooreenkomstig die reg was nie, het bedoelde hof of regter dieselfde bevoegdhede ten opsigte van daardie verrigtinge asof die oorkonde daarvan ingevolge artikel 303 of hierdie artikel aan die hof of regter voorgelê is.

Reg van verskyning op hersiening in sekere gevalle onderworpe aan sertifikaat van 'n regter.

305. Ondanks andersluidende regsbepalings, is niemand wat deur 'n laer hof aan 'n misdryf skuldig bevind is en weens daardie of 'n ander misdryf gevangenisstraf ondergaan, geregtig om verrigtinge vir die hersiening van die verrigtinge wat op genoemde skuldigbevinding betrekking het, persoonlik voort te sit nie, tensy 'n regter van die provinsiale afdeling wat regsbevoegdheid het, gesertifiseer het dat daar redelike gronde vir hersiening bestaan.

Beskuldigde kan saak vir beredenering op die rol plaas.

306. (1) 'n Landdroshof wat 'n vonnis oplê wat ingevolge artikel 302 aan hersiening onderhewig is, moet die veroordeelde persoon onverwyld meedeel dat die oorkonde van die verrigtinge binne 'n week deurgestuur sal word, en so iemand kan dan, voor deursending of terwyl dit in besit van die provinsiale afdeling is, die oorkonde insien en 'n afskrif daarvan maak en die saak vir beredenering in die provinsiale afdeling wat regsbevoegdheid het op die rol plaas op dieselfde wyse asof die oorkonde aan bedoelde provinsiale afdeling teruggestuur of deurgestuur was ingevolge 'n bevel deur daardie hof gegee ten einde die verrigtinge van 'n landdroshof in hersiening te bring.

(2) Wanneer 'n saak aldus op die rol geplaas word, hetsy die vervolging vir die betrokke misdryf van staatsweë of deur 'n private aanklaer geskied het, word 'n skriftelike kennisgewing, deur of ten behoewe van die veroordeelde persoon, minstens sewe dae voor die dag wat vir beredenering bepaal is aan die prokureur-generaal by sy kantoor beteken, met vermelding van die naam en nommer van die saak, die hof waarin dit verhoor is, die datum waarvoor die saak vir beredenering op die rol geplaas is en die gronde of redes waarop die tersydestelling of wysiging van die vonnis gevra word.

(3) Geen koste is ten opsigte van die verrigtinge by hersiening deur die vervolging aan die veroordeelde persoon of deur die veroordeelde persoon aan die vervolging betaalbaar nie, ongeag of so 'n vonnis bekragtig of tersyde gestel of gewysig word.

Tenuitvoerlegging van vonnis word nie opgeskort nie tensy borgtog toegestaan word.

307. (1) Behoudens die bepalings van artikel 308 word die tenuitvoerlegging van 'n vonnis nie opgeskort deur die deursending van die oorkonde vir hersiening of die verpligting om die oorkonde vir hersiening deur te stuur nie, tensy die hof wat die vonnis opgelê het die veroordeelde persoon op borgtog vrylaat.

(2) Indien die hof bedoelde persoon op borgtog vrylaat, kan die hof—

(a) as die betrokke persoon op borgtog ingevolge artikel 59 of 60 vrygelaat was, die borgtog verleng, hetsy vir dieselfde bedrag of 'n ander bedrag; of

(b) as bedoelde persoon nie aldus op borgtog vrygelaat was nie en die prokureur-generaal nie ingevolge artikel 61 beswaar gemaak het teen die toestaan van borgtog aan daardie persoon nie, hom op borgtog vrylaat op voorwaarde dat hy die bedrag geld by die klerk van die hof of by 'n lid van die gevangenisdiens by die gevangenis waar bedoelde persoon in bewaring is of, in die geval van 'n periodieke hof, as 'n klerk van die hof

with any police official at the place where such convicted person is in custody, the sum of money determined by the court in question; or

(c) on good cause shown, permit such person to furnish a guarantee, with or without sureties, that he will pay and forfeit to the State the sum of money determined under paragraph *(b)*, in circumstances under which such sum, if it had been deposited, would be forfeited to the State.

(3) It shall be a condition of the release of the person convicted that he shall—

(a) at a time and place specified by the court; and

(b) upon service, in the manner prescribed by the rules of court, of a written order upon him or at a place specified by the court,

surrender himself in order that effect may be given to any sentence in respect of the proceedings in question.

(4) The court may add any condition of release on bail which it may deem necessary or advisable in the interests of justice, *inter alia*, as to—

(a) the reporting in person by the person convicted at any specified time and place to any specified person or authority;

(b) any place to which such person is prohibited to go;

(c) any other matter relating to the conduct of such person.

(5) The court which considers an application for bail under this section shall record the relevant proceedings in full, including the details referred to in subsection (3) and any conditions imposed under subsection (4).

(6) The provisions of sections 65, 66, 67 and 68 shall *mutatis mutandis* apply with reference to the granting of bail pending review.

Whipping suspended pending review.

308. (1) A whipping, other than a whipping imposed under section 294, shall in no case be inflicted until the relevant proceedings have been returned with the certificate referred to in section 304 (1) or the provincial division in question has confirmed the sentence.

(2) If a person sentenced to receive a whipping is not also sentenced to imprisonment for such a period as shall allow time for the judge's certificate to be received before the whipping is inflicted, such person, if he has not been released on bail, shall be detained in custody until either the record of the proceedings in the case has been returned as aforesaid or the sentence has been confirmed as aforesaid.

Appeal from lower court by person convicted.

309. (1) *(a)* Any person convicted of any offence by any lower court (including a person discharged after conviction), may appeal against such conviction and against any resultant sentence or order to the provincial division having jurisdiction.

(b) Where, in the case of a regional court, a conviction takes place within the area of jurisdiction of one provincial division and any resultant sentence or order is passed or, as the case may be, is made within the area of jurisdiction of another provincial division, any appeal against such conviction or such sentence or order shall be heard by the last-mentioned provincial division.

(2) An appeal under this section shall be noted and be prosecuted within the period and in the manner prescribed by the rules of court: Provided that the provincial division having jurisdiction may in any case extend such period.

(3) The provincial division concerned shall thereupon have the powers referred to in section 304 (2), and, unless the appeal is based solely upon a question of law, the provincial division shall, in addition to such powers, have the power to increase any sentence imposed upon the appellant or to impose any other form of sentence in lieu of or in addition to such sentence: Provided that, notwithstanding that the provincial division is of the opinion

nie beskikbaar is nie, by 'n polisiebeampte by die plek waar so 'n veroordeelde persoon in bewaring is, deponeer wat die betrokke hof bepaal; of

(c) op gegronde redes aangevoer, bedoelde persoon toelaat om 'n waarborg, met of sonder borge, te verstrek dat hy die bedrag geld ingevolge paragraaf *(b)* bepaal, aan die Staat sal betaal en verbeur in omstandighede waarin dié bedrag, indien dit gedeponeer sou gewees het, aan die Staat verbeur sou word.

(3) Dit is 'n voorwaarde van vrylating van die veroordeelde persoon dat hy hom—

(a) op 'n deur die hof bepaalde tyd en plek; en

(b) by betekening, op die by die hofreëls voorgeskrewe wyse, van 'n skriftelike bevel aan hom of by 'n deur die hof bepaalde plek,

moet oorgee sodat uitvoering aan 'n vonnis ten opsigte van die betrokke verrigtinge gegee kan word.

(4) Die hof kan enige voorwaarde van vrylating op borgtog byvoeg wat hy in belang van die regspleging nodig of raadsaam ag, onder meer met betrekking tot—

(a) die persoonlike aanmelding deur die veroordeelde persoon op 'n bepaalde tyd en plek by 'n bepaalde persoon of gesag;

(b) 'n plek waarheen so 'n persoon verbied word om te gaan;

(c) enige ander aangeleentheid betreffende die gedrag van so 'n persoon.

(5) Die hof wat 'n aansoek om borgtog ingevolge hierdie artikel oorweeg, moet die betrokke verrigtinge, met inbegrip van die in subartikel (3) bedoelde besonderhede en enige kragtens subartikel (4) opgelegde voorwaardes, volledig aanteken.

(6) Die bepalings van artikels 65, 66, 67 en 68 is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot die toestaan van borgtog hangende hersiening.

Lyfstraf word opgeskort hangende hersiening.

308. (1) Lyfstraf, behalwe lyfstraf kragtens artikel 294 opgelê, word in geen geval toegedien nie tensy die betrokke verrigtinge met die in artikel 304 (1) bedoelde sertifikaat teruggestuur is of die betrokke provinsiale afdeling die vonnis bekragtig het.

(2) Indien iemand wat tot lyfstraf gevonnis is, nie ook gevonnis is tot gevangenisstraf vir so 'n tydperk dat dit moontlik is om die sertifikaat van die regter betyds voor die toediening van die lyfstraf te ontvang nie, word so 'n persoon, indien hy nie op borgtog vrygelaat is nie, in bewaring aangehou totdat òf die oorkonde van die verrigtinge in die saak soos voormeld teruggestuur is òf die vonnis soos voormeld bekragtig is.

Appèl vanaf laer hof deur veroordeelde persoon.

309. (1) *(a)* Iemand wat deur 'n laer hof aan 'n misdryf skuldig bevind is (met inbegrip van iemand wat na skuldigbevinding ontslaan is), kan teen so 'n skuldigbevinding en teen 'n gevolglike vonnis of bevel na die provinsiale afdeling appelleer wat regsbevoegdheid het.

(b) Waar, in die geval van 'n streekhof, 'n skuldigbevinding binne die regsgebied van een provinsiale afdeling plaasvind en 'n gevolglike vonnis of bevel binne die regsgebied van 'n ander provinsiale afdeling opgelê of, na gelang van die geval, gegee word, word 'n appèl teen so 'n skuldigbevinding of so 'n vonnis of bevel deur laasbedoelde provinsiale afdeling aangehoor.

(2) 'n Appèl ingevolge hierdie artikel word aangeteken en voortgesit binne die tydperk en op die wyse deur die hofreëls voorgeskryf: Met dien verstande dat die provinsiale afdeling wat regsbevoegdheid het bedoelde tydperk in enige geval kan verleng.

(3) Die betrokke provinsiale afdeling het daarop die in artikel 304 (2) bedoelde bevoegdhede, en, tensy die appèl uitsluitlik om 'n regsvraag gaan, het die provinsiale afdeling, benewens bedoelde bevoegdhede, die bevoegdheid om 'n aan die appellant opgelegde vonnis te verswaar of om 'n ander vorm van vonnis in die plek van of benewens daardie vonnis op te lê: Met dien verstande dat, nieteenstaande dat die provinsiale afdeling van

that any point raised might be decided in favour of the appellant, no conviction or sentence shall be reversed or altered by reason of any irregularity or defect in the record or proceedings, unless it appears to such division that a failure of justice has in fact resulted from such irregularity or defect.

(4) When an appeal under this section is noted, the provisions of—

(a) section 305 shall *mutatis mutandis* apply in respect of the conviction, sentence or order appealed against; and

(b) sections 307 and 308 shall *mutatis mutandis* apply with reference to the sentence appealed against, including a sentence of a whipping imposed under section 294.

Appeal from lower court by prosecutor.

310. (1) When a lower court has in criminal proceedings given a decision in favour of the accused on any question of law, including an order made under section 85 (2), the attorney-general or, if a body or a person other than the attorney-general or his representative, was the prosecutor in the proceedings, then such other prosecutor may require the judicial officer concerned to state a case for the consideration of the provincial division having jurisdiction, setting forth the question of law and his decision thereon and, if evidence has been heard, his findings of fact, in so far as they are material to the question of law.

(2) When such case has been stated, the attorney-general or other prosecutor, as the case may be, may appeal from the decision to the provincial division having jurisdiction.

(3) The provisions of section 309 (2) shall apply with reference to an appeal under this section.

(4) If the appeal is allowed, the court which gave the decision appealed from shall, subject to the provisions of subsection (5) and after giving sufficient notice to both parties, reopen the case in which the decision was given and deal with it in the same manner as it should have dealt therewith if it had given a decision in accordance with the law as laid down by the provincial division in question.

(5) In allowing the appeal, whether wholly or in part, the provincial division may itself impose such sentence or make such order as the lower court ought to have imposed or made, or it may remit the case to the lower court and direct that court to take such further steps as the provincial division considers proper.

Appeal to Appellate Division.

311. (1) Where the provincial division on appeal, whether brought by the attorney-general or other prosecutor or the person convicted, gives a decision in favour of the person convicted on a question of law, the attorney-general or other prosecutor against whom the decision is given may appeal to the Appellate Division of the Supreme Court, which shall, if it decides the matter in issue in favour of the appellant, set aside or vary the decision appealed from and, if the matter was brought before the provincial division in terms of—

(a) section 309 (1), re-instate the conviction, sentence or order of the lower court appealed from, either in its original form or in such a modified form as the said Appellate Division may consider desirable; or

(b) section 310 (2), give such decision or take such action as the provincial division ought, in the opinion of the said Appellate Division, to have given or taken (including any action under section 310 (5)), and thereupon the provisions of section 310 (4) shall *mutatis mutandis* apply.

(2) If an appeal brought by the attorney-general or other prosecutor under this section or section 310 is dismissed, the court dismissing the appeal may order that the appellant pay the respondent the costs to which the respondent may have been put

oordeel is dat 'n aangevoerde vraag ten gunste van die appellant beslis mag word, geen skuldigbevinding of vonnis vanweë 'n onreëlmatigheid of gebrek in die oorkonde of verrigtinge tersyde gestel of gewysig word nie, tensy dit aan bedoelde provinsiale afdeling blyk dat 'n regskending inderdaad uit so 'n onreëlmatigheid of gebrek gevolg het.

(4) Wanneer 'n appèl ingevolge hierdie artikel aangeteken word, is die bepalings van—

(a) artikel 305 *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die skuldigbevinding, vonnis of bevel waarteen geappelleer word; en

(b) artikels 307 en 308 *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot die vonnis waarteen geappelleer word, met inbegrip van 'n vonnis van lyfstraf ingevolge artikel 294 opgelê.

Appèl vanaf laer hof deur aanklaer.

310. (1) Wanneer 'n laer hof in strafregtelike verrigtinge 'n beslissing oor 'n regsvraag, met inbegrip van 'n bevel ingevolge artikel 85 (2) gegee, ten gunste van die beskuldigde gegee het, kan die prokureur-generaal of, indien 'n liggaam of 'n ander persoon as die prokureur-generaal of sy verteenwoordiger die aanklaer in die verrigtinge was, dan so 'n ander aanklaer, die betrokke regterlike amptenaar aansê om 'n *casus*-posisie op te stel vir oorweging deur die provinsiale afdeling wat regsbevoegdheid het, met vermelding van die regsvraag en sy beslissing daaroor en, indien getuienis aangehoor is, sy bevindings op die feite, vir sover hulle by die regsvraag wesenlik is.

(2) Wanneer bedoelde *casus*-posisie opgestel is, kan die prokureur-generaal of ander aanklaer, na gelang van die geval, teen die beslissing appelleer na die provinsiale afdeling wat regsbevoegdheid het.

(3) Die bepalings van artikel 309 (2) is met betrekking tot 'n appèl ingevolge hierdie artikel van toepassing.

(4) Indien die appèl gehandhaaf word, moet die hof wat die beslissing gegee het waarteen geappelleer is, behoudens die bepalings van subartikel (5) en nadat hy voldoende kennis aan albei partye gegee het, die saak heropen waarin die beslissing gegee is en daarmee op dieselfde wyse handel as wat hy daarmee sou moes gehandel het indien hy 'n beslissing gegee het in ooreenstemming met die reg soos deur die betrokke provinsiale afdeling bepaal.

(5) Wanneer hy die appèl handhaaf, hetsy geheel of ten dele, kan die provinsiale afdeling self die vonnis oplê of die bevel gee wat die laer hof moes opgelê of gegee het, of hy kan die saak na die laer hof terugverwys en daardie hof gelas om die verdere stappe te doen wat die provinsiale afdeling goedvind.

Appèl na Appèlafdeling.

311. (1) Waar die provinsiale afdeling op appèl, hetsy deur die prokureur-generaal of ander aanklaer of die veroordeelde persoon aangebring, 'n beslissing oor 'n regsvraag ten gunste van die veroordeelde persoon gee, kan die prokureur-generaal of ander aanklaer teen wie die beslissing gegee word, appelleer na die Appèlafdeling van die Hooggeregshof, wat, indien hy die geskilpunt ten gunste van die appellant beslis, die beslissing waarteen geappelleer is, tersyde stel of wysig en, indien die aangeleentheid voor die provinsiale afdeling gebring is ingevolge—

(a) artikel 309 (1), die skuldigbevinding, vonnis of bevel van die laer hof waarteen geappelleer is, herstel, hetsy in sy oorspronklike vorm of in die gewysigde vorm wat bedoelde Appèlafdeling wenslik ag; of

(b) artikel 310 (2), die beslissing gee of die stappe doen wat die provinsiale afdeling, na die oordeel van bedoelde Appèlafdeling, moes gegee of gedoen het (met inbegrip van optrede ingevolge artikel 310 (5)), en daarna is die bepalings van artikel 310 (4) *mutatis mutandis* van toepassing.

(2) Indien 'n appèl deur die prokureur-generaal of ander aanklaer ingevolge hierdie artikel of artikel 310 aangebring, afgewys word, kan die hof wat die appèl afwys, gelas dat die appellant aan die respondent die koste betaal wat teen die

in opposing the appeal, taxed according to the scale in civil cases of that court: Provided that where the attorney-general is the appellant, the costs which he is so ordered to pay shall be paid by the State.

Review or appeal and failure to comply with subsection (1) *(b)* or (2) of section 112.

312. (1) Where a conviction and sentence under section 112 are set aside on review or appeal on the ground only that any provision of subsection (1) *(b)* or subsection (2) of that section was not complied with, the court in question shall remit the case to the court by which the sentence was imposed and direct that court to comply with the provision in question.

(2) When the provision referred to in subsection (1) is complied with and the judicial officer is after such compliance not satisfied as is required by section 112 (1) *(b)* or 112 (2), he shall enter a plea of not guilty whereupon the provisions of section 113 shall apply with reference to the matter.

Institution of proceedings *de novo* when conviction set aside on appeal or review.

313. The provisions of section 324 shall *mutatis mutandis* apply with reference to any conviction and sentence of a lower court that are set aside on appeal or review on any ground referred to in that section.

Obtaining presence of convicted person in lower court after setting aside of sentence or order.

314. (1) Where a sentence or order imposed or made by a lower court is set aside on appeal or review and the person convicted is not in custody and the court setting aside the sentence or order remits the matter to the lower court in order that a fresh sentence or order may be imposed or made, the presence before that court of the person convicted may be obtained by means of a written notice addressed to that person calling upon him to appear at a stated place and time on a stated date in order that such sentence or order may be imposed or made.

(2) The provisions of section 54 (2) and 55 (1) and (2) shall *mutatis mutandis* apply with reference to a written notice issued under subsection (1).

CHAPTER 31

APPEALS IN CASES OF CRIMINAL PROCEEDINGS IN SUPERIOR COURTS

Court of appeal from superior court judgments.

315. (1) In respect of appeals and questions of law reserved in connection with criminal cases heard by a provincial or local division or a special superior court, the court of appeal shall be the Appellate Division of the Supreme Court (in this Chapter referred to as the court of appeal).

(2) An appeal shall lie to the court of appeal only as provided in sections 316 to 319 inclusive, and not as of right.

Applications for condonation, for leave to appeal and for leave to lead further evidence.

316. (1) An accused convicted of any offence before a superior court may, within a period of fourteen days of the passing of any sentence as a result of such conviction or within such extended period as may on application (in this section referred to as an application for condonation) on good cause be allowed, apply—

(a) if the conviction was by a special superior court, to that court or any judge who was a member of that court or, if no such judge is available, to any judge of the provincial or local division within whose area of jurisdiction the special superior court sat; and

(b) if the conviction was by any other court, to the judge who presided at the trial or if he is not available or, if in the case of a conviction before a circuit court the said court is not sitting, to any other judge of the provincial or local division of which the aforesaid judge was a member when he so presided,

respondent by bestryding van die appèl opgeloop het, getakseer volgens die tarief in siviele sake van daardie hof: Met dien verstande dat waar die prokureur-generaal die appellant is, die koste wat hy aldus gelas word om te betaal deur die Staat betaal word.

Hersiening of appèl en versuim om aan subartikel (1) *(b)* of (2) van artikel 112 te voldoen.

312. (1) Waar 'n skuldigbevinding en vonnis ingevolge artikel 112, op hersiening of appèl tersyde gestel word slegs op grond daarvan dat 'n bepaling van subartikel (1) *(b)* of subartikel (2) van daardie artikel nie nagekom is nie, moet die betrokke hof die saak na die hof terugverwys wat die vonnis opgelê het en daardie hof gelas om die betrokke bepaling na te kom.

(2) Wanneer die in subartikel (1) bedoelde bepaling nagekom is en die regterlike amptenaar na sodanige nakoming nie oortuig is soos deur artikel 112 (1) *(b)* of 112 (2) vereis nie, teken hy 'n pleit van onskuldig aan waarop die bepalings van artikel 113 met betrekking tot die geval van toepassing is.

Instelling opnuut van stappe waar skuldigbevinding op appèl of hersiening tersyde gestel word.

313. Die bepalings van artikel 324 is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n skuldigbevinding en vonnis van 'n laer hof wat op appèl of hersiening op enige van die in daardie artikel bedoelde gronde tersyde gestel word.

Verkryging van aanwesigheid van veroordeelde persoon in laer hof na tersydestelling van vonnis of bevel.

314. (1) Waar 'n vonnis of bevel deur 'n laer hof opgelê of gegee op appèl of hersiening tersyde gestel word en die veroordeelde persoon nie in bewaring is nie en die hof wat die vonnis of bevel tersyde stel die aangeleentheid na die laer hof terugverwys sodat 'n nuwe vonnis of bevel opgelê of gegee kan word, kan die aanwesigheid van die veroordeelde persoon voor daardie hof verkry word deur middel van 'n skriftelike kennisgewing wat aan daardie persoon gerig is en wat hom aansê om op 'n bepaalde plek, tyd en datum te verskyn sodat bedoelde vonnis of bevel opgelê of gegee kan word.

(2) Die bepalings van artikels 54 (2) en 55 (1) en (2) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n kragtens subartikel (1) uitgereikte skriftelike kennisgewing.

HOOFSTUK 31

APPÈLLE IN GEVALLE VAN STRAFREGTELIKE VERRIGTINGE IN HOËR HOWE

Appèlhof ten opsigte van uitsprake van hoër howe.

315. (1) Ten opsigte van appèlle en regsvrae wat voorbehou word in verband met strafsake wat 'n provinsiale of plaaslike afdeling of 'n spesiale hoër hof verhoor het, is die Appèlafdeling van die Hooggeregshof die hof van appèl (in hierdie Hoofstuk die appèlhof genoem).

(2) 'n Appèl na die appèlhof kan slegs soos bepaal in artikels 316 tot en met 319 aangeteken word, en nie op grond van 'n reg van appèl nie.

Aansoeke om kondonasie, om verlof om te appelleer en om verlof om verdere getuienis te lei.

316. (1) 'n Beskuldigde wat voor 'n hoër hof aan 'n misdryf skuldig bevind word, kan binne 'n tydperk van veertien dae vanaf die oplegging van vonnis ten gevolge van so 'n skuldigbevinding of binne die langer tydperk wat op aansoek (in hierdie artikel 'n aansoek om kondonasie genoem) om gegronde redes toegelaat word—

(a) in die geval van 'n skuldigbevinding deur 'n spesiale hoër hof, by daardie hof of 'n regter wat lid van daardie hof was of, indien so 'n regter nie beskikbaar is nie, by 'n regter van die provinsiale of plaaslike afdeling binne wie se regsgebied die spesiale hoër hof sitting gehou het; en

(b) in die geval van 'n skuldigbevinding deur 'n ander hof, by die regter wat by die verhoor voorgesit het of, indien hy nie beskikbaar is nie of, in die geval van 'n skuldigbevinding deur 'n rondgaande hof, bedoelde hof nie sitting hou nie, by 'n ander regter van die provinsiale of plaaslike afdeling waarvan bedoelde regter toe hy aldus voorgesit het, 'n lid was,

for leave to appeal to the court of appeal against his conviction or against any sentence or order following thereon (in this section referred to as an application for leave to appeal), and an accused convicted of any offence before any such court on a plea of guilty may, within the same period, apply for leave so to appeal against any sentence or any order following thereon.

(2) Every application for leave to appeal shall set forth clearly and specifically the grounds upon which the accused desires to appeal: Provided that if the accused applies verbally for such leave immediately after the passing of the sentence, he shall state such grounds and they shall be taken down in writing and form part of the record.

(3) When in any application under subsection (1) for leave to appeal it is shown by affidavit—

(a) that further evidence which would presumably be accepted as true, is available;

(b) that if accepted the evidence could reasonably lead to a different verdict or sentence; and

(c) save in exceptional cases, that there is a reasonably acceptable explanation for the failure to produce the evidence before the close of the trial,

the court hearing the application may receive that evidence and further evidence rendered necessary thereby, including evidence in rebuttal called by the prosecutor and evidence called by the court.

(4) Any evidence received in pursuance of an application under subsection (1) for leave to appeal, shall for the purposes of an appeal be deemed to be evidence taken or admitted at the trial.

(5) If an application under subsection (1) for leave to appeal is granted, the registrar of the court granting such application shall cause notice to be given accordingly to the registrar of the court of appeal without delay, and shall cause to be transmitted to the said registrar a certified copy of the record including copies of the evidence, whether oral or documentary, taken or admitted at the trial, and a statement of the grounds of appeal: Provided that, instead of the whole record, with the consent of the accused and the attorney-general, copies, one of which shall be certified, may be transmitted of such parts of the record as may be agreed upon by the attorney-general and the accused to be sufficient, in which event the court of appeal may nevertheless call for the production of the whole record.

(6) If an application under subsection (1) for condonation or leave to appeal is refused or if in any application for leave to appeal an application for leave to call further evidence is refused, the accused may, within a period of twenty-one days of such refusal, or within such extended period as may on good cause be allowed, by petition addressed to the Chief Justice submit his application for condonation or for leave to appeal or his application for leave to call further evidence, or all such applications, as the case may be, to the court of appeal, at the same time giving written notice that this has been done to the registrar of the provincial or local division (other than a circuit court) within whose area of jurisdiction the trial took place, and of which the judge who presided at the trial was a member when he so presided, and such registrar shall forward to the court of appeal a copy of the application or applications in question and of the reasons for refusing such application or applications.

(7) The petition may be considered in chambers by the Chief Justice or by any other judge of the court of appeal to whom it may be referred by the Chief Justice.

(8) The judge considering the petition may—

(a) call for any further information from the judge who heard the application for condonation or the application for leave to appeal or the application for leave to call further evidence, or from the judge who presided at the trial to which any such application relates;

aansoek doen om verlof om na die appèlhof teen sy skuldigbevinding of teen 'n vonnis of bevel wat daarop gevolg het, te appelleer (in hierdie artikel genoem 'n aansoek om verlof om te appelleer) en 'n beskuldigde wat op grond van 'n pleit van skuldig voor so 'n hof aan 'n misdryf skuldig bevind is, kan binne dieselfde tydperk aansoek doen om verlof om aldus teen 'n vonnis of bevel wat daarop gevolg het, te appelleer.

(2) Iedere aansoek om verlof om te appelleer moet die gronde waarop die beskuldigde wil appelleer duidelik en uitdruklik uiteensit: Met dien verstande dat indien die beskuldigde onmiddellik na die oplegging van vonnis mondeling om sodanige verlof aansoek doen, hy daardie gronde moet opgee, en dit op skrif gestel word en deel van die oorkonde uitmaak.

(3) Wanneer in 'n aansoek ingevolge subartikel (1) om verlof om te appelleer, by beëdigde verklaring bewys word—

(a) dat verdere getuienis wat vermoedelik as waar aanvaar sal word, beskikbaar is;

(b) dat indien dit aanvaar word die getuienis redelikerwys tot 'n ander uitspraak of vonnis aanleiding kan gee; en

(c) behalwe in buitengewone gevalle, dat daar 'n redelik aanvaarbare verklaring is vir die versuim om die getuienis voor die afsluiting van die verhoor voor te lê,

kan die hof wat die aansoek aanhoor, daardie getuienis en verdere getuienis ontvang wat daardeur nodig gemaak word, met inbegrip van teenbewys deur die aanklaer geroep en getuienis deur die hof geroep.

(4) Getuienis wat ontvang is ingevolge 'n aansoek kragtens subartikel (1) om verlof om te appelleer, word vir die doeleindes van 'n appèl geag getuienis te wees wat by die verhoor afgeneem of toegelaat is.

(5) Indien 'n aansoek ingevolge subartikel (1) om verlof om te appelleer toegestaan word, laat die griffier van die hof wat so 'n aansoek toestaan, sonder versuim dienooreenkomstig aan die griffier van die appèlhof kennis gee, en 'n gewaarmerkte afskrif van die oorkonde, met inbegrip van afskrifte van die getuienis, hetsy dit mondeling of dokumentêr is, wat by die verhoor afgeneem of toegelaat is, en 'n opgaaf van die gronde van appèl, aan bedoelde griffier deurstuur: Met dien verstande dat, in plaas van die oorkonde in die geheel, afskrifte (een waarvan gewaarmerk moet wees) van die gedeelte van die oorkonde wat die prokureur-generaal en die beskuldigde by ooreenkoms as voldoende bepaal, met toestemming van die beskuldigde en die prokureur-generaal deurgestuur kan word, in welke geval die appèlhof nogtans kan gelas dat die oorkonde in die geheel voorgelê word.

(6) Indien 'n aansoek ingevolge subartikel (1) om kondonasie of om verlof om te appelleer, geweier word of indien by 'n aansoek om verlof om te appelleer 'n aansoek om verlof om verdere getuienis te roep, geweier word, kan die beskuldigde binne 'n tydperk van een-en-twintig dae na die weiering, of binne so 'n langer tydperk as wat om gegronde redes toegelaat word, by wyse van versoekskrif aan die Hoofregter gerig, sy aansoek om kondonasie of om te appelleer of sy aansoek om verlof om verdere getuienis te roep, of al daardie aansoeke, na gelang van die geval, aan die appèlhof voorlê, en moet hy terselfdertyd aan die griffier van die provinsiale of plaaslike afdeling (behalwe 'n rondgaande hof) binne wie se regsgebied die verhoor plaasgevind het en waarvan die regter wat by die verhoor voorgesit het, 'n lid was toe hy aldus voorgesit het, skriftelik kennis gee dat dit gedoen is, en daardie griffier stuur 'n afskrif van die betrokke aansoek of aansoeke en van die redes vir die weiering daarvan aan die appèlhof.

(7) Die versoekskrif kan in kamers oorweeg word deur die Hoofregter of deur 'n ander regter van die appèlhof na wie dit deur die Hoofregter verwys word.

(8) Die regter wat die versoekskrif oorweeg, kan—

(a) verdere inligting van die regter wat die aansoek om kondonasie of die aansoek om verlof om te appelleer of die aansoek om verlof om verdere getuienis te roep, oorweeg het of van die regter wat voorgesit het by die verhoor waarop so 'n aansoek betrekking het, aanvra;

(b) order that the application or applications in question or any of them be argued before him at a time and place appointed;

(c) whether he has acted under paragraph *(a)* or *(b)* or not—

(i) in the case of an application for condonation, grant or refuse the application and, if he grants the application, direct that an application for leave to appeal shall be made, within the period fixed by him, to the court or judge referred to in subsection (1) or, if he deems it expedient, that an application for leave to appeal shall be submitted under subsection (6) within the period fixed by him as if it had been refused by the court or judge referred to in subsection (1);

(ii) in the case of an application for leave to appeal or an application for leave to call further evidence, grant or refuse the application or, if such judge is of the opinion that the application for leave to call further evidence should have been granted, he may, before deciding upon the application for leave to appeal, or, in the case where the court or judge referred to in subsection (1) has granted the application for leave to appeal but has refused leave to call further evidence, set aside the refusal of the said court or judge to grant leave to call further evidence and remit the matter in order that further evidence may be received in accordance with the provisions of subsection (3); or

(d) refer the matter to the court of appeal for consideration, whether upon argument or otherwise, and the court of appeal may thereupon deal with the matter in any manner referred to in paragraph *(c)*.

(9) The decision of the court of appeal or of a judge of the court of appeal, as the case may be, to grant or refuse any application, shall be final.

(10) Notice shall be given to the attorney-general concerned and the accused of the date fixed for the hearing of any application under this section, and of any place appointed under subsection (8) for any hearing.

Special entry of irregularity or illegality.

317. (1) If an accused thinks that any of the proceedings in connection with or during his trial before a superior court are irregular or not according to law, he may, either during his trial or within a period of fourteen days after his conviction or within such extended period as may upon application (in this section referred to as an application for condonation) on good cause be allowed, apply for a special entry to be made on the record (in this section referred to as an application for a special entry) stating in what respect the proceedings are alleged to be irregular or not according to law, and such a special entry shall, upon such application for a special entry, be made unless the court to which or the judge to whom the application for a special entry is made is of the opinion that the application is not made *bona fide* or that it is frivolous or absurd or that the granting of the application would be an abuse of the process of the court.

(2) Save as hereinafter provided, an application for condonation or for a special entry shall be made to the judge who presided at the trial or, if he is not available, or, if in the case of a conviction before a circuit court the said court is not sitting, to any other judge of the provincial or local division of which that judge was a member when he so presided.

(3) If the accused was convicted by a special superior court, an application for condonation or for a special entry shall be made to that court or, if that court is not sitting, to any judge who was a member of that court or, if no such judge is available, to any judge of the provincial or local division within whose area of

(b) gelas dat die betrokke aansoek of aansoeke of die een of ander van hulle op 'n vasgestelde tyd en plek voor hom beredeneer word;

(c) hetsy hy ingevolge paragraaf *(a)* of *(b)* gehandel het al dan nie—

(i) in die geval van 'n aansoek om kondonasie, die aansoek toestaan of weier en, indien hy die aansoek toestaan, gelas dat 'n aansoek om verlof om te appelleer binne die deur hom bepaalde tydperk by die in subartikel (1) bedoelde hof of regter gedoen word of, indien hy dit dienstig ag, dat 'n aansoek om verlof om te appelleer binne die deur hom bepaalde tydperk ingevolge die bepalings van subartikel (6) voorgelê word asof dit deur die in subartikel (1) bedoelde hof of regter geweier is;

(ii) in die geval van 'n aansoek om verlof om te appelleer of 'n aansoek om verlof om verdere getuienis te roep, die aansoek toestaan of weier of, indien die regter van oordeel is dat die aansoek om verlof om verdere getuienis te roep, toegestaan moes gewees het, kan hy, voordat hy beslis oor die aansoek om verlof om te appelleer of, in die geval waar die in subartikel (1) bedoelde hof of regter verlof om te appelleer, toegestaan, maar verlof om verdere getuienis te roep, geweier het, die weiering van bedoelde hof of regter om verlof toe te staan om verdere getuienis te roep tersyde stel en die aangeleentheid terugverwys sodat verdere getuienis ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) ontvang kan word; of

(d) die aangeleentheid na die appèlhof verwys vir oorweging, hetsy na beredenering of andersins, en die appèlhof kan daarop met die aangeleentheid op 'n in paragraaf *(c)* bedoelde wyse handel.

(9) Die beslissing van die appèlhof of van 'n regter van die appèlhof, na gelang van die geval, om 'n aansoek toe te staan of te weier, is afdoende.

(10) Kennis van die dag wat vir die verhoor van 'n aansoek ingevolge hierdie artikel vasgestel is, en van die plek ingevolge subartikel (8) vir 'n verhoor vasgestel, moet aan die betrokke prokureur-generaal en die beskuldigde gegee word.

Spesiale aantekening van onreëlmatigheid of onwettigheid.

317. (1) Indien 'n beskuldigde meen dat enige van die verrigtinge in verband met of gedurende sy verhoor voor 'n hoër hof onreëlmatig of met die reg strydig is, kan hy, òf gedurende sy verhoor òf binne 'n tydperk van veertien dae na sy skuldigbevinding òf binne die langer tydperk wat op aansoek (in hierdie artikel 'n aansoek om kondonasie genoem) om gegronde redes toegelaat word, aansoek doen dat op die oorkonde 'n spesiale aantekening aangebring word (in hierdie artikel 'n aansoek om 'n spesiale aantekening genoem) wat vermeld in watter opsig die verrigtinge na bewering onreëlmatig of met die reg strydig is, en op so 'n aansoek om 'n spesiale aantekening word so 'n spesiale aantekening gemaak tensy die hof of die regter aan wie die aansoek om 'n spesiale aantekening gerig word van oordeel is dat die aansoek nie te goeder trou gedoen word nie of dat dit beuselagtig of onsinnig is of dat die toestaan van die aansoek op 'n misbruik van die geregtelike proses sal neerkom.

(2) Behalwe soos hieronder bepaal, word 'n aansoek om kondonasie of om 'n spesiale aantekening gerig aan die regter wat by die verhoor voorgesit het of, indien hy nie beskikbaar is nie, of, in die geval van 'n skuldigbevinding deur 'n rondgaande hof, indien bedoelde hof nie sitting hou nie, aan 'n ander regter van die provinsiale of plaaslike afdeling waarvan daardie regter 'n lid was toe hy aldus voorgesit het.

(3) Indien die beskuldigde deur 'n spesiale hoër hof skuldig bevind is, word 'n aansoek om kondonasie of om 'n spesiale aantekening gerig aan daardie hof of, indien daardie hof nie sitting hou nie, aan 'n regter wat 'n lid van daardie hof was of, indien so 'n regter nie beskikbaar is nie, aan 'n regter van die provinsiale of

jurisdiction the special superior court sat.

(4) The terms of a special entry shall be settled by the court which or the judge who grants the application for a special entry.

(5) If an application for condonation or for a special entry is refused, the accused may, within a period of twenty-one days of such refusal or within such extended period as may on good cause be allowed, by petition addressed to the Chief Justice, apply to the court of appeal for condonation or for a special entry to be made on the record stating in what respect the proceedings are alleged to be irregular or not according to law, as the case may be, and thereupon the provisions of subsections (7), (8), (9) and (10) of section 316 shall *mutatis mutandis* apply.

Appeal on special entry under section 317.

318. (1) If a special entry is made on the record, the person convicted may appeal to the court of appeal against his conviction on the ground of the irregularity or illegality stated in the special entry if, within a period of twenty-one days after entry is so made or within such extended period as may on good cause be allowed, notice of appeal has been given to the registrar of the court of appeal and to the registrar of the provincial or local division, other than a circuit court, within whose area of jurisdiction the trial took place, and of which the judge who presided at the trial was a member when he so presided.

(2) The registrar of such provincial or local division shall forthwith after receiving such notice give notice thereof to the attorney-general and shall transmit to the registrar of the court of appeal a certified copy of the record, including copies of the evidence, whether oral or documentary, taken or admitted at the trial and of the special entry: Provided that with the consent of the accused and the attorney-general, the registrar concerned may, instead of transmitting the whole record, transmit copies, one of which shall be certified, of such parts of the record as may be agreed upon by the attorney-general and the accused to be sufficient, in which event the court of appeal may nevertheless call for the production of the whole record.

Reservation of question of law.

319. (1) If any question of law arises on the trial in a superior court of any person for any offence, that court may of its own motion or at the request either of the prosecutor or the accused reserve that question for the consideration of the court of appeal, and thereupon the first-mentioned court shall state the question reserved and shall direct that it be specially entered in the record and that a copy thereof be transmitted to the registrar of the court of appeal.

(2) The grounds upon which any objection to an indictment is taken shall, for the purposes of this section, be deemed to be questions of law.

(3) The provisions of sections 317 (2), (3), (4) and (5) and 318 (2) shall apply *mutatis mutandis* with reference to all proceedings under this section.

Report of trial judge to be furnished on appeal.

320. The judge or judges, as the case may be, of any court before whom a person is convicted shall, in the case of an appeal under section 316 or of an application for a special entry under section 317 or the reservation of a question of law under section 319 or an application to the court of appeal for leave to appeal or for a special entry under this Act, furnish to the registrar a report giving his (or their) opinion upon the case or upon any point arising in the case, and such report, which shall form part of the record, shall without delay be forwarded by the registrar to the registrar of the court of appeal.

plaaslike afdeling binne wie se regsgebied die spesiale hoër hof sitting gehou het.

(4) Die bewoording van 'n spesiale aantekening word vasgestel deur die hof of die regter wat die aansoek om 'n spesiale aantekening toestaan.

(5) Indien 'n aansoek om kondonasie of om 'n spesiale aantekening geweier word, kan die beskuldigde binne 'n tydperk van een-en-twintig dae vanaf so 'n weiering of binne die langer tydperk wat om gegronde redes toegelaat word, by wyse van 'n versoekskrif aan die Hoofregter gerig, by die appèlhof aansoek doen om kondonasie of dat 'n spesiale aantekening op die oorkonde aangebring word, wat vermeld in watter opsig die verrigtinge na bewering onreëlmatig of met die reg strydig is, na gelang van die geval, en daarop is die bepalings van subartikel (7), (8), (9) en (10) van artikel 316 *mutatis mutandis* van toepassing.

Appèl op spesiale aantekening ingevolge artikel 317.

318. (1) Indien 'n spesiale aantekening op die oorkonde gedoen word, kan die persoon wat skuldig bevind is op grond van die onreëlmatigheid of strydigheid met die reg wat in die spesiale aantekening aangegee word, teen sy skuldigbevinding na die appèlhof appelleer, indien kennis van appèl binne 'n tydperk van een-en-twintig dae nadat die aantekening aldus gedoen is of binne die langer tydperk wat om gegronde redes toegelaat word, gegee is aan die griffier van die appèlhof en aan die griffier van die provinsiale of plaaslike afdeling, behalwe 'n rondgaande hof, binne wie se regsgebied die verhoor plaasgevind het, en waarvan die regter wat by die verhoor voorgesit het 'n lid was toe hy aldus voorgesit het.

(2) Nadat die griffier van bedoelde provinsiale of plaaslike afdeling sodanige kennis ontvang het, gee hy onverwyld kennis daarvan aan die prokureur-generaal en stuur hy 'n gewaarmerkte afskrif van die oorkonde met inbegrip van afskrifte van die getuienis, hetsy dit mondeling of dokumentêr is, wat by die verhoor afgeneem of toegelaat is, en van die spesiale aantekening aan die griffier van die appèlhof deur: Met dien verstande dat in plaas van die oorkonde in die geheel deur te stuur, die betrokke griffier, met toestemming van die beskuldigde en die prokureur-generaal, afskrifte, een waarvan gewaarmerk moet wees, van die gedeeltes van die oorkonde wat die prokureur-generaal en die beskuldigde by ooreenkoms as voldoende bepaal, kan deurstuur, in welke geval die appèlhof nogtans kan gelas dat die oorkonde in die geheel voorgelê word.

Voorbehoud van regsvraag.

319. (1) Indien 'n regsvraag by die verhoor van iemand in 'n hoër hof weens 'n misdryf ontstaan, kan daardie hof uit eie beweging of op versoek van òf die aanklaer òf die beskuldigde daardie vraag vir oorweging deur die appèlhof voorbehou, en daarop sit eersgenoemde hof die vraag uiteen wat voorbehou word en gelas hy dat dit spesiaal in die oorkonde aangeteken word en dat 'n afskrif daarvan aan die griffier van die appèlhof deurgestuur word.

(2) Die gronde waarop 'n beswaar teen 'n akte van beskuldiging opgewerp word, word by die toepassing van hierdie artikel geag regsvrae te wees.

(3) Die bepalings van artikels 317 (2), (3), (4) en (5) en 318 (2) is *mutatis mutandis* met betrekking tot alle verrigtinge ingevolge hierdie artikel van toepassing.

Verslag van verhoorregter moet in geval van appèl verstrek word.

320. Die regter of regters, na gelang van die geval, van 'n hof voor wie iemand skuldig bevind word, moet, in die geval van 'n appèl ingevolge artikel 316 of van 'n aansoek om 'n spesiale aantekening ingevolge artikel 317 of die voorbehoud van 'n regsvraag ingevolge artikel 319 of 'n aansoek by die appèlhof om verlof om te appelleer of dat 'n spesiale aantekening ingevolge hierdie Wet gedoen word, aan die griffier 'n verslag verstrek wat sy (of hul) sienswyse oor die saak of oor 'n vraag wat in die loop daarvan ontstaan het, aangee, en daardie verslag, wat deel van die oorkonde uitmaak, word sonder versuim deur die griffier aan die griffier van die appèlhof deurgestuur.

When execution of sentence may be suspended.

321. (1) The execution of the sentence of a superior court shall not be suspended by reason of any appeal against a conviction or by reason of any question of law having been reserved for consideration by the court of appeal, unless—

(a) the accused is sentenced to death or to a whipping in which case the sentence shall not be executed until the appeal or question reserved has been heard and decided; or

(b) the superior court from which the appeal is made or by which the question is reserved thinks fit to order that the accused be released on bail or that he be treated as an unconvicted prisoner until the appeal or the question reserved has been heard and decided:

Provided that when the accused is ultimately sentenced to imprisonment the time during which he was so released on bail shall be excluded in computing the term for which he is so sentenced: Provided further that when the accused has been detained as an unconvicted prisoner, the time during which he has been so detained shall be included or excluded in computing the term for which he is ultimately sentenced, as the court of appeal may determine.

(2) If the court orders that the accused be released on bail, the provisions of sections 66, 67 and 68 and of subsections (2), (3), (4) and (5) of section 307 shall *mutatis mutandis* apply with reference to bail so granted, and any reference in—

(a) section 66 to the court which may act under that section, shall be deemed to be a reference to the superior court by which the accused was released on bail;

(b) section 67 to the court which may act under that section, shall be deemed to be a reference to the magistrate's court within whose area of jurisdiction the accused is to surrender himself in order that effect be given to any sentence in respect of the proceedings in question; and

(c) section 68 to a magistrate shall be deemed to be a reference to a judge of the superior court in question.

Powers of court of appeal.

322. (1) In the case of an appeal against a conviction or of any question of law reserved, the court of appeal may—

(a) allow the appeal if it thinks that the judgment of the trial court should be set aside on the ground of a wrong decision of any question of law or that on any ground there was a failure of justice; or

(b) give such judgment as ought to have been given at the trial or impose such punishment as ought to have been imposed at the trial; or

(c) make such other order as justice may require:

Provided that, notwithstanding that the court of appeal is of opinion that any point raised might be decided in favour of the accused, no conviction or sentence shall be set aside or altered by reason of any irregularity or defect in the record or proceedings, unless it appears to the court of appeal that a failure of justice has in fact resulted from such irregularity or defect.

(2) Upon an appeal under section 316 against any sentence, the court of appeal may confirm the sentence or may delete or amend the sentence and impose such punishment as ought to have been imposed at the trial.

(3) Where a conviction and sentence are set aside by the court of appeal on the ground that a failure of justice has in fact resulted from the admission against the accused of evidence otherwise admissible but not properly placed before the trial court by reason of some defect in the proceedings, the court of appeal may remit the case to the trial court with instructions to deal with any matter, including the hearing of such evidence, in such manner as the court of appeal may think fit.

(4) Where a question of law has been reserved on the application of a prosecutor in the case of an acquittal, and the

Wanneer uitvoering van vonnis opgeskort kan word.

321. (1) Die tenuitvoerlegging van 'n vonnis van 'n hoër hof word nie opgeskort ten gevolge van 'n appèl teen 'n skuldigbevinding of uit hoofde van die voorbehoud van 'n regsvraag vir oorweging deur die appèlhof nie, tensy—

(a) die beskuldigde die doodstraf of lyfstraf opgelê word, in welke geval die vonnis nie ten uitvoer gelê word voordat die appèl of voorbehoue vraag verhoor en daaroor beslis is nie; of

(b) die hoër hof van waar die appèl afkomstig is of waardeur die vraag voorbehou word, dit goedvind om te gelas dat die beskuldigde op borgtog vrygelaat word of dat hy as 'n onveroordeelde gevangene behandel word totdat die appèl of die voorbehoue vraag verhoor en daaroor beslis is:

Met dien verstande dat indien die beskuldigde uiteindelik tot gevangenisstraf gevonnis word, die tydperk waartydens hy aldus op borgtog vrygelaat was by die berekening van die tydperk van die aldus opgelegde gevangenisstraf uitgesluit word: Met dien verstande voorts dat indien die beskuldigde as 'n onveroordeelde gevangene aangehou is, die tydperk waartydens hy aldus aangehou is, by die berekening van die tydperk van die uiteindelik opgelegde gevangenisstraf in- of uitgesluit word, na gelang die appèlhof beslis.

(2) Indien die hof gelas dat die beskuldigde op borgtog vrygelaat word, is die bepalings van artikels 66, 67 en 68 en van subartikels (2), (3), (4) en (5) van artikel 307 *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot borgtog aldus verleen, en word 'n verwysing in—

(a) artikel 66 na die hof wat ingevolge daardie artikel mag optree, geag 'n verwysing te wees na die hoër hof deur wie die beskuldigde op borgtog vrygelaat is;

(b) artikel 67 na die hof wat ingevolge daardie artikel mag optree, geag 'n verwysing te wees na die landdroshof binne wie se regsgebied die beskuldigde homself moet oorgee sodat uitvoering aan 'n vonnis ten opsigte van die betrokke verrigtinge gegee kan word; en

(c) artikel 68 na 'n landdros geag 'n verwysing te wees na 'n regter van die betrokke hoër hof.

Bevoegdhede van appèlhof.

322. (1) In die geval van 'n appèl teen 'n skuldigbevinding of die voorbehoud van 'n regsvraag, kan die appèlhof—

(a) die appèl handhaaf indien hy van oordeel is dat die uitspraak van die verhoorhof op grond van 'n verkeerde beslissing oor 'n regsvraag tersyde gestel behoort te word of dat om enige rede geregtigheid nie geskied het nie; of

(b) die uitspraak gee wat by die verhoor gegee behoort te gewees het of die vonnis oplê wat by die verhoor opgelê behoort te gewees het; of

(c) die ander bevel uitreik wat geregtigheid vereis:

Met dien verstande dat, al is die appèlhof van oordeel dat 'n vraag wat geopper word ten gunste van die beskuldigde beslis sou kon word, geen skuldigbevinding of vonnis op grond van 'n onreëlmatigheid of gebrek ten opsigte van die oorkonde of verrigtinge tersyde gestel of gewysig word nie, tensy dit na die oordeel van die appèlhof blyk dat geregtigheid ten gevolge van so 'n onreëlmatigheid of gebrek inderdaad nie geskied het nie.

(2) By 'n appèl ingevolge artikel 316 teen 'n vonnis, kan die appèlhof die vonnis bekragtig of dit tersyde stel of wysig en die straf oplê wat by die verhoor opgelê behoort te gewees het.

(3) Wanneer 'n skuldigbevinding en vonnis deur die appèlhof tersyde gestel word op grond daarvan dat geregtigheid inderdaad nie geskied het nie as gevolg van die toelating teen die beskuldigde van getuienis wat andersins toelaatbaar is maar weens een of ander gebrek by die verrigtinge nie behoorlik voor die verhoorhof geplaas was nie, kan die appèlhof die saak na die verhoorhof terugverwys met die opdrag dat daar met 'n aangeleentheid, met inbegrip van die aanhoor van bedoelde getuienis, gehandel word op die wyse wat die appèlhof goed ag.

(4) Wanneer 'n regsvraag op aansoek van die aanklaer in die geval van 'n onskuldigbevinding voorbehou is en die appèlhof

court of appeal has given a decision in favour of the prosecutor, the court of appeal may order that such of the steps referred to in section 324 be taken as the court may direct.

(5) The order or direction of the court of appeal shall be transmitted by the registrar of that court to the registrar of the court before which the case was tried, and such order or direction shall be carried into effect and shall authorize every person affected by it to do whatever is necessary to carry it into effect.

(6) The powers conferred by this section upon the court of appeal in relation to the imposition of punishments, shall include the power to impose a punishment more severe than that imposed by the court below or to impose another punishment in lieu of or in addition to such punishment.

Appeal by Minister on behalf of person sentenced to death.

323. (1) If the Minister, in any case in which a person has been sentenced to death, has any doubt as to the correctness of the conviction in question, and such person has not in terms of section 316 (1) applied for leave to appeal against the conviction or has not prosecuted an appeal after leave to appeal against the conviction has been granted or has not submitted an application to the Chief Justice in terms of section 316 (6) for condonation or for leave to appeal against the conviction, the Minister may, on behalf and without the consent of such convicted person, refer the relevant record, together with a statement of the ground for his doubt, to the court of appeal, whereupon that court shall consider the correctness of the conviction in the same manner as if it were considering an appeal by the convicted person against the conviction.

(2) The Minister shall cause—

(a) the attorney-general concerned to be advised of his decision to refer the matter to the court of appeal;

(b) counsel to be appointed to argue the matter before the court of appeal and the registrar of that court to be advised of the name of such counsel; and

(c) the registrar of the court in which the conviction occurred to transmit the requisite number of certified copies of the relevant court record and proceedings to the registrar of the court of appeal and to furnish counsel appointed under paragraph *(b)* with a copy thereof.

(3) The registrar of the court of appeal shall give notice to the attorney-general concerned and to counsel appointed under subsection (2) *(b)* of the date fixed for the consideration by the court of appeal of the matter referred to it under subsection (1).

(4) The court of appeal shall in respect of a matter referred to it under subsection (1) have the powers conferred upon it by section 322 in respect of an appeal.

Institution of proceedings *de novo* when conviction set aside on appeal.

324. Whenever a conviction and sentence are set aside by the court of appeal on the ground—

(a) that the court which convicted the accused was not competent to do so; or

(b) that the indictment on which the accused was convicted was invalid or defective in any respect; or

(c) that there has been any other technical irregularity or defect in the procedure,

proceedings in respect of the same offence to which the conviction and sentence referred may again be instituted either on the original charge, suitably amended where necessary, or upon any other charge as if the accused had not previously been arraigned, tried and convicted: Provided that no judge or assessor before whom the original trial took place shall take part in such proceedings.

ten gunste van die aanklaer beslis het, kan die appèlhof beveel dat dié van die in artikel 324 bedoelde stappe gedoen word wat die hof gelas.

(5) Die bevel of opdrag van die appèlhof word deur die griffier van daardie hof gestuur aan die griffier van die hof voor wie die saak verhoor is, en so 'n bevel of opdrag word ten uitvoer gebring en magtig elkeen wat daardeur geraak word om alles te doen wat nodig is om dit ten uitvoer te bring.

(6) Die bevoegdhede wat by hierdie artikel aan die appèlhof met betrekking tot die oplegging van strawwe verleen word, sluit die bevoegdheid in om 'n straf op te lê wat swaarder is as dié wat die hof benede opgelê het of om 'n ander straf in die plek van of benewens sodanige straf op te lê.

Appèl deur Minister ten behoewe van persoon ter dood veroordeel.

323. (1) Indien die Minister, in 'n saak waarin iemand ter dood veroordeel is, twyfel aangaande die juistheid van die betrokke skuldigbevinding het, en so iemand nie ingevolge artikel 316 (1) om verlof aansoek gedoen het om teen die skuldigbevinding te appelleer nie of nie 'n appèl voortgesit het nadat verlof verleen is om teen die skuldigbevinding te appelleer nie of nie ingevolge artikel 316 (6) 'n aansoek om kondonasie of om verlof om teen die skuldigbevinding te appelleer aan die Hoofregter gerig het nie, kan die Minister, ten behoewe en sonder die toestemming van so 'n veroordeelde persoon, die betrokke oorkonde, tesame met 'n verklaring van die grond vir sy twyfel, na die appèlhof verwys, waarop daardie hof die juistheid van die skuldigbevinding op dieselfde wyse oorweeg asof hy 'n appèl deur die veroordeelde persoon teen die skuldigbevinding oorweeg.

(2) Die Minister laat—

(a) die betrokke prokureur-generaal in kennis stel van sy besluit om die aangeleentheid na die appèlhof te verwys;

(b) 'n advokaat aanstel om die aangeleentheid voor die appèlhof te beredeneer en die griffier van daardie hof van die naam van sodanige advokaat in kennis stel; en

(c) die griffier van die hof waarin die skuldigbevinding plaasgevind het die nodige aantal gewaarmerkte afskrifte van die betrokke hofoorkonde en -verrigtinge aan die griffier van die appèlhof stuur en die kragtens paragraaf *(b)* aangestelde advokaat van 'n afskrif daarvan voorsien.

(3) Die griffier van die appèlhof gee aan die betrokke prokureur-generaal en aan die kragtens subartikel (2) *(b)* aangestelde advokaat kennis van die datum wat bepaal is vir oorweging deur die appèlhof van die aangeleentheid wat kragtens subartikel (1) na hom verwys is.

(4) Die appèlhof het ten opsigte van 'n aangeleentheid wat kragtens subartikel (1) na hom verwys is die bevoegdhede wat deur artikel 322 ten opsigte van 'n appèl aan hom verleen is.

Instelling opnuut van geregtelike stappe waar skuldigbevinding op appèl tersyde gestel word.

324. Wanneer 'n skuldigbevinding en vonnis deur die appèlhof tersyde gestel word op grond daarvan—

(a) dat die hof wat die beskuldigde skuldig bevind het, nie bevoeg was om dit te doen nie; of

(b) dat die akte van beskuldiging ten opsigte waarvan die beskuldigde skuldig bevind is, ongeldig of in enige opsig gebrekkig was; of

(c) dat daar 'n ander tegniese onreëlmatigheid of gebrek by die prosedure was,

kan geregtelike stappe ten opsigte van dieselfde misdryf waarop die skuldigbevinding en vonnis betrekking gehad het, hetsy op die oorspronklike aanklag, met gepaste wysigings waar nodig, of op 'n ander aanklag, weer ingestel word asof die beskuldigde nie voorheen tereggestaan het en verhoor en skuldig bevind was nie: Met dien verstande dat geen regter of assessor voor wie die oorspronklike verhoor gedien het, aan sulke verrigtinge deelneem nie.

CHAPTER 32

MERCY AND FREE PARDON

Saving of power of State President to extend mercy.

325. Nothing in this Act shall affect the power of the State President to extend mercy to any person.

State President may commute sentence of death.

326. (1) The State President may, in any case in which he extends mercy to any person under sentence of death, without the consent of that person commute the sentence of death to any other punishment provided by law.

(2) Any such commutation shall be signified in writing to the Minister, who shall thereupon order that the person concerned be punished in the manner directed by the State President, and such order shall have the effect of a valid sentence passed by the court by which such person was convicted.

Further evidence and free pardon or substitution of verdict by State President.

327. (1) If any person convicted of any offence in any court or sentenced to death in respect of any offence, has in respect of the conviction or the sentence of death exhausted all the recognized legal procedures pertaining to appeal or review, or if such procedures are no longer available to him, and such person or his legal representative addresses the State President by way of petition, supported by relevant affidavits, stating that further evidence has since become available which materially affects his conviction or the sentence of death imposed upon him, the State President may, if he considers that such further evidence, if true, might reasonably affect the conviction or the sentence of death, direct the Minister to refer the petition and the relevant affidavits to the court in which the conviction occurred or in which the sentence of death was imposed.

(2) The court shall receive the said affidavits as evidence and may examine and permit the examination of any witness in connection therewith, including any witness on behalf of the State, and to this end the provisions of this Act relating to witnesses shall apply as if the matter before the court were a criminal trial in that court.

(3) Unless the court directs otherwise, the presence of the convicted person or the person sentenced to death shall not be essential at the hearing of further evidence.

(4) *(a)* The court shall assess the value of the further evidence and advise the State President whether, and to what extent, such evidence affects the conviction or the sentence in question.

(b) The court shall not, as part of the proceedings of the court, announce its finding as to the further evidence or the effect thereof on the conviction or sentence in question.

(5) The court shall be constituted as it was when the conviction occurred or, if it cannot be so constituted, the judge-president or, as the case may be, the senior regional magistrate or magistrate of the court in question, shall direct how the court shall be constituted.

(6) *(a)* The State President may, upon consideration of the finding or advice of the court under subsection (4)—

(i) direct that the conviction in question be expunged from all official records by way of endorsement on such records, and the effect of such a direction and endorsement shall be that the person concerned be given a free pardon as if the conviction in question had never occurred; or

(ii) substitute for the conviction in question a conviction of lesser gravity and substitute for the punishment imposed for such conviction any other punishment provided by law; or

HOOFSTUK 32

BEGENADIGING EN ALGEHELE KWYTSKELDING

Behoud van bevoegdheid van Staatspresident om te begenadig.

325. Geen bepaling van hierdie Wet raak die bevoegdheid van die Staatspresident om iemand te begenadig nie.

Staatspresident kan doodvonnis versag.

326. (1) Die Staatspresident kan in 'n geval waarin hy iemand begenadig wat ter dood veroordeel is, sonder toestemming van so iemand die doodvonnis versag na 'n ander straf wat regtens opgelê kan word.

(2) So 'n strafversagting word skriftelik aan die Minister meegedeel, wat daarop beveel dat die betrokke persoon gestraf word op die wyse deur die Staatspresident gelas, en so 'n bevel het die uitwerking van 'n geldige vonnis wat opgelê is deur die hof deur wie bedoelde persoon skuldig bevind is.

Verdere getuienis en algehele kwytskelding of vervanging van uitspraak deur Staatspresident.

327. (1) Indien iemand wat aan 'n misdryf in 'n hof skuldig bevind is of ten opsigte van 'n misdryf ter dood veroordeel is, ten opsigte van die skuldigbevinding of die doodvonnis al die erkende regsprosedures betreffende appèl of hersiening uitgeput het, of indien sodanige prosedures nie meer aan hom beskikbaar is nie, en so iemand of sy regsverteenwoordiger 'n versoekskrif, gesteun deur toepaslike beëdigde verklarings, aan die Staatspresident rig wat beweer dat verdere getuienis sedertdien beskikbaar geword het wat sy skuldigbevinding of die doodvonnis wat hom opgelê is wesenlik raak, kan die Staatspresident, indien hy van oordeel is dat sodanige verdere getuienis, as dit waar is, die skuldigbevinding of die doodvonnis redelikerwys sou kon raak, die Minister gelas om die versoekskrif en die toepaslike beëdigde verklarings na die hof te verwys waarin die skuldigbevinding geskied het of waarin die doodvonnis opgelê is.

(2) Die hof ontvang bedoelde beëdigde verklarings as getuienis en kan 'n getuie, met inbegrip van 'n getuie ten behoewe van die Staat, in verband daarmee ondervra of laat ondervra, en vir hierdie doel is die bepalings van hierdie Wet betreffende getuies van toepassing asof die aangeleentheid voor die hof 'n strafverhoor in daardie hof is.

(3) Tensy die hof anders gelas, is die teenwoordigheid van die veroordeelde persoon of die ter dood veroordeelde persoon nie 'n vereiste by die aanhoor van die verdere getuienis nie.

(4) *(a)* Die hof moet die waarde van die verdere getuienis bepaal en die Staatspresident adviseer of, en in watter mate, sodanige getuienis die betrokke skuldigbevinding of vonnis raak.

(b) Die hof maak nie, as deel van die verrigtinge van die hof, sy bevinding aangaande die verdere getuienis of die uitwerking daarvan op die betrokke skuldigbevinding of vonnis bekend nie.

(5) Die hof word saamgestel soos hy was toe die skuldigbevinding geskied het of, indien hy nie so saamgestel kan word nie, gelas die regter-president of, na gelang van die geval, die senior streeklanddros of landdros van die betrokke hof, hoe die hof saamgestel moet word.

(6) *(a)* Die Staatspresident kan, by oorweging van die bevinding of advies van die hof ingevolge subartikel (4)—

(i) gelas dat die betrokke skuldigbevinding op alle amptelike stukke uitgewis word by wyse van endossement op sodanige stukke, en die uitwerking van so 'n lasgewing en endossement is dat die betrokke persoon 'n algehele kwytskelding verleen word asof die betrokke skuldigbevinding nooit plaasgevind het nie; of

(ii) die betrokke skuldigbevinding deur 'n skuldigbevinding van minder ernstige aard vervang en die straf wat vir daardie skuldigbevinding opgelê is, deur 'n ander straf vervang wat regtens opgelê kan word; of

(iii) commute the sentence of death to any other punishment provided by law.

(b) The State President shall direct the Minister to advise the person concerned in writing of any decision taken under paragraph *(a)*, other than a decision taken under subparagraph (iii) of that paragraph, and to publish a notice in the *Gazette* in which such decision, other than a decision taken under the said subparagraph (iii), is set out.

(7) No appeal, review or other proceedings of whatever nature shall lie in respect of—

(a) a refusal by the State President to issue a direction under subsection (1) or to act upon the finding or advice of the court under subsection (4) *(a)*; or

(b) any aspect of the proceedings, finding or advice of the court under this section.

CHAPTER 33

GENERAL PROVISIONS

Force of process.

328. Any warrant, subpoena, summons or other process relating to any criminal matter shall be of force throughout the Republic and may be executed anywhere within the Republic.

Court process may be served or executed by police official.

329. Any police official shall, subject to the rules of court, be as qualified to serve or execute any subpoena or summons or other document under this Act as if he had been appointed deputy sheriff or deputy messenger or other like officer of the court.

Transmission of court process by telegraph or similar communication.

330. Any document, order or other court process which under this Act or the rules of court is required to be served or executed with reference to any person, may be transmitted by telegraph or similar written or printed communication, and a copy of such telegraph or communication, served or executed in the same manner as the relevant document, order or other court process is required to be served or executed, shall be of the same force and effect as if the document, order or other court process in question had itself been served or executed.

Irregular warrant or process.

331. Any person who acts under a warrant or process which is bad in law on account of a defect in the substance or form thereof shall, if he has no knowledge that such warrant or process is bad in law and whether or not such defect is apparent on the face of the warrant or process, be exempt from liability in respect of such act as if the warrant or process were good in law.

Prosecution of corporations and members of associations.

332. (1) For the purpose of imposing upon a corporate body criminal liability for any offence, whether under any law or at common law—

(a) any act performed, with or without a particular intent, by or on instructions or with permission, express or implied, given by a director or servant of that corporate body; and

(b) the omission, with or without a particular intent, of any act which ought to have been but was not performed by or on instructions given by a director or servant of that corporate body,

in the exercise of his powers or in the performance of his duties as such director or servant or in furthering or endeavouring to further the interests of that corporate body, shall be deemed to have been performed (and with the same intent, if any) by that corporate body or, as the case may be, to have been an omission (and with the same intent, if any) on the part of that corporate body.

(iii) die doodvonnis versag na 'n ander straf wat regtens opgelê kan word.

(b) Die Staatspresident gelas die Minister om die betrokke persoon skriftelik in kennis te stel van 'n besluit kragtens paragraaf *(a)* geneem, behalwe 'n besluit ingevolge subparagraaf (iii) van daardie paragraaf geneem, en om 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* te publiseer waarin sodanige besluit, behalwe 'n besluit ingevolge bedoelde subparagraaf (iii) geneem, uiteengesit word.

(7) Geen appèl-, hersienings- of ander verrigtinge van watter aard ook al is ontvanklik ten opsigte van—

(a) 'n weiering deur die Staatspresident om 'n lasgewing ingevolge subartikel (1) uit te reik of om op te tree as gevolg van die bevinding of advies van die hof ingevolge subartikel (4) *(a)* nie; of

(b) enige aspek van die verrigtinge, bevinding of advies van die hof ingevolge hierdie artikel nie.

HOOFSTUK 33

ALGEMENE BEPALINGS

Krag van proses.

328. 'n Lasbrief, getuiedagvaarding, dagvaarding of ander proses wat op 'n strafregtelike aangeleentheid betrekking het, is dwarsdeur die Republiek van krag en kan op enige plek binne die Republiek uitgevoer word.

Hofproses kan deur polisiebeampte beteken of uitgevoer word.

329. 'n Polisiebeampte is, behoudens die hofreëls, net so bevoeg om 'n getuiedagvaarding of dagvaarding of ander dokument ingevolge hierdie Wet te beteken of uit te voer asof hy as adjunk-balju of adjunk-geregsbode of ander soortgelyke hofbeampte aangestel is.

Oorsending van hofproses per telegraaf of dergelike mededeling.

330. 'n Dokument, bevel of ander hofproses wat ingevolge hierdie Wet of die hofreëls met betrekking tot iemand beteken of uitgevoer moet word, kan per telegraaf of dergelike geskrewe of gedrukte mededeling oorgesend word, en 'n afskrif van so 'n telegraaf of mededeling, op dieselfde wyse beteken of uitgevoer as waarop die betrokke dokument, bevel of ander hofproses beteken of uitgevoer moet word, het dieselfde krag en gevolg asof die betrokke dokument, bevel of ander hofproses self beteken of uitgevoer was.

Onreëlmatige lasbrief of prosesstuk.

331. Iemand wat kragtens 'n lasbrief of prosesstuk optree wat regtens gebrekkig is vanweë 'n tekortkoming in die inhoud of vorm daarvan, is, indien hy nie weet dat bedoelde lasbrief of prosesstuk regtens gebrekkig is nie en hetsy bedoelde gebrek ooglopend uit die lasbrief of prosesstuk blyk of nie, onthef van aanspreeklikheid ten opsigte van sodanige optrede asof die lasbrief of prosesstuk regtens in orde is.

Vervolging van regspersone en lede van verenigings.

332. (1) Ten einde 'n regspersoon strafregtelike aanspreeklikheid op te lê weens 'n misdryf, hetsy statutêr of gemeenregtelik, word—

(a) 'n handeling wat deur of in opdrag of met uitdruklike of stilswyende toestemming van 'n direkteur of dienaar van daardie regspersoon, met of sonder 'n besondere opset, verrig word; en

(b) die versuim, met of sonder 'n besondere opset, om 'n handeling te verrig wat verrig moes geword het maar nie verrig is nie deur of in opdrag van 'n direkteur of dienaar van daardie regspersoon,

by die uitoefening van sy bevoegdhede of die uitvoering van sy pligte as so 'n direkteur of dienaar of ter bevordering of gepoogde bevordering van die belange van daardie regspersoon, geag 'n handeling (met dieselfde opset, as daar opset by is) deur daardie regspersoon verrig te gewees het of, na gelang van die geval, 'n versuim (en met dieselfde opset, as daar opset by is) aan die kant van daardie regspersoon te gewees het.

(2) In any prosecution against a corporate body, a director or servant of that corporate body shall be cited, as representative of that corporate body, as the offender, and thereupon the person so cited may, as such representative, be dealt with as if he were the person accused of having committed the offence in question: Provided that—

(a) if the said person pleads guilty, other than by way of admitting guilt under section 57, the plea shall not be valid unless the corporate body authorized him to plead guilty;

(b) if at any stage of the proceedings the said person ceases to be a director or servant of that corporate body or absconds or is unable to attend, the court in question may, at the request of the prosecutor, from time to time substitute for the said person any other person who is a director or servant of the said corporate body at the time of the said substitution, and thereupon the proceedings shall continue as if no substitution had taken place;

(c) if the said person, as representing the corporate body, is convicted, the court convicting him shall not impose upon him in his representative capacity any punishment, whether direct or as an alternative, other than a fine, even if the relevant law makes no provision for the imposition of a fine in respect of the offence in question, and such fine shall be payable by the corporate body and may be recovered by attachment and sale of property of the corporate body in terms of section 288;

(d) the citation of a director or servant of a corporate body as aforesaid, to represent that corporate body in any prosecution instituted against it, shall not exempt that director or servant from prosecution for that offence in terms of subsection (5).

(3) In criminal proceedings against a corporate body, any record which was made or kept by a director, servant or agent of the corporate body within the scope of his activities as such director, servant or agent, or any document which was at any time in the custody or under the control of any such director, servant or agent within the scope of his activities as such director, servant or agent, shall be admissible in evidence against the accused.

(4) For the purposes of subsection (3) any record made or kept by a director, servant or agent of a corporate body or any document which was at any time in his custody or under his control, shall be presumed to have been made or kept by him or to have been in his custody or under his control within the scope of his activities as such director, servant or agent, unless the contrary is proved.

(5) When an offence has been committed, whether by the performance of any act or by the failure to perform any act, for which any corporate body is or was liable to prosecution, any person who was, at the time of the commission of the offence, a director or servant of the corporate body shall be deemed to be guilty of the said offence, unless it is proved that he did not take part in the commission of the offence and that he could not have prevented it, and shall be liable to prosecution therefor, either jointly with the corporate body or apart therefrom, and shall on conviction be personally liable to punishment therefor.

(6) In criminal proceedings against a director or servant of a corporate body in respect of an offence—

(a) any evidence which would be or was admissible against that corporate body in a prosecution for that offence, shall be admissible against the accused;

(b) whether or not such corporate body is or was liable to prosecution for the said offence, any document, memorandum, book or record which was drawn up, entered up or kept in the ordinary course of business of that corporate body or which was at any time in the custody or under the control of any director, servant or agent of such corporate body, in his capacity as director, servant or agent, shall be *prima facie* proof of its contents and

(2) By 'n vervolging teen 'n regspersoon word 'n direkteur of dienaar van daardie regspersoon, in die hoedanigheid van verteenwoordiger van daardie regspersoon, as die oortreder gedaag, en met die aldus gedaagde persoon kan dan, as so 'n verteenwoordiger, gehandel word asof hy die persoon is wat beskuldig word dat hy die betrokke misdryf gepleeg het: Met dien verstande dat—

(a) indien bedoelde persoon skuldig pleit, behalwe deur skuld ingevolge artikel 57 te erken, die pleit nie geldig is nie tensy die regspersoon hom gemagtig het om skuldig te pleit;

(b) indien bedoelde persoon in enige stadium van die saak ophou om 'n direkteur of dienaar van daardie regspersoon te wees of vlug of nie in staat is om aanwesig te wees nie, die betrokke hof op versoek van die aanklaer van tyd tot tyd bedoelde persoon kan vervang deur iemand anders wat ten tyde van so 'n plaasvervanging 'n direkteur of dienaar van bedoelde regspersoon is, en die verrigtinge dan voortgaan asof geen plaasvervanging geskied het nie;

(c) indien bedoelde persoon, as verteenwoordiger van die regspersoon, skuldig bevind word, die hof wat hom skuldig bevind, hom in sy verteenwoordigende hoedanigheid geen straf, hetsy regstreeks of as alternatief, behalwe 'n boete oplê nie, selfs indien die toepaslike wetsbepaling geen voorsiening vir die oplegging van 'n boete ten opsigte van die betrokke misdryf maak nie, en sodanige boete deur die regspersoon betaalbaar is en deur beslaglegging op en verkoping van goed van die regspersoon ingevolge artikel 288 verhaal kan word;

(d) die daging van 'n direkteur of dienaar van 'n regspersoon soos voormeld om daardie regspersoon by 'n vervolging wat daarteen ingestel word, te verteenwoordig, daardie direkteur of dienaar nie van 'n vervolging weens daardie misdryf ingevolge subartikel (5) vrystel nie.

(3) By strafregtelike verrigtinge teen 'n regspersoon is 'n aantekening deur 'n direkteur, dienaar of agent van die regspersoon binne die bestek van sy werksaamhede as sodanige direkteur, dienaar of agent gemaak of gehou, of 'n dokument wat te eniger tyd in die bewaring of onder die beheer van so 'n direkteur, dienaar of agent binne die bestek van sy werksaamhede as sodanige direkteur, dienaar of agent was, as getuienis teen die beskuldigde toelaatbaar.

(4) By die toepassing van subartikel (3) word 'n aantekening deur 'n direkteur, dienaar of agent van 'n regspersoon gemaak of gehou of 'n dokument wat te eniger tyd in sy bewaring of onder sy beheer was, vermoed deur hom binne die bestek van sy werksaamhede as so 'n direkteur, dienaar of agent, gemaak of gehou te gewees het of in sy bewaring of onder sy beheer te gewees het, tensy die teendeel bewys word.

(5) Wanneer 'n misdryf gepleeg is, hetsy deur die verrigting van 'n handeling of deur die versuim om 'n handeling te verrig, waarvoor 'n regspersoon vervolg kan word of kon geword het, word iemand wat ten tyde van die pleging van die misdryf 'n direkteur of dienaar van die regspersoon was, geag aan bedoelde misdryf skuldig te wees tensy dit bewys word dat hy nie aan die pleging van die misdryf deelgeneem het en dit nie kon verhoed het nie, en kan hy saam met die regspersoon of afsonderlik weens daardie misdryf aangekla word, en by skuldigbevinding persoonlik daarvoor gestraf word.

(6) By strafregtelike verrigtinge teen 'n direkteur of dienaar van 'n regspersoon weens 'n misdryf—

(a) is getuienis wat teen daardie regspersoon by 'n vervolging weens daardie misdryf toelaatbaar sou wees of was, teen die beskuldigde toelaatbaar;

(b) is 'n dokument, memorandum, boek of aantekening wat in die gewone loop van die besigheid van die regspersoon opgestel, aangeteken of gehou is, of wat te eniger tyd in die bewaring of onder die beheer was van 'n direkteur, dienaar of agent van bedoelde regspersoon, in sy hoedanigheid van direkteur, dienaar of agent, *prima*

admissible in evidence against the accused, unless he is able to prove that at all material times he had no knowledge of the said document, memorandum, book or record, in so far as its contents are relevant to the offence charged, and was in no way party to the drawing up of such document or memorandum or the making of any relevant entries in such book or record.

(7) When a member of an association of persons, other than a corporate body, has, in carrying on the business or affairs of that association or in furthering or in endeavouring to further its interests, committed an offence, whether by the performance of any act or by the failure to perform any act, any person who was, at the time of the commission of the offence, a member of that association, shall be deemed to be guilty of the said offence, unless it is proved that he did not take part in the commission of the offence and that he could not have prevented it: Provided that if the business or affairs of the association are governed or controlled by a committee or other similar governing body, the provisions of this subsection shall not apply to any person who was not at the time of the commission of the offence a member of that committee or other body.

(8) In any proceedings against a member of an association of persons in respect of an offence mentioned in subsection (7) any record which was made or kept by any member or servant or agent of the association within the scope of his activities as such member, servant or agent, or any document which was at any time in the custody or under the control of any such member, servant or agent within the scope of his activities as such member, servant or agent, shall be admissible in evidence against the accused.

(9) For the purposes of subsection (8) any record made or kept by a member or servant or agent of an association, or any document which was at any time in his custody or under his control, shall be presumed to have been made or kept by him or to have been in his custody or under his control within the scope of his activities as such member or servant or agent, unless the contrary is proved.

(10) In this section the word "director" in relation to a corporate body means any person who controls or governs that corporate body or who is a member of a body or group of persons which controls or governs that corporate body or, where there is no such body or group, who is a member of that corporate body.

(11) The provisions of this section shall be additional to and not in substitution for any other law which provides for a prosecution against corporate bodies or their directors or servants or against associations of persons or their members.

(12) Where a summons under this Act is to be served on a corporate body, it shall be served on the director or servant referred to in subsection (2) and in the manner referred to in section 54 (2).

Minister may invoke decision of Appellate Division on question of law.

333. Whenever the Minister has any doubt as to the correctness of any decision given by any superior court in any criminal case on a question of law, or whenever a decision in any criminal case on a question of law is given by any division of the Supreme Court which is in conflict with a decision in any criminal case on a question of law given by any other division of the Supreme Court, the Minister may submit such decision or, as the case may be, such conflicting decisions to the Appellate Division of the Supreme Court and cause the matter to be argued before that Court in order that it may determine such question of law for the future guidance of all courts.

Minister may declare certain persons peace officers for specific purposes,

334. (1) *(a)* The Minister may by notice in the *Gazette* declare that any person who, by virtue of his office, falls within any category defined in the notice, shall, within an area specified in the notice, be a peace officer for the purpose

facie-bewys van die inhoud daarvan en as getuienis teen die beskuldigde toelaatbaar, hetsy bedoelde regspersoon weens die misdryf vervolg kan of kon word al dan nie, tensy hy in staat is om te bewys dat hy te alle wesenlike tye geen kennis van bedoelde dokument, memorandum, boek of aantekening gehad het nie vir sover die inhoud daarvan op die ten laste gelegde misdryf betrekking het, en op generlei wyse aan die opstel van bedoelde dokument of memorandum of die aanbring van enige ter sake dienende aantekeninge in bedoelde boek of die aantekening medepligtig was nie.

(7) Wanneer 'n lid van 'n vereniging van persone wat nie 'n regspersoon is nie, in verband met die behartiging van die besigheid of sake van daardie vereniging of in verband met die bevordering of gepoogde bevordering van sy belange, 'n misdryf pleeg, hetsy deur 'n handeling te verrig of deur te versuim om 'n handeling te verrig, word iemand wat ten tyde van die pleging van die misdryf 'n lid van daardie vereniging was, geag aan daardie misdryf skuldig te wees, tensy bewys word dat hy nie aan die pleging van die misdryf deelgeneem het nie en dat hy dit nie kon verhoed het nie: Met dien verstande dat indien die besigheid of sake van die vereniging deur 'n komitee of ander dergelike bestuursliggaam bestuur of beheer word, die bepalings van hierdie subartikel nie van toepassing is op iemand wat ten tyde van die pleging van die misdryf nie 'n lid van daardie komitee of ander liggaam was nie.

(8) By 'n saak teen 'n lid van 'n vereniging van persone weens 'n in subartikel (7) bedoelde misdryf, is 'n aantekening wat deur 'n lid of dienaar of agent van die vereniging binne die bestek van sy werksaamhede as sodanige lid, dienaar of agent gemaak of gehou is, of 'n dokument wat te eniger tyd in die bewaring of onder die beheer van so 'n lid, dienaar of agent binne die bestek van sy werksaamhede as sodanige lid, dienaar of agent was, as getuienis teen die beskuldigde toelaatbaar.

(9) By die toepassing van subartikel (8) word 'n aantekening deur 'n lid of dienaar of agent van 'n vereniging gemaak of gehou of 'n dokument wat te eniger tyd in sy bewaring of onder sy beheer was, vermoed deur hom binne die bestek van sy werksaamhede as sodanige lid of dienaar of agent gemaak of gehou te gewees het of in sy bewaring of onder sy beheer te gewees het, tensy die teendeel bewys word.

(10) In hierdie artikel beteken die woord „direkteur" met betrekking tot 'n regspersoon iemand wat daardie regspersoon beheer of bestuur of wat lid is van 'n liggaam of groep persone wat daardie regspersoon beheer of bestuur of, waar daar nie so 'n liggaam of groep is nie, wat lid is van daardie regspersoon.

(11) Die bepalings van hierdie artikel vul 'n ander wetsbepaling aan wat vir 'n vervolging teen regspersone of hul direkteure of dienare of teen verenigings van persone of hul lede voorsiening maak, en vervang dit nie.

(12) Waar 'n dagvaarding ingevolge hierdie Wet aan 'n regspersoon beteken moet word, word dit aan die in subartikel (2) bedoelde direkteur of dienaar en op die in artikel 54 (2) bedoelde wyse beteken.

Minister kan beslissing van Appèlafdeling oor regsvraag verkry.

333. Wanneer die Minister twyfel oor die juistheid van 'n beslissing oor 'n regsvraag wat 'n hoër hof in 'n strafsaak gegee het, of wanneer 'n afdeling van die Hooggeregshof in 'n strafsaak 'n beslissing oor 'n regsvraag gee wat strydig is met 'n beslissing oor 'n regsvraag wat 'n ander afdeling van die Hooggeregshof in 'n strafsaak gegee het, kan die Minister sodanige beslissing of, na gelang van die geval, sodanige strydige beslissings aan die Appèlafdeling van die Hooggeregshof voorlê en die aangeleentheid voor daardie Hof laat beredeneer sodat daardie Hof bedoelde regsvraag vir die toekomstige leiding van alle howe kan beslis.

Minister kan sekere persone vredesbeamptes vir bepaalde doeleindes

334. (1) *(a)* Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar dat iemand wat uit hoofde van sy amp binne 'n in die kennisgewing omskrewe kategorie val, binne 'n in die kennisgewing bepaalde gebied 'n

and liability for damages.

of exercising, with reference to any provision of this Act or any offence or any class of offences likewise specified, the powers defined in the notice.

(b) The powers referred to in paragraph *(a)* may include any power which is not conferred upon a peace officer by this Act.

(2) *(a)* No person who is a peace officer by virtue of a notice issued under subsection (1) shall exercise any power conferred upon him under that subsection unless he is at the time of exercising such power in possession of a certificate of appointment issued by his employer, which certificate shall be produced on demand.

(b) A power exercised contrary to the provisions of paragraph *(a)* shall have no legal force or effect.

(3) The Minister may by notice in the *Gazette* prescribe—

(a) the conditions which shall be complied with before a certificate of appointment may validly be issued under subsection (2) *(a)*;

(b) any matter which shall appear in or on such certificate of appointment in addition to any matter which the employer may include in such certificate.

(4) Where the employer of any person who becomes a peace officer under the provisions of this section would be liable for damages arising out of any act or omission by such person in the discharge of any power conferred upon him under this section, the State shall not be liable for such damages unless the State is the employer of that person, in which event the department of State, including a provincial administration, in whose service such person is, shall be so liable.

Person who makes statement entitled to copy thereof.

335. Whenever a person has in relation to any matter made to a peace officer a statement in writing or a statement which was reduced to writing, and criminal proceedings are thereafter instituted against such person in connection with that matter, the person in possession of such statement shall furnish the person who made the statement, at his request, with a copy of such statement.

Act or omission constituting offence under two or more laws.

336. Where an act or an omission constitutes an offence under two or more statutory provisions or is an offence against a statutory provision and the common law, the person guilty of such act or omission shall, unless the contrary intention appears, be liable to be prosecuted and punished under either statutory provision or, as the case may be, under the statutory provision or the common law, but shall not be liable to more than one punishment for the act or omission constituting the offence.

Estimating age of person.

337. If in any criminal proceedings the age of any person is a relevant fact of which no or insufficient evidence is available at the proceedings, the presiding judge or judicial officer may estimate the age of such person by his appearance or from any information which may be available, and the age so estimated shall be deemed to be the correct age of such person, unless—

(a) it is subsequently proved that the said estimate was incorrect; and

(b) the accused at such proceedings could not lawfully have been convicted of the offence with which he was charged if the correct age had been proved.

Production of document by accused at criminal proceedings.

338. Where any law requires any person to produce any document at any criminal proceedings at which such person is an accused, and such person fails to produce such document at such proceedings, such person shall be guilty of an offence, and the court may in a summary manner enquire into his failure to

vredesbeampte is vir die doeleindes van die uitoefening, met betrekking tot 'n bepaling van hierdie Wet of 'n misdryf of 'n kategorie misdrywe insgelyks bepaal, van die bevoegdhede in die kennisgewing omskryf. verklaar, en aanspreeklikheid weens skade.

(b) Die in paragraaf *(a)* bedoelde bevoegdhede kan 'n bevoegdheid insluit wat nie deur hierdie Wet aan 'n vredesbeampte verleen word nie.

(2) *(a)* Iemand wat 'n vredesbeampte is uit hoofde van 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1) uitgereik, oefen nie 'n bevoegdheid uit wat kragtens daardie subartikel aan hom verleen is nie tensy hy ten tyde van die uitoefening van daardie bevoegdheid in besit is van 'n aanstellingsertifikaat wat deur sy werkgewer uitgereik is, welke sertifikaat op versoek getoon moet word.

(b) 'n Bevoegdheid wat strydig met die bepalings van paragraaf *(a)* uitgeoefen word, het geen regskrag of -gevolg nie.

(3) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* voorskryf—

(a) aan watter voorwaardes voldoen moet word voordat 'n aanstellingsertifikaat geldig ingevolge subartikel (2) *(a)* uitgereik word;

(b) watter gegewens in of op bedoelde aanstellingsertifikaat moet verskyn benewens enigiets wat die werkgewer in daardie sertifikaat mag opneem.

(4) Waar die werkgewer van 'n persoon wat 'n vredesbeampte ingevolge die bepalings van hierdie artikel word, aanspreeklik is weens skade wat ontstaan uit 'n handeling of versuim deur so 'n persoon in die uitvoering van 'n bevoegdheid wat ingevolge hierdie artikel aan hom verleen is, is die Staat nie weens sodanige skade aanspreeklik nie tensy die Staat die werkgewer van daardie persoon is, in welke geval die staatsdepartement, met inbegrip van 'n provinsiale administrasie, in wie se diens bedoelde persoon is, aldus aanspreeklik is.

335. Wanneer 'n persoon met betrekking tot 'n aangeleentheid 'n skriftelike verklaring of 'n verklaring wat op skrif gestel is, aan 'n vredesbeampte gedoen het en strafregtelike verrigtinge daarna in verband met bedoelde aangeleentheid teen daardie persoon ingestel word, moet die persoon wat in besit van bedoelde verklaring is die persoon wat die verklaring gedoen het, op sy versoek van 'n afskrif van daardie verklaring voorsien. Iemand wat verklaring aflê, is op afskrif daarvan geregtig.

336. Waar 'n handeling of 'n versuim 'n misdryf ingevolge meerdere wetsbepalings is of 'n misdryf ingevolge 'n wetsbepaling en die gemene reg is, is die persoon wat aan so 'n handeling of versuim skuldig is, tensy die teendeel blyk, vervolgbaar en strafbaar ingevolge die een of ander wetsbepaling of, na gelang van die geval, ingevolge die wetsbepaling of die gemene reg, maar hy is nie aan meer as een straf onderhewig vanweë die handeling of versuim wat die misdryf uitmaak nie. Handeling of versuim wat misdryf onder meerdere wetsbepalings uitmaak.

337. Indien die ouderdom van iemand in strafregtelike verrigtinge ter sake is en daar geen of onvoldoende getuienis daaromtrent by die verrigtinge beskikbaar is, kan die voorsittende regter of regterlike amptenaar die ouderdom van daardie persoon volgens sy voorkoms of op grond van enige beskikbare inligting skat, en die aldus geskatte ouderdom word geag die juiste ouderdom van daardie persoon te wees, tensy— Skatting van persoon se ouderdom.

(a) later bewys word dat bedoelde skatting onjuis was; en

(b) die beskuldigde by bedoelde verrigtinge regtens nie skuldig bevind kon gewees het weens die ten laste gelegde misdryf indien die juiste ouderdom bewys was nie.

338. Waar 'n wet dit van 'n persoon vereis om 'n dokument voor te lê by strafregtelike verrigtinge waarby so 'n persoon 'n beskuldigde is, en so 'n persoon versuim om daardie dokument by bedoelde verrigtinge voor te lê, is so 'n persoon aan 'n misdryf skuldig, en kan die hof op summiere wyse ondersoek instel na sy Voorlegging van dokument deur beskuldigde by strafregtelike verrigtinge.

produce the document and, unless such person satisfies the court that his failure was not due to any fault on his part, sentence him to any punishment provided for in such law, or, if no punishment is so provided, to a fine not exceeding one hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding three months.

Removal of accused from one prison to another for purpose of attending at criminal proceedings.

339. Whenever an accused is in custody and it becomes necessary that he be removed from one prison to another prison for the purpose of attending his trial, the magistrate of the district in which the accused is in custody shall issue a warrant for the removal of the accused to such other prison.

Prison list of unsentenced prisoners and witnesses detained.

340. Every head of a prison within the area for which any session or circuit of any superior court is held for the trial of criminal cases shall deliver to that court at the commencement of each such session or circuit a list—

(a) of the unsentenced prisoners who, at such commencement, have been detained within his prison for a period of ninety days or longer; and

(b) of witnesses detained under section 184 or 185 and who, at such commencement, are being detained within his prison,

and such list shall, in the case of each such prisoner and each such witness, specify the date of his admission to the prison and the authority for his detention which shall, in the case of a witness, state whether the detention is under section 184 or 185, and shall further specify, in the case of each such prisoner, the cause of his detention.

Compounding of certain minor offences.

341. (1) If a person receives from any peace officer a notification in writing alleging that such person has committed, at a place and upon a date and at a time or during a period specified in the notification, any offence likewise specified, of any class mentioned in Schedule 3, and setting forth the amount of the fine which a court trying such person for such offence would probably impose upon him, such person may within thirty days after the receipt of the notification deliver or transmit the notification, together with a sum of money equal to the said amount, to the magistrate of the district or area wherein the offence is alleged to have been committed, and thereupon such person shall not be prosecuted for having committed such offence.

(2) *(a)* In the case of an offence, other than an offence under the common law or under the Motor Carrier Transportation Act, 1930 (Act 39 of 1930), relating to any vehicle, committed within the area of jurisdiction of a local authority, any person receiving a notification in terms of subsection (1) from a peace officer in the service of such local authority may deliver or transmit the notification, together with a sum of money equal to the amount specified in the notification, to such local authority.

(b) Any sum of money paid to a local authority as provided in paragraph *(a)* shall for the purposes of section 22 of the Financial Adjustments Act, 1932 (Act 25 of 1932), be deemed to be a fine imposed as a traffic fine.

(c) Not later than seven days after receipt of any sum of money as provided in paragraph *(a)*, the local authority concerned shall forward to the magistrate of the district or area wherein the offence is alleged to have been committed a copy of the notification relating to the payment in question.

(d) If the magistrate finds that the amount specified in the notification exceeds the amount determined in terms of subsection (5) in respect of the offence in question, he shall notify the local authority of the amount whereby the amount specified in the notification exceeds the amount so determined and the local authority concerned

versuim om die dokument voor te lê en, tensy bedoelde persoon die hof oortuig dat sy versuim nie aan skuld aan sy kant te wyte was nie, hom veroordeel tot die straf in so 'n wet bepaal, of, indien geen straf aldus bepaal is nie, tot 'n boete van hoogstens honderd rand of tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

Oorplasing van beskuldigde van een gevangenis na 'n ander ten einde strafregtelike verrigtinge by te woon.

339. Wanneer 'n beskuldigde in bewaring is en dit nodig word dat hy van een gevangenis na 'n ander gevangenis oorgeplaas word ten einde sy verhoor by te woon, moet die landdros van die distrik waarin die beskuldigde in bewaring is, 'n lasbrief vir die oorplasing van die beskuldigde na so 'n ander gevangenis uitreik.

Gevangenislys van ongevonniste gevangenes en getuies wat aangehou word.

340. Elke hoof van 'n gevangenis binne die gebied ten opsigte waarvan 'n sitting of rondgang van 'n hoër hof vir die verhoor van strafsake gehou word, moet by die aanvang van elke sodanige sitting of rondgang 'n lys by daardie hof inlewer—

(a) van die ongevonniste gevangenes wat, by bedoelde aanvang, vir 'n tydperk van negentig dae of langer binne sy gevangenis aangehou is; en

(b) van getuies ingevolge artikel 184 of 185 aangehou en wat, by bedoelde aanvang, binne sy gevangenis aangehou word,

en bedoelde lys vermeld, in die geval van elke sodanige gevangene en elke sodanige getuie, die datum van sy toelating tot die gevangenis en die magtiging vir sy aanhouding wat, in die geval van 'n getuie, moet meld of die aanhouding ingevolge artikel 184 of 185 geskied, en vermeld voorts, in die geval van elke sodanige gevangene, die rede vir sy aanhouding.

Afkoop van sekere geringe misdrywe.

341. (1) Indien iemand van 'n vredesbeampte 'n skriftelike kennisgewing ontvang waarin vermeld word dat bedoelde persoon op 'n plek en datum en uur of gedurende 'n tydperk in die kennisgewing aangedui, 'n misdryf gepleeg het wat ook daarin aangedui word en wat ressorteer onder 'n kategorie in Bylae 3 vermeld, en waarin aangegee word die bedrag van die boete wat 'n hof by die verhoor van bedoelde persoon hom weens daardie misdryf waarskynlik sal oplê, kan bedoelde persoon die kennisgewing, tesame met 'n som geld gelyk aan bedoelde bedrag, binne dertig dae na ontvangs van die kennisgewing aan die landdros van die distrik of gebied waarin die misdryf na bewering gepleeg is, oorhandig of stuur, en daarop word bedoelde persoon nie weens die pleeg van daardie misdryf vervolg nie.

(2) *(a)* In die geval van 'n ander misdryf as 'n misdryf ingevolge die gemenereg of ingevolge die Motortransportwet, 1930 (Wet 39 van 1930), wat betrekking het op enige voertuig en wat gepleeg is binne die gebied van 'n plaaslike owerheid, kan iemand wat 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1) van 'n vredesbeampte in diens van daardie plaaslike owerheid ontvang, die kennisgewing tesame met 'n som geld gelyk aan die bedrag in die kennisgewing aangegee, aan bedoelde plaaslike owerheid oorhandig of stuur.

(b) 'n Som geld wat ingevolge die bepalings van paragraaf *(a)* aan 'n plaaslike owerheid betaal word, word by die toepassing van artikel 22 van die Finansiële Reëlingswet, 1932 (Wet 25 van 1932), geag 'n boete te wees wat as verkeersboete opgelê is.

(c) Nie later nie as sewe dae na ontvangs van 'n som geld ingevolge die bepalings van paragraaf *(a)*, moet die betrokke plaaslike owerheid 'n afskrif van die kennisgewing wat betrekking het op die betrokke betaling, aan die landdros van die distrik of gebied waarin die misdryf na bewering gepleeg is, stuur.

(d) Indien die landdros bevind dat die bedrag in die kennisgewing vermeld die bedrag ooreenkomstig subartikel (5) ten opsigte van die betrokke misdryf vasgestel, oorskry, stel hy die plaaslike owerheid in kennis van die bedrag waarmee die in die kennisgewing vermelde bedrag die aldus vasgestelde bedrag oorskry, en die

shall immediately refund the amount of such excess to the person concerned.

(e) For the purposes of this subsection "local authority" means a city council, a town council, a village council, a village management board or a local board.

(3) Any money paid to a magistrate in terms of subsection (1) shall be dealt with as if it had been paid as a fine for the offence in question.

(4) The Minister may from time to time by notice in the *Gazette* add any offence to the offences mentioned in Schedule 3, or remove therefrom any offence mentioned therein.

(5) The amount to be specified in any notification issued under this section as the amount of the fine which a court would probably impose in respect of any offence, shall be determined from time to time for any particular area by the magistrate of the district or area in which such area is situated, and may differ from the admission of guilt fine determined under section 57 (5) *(a)* for the offence in question.

Conviction or acquittal no bar to civil action for damages.

342. A conviction or an acquittal in respect of any offence shall not bar a civil action for damages at the instance of any person who has suffered damages in consequence of the commission of that offence.

Application of this Act in the territory.

343. This Act shall apply also in the territory, including the Eastern Caprivi Zipfel.

Repeal of laws.

344. (1) Subject to the provisions of subsection (2), the laws specified in Schedule 4 are hereby repealed to the extent set out in the third column of that Schedule.

(2) Any regulation, rule, notice, approval, authority, return, certificate, document, direction or appointment made, issued, given or granted, and any other act done under any provision of any law repealed by this Act shall, subject to the provisions of subsection (3), be deemed to have been made, issued, given, granted or done under the corresponding provisions of this Act.

(3) Notwithstanding the repeal of any law under subsection (1), criminal proceedings which have under such law at the date of commencement of this Act been commenced in any superior court, regional court or magistrate's court and in which evidence has at such date been led in respect of the relevant charge, shall, if such proceedings have at that date not been concluded, be continued and concluded under such law as if it had not been repealed.

Short title and date of commencement.

345. (1) This Act shall be called the Criminal Procedure Act, 1977, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

(2) The State President may under subsection (1) fix different dates in respect of different provisions of this Act and may fix different dates for the commencement of any such provision in the Republic, the territory and the Eastern Caprivi Zipfel.

betrokke plaaslike owerheid moet die bedrag van bedoelde oorskryding onverwyld aan die betrokke persoon terugbetaal.

(e) By die toepassing van hierdie subartikel beteken „plaaslike owerheid" 'n stadsraad, 'n dorpsraad, 'n dorpsbestuursraad of 'n plaaslike raad.

(3) Daar word oor geld wat ingevolge subartikel (1) aan 'n landdros betaal word, beskik asof dit betaal is as 'n boete wat ten opsigte van die betrokke misdryf opgelê is.

(4) Die Minister kan van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n misdryf by die in Bylae 3 vermelde misdrywe voeg of 'n daarin vermelde misdryf daaruit skrap.

(5) Die bedrag wat in 'n ingevolge hierdie artikel uitgereikte kennisgewing aangegee moet word as die bedrag van die boete wat 'n hof ten opsigte van 'n misdryf waarskynlik sal oplê, word vir 'n bepaalde gebied van tyd tot tyd deur die landdros van die distrik of gebied waarin daardie gebied geleë is, vasgestel, en kan verskil van die skulderkenningsboete wat ingevolge artikel 57 (5) *(a)* vir die betrokke misdryf vasgestel is.

Skuldigbevinding of vryspraak belet nie siviele geding om skadevergoeding nie.

342. 'n Skuldigbevinding of 'n vryspraak ten opsigte van 'n misdryf belet nie 'n siviele geding om skadevergoeding deur iemand wat ten gevolge van die pleging van daardie misdryf skade gely het nie.

Toepassing van hierdie Wet in die gebied.

343. Hierdie Wet is van toepassing ook in die gebied, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel.

Herroeping van wette.

344. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), word die wette in Bylae 4 vermeld hierby in die mate herroep wat in die derde kolom van daardie Bylae aangedui word.

(2) 'n Regulasie, reël, kennisgewing, goedkeuring, magtiging, relaas, sertifikaat, dokument, lasgewing of aanstelling en enige ander handeling kragtens 'n bepaling van 'n by hierdie Wet herroepe wet verrig, uitgevaardig, gegee, verleen of gedoen, word, behoudens die bepalings van subartikel (3), geag ingevolge die ooreenstemmende bepalings van hierdie Wet verrig, uitgevaardig, gegee, verleen of gedoen te gewees het.

(3) Ondanks die herroeping van 'n wet kragtens subartikel (1) word strafregtelike verrigtinge wat ingevolge so 'n wet by die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet in 'n hoër, streek- of landdroshof 'n aanvang geneem het en waarin getuienis op daardie datum ten opsigte van die betrokke aanklag aangevoer is, ooreenkomstig daardie wet voortgesit en afgehandel asof dit nie herroep is nie, indien bedoelde verrigtinge op daardie datum nie afgehandel is nie.

Kort titel en datum van inwerkingtreding.

345. (1) Hierdie Wet heet die Strafproseswet, 1977, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Die Staatspresident kan ingevolge subartikel (1) verskillende datums ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie Wet bepaal en kan verskillende datums vir die inwerkingtreding van enige so 'n bepaling in die Republiek, die gebied en die Oostelike Caprivi Zipfel bepaal.

Schedule 1.

(Sections 40, 42, 49.)

Treason.
Sedition.
Murder.
Culpable homicide.
Rape.
Indecent assault.
Sodomy.
Bestiality.
Robbery.
Assault, when a dangerous wound is inflicted.
Arson.
Breaking or entering any premises, whether under the common law or a statutory provision, with intent to commit an offence.
Theft, whether under the common law or a statutory provision.
Receiving stolen property knowing it to have been stolen.
Fraud.
Forgery or uttering a forged document knowing it to have been forged.
Offences relating to the coinage.
Any offence, except the offence of escaping from lawful custody in circumstances other than the circumstances referred to immediately hereunder, the punishment wherefor may be a period of imprisonment exceeding six months without the option of a fine.
Escaping from lawful custody, where the person concerned is in such custody in respect of any offence referred to in this Schedule or is in such custody in respect of the offence of escaping from lawful custody.
Any conspiracy, incitement or attempt to commit any offence referred to in this Schedule.

Schedule 2.

PART I.

(Section 35.)

Any offence under any law relating to the illicit possession, conveyance or supply of dependence-producing drugs or intoxicating liquor.
Any offence under any law relating to the illicit dealing in or possession of precious metals or precious stones.
Breaking or entering any premises, whether under the common law or a statutory provision, with intent to commit an offence.
Theft, whether under the common law or a statutory provision.

PART II.

(Sections 59, 72)

Treason.
Sedition.
Murder.
Rape.
Robbery.
Assault, when a dangerous wound is inflicted.
Arson.
Breaking or entering any premises, whether under the common law or a statutory provision, with intent to commit an offence.
Theft, whether under the common law or a statutory provision, receiving stolen property knowing it to have been stolen, fraud, forgery or uttering a forged document knowing it to have been forged, in each case if the amount or value involved in the offence exceeds two hundred rand.
Any offence under any law relating to the illicit dealing in or possession of precious metals or precious stones.
Any offence under any law relating to the illicit possession, conveyance or supply of dependence-producing drugs.
Any offence relating to the coinage.
Any conspiracy, incitement or attempt to commit any offence referred to in this Part.

PART III.

(Sections 59, 61, 72, 184, 185, 189.)

Arson.
Murder.
Kidnapping.
Childstealing.
Robbery.
Housebreaking, whether under the common law or a statutory provision, with intent to commit an offence.
Any conspiracy, incitement or attempt to commit any offence referred to in this Part.

Bylae 1.

(Artikels 40, 42, 49.)

Hoogverraad.
Sedisie.
Moord.
Strafbare Manslag.
Verkragting.
Onsedelike aanranding.
Sodomie.
Bestialiteit.
Roof.
Aanranding, wanneer 'n gevaarlike wond toegedien word.
Brandstigting.
Inbraak by of betreding van 'n perseel, hetsy ingevolge die gemene reg of 'n statutêre bepaling, met die opset om 'n misdryf te pleeg.
Diefstal, hetsy ingevolge die gemene reg of 'n statutêre bepaling.
Ontvangs van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is.
Bedrog.
Vervalsing of uitgifte van 'n vervalste stuk wetende dat dit vervals is.
Misdrywe betreffende die munt van geld.
'n Oortreding, behalwe die oortreding van ontsnapping uit wettige bewaring in ander omstandighede as die omstandighede onmiddellik hieronder genoem, waarvoor gevangenisstraf vir 'n langer tydperk as ses maande sonder die keuse van 'n boete opgelê kan word.
Ontsnapping uit wettige bewaring, waar die betrokke persoon in sodanige bewaring is ten opsigte van 'n in hierdie Bylae bedoelde misdryf of in sodanige bewaring is ten opsigte van die misdryf van ontsnapping uit wettige bewaring.
'n Sameswering, uitlokking of poging om 'n in hierdie Bylae bedoelde misdryf te pleeg.

Bylae 2.

DEEL I.

(Artikel 35.)

'n Misdryf ingevolge 'n wet betreffende die onwettige besit, vervoer of verskaffing van afhanklikheidsvormende medisyne of sterk drank.
'n Misdryf ingevolge 'n wet betreffende die onwettige handel met of besit van edele metale of edelgesteentes.
Inbraak by of betreding van 'n perseel, hetsy ingevolge die gemene reg of 'n statutêre bepaling, met die opset om 'n misdryf te pleeg.
Diefstal, hetsy ingevolge die gemene reg of 'n statutêre bepaling.

DEEL II.

(Artikels 59, 72.)

Hoogverraad.
Sedisie.
Moord.
Verkragting.
Roof.
Aanranding, wanneer 'n gevaarlike wond toegedien word.
Brandstigting.
Inbraak by of betreding van 'n perseel, hetsy ingevolge die gemene reg of 'n statutêre bepaling, met die opset om 'n misdryf te pleeg.
Diefstal, hetsy ingevolge die gemene reg of 'n statutêre bepaling, ontvangs van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is, bedrog, vervalsing of uitgifte van 'n vervalste stuk wetende dat dit vervals is, in elke geval as die bedrag of waarde betrokke by die misdryf tweehonderd rand te bowe gaan.
'n Misdryf ingevolge 'n wet betreffende die onwettige handel met of besit van edele metale of edelgesteentes.
'n Misdryf ingevolge 'n wet betreffende die onwettige besit, vervoer of verskaffing van afhanklikheidsvormende medisyne.
'n Misdryf betreffende die munt van geld.
'n Sameswering, uitlokking of poging om 'n in hierdie Deel bedoelde misdryf te pleeg.

DEEL III.

(Artikels 59, 61, 72, 184, 185, 189.)

Brandstigting.
Moord.
Menseroof.
Kinderdiefstal.
Roof.
Huisbraak, hetsy ingevolge die gemene reg of 'n statutêre bepaling, met die opset om 'n misdryf te pleeg.
'n Sameswering, uitlokking of poging om 'n in hierdie Deel bedoelde misdryf te pleeg.

Schedule 3.

(Section 341.)

Any contravention of a bye-law or regulation made by or for a local authority referred to in section 341.

Any offence committed by—

(a) driving a vehicle at a speed exceeding a prescribed limit;
(b) driving a vehicle which does not bear prescribed lights, or any prescribed means of identification;
(c) leaving or stopping a vehicle at a place where it may not be left or stopped, or leaving a vehicle in a condition in which it may not be left;
(d) driving a vehicle at a place where and at a time when it may not be driven;
(e) driving a vehicle which is defective or any part whereof is not properly adjusted, or causing any undue noise by means of a motor vehicle;
(f) owning or driving a vehicle for which no valid licence is held;
(g) driving a motor vehicle without holding a licence to drive it.

Schedule 4.

LAWS REPEALED.

No. and Year of Law.	Title.	Extent of Repeal.
	REPUBLIC.	
Act 38 of 1916	Mental Disorders Act, 1916	Sections 27, 28, 29 and 29*bis*.
Act 24 of 1922	South-West Africa Affairs Act, 1922	Section 2 (1), so much of section 3 as is unrepealed, and sections 4, 6 and 7.
Act 22 of 1926	South-West Africa Mental Disorders Act, 1926.	So much as is unrepealed.
Act 46 of 1935	General Law Amendment Act, 1935	Section 78 and so much of section 101 as is unrepealed.
Act 32 of 1944	Magistrates' Courts Act, 1944	Sections 93, 93*bis* and 94 to 105 inclusive.
Act 32 of 1952	General Law Amendment Act, 1952	Section 9 and so much of section 26 as is unrepealed.
Act 40 of 1952	Magistrates' Courts Amendment Act, 1952	Sections 22 to 26 inclusive.
Act 56 of 1955	Criminal Procedure Act, 1955	The whole, except sections 319 (3) and 384.
Act 62 of 1955	General Law Amendment Act, 1955	Sections 13, 24, 25 and 26.
Act 50 of 1956	General Law Amendment Act, 1956	Sections 22, 23, 24, 25, 27, 28, 29 and 31.
Act 33 of 1957	Interpretation Act, 1957	Section 9.
Act 68 of 1957	General Law Amendment Act, 1957	Section 5 in so far as it relates to criminal proceedings, and sections 40 and 45 to 59 inclusive.
Act 9 of 1958	Criminal Procedure Amendment Act, 1958	The whole.
Act 18 of 1958	Special Criminal Courts Amendment Act, 1958	The whole.
Act 16 of 1959	Criminal Law Amendment Act, 1959	Sections 3 to 8 inclusive, 10, 11 and 15 to 49 inclusive.
Act 75 of 1959	Criminal Law Further Amendment Act, 1959 ..	Sections 3 to 6 inclusive.
Act 33 of 1960	Children's Act, 1960	Sections 98 to 102 inclusive.
Act 39 of 1961	General Law Amendment Act, 1961	Section 4.
Act 45 of 1961	Interpretation Amendment Act, 1961	Section 3.

Bylae 3.

(Artikel 341.)

Enige oortreding van 'n verordening of regulasie wat deur of vir 'n plaaslike owerheid in artikel 341 bedoel, uitgevaardig is.

Enige misdryf wat gepleeg word deur—

(a) die bestuur van 'n voertuig teen 'n snelheid wat 'n voorgeskrewe beperking oorskry;

(b) die bestuur van 'n voertuig wat nie die voorgeskrewe ligte of enige voorgeskrewe herkenningsmiddel aan het nie;

(c) 'n voertuig te laat of tot stilstand te bring op 'n plek waar dit nie gelaat of tot stilstand gebring mag word nie, of 'n voertuig te laat in 'n toestand waarin dit nie gelaat mag word nie;

(d) die bestuur van 'n voertuig op 'n plek waar en op 'n tydstip wanneer dit nie bestuur mag word nie;

(e) die bestuur van 'n voertuig wat gebrekkig is of waarvan 'n onderdeel nie behoorlik reggestel is nie, of die veroorsaking van 'n buitensporige geraas deur middel van 'n motorvoertuig;

(f) die besit of bestuur van 'n voertuig waarvoor 'n geldige lisensie nie gehou word nie;

(g) die bestuur van 'n motorvoertuig sonder die besit van 'n lisensie om dit te bestuur.

Bylae 4.

WETTE HERROEP.

No. en jaar van Wet.	Titel.	In hoeverre herroep.
	REPUBLIEK.	
Wet 38 van 1916	Wet op Geestesgebreken, 1916	Artikels 27, 28, 29 en 29*bis*.
Wet 24 van 1922	Wet betreffende aangelegenheden van Suidwest-Afrika, 1922	Artikel 2 (1), soveel van artikel 3 as wat nie herroep is nie, en artikels 4, 6 en 7.
Wet 22 van 1926	Wet op Geestesgebreke in Suidwes-Afrika, 1926	Soveel as wat nog nie herroep is nie.
Wet 46 van 1935	Algemene Regswysigings Wet, 1935	Artikel 78 en soveel van artikel 101 as wat nie herroep is nie.
Wet 32 van 1944	Wet op Landdroshowe, 1944	Artikels 93, 93*bis* en 94 tot en met 105.
Wet 32 van 1952	Algemene Regswysigingswet, 1952	Artikel 9 en soveel van artikel 26 as wat nie herroep is nie.
Wet 40 van 1952	Wysigingswet op Landdroshowe, 1952	Artikels 22 tot en met 26.
Wet 56 van 1955	Strafproseswet, 1955	Die geheel, behalwe artikels 319 (3) en 384.
Wet 62 van 1955	Algemene Regswysigingswet, 1955	Artikels 13, 24, 25 en 26.
Wet 50 van 1956	Algemene Regswysigingswet, 1956	Artikels 22, 23, 24, 25, 27, 28, 29 en 31.
Wet 33 van 1957	Interpretasiewet, 1957	Artikel 9.
Wet 68 van 1957	Algemene Regswysigingswet, 1957	Artikel 5 vir sover dit op strafregtelike verrigtinge betrekking het, en artikels 40 en 45 tot en met 59.
Wet 9 van 1958	Strafproses-wysigingswet, 1958	Die geheel.
Wet 18 van 1958	Wysigingswet op Spesiale Strafhowe, 1958	Die geheel.
Wet 16 van 1959	Wysigingswet op die Strafreg, 1959	Artikels 3 tot en met 8, 10, 11 en 15 tot en met 49.
Wet 75 van 1959	Verdere Wysigingswet op die Strafreg, 1959 ...	Artikels 3 tot en met 6.
Wet 33 van 1960	Kinderwet, 1960	Artikels 98 tot en met 102.
Wet 39 van 1961	Algemene Regswysigingswet, 1961	Artikel 4.
Wet 45 van 1961	Wysigingswet op Interpretasie, 1961	Artikel 3.

No. and Year of Law.	Title.	Extent of Repeal.
Act 14 of 1962	Evidence Act, 1962	So much as is unrepealed.
Act 76 of 1962	General Law Amendment Act, 1962	Sections 17 and 18.
Act 93 of 1962	General Law Further Amendment Act, 1962 ...	Sections 28 and 29.
Act 19 of 1963	Magistrates' Courts Amendment Act, 1963	Sections 16 to 20 inclusive.
Act 37 of 1963	General Law Amendment Act, 1963	Sections 1, 2 and 8 to 12 inclusive.
Act 92 of 1963	Criminal Procedure Amendment Act, 1963	So much as is unrepealed.
Act 93 of 1963	General Law Further Amendment Act, 1963 ...	Sections 10 to 15 inclusive.
Act 80 of 1964	General Law Amendment Act, 1964	Sections 12 and 22 to 30 inclusive.
Act 16 of 1965	Prevention of Counterfeiting of Currency Act, 1965	Section 10.
Act 25 of 1965	Civil Proceedings Evidence Act, 1965	The amendment of section 261 of the Criminal Procedure Act, 1955, contained in the Schedule.
Act 96 of 1965	Criminal Procedure Amendment Act, 1965	So much as is unrepealed.
Act 62 of 1966	General Law Amendment Act, 1966	Sections 7, 8 and 9.
Act 102 of 1967	General Law Amendment Act, 1967	Sections 7 to 12 inclusive.
Act 9 of 1968	Criminal Procedure Amendment Act, 1968	The whole.
Act 70 of 1968	General Law Amendment Act, 1968	Sections 31 and 37 to 41 inclusive.
Act 15 of 1969	Establishment of the Northern Cape Division of the Supreme Court of South Africa Act, 1969	Sections 17 and 18.
Act 17 of 1969	Magistrates' Courts Amendment Act, 1969	Section 4.
Act 34 of 1969	Abolition of Juries Act, 1969	Sections 1 to 32 inclusive.
Act 101 of 1969	General Law Amendment Act, 1969	Sections 5, 6, 7, 8 and 9.
Act 53 of 1970	Magistrates' Courts Amendment Act, 1970	Section 18.
Act 92 of 1970	General Law Further Amendment Act, 1970 ...	Sections 4 and 14.
Act 41 of 1971	Abuse of Dependence-producing Substances and Rehabilitation Centres Act, 1971	Section 62.
Act 102 of 1972	General Law Amendment Act, 1972	Section 9.
Act 32 of 1974	Criminal Procedure Amendment Act, 1974	The whole.
Act 33 of 1975	Criminal Procedure Amendment Act, 1975	The whole.
Act 79 of 1976	Internal Security Amendment Act, 1976	Section 11.
	SOUTH WEST AFRICA.	
Proclamation 26 of 1920	The Fugitive Offenders and Neighbouring Territories Evidence Proclamation, 1920	In so far as it relates to the attendance by witnesses of criminal proceedings in courts in the Republic.
Proclamation 30 of 1935	Criminal Procedure and Evidence Proclamation, 1935	In so far as it applies to the Eastern Caprivi Zipfel.
Proclamation 8 of 1938	Procedure and Evidence Proclamation, 1938 ...	Section 3 in so far as it relates to criminal proceedings.

No. en jaar van Wet.	Titel.	In hoeverre herroep.
Wet 14 van 1962	Wet op Bewyslewering, 1962	Soveel as wat nog nie herroep is nie.
Wet 76 van 1962	Algemene Regswysigingswet, 1962	Artikels 17 en 18.
Wet 93 van 1962	Verdere Algemene Regswysigingswet, 1962 ...	Artikels 28 en 29.
Wet 19 van 1963	Wysigingswet op Landdroshowe, 1963	Artikels 16 tot en met 20.
Wet 37 van 1963	Algemene Regswysigingswet, 1963	Artikels 1, 2 en 8 tot en met 12.
Wet 92 van 1963	Strafproseswysigingswet, 1963	Soveel as wat nog nie herroep is nie.
Wet 93 van 1963	Verdere Algemene Regswysigingswet, 1963 ...	Artikels 10 tot en met 15.
Wet 80 van 1964	Algemene Regswysigingswet, 1964	Artikels 12 en 22 tot en met 30.
Wet 16 van 1965	Wet op Voorkoming van Vervalsing van Betaalmiddele, 1965	Artikel 10.
Wet 25 van 1965	Wet op Bewysleer in Siviele Sake, 1965	Die wysiging van artikel 261 van die Strafproseswet, 1955, in die Bylae vervat.
Wet 96 van 1965	Strafproseswysigingswet, 1965	Soveel as wat nog nie herroep is nie.
Wet 62 van 1966	Algemene Regswysigingswet, 1966	Artikels 7, 8 en 9.
Wet 102 van 1967	Algemene Regswysigingswet, 1967	Artikels 7 tot en met 12.
Wet 9 van 1968	Strafproseswysigingswet, 1968	Die geheel.
Wet 70 van 1968	Algemene Regswysigingswet, 1968	Artikels 31 en 37 tot en met 41.
Wet 15 van 1969	Wet op die Instelling van die Noord-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, 1969	Artikels 17 en 18.
Wet 17 van 1969	Wysigingswet op Landdroshowe, 1969	Artikel 4.
Wet 34 van 1969	Wet op die Afskaffing van Juries, 1969	Artikels 1 tot en met 32.
Wet 101 van 1969	Algemene Regswysigingswet, 1969	Artikels 5, 6, 7, 8 en 9.
Wet 53 van 1970	Wysigingswet op Landdroshowe, 1970	Artikel 18.
Wet 92 van 1970	Verdere Algemene Regswysigingswet, 1970 ...	Artikels 4 en 14.
Wet 41 van 1971	Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums, 1971	Artikel 62.
Wet 102 van 1972	Algemene Regswysigingswet, 1972	Artikel 9.
Wet 32 van 1974	Strafproseswysigingswet, 1974	Die geheel.
Wet 33 van 1975	Strafproseswysigingswet, 1975	Die geheel.
Wet 79 van 1976	Wysigingswet op Binnelandse Veiligheid, 1976	Artikel 11.
	SUIDWES-AFRIKA.	
Proklamasie 26 van 1920	„The Fugitive Offenders and Neighbouring Territories Evidence Proclamation, 1920"	Vir sover dit betrekking het op die bywoning deur getuies van strafregtelike verrigtinge in howe in die Republiek.
Proklamasie 30 van 1935	Kriminele Prosedure en Bewyslewering Proklamasie, 1935	Vir sover dit op die Oostelike Caprivi Zipfel van toepassing is.
Proklamasie 8 van 1938	Proklamasie op Prosedure en Bewyslewering, 1938	Artikel 3 vir sover dit op strafregtelike verrigtinge betrekking het.

No. and Year of Law.	Title.	Extent of Repeal.
Ordinance 34 of 1963	Criminal Procedure Ordinance, 1963	The whole, except sections 300 (3) and 370.
Ordinance 35 of 1965	Criminal Procedure Amendment Ordinance, 1965	The whole.
Ordinance 19 of 1966	Criminal Procedure Amendment Ordinance, 1966	The whole.
Ordinance 19 of 1967	Criminal Procedure Amendment Ordinance, 1967	The whole.
Ordinance 4 of 1968	General Law Amendment Ordinance, 1968	Sections 5 to 13 inclusive.
Ordinance 3 of 1969	Criminal Procedure Amendment Ordinance, 1969	The whole.
Ordinance 14 of 1975	Criminal Procedure Amendment Ordinance, 1975	The whole.

No. en jaar van Wet.	Titel.	In hoeverre herroep.
Ordonnansie 34 van 1963	Strafprosesordonnansie, 1963	Die geheel, behalwe artikels 300 (3) en 370.
Ordonnansie 35 van 1965	Strafproseswysigingsordonnansie, 1965	Die geheel.
Ordonnansie 19 van 1966	Strafproseswysigingsordonnansie, 1966	Die geheel.
Ordonnansie 19 van 1967	Strafproseswysigingsordonnansie, 1967	Die geheel.
Ordonnansie 4 van 1968	Algemene Regswysigingsordonnansie, 1968	Artikels 5 tot en met 13.
Ordonnansie 3 van 1969	Strafproseswysigingsordonnansie, 1969	Die geheel.
Ordonnansie 14 van 1975	Strafproseswysigingsordonnansie, 1975	Die geheel.

PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LTD., CAPE TOWN—B1739/22 000.
GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS BPK., KAAPSTAD—B1739/22 000.